


SWARTLAND
RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK
DEEL 2



**RUIMTELIKE DOELWITTE, RIGLYNE EN
VOORSTELLE, 2012 – 2017**



Deur CK Rumboll en Vennote



Swartland ROR 2012, Deel 2, Mei 2012

DEEL 2: RUIMTELIKE DOELWITTE, RIGLYNE & VOORSTELLE

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Hoofstuk 1: Ruimtelike Visie en Doelstellings	12
1. Oorhoofse Ruimtelike Doelwitte en Riglyne	12
1.1 Inleiding	12
1.2 Ruimtelike Visie	12
1.3 Oorhoofse Doel.....	13
1.4 Ruimtelike Doelwitte	13
Hoofstuk 2: Beboude Omgewing: Ruimtelike Beplanningsbeginsels, Doelwitte en Strategieë	16
2. Ruimtelike Beplanningsbeginsels, Doelwitte en Strategieë	16
2.1 Inleiding	16
2.2 Strategiese Ruimtelike Uitdagings en Prioriteite	16
2.3 Swartland Ruimtelike Beleidsriglyne en Strategieë	17
2.3.1 Stedelike Gebiede.....	18
2.3.2 Verdigtingsbeleidsriglyne	20
2.3.3 Herstrukturering van dorpe	22
2.3.4 Stedelike Bewaring en Oopruimtes	25
2.3.5 Behuising en behuisingstopologie	28
2.3.6 Grootmaat Infrastruktuur, Dienstebeleid riglyne en Sosiale Infrastruktuur.....	30
2.3.7 Bewegingsnetwerk.....	31
2.3.8 Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	31
2.3.9 Industriële Ontwikkeling.....	34
2.3.10 Toerisme.....	35
2.4 Beplanningsbeginsels	37
2.4.1 Strukturele Beginsels.....	38
2.4.2 Ruimtelike Beginsels	41
Hoofstuk 3: Landelike Ruimtelike Beplanningsbeginsels en Beleidsriglyne	43
3.1 Inleiding	43
3.2 Ruimtelike Analise van die Landelike Swartland.....	43
3.2.1 Bio-Fisiese Omgewing.....	43
3.2.2 Sosio-Ekonomiese Omgewing	45
3.2.3 Beboude Omgewing	45
3.3 Bestaande Ruimtelike vorm van Swartland Landelike Omgewing	46

3.4	Voorgestelde Ruimtelike patroon vir die Swartland Landelike areas	50
3.4.1	Wildernis landskap: Kus en habitats.....	50
3.4.2	Waterweë en verbindings.....	50
3.4.3	Wildernis landskap: Berge.....	50
3.4.4	Verbindingsweë en gordels.....	50
3.4.5	Landboulandskap.....	51
3.4.6	Sosiale foci en Gemeenskapslandskap	51
3.5	Die Landelike Ruimtelike Doelwitte en Strategieë	52
Hoofstuk 4: Ruimtelike Voorstelle vir Stedelike en Landelike gebiede		68
WYK 1 en WYK 2 : Moorreesburg & Koringberg en Landelike Areas.....		68
4.1	Moorreesburg.....	69
4.1.1	Historiese oorsig	69
4.1.2	Dorpshiërgie en Ekonomiese Basis	69
4.1.3	Ruimtelike Elemente	70
4.1.4	Stedelike Struktuur.....	71
	(i) Dorpsuitleg	71
	(ii) Digtheid.....	72
	(iii) Beboude vorm	72
	(iv) Funksionaliteit	72
	(v) Groei Potensiaal	72
4.1.5	Bewegingsnetwerk.....	72
4.1.6	Dienste en Infrastruktuur.....	73
4.1.7	Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones.....	75
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte: Moorreesburg.....		84
4.2.	Koringberg.....	85
4.2.1	Historiese oorsig	85
4.2.2	Dorpshiërgie en Ekonomiese Basis	85
4.2.3	Ruimtelike Elemente	85
4.2.4	Stedelike Struktuur.....	86
	(i) Dorpsuitleg	86
	(ii) Digtheid.....	87
	(iii) Beboude vorm	87
	(iv) Funksionaliteit	87
	(v) Groei Potensiaal	87
4.2.5	Bewegingsnetwerk.....	87
4.2.6	Dienste en Infrastruktuur.....	88

4.2.7	Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones.....	89
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte: Koringberg.....		96
4.3	Wyk 1: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle	97
4.3.1	Voorgestelde Landskappe.....	97
4.3.2	Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede	97
4.3.3	Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing	104
4.3.4	Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing	106
WYK 3: Riebeek Wes, Ongegund en Misverstanddam en Landelike Area.....		112
4.4	Riebeek Wes.....	113
4.4.1	Historiese oorsig	113
4.4.2	Dorpshiërgie en Ekonomiese Basis	113
4.4.3	Ruimtelike Elemente	114
4.4.4	Stedelike Struktuur.....	115
	(i) Dorpsuitleg	115
	(ii) Digtheid.....	115
	(iii) Beboude vorm	116
	(iv) Funksionaliteit	116
	(v) Groei Potensiaal	116
4.4.5	Bewegingsnetwerk.....	117
4.4.6	Dienste en Infrastruktuur.....	118
4.4.7	Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones.....	119
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte: Riebeek Wes.....		129
4.5	Ongegund.....	130
4.5.1	Historiese oorsig	130
4.5.2	Dorpshiërgie en Ekonomiese Basis	130
4.5.3	Ruimtelike Elemente	131
4.5.4	Stedelike Struktuur.....	131
	(i) Dorpsuitleg	131
	(ii) Digtheid.....	131
	(iii) Beboude vorm	131
	(iv) Funksionaliteit	131
	(v) Groei Potensiaal	132
4.5.5	Bewegingsnetwerk.....	132
4.5.6	Dienste en Infrastruktuur.....	132
4.5.7	Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones.....	133

Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte: Ongegend	139
4.6 Misverstanddam.....	140
Ruimtelike Kaart : Misverstanddam.....	141
4.7 Wyk 3: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle	142
4.7.1 Voorgestelde Landskappe	142
4.7.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede	142
4.7.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing	151
4.7.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing	155
WYK 4: Riverlands en Chatsworth en Landelike Area	159
4.8 Riverlands	160
4.8.1 Historiese oorsig	160
4.8.2 Dorpsliërgie en Ekonomiese Basis	160
4.8.3 Ruimtelike Elemente	161
4.8.4 Stedelike Struktuur.....	162
(i) Dorpsuitleg	162
(ii) Digtheid.....	162
(iii) Beboude vorm	162
(iv) Funksionaliteit	162
(v) Groei Potensiaal	162
4.8.5 Bewegingsnetwerk.....	163
4.8.6 Dienste en Infrastruktuur.....	163
4.8.7 Plaaslike Groei Strategie.....	164
4.8.8 Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones en Voorgestelde Ontwikkeling.....	165
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte : Riverlands	172
4.9 Chatsworth	173
4.9.1 Historiese oorsig	173
4.9.2 Dorpsliërgie en Ekonomiese Basis	173
4.9.3 Ruimtelike Elemente	174
4.9.4 Stedelike Struktuur.....	174
(i) Dorpsuitleg	174
(ii) Digtheid.....	175
(iii) Beboude vorm	175
(iv) Funksionaliteit	175
(v) Groei Potensiaal	175
4.9.5 Bewegingsnetwerk.....	175

4.9.6	Dienste en Infrastruktuur	176
4.9.7	Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones.....	177
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte : Chatsworth		184
4.10	Wyk 4: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle	185
4.10.1	Voorgestelde Landskappe	185
4.10.2	Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede	186
4.10.3	Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing	194
4.10.4	Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing	197
WYK 5 - Yzerfontein, Darling, Ruststasie, Tygerfontein, Jakkalsfontein, Grottoabaai, Ganzekraal, Dasseneiland en Landelike Area		203
4.11	Yzerfontein	204
4.11.1	Historiese oorsig	204
4.11.2	Dorpshierargie en Ekonomiese Basis	204
4.11.3	Ruimtelike Elemente	205
4.11.4	Stedelike Struktuur	207
	(i) Dorpsuitleg	207
	(ii) Digtheid	207
	(iii) Beboude vorm	207
	(iv) Funksionaliteit	208
	(v) Groei Potensiaal	208
4.11.5	Bewegingsnetwerk.....	208
4.11.6	Dienste en Infrastruktuur	209
4.11.7	Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones.....	210
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte : Yzerfontein		218
4.12	Tygerfontein	219
4.13	Jakkalsfontein	219
4.14	Grottoabaai.....	219
4.15	Ganzekraal	219
4.16	Dasseneiland	219
Ruimtelike Kaarte: Landelike Nedersettings		220
4.17	Wyk 5: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle	221
4.17.1	Voorgestelde Landskappe	221
4.17.2	Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede	221
4.17.3	Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing	230
4.17.4	Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing	234

WYK 6 – Darling, Ruststasie en Landelike Area.....	238
4.18 Darling	239
4.18.1 Historiese oorsig	239
4.18.2 Dorpshierargie en Ekonomiese Basis	239
4.18.3 Ruimtelike Elemente	240
4.18.4 Stedelike Struktuur	240
(i) Dorpsuitleg	240
(ii) Digtheid	241
(iii) Beboude vorm	241
(iv) Funksionaliteit	242
(v) Groei Potensiaal	242
4.18.5 Bewegingsnetwerk	242
4.18.6 Dienste en Infrastruktuur	243
4.18.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones	244
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte : Darling	252
4.19 Ruststasie	253
4.19.1 Historiese oorsig	253
4.19.2 Dorpshierargie en Ekonomiese Basis	253
4.19.3 Ruimtelike Elemente	253
4.19.4 Stedelike Struktuur	253
(i) Dorpsuitleg	253
(ii) Digtheid	254
(iii) Beboude vorm	254
(iv) Funksionaliteit	254
(v) Groei Potensiaal	254
4.19.5 Bewegingsnetwerk	254
4.19.6 Dienste en Infrastruktuur	254
4.19.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones	255
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte : Ruststasie	257
4.20 Wyk 6: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle	258
4.20.1 Voorgestelde Landskappe	258
4.20.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede	258
4.20.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing	266
4.20.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing	270

WYK 7: Kalbakraal en Landelike Area	274
4.21 Kalbaskraal	275
4.21.1 Historiese oorsig	275
4.21.2 Dorpshierargie en Ekonomiese Basis	275
4.21.3 Ruimtelike Elemente	276
4.21.4 Stedelike Struktuur	276
(i) Dorpsuitleg	276
(ii) Digtheid	276
(iii) Beboude vorm	277
(iv) Funksionaliteit	277
(v) Groei Potensiaal	277
4.21.5 Bewegingsnetwerk	278
4.21.6 Dienste en Infrastruktuur	278
4.21.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones	280
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte : Kalbaskraal	287
4.22 WYK 7: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle	288
4.22.1 Voorgestelde Landskappe	288
4.22.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede	288
4.22.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing	296
4.22.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing	301
WYKE 8, 9 10, 11 en 12: Malmesbury, Abbotsdale en Riebeek Kasteel en Landelike Area	305
4.23 Malmesbury/ Abbotsdale	306
4.23.1 Historiese oorsig	306
4.23.2 Dorpshierargie en Ekonomiese Basis	306
4.23.3 Ruimtelike Elemente	308
4.23.4 Stedelike Struktuur	309
(i) Dorpsuitleg	309
(ii) Digtheid	310
(iii) Beboude vorm	310
(iv) Funksionaliteit	311
(v) Groei Potensiaal	311
4.23.5 Bewegingsnetwerk	311
4.23.6 Dienste en Infrastruktuur	312
4.23.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones	317
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte : Malmesbury/Abbotsdale	333

WYK 12 – Kern Stedelike Gebiede	334
4.24 Riebeek Kasteel.....	334
4.24.1 Historiese oorsig	334
4.24.2 Dorpshierargie en Ekonomiese Basis	334
4.24.3 Ruimtelike Elemente	335
4.24.4 Stedelike Struktuur	336
(i) Dorpsuitleg	336
(ii) Beboude vorm.....	336
(iii) Digtheid	337
(iv) Funksionaliteit	338
(v) Groei Potensiaal	338
4.24.5 Bewegingsnetwerk.....	339
4.24.6 Dienste en Infrastruktuur	339
4.24.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones.....	341
Ruimtelike Sones en Voorstelle Kaarte : Riebeek Kasteel	350
4.25 Wyk 12: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle	351
4.25.1 Voorgestelde Landskappe	351
4.25.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede	351
4.25.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing	358
4.25.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing	362

Lys van Tabelle

Tabel 1: Klassifisering van Swartland kern stedelike gebiede	19
Tabel 2: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyke 1 en 2	68
Tabel 3: Ruimtelike klassifisering van Moorreesburg en Koringberg	68
Tabel 4: Addisionele grond benodig vir Moorreesburg	72
Tabel 5: Moorreesburg watervoorsiening.....	73
Tabel 6: Moorreesburg se vooruitgeskatte vraag na water	73
Tabel 7: Addisionele grond benodig in Koringberg	87
Tabel 8: Koringberg se vooruitgeskatte vraag na water	88
Tabel 9: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyk 3.....	112
Tabel 10: Ruimtelike klassifisering van Riebeek Wes en Ongegund.....	112
Tabel 11: Addisionele grond benodig in Riebeek Wes	117
Tabel 12: Riebeek Wes se vooruitgeskatte vraag na water	118
Tabel 13: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyk 3	159
Tabel 14: Ruimtelike klassifisering van Riverlands en Chatsworth.....	159
Tabel 15: Addisionele grond benodig vir Riverlands	163
Tabel 16: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyke 5 en 6	203
Tabel 17: Ruimtelike klassifisering van Yzerfontein en Darling.....	203
Tabel 18: Addisionele grond benodig vir Yzerfontein.....	208
Tabel 19: Yzerfontein se vooruitgeskatte vraag na water	209
Tabel 20: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir Darling	238
Tabel 21: Ruimtelike klassifisering van stedelike areas in Wyk 6	238
Tabel 22: Addisionele grond benodig vir Darling	242
Tabel 23: Darling se vooruitgeskatte vraag na water	243

Tabel 24: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyk 7	274
Tabel 25: Ruimtelike klassifisering van Kalbaskraal in Wyk 7	274
Tabel 26: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyk 8, 9, 10, 11 en 12	305
Tabel 27: Ruimtelike klassifisering van stedelike gebiede in wyke 8, 9, 10, 11 en 12	305
Tabel 28: Addisionele grond benodig in Abbotsdale en Malmesbury	311
Tabel 29: Malmesbury/Abbotsdale Watervoorsiening	313
Tabel 30: Malmesbury/Abbotsdale se vooruit geskatte vraag na Water	314
Tabel 31: Ruimtelike klassifisering van Riebeek Kasteel	336
Tabel 32: Addisionele grond benodig vir Riebeek Kasteel	338
Tabel 33: Riebeek Kasteel vooruitgeskatte vraag na water	340

Lys van Sketse

Skets 1: Hoof bewegingsroetes in Riebeek Wes	117
Skets 2: Plantegroei kaart van Yzerfontein	206
Skets 3: Hoof verkeersroetes in Kalbaskraal	278
Skets 4: Riebeek Kasteel se ruimtelike struktuur	337
Skets 5: Hoof bewegingsroetes vir Riebeek Kasteel	339

Lys van Kaarte

Moorreesburg Sone Voorstelle
Moorreesburg Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Moorreesburg Bewegingsnetwerk
Moorreesburg Oopruimte netwerke

Koringberg Sone Voorstelle
Koringberg Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Koringberg Bewegingsnetwerk
Koringberg Oopruimte netwerke

Riebeek Wes Stedelike beboude struktuur
Riebeek Wes Sone Voorstelle
Riebeek Wes Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Riebeek Wes Bewegingsnetwerk
Riebeek Wes Oopruimte netwerke
Riebeek Wes Landskaperingsvoorstelle
Riebeek Wes Historiese belang

Ongegend Sones
Ongegend Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Ongegend Bewegingsnetwerk
Ongegend Oopruimte netwerke

Misverstanddam

Riverlands Sone voorstelle
Riverlands Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Riverlands Bewegingsnetwerk
Riverlands Oopruimte netwerke
Riverlands Landskaperingsvoorstelle

Chatsworth Sone voorstelle
Chatsworth Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Chatsworth Bewegingsnetwerk
Chatsworth Oopruimte netwerke
Chatsworth Landskaperingsvoorstelle

Yzerfontein Sone Voorstelle
Yzerfontein Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Yzerfontein Bewegingsnetwerk
Yzerfontein Oopruimte netwerke

Darling Sone Voorstelle
Darling Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Darling Bewegingsnetwerk
Darling Oopruimte netwerke

Ruststasie Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Tygerfontein
Jakkalsfontein
Grottobaai
Ganzekraal

Kalbaskraal Sone voorstelle
Kalbaskraal Ruimtelike voorstelle en grondgebruiksvoorstelle
Kalbaskraal Bewegingsnetwerk
Kalbaskraal Oopruimte netwerke
Kalbaskraal Landskaperingsvoorstelle

Abbotsdale Sone voorstelle
Abbotsdale Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Abbotsdale Bewegingsnetwerk
Abbotsdale Oopruimte netwerke
Abbotsdale Landskaperingsvoorstelle

Malmesbury Sone voorstelle
Malmesbury Ruimtelike voorstelle en Grondgebruikvorstelle
Malmesbury Bewegingsnetwerk
Malmesbury Oopruimte netwerke
Malmesbury Landskaperingsvoorstelle

Riebeek Kasteel Stedelike beboude struktuur
Riebeek Kasteel Sone voorstelle
Riebeek Kasteel Ruimtelike voorstelle en Grondgebruiksvoorstelle
Riebeek Kasteel Bewegingsnetwerk
Riebeek Kasteel Oopruimte netwerke
Riebeek Kasteel Landskaperingsvoorstelle
Riebeek Kasteel Historiese belang

Hoofstuk 1: Ruimtelike Visie en Doelstellings

1. Oorhoofse Ruimtelike Doelwitte en Riglyne

1.1 Inleiding

Deel 1 van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vervat die Status Quo verslag waarin die ruimtelike elemente beskryf word, saamgevat word as tendense wat die ruimtelike uitdagings uitwys. Deel 2 vervat die Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle per wyk vir die beboude en landelike areas. Die voorstelle, stedelik en landelik, is gebaseer op die ruimtelike visie, oorhoofse beginsels en doelstellings van die Swartland munisipaliteit, wat in hierdie hoofstuk volg:

1.2 Ruimtelike Visie

Die ruimtelike visie vir Swartland Munisipaliteit soos volg lui:

“Ontwikkeling balanseer bewaring om ekonomies welvaart vir almal in die Swartland te bewerkstellig.”

Die visie is gebaseer op 'n analise van die Swartland Munisipale visie, die Swartland GOP en die status quo verslag van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.

Die Swartland Munisipale visie verwys hoofsaaklik na die sosio-ekonomiese en beboude omgewing. Geen direkte verwysing word na die bio-fisiese omgewing gemaak nie:


Elemente van visie en missie	Ruimtelike Omgewing
Volhoubare vennootskappe met al ons mense	Sosio-ekonomies
Sosiale stabiliteit en groei	Sosio-ekonomies
Ekonomiese stabiliteit en groei	Sosio-ekonomies
Primêre dienste aan alle belangegroep	Beboud
Sekondêre dienste aan alle belangegroep	Bio-fisies, Sosio-ekonomies en Beboud

Die GOP vervat aktiwiteite in al drie ruimtelike omgewings naamlik die bio-fisiese, sosio-ekonomiese en beboude omgewing.

1.3 Oorhoofse Doel

Die oorhoofse ruimtelike doel van die Swartland Munisipaliteit is om volhoubare, leefbare nedersettings en landelike omgewings te skep en te volhou.

Die terme leefbaar en volhoubaar word in die onderstaande tabel gedefinieer en beskryf.

Definisie	Kenmerke
Leefbare omgewings (Verhouding van nedersetting met sy mense - hede) “n Leefbare nedersetting bevredig meer as die basiese behoeftes van inwoners. Dit verwys na die mate waartoe die individu en die gemeenskap se behoeftes vir sosiale fasiliteite, geestesgesondheid en gesondheid bevredig word. Dit word nou gekoppel aan die konsep van lewenskwaliteit, of die vlak van bevrediging wat ervaar word deur inwoners van dorpe of nedersettings (van Kamp et al, 2003).	Leefbare omgewings word gekenmerk deur: • Ekonomiese groei: Die generering van ekonomiese, sosiale, kulturele en ontspanning geleenthede; Gemengde gebruike in plaaslike areas: Verskeidenheid van dienste, onderrig, ontspanning en werkgeleenthede is beskikbaar of kan geskep word sonder duplisering; Verskeidenheid van behuisingsvorme en digtheid word gebou; • Toeganklikheid: Gemaklike toegang tot geleenthede en fasiliteite en bewegingsnetwerk/ Werk, onderrig, behuising en ontspanning is maklik toeganklik; Prioritiseer mense en bewegingsnetwerke ingesluit publieke vervoer bo padnetwerke; Verseker betroubare en bekostigbare openbare vervoer asook plaaslike areas wat te voet bereikbaar is, verminder die afhanklikheid van motors; • Plek identiteit: Stedelike omgewings met unieke plek identiteit wat die natuurlike en kulturele konteks reflekteer en in mense se geheues bly, word geskep; Openbare areas/ oop ruimtes van hoë gehalte is beskikbaar; Skaal versus ligging word gebruik om elemente te rangskik om 'n plekidentiteit te skep. (Behrens, R & Watson, V, 1996).
Volhoubare nedersettings (Verhouding van nedersetting met sy streek (onmiddellike omgewing) –toekoms) Volhoubaarheid verwys na die bewustheid van die konteks waarin 'n nedersetting plaasvind en die verhouding met die omliggende omgewing (Departement Behuising. 2004). 'n Volhoubare nedersetting verlaag die impak op die omgewing deur die verminderde gebruik van hulpbronne en die generering van minder afval terwyl die leefbaarheid van die nedersetting verbeter word (van Kamp et al, 2003).	Balanseer tussen drie pilare: - Ekologiese Integriteit (Planeet): die deurlopende vermoë van natuurlike en mensgemaakte omgewings om in alle aardse lewensbehoefte te voorsien en dit vol te hou; - Sosiale Regverdigheid (Mense) –beide materiële welstand (afwesigheid van armoede) en geestelike welstand (voorsien fisiese en morele areas waarbinne 'n komplekse samelewing en ekologie kan voortbestaan en verbeter). Herstel die nalatenskap van apartheid; - Ekonomiese Effektiwiteit (Welvaart): die optimalisering van voordeel teen die laagste koste ingesluit sosiale kostes (WCSDF, p. 2-1, November 2005). Die Interafhanklike Model van Volhoubare Ontwikkeling 

1.4 Ruimtelike Doelwitte

Die ruimtelike “doelwitte” soos saamgevat vanuit bestaande wetgewing, beleide en vanuit die drie omgewings word hieronder gelys:

- Sosio-ekonomies: Om die ekonomie te stimuleer, werk te skep en armoede (ingesluit behuising en grondbesit) te verlig deur te fokus op streeksuitvoere en die skep van korridors (ingesluit klimaatsveranderingskorridors).
- Bio-fisies: Om bewarings- en ontwikkelingsriglyne vir natuurlike (valleie en berge), landbou, wateropvangs- en waterbron en erfenis areas te bepaal.
- Beboud: Om voldoende grootmaatsdienste en alternatiewe dienste vir die behuisingsagterstande en beraamde behuising in nedersettings en landelik gebiede te voorsien tesame met nodige ondersteunende bewegingsnetwerke, toegang tot inligting en plekidentiteit.

Oorhoofse strategieë is ontwikkel wat telkens meer as een van die doelwitte aanspreek, maar wat slegs onder 'n spesifieke doelwit gelys is met die sektorale planne in gedagte.

Doelwit 1: Groei ekonomiese geleenthede (Sosio-ekonomies)

- Strategie 1: Ondersteun groei, en spesifiek sektorgerigte groei, in areas met ekonomiese potensiaal (volhoubare werkskepping);
- Strategie 2: Groei en diversifisering van sektorale markte en produkte;
- Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling (Verantwoordelike ontgunning en rehabilitering van mynboubronne);
- Strategie 4: Versterk en ontwikkel toerisme (multi-sektorale aktiwiteite);
- Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling (bewegingsnetwerke en verskillende vervoertipes);

Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing (Bio-fisiese en Beboud)

- Strategie 6: Reguleer ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplanningsinisiatiewe
- Strategie 7: Bewaar, versterk en skep erfenis: kultureel en natuurlik (en landskap ingesluit begraafplase).
- Strategie 7.1: Bewaar en versterk plekidentiteit en karakter.
- Strategie 7.2: Bevorder en onderhou oopruimte netwerke.
- Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap
- Strategie 8.1: Beskerm en bewaar landboubronne ingesluit die landbou landskap.
- Strategie 8.2: Beskerm en bewaar natuurbronne ingesluit woudarea en die kus en kuslyn.

Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing (sosio-ekonomiese)

- Strategie 9: Verseker voedselsekuriteit
- Strategie 10: Beskerm en bewaar water areas (bronne en opvangsgebiede).
- Strategie 11: Voorsien voldoende behuising en eienaarskap te bevorder.
- Strategie 12: Bevorder grondhervorming en eienaarskap (kleinboerinvesting) te bevorder.
- Strategie 13: Voorsien voldoende infrastruktuur (ingesluit bestuur van afval) en bestuur hulpbronne effektief
- Strategie 13.1: Bevorder alternatiewe energie generering en gebruik
- Strategie 13.2: Voorsien en onderhou voldoende sosiale infrastruktuur (om opleiding, onderrig en sport te bevorder).

Dit is ook belangrik dat alle menslike, natuurlike en infrastruktuurhulpbronne binne die Swartland gebied op 'n volhoubare manier gebruik word om 'n ekologiese balans te verseker. Die volgende beplanningsbeginsels moet in die Swartland ondersteun word:

- o Versterk die bestaande stedelike kerns deur stedelike verwante ontwikkelings in die stedelike kerns te fokus.
- o Bewaar en gebruik omgewings- en landbouhulpbronne op 'n volhoubare wyse.

- o Ondersteun die landelike/stedelike interafhanklikheid deur die stedelike sentras aan die een kant te versterk om beter en meer uitgebreide dienste te lewer asook om binne die landelike area die diversifisering en bewaring van landboubronne en natuurlike hulpbronne te ondersteun. Dit uitbreiding en beskerming van die landelike areas sal ook 'n goeie basis vir die groei in die stedelike areas verseker.
- o Verhoog die mobiliteit tussen die landelike en stedelike areas sodat dienste en fasiliteite meer toeganklik is vir die landelike gemeenskappe.

Die volgende twee hoofstukke gee 'n kort oorsig oor die stedelike beleidsriglyne en strategieë en die landelike doelwitte en strategieë voordat die voorstelle per wyk vir die stedelike en landelike areas uiteengesit word.

Hoofstuk 2 – Beboude Omgewing: Ruimtelike Beplanningsbeginsels, Doelwitte en Strategieë

2. Ruimtelike Beplanningsbeginsels, Doelwitte en Strategieë

2.1 Inleiding

Die gedeelte beskryf die gewenste ruimtelike patrone wat in die stedelike areas van die Swartland nagestreef behoort te word. Om die gewenste patrone na te streef word ruimtelike doelwitte en strategieë geformuleer gebaseer op die voorafgaande Status Quo verslag van die Swartland, soos vervat in Deel I van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk. Die doelwitte en strategieë word ook ingelig deur die GOP uitdagings en prioriteite. Derhalwe word die doelwitte nie uiteengesit volgens die drie ruimtelike omgewings (bio-fisies, sosio-ekonomies en beboud) nie, maar volgens sektore en subsektore waarvolgens die sektorale planne van die GOP opgestel is. Hieronder volg 'n tabel wat die kontinuïteit, doelwitte en sektore uitlig:

Omgewing	Doelwit	Sektor (Ruimtelike element)
Beboud	Beskerm en versterk die natuurlike en beboude omgewing	Bewaring en Hernuwing: (Kern stedelike gebiede) (Verdigting) (Herstrukturing)
Bio-fisies		Bewaring: (Stedelike bewaring en Oopruimte Netwerke)
Sosio- ekonomies: Sosiaal	Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing	Behuising: (en behuisingstopologie) Infrastruktuur: (Grootmaat & dienste) (Sosiaal)
Sosio- ekonomies: Ekonomies	Groei ekonomiese geleenthede	Vervoer (Bewegingsnetwerke) Ekonomiese Ontwikkeling (Plaaslik - oorhoofs) Ekonomiese Ontwikkeling (Industriële sektor- sekonder) Toerisme (multi-sektoraal)

Die uitdagings en prioriteite soos uitgelig in die GOP word kortliks hieronder uiteengesit.

2.2 Strategiese Ruimtelike Uitdagings en Prioriteite

Ten einde ruimtelike beplanning binne die streek te fokus moet daar gekyk word na die bestaande uitdagings en prioriteite van die Swartlandstreek soos vervat in die 2012-2017 en voorafgaande Swartland Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP):

a) Mikro ekonomiese Ontwikkeling:

- Agro-prosessering, die grootste subsektor in die Wes Kaap, koppel globale en nasionale markte met uitgebreide landelike gebiede en dorpe. Hierdie waardeketting moet versterk word as deel van die Mikro Ekonomiese Ontwikkeling strategie (MEDS);
- Styging in die oliepryse sal die aanvraag na plaaslike, bekostigbare voedsel laat toeneem en medium tot langtermyn beleggingspatrone beïnvloed.

b) Armoede vermindering:

- Die skep van 'n positiewe klimaat vir formele werkskepping en toenemende inkomste generering vanaf die informele en publieke sektor is belangrik;
- Arbeidsmark ingrypings wat insluit die ontwikkeling van vaardighede, die skep van 'n werksgeleentheidburo en die beskerming van kwesbare werkers;
- Ruimtelike herstrukturering bring die arm huishoudings nader aan ekonomiese aktiwiteite en geleenthede en verminder ook vervoerkostes;
- Sosiale insluiting sodat arm gemeenskappe se waardes, trots, respek en selfidentiteit kan versterk.
- Bevorder toerismebedrywighede.

c) Geïntegreerde menslike nedersettings:

- Formaliseer informele huise en nedersettings deur opgradering;
- Voorsien GAP behuising;
- Voorsien sosiale behuising in stedelike areas;
- Vestig landboudorpe ('agri-villages') in en rondom landelike gebiede;
- Doen nuwe ontwikkelings op lae koste grond binne die stedelike randgebiede.
- Bevorder geïntegreerde nedersettingsvorme binne privaat ontwikkelings;
- Neem landboulandskap om nedersettings in ag;
- Gradeer agterplaaswonings op en/of voorsien alternatiewe behuising.

d) Vaardigheidsontwikkeling:

- Bou vennootskappe met opvoedkundige instansies;
- Moedig vaardigheidsontwikkeling aan;
- Stel vakman en leerderskappe in;
- Maak beurse beskikbaar.

e) Klimaatsverandering:

- Doen kosteberaming om die potensiële ekonomiese groei wat deur die bestaande natuurlike hulpbronnabasis ondersteun word, te bepaal;
- Bevorder en ondersteun ontwikkeling van nuwe ekonomiese sektore soos hernubare energiebronne byvoorbeeld son, wind en water energie;
- Stel 'n strategie saam wat die omgewing en sosio-ekonomiese implikasies van klimaatsverandering aanspreek.

Die volgende strategieë word deur die Swartland GOP voorgestel ten einde bogenoemde prioriteite aan te spreek:

- Voorbereiding van 'n aksieplan om aan te pas by globale klimaatsverandering;
- Formulerings van 'n kusgebied bestuursplan om die druk van ontwikkeling langs die kus aan te spreek;
- Ondersteun die ekologiese korridors tussen die kusgebied en die Cederberge.
- Ondersteun die ontwikkeling van hernubare energiebronne ingesluit bio-gas;
- Water opgaring-/opvangs met as voorbeeld dat verpligtend om watertenk op te rig en te koppel aan toilet;

2.3 Swartland Ruimtelike Beleidsriglyne en Strategieë

Die huidige Swartland streek se identiteit is 'n samestelling van sy landskap, landbou erfenis, mense, instellings en geskiedenis. Die vestiging van die nedersetting binne die voorheen

landelike area en die volgehoue groei van die gebiede wat toenemende druk op die omgewing geplaas het, het die huidige ruimtelike struktuur van die stedelike areas in die Swartland gevestig. Toekomstige groei van die stedelike areas sal ondersteun word om binne die voorgestelde stedelike randgebiede plaas te vind met verhoogde klem op die korridors en die kern gebiede deur middel van verdigting, herontwikkeling en herstrukturering van die gebiede.

Ten einde te verseker dat die voorgestelde ontwikkeling op toepaslike areas plaasvind, stedelike kruip beperk word tot die afgebakende stedelike areas en die natuurlike omgewing en produktiewe landbougrond beskerm word, moet toekomstige ontwikkeling in die streek bestuur word. Die ruimtelike afbakening van die stedelike randgebiede, nedersettingspatrone, landbou areas en bewaringsareas dien die doel ten einde die ruimtelike beheer toe te pas en geleenthede te ontsluit. Verskillende grondgebruike maak op mekaar 'n impak en sekere gebruike is nie versoenbaar met mekaar nie. Derhalwe help die volgende oorhoofse ruimtelike strategieë die effektiewe bestuur van grondgebruike binne die stedelike gebiede en die Swartland:

- Beskerming hoë potensiaal landbougrond om voedselproduksie te verseker;
- Identifisering en bewaring van inheemse biodiversiteit en sensitiewe ekosisteme binne en buite die stedelike gebiede(per Omgewingsbestuursplan);
- Definitiewe afbakening van stedelike randgebiede;
- Bevordering en ondersteuning van plaaslike ekonomiese ontwikkeling (en spesifiek Toerisme en Industrieel);
- Beplanning, bevordering, voorsiening en onderhoud van grootmaat infrastruktuur;
- Bevordering van geïntegreerde en volhoubare gemeenskappe met gelyke toegang tot alle fasiliteite.

Die gedetailleerde beleidsriglyne en strategieë volg

2.3.1 Stedelike Gebiede

Die afbakening van die stedelike randgebiede van die dorpe in die Swartland het 2007 'n aanvang geneem. Verskeie rolspelers, onder andere die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Departement van Landbou, CapeNature en Munisipaliteit Swartland het bygedra tot die bepaling van die stedelike rand vir elke dorp. Die proses was in Desember 2009 gefinaliseer toe die Swartland Munisipale Raad die randgebiede, ingevolge Artikel 28 van die Munisipale Stelselwet, Wet 32 van 2000, goed gekeur het (wysiging van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk).

Die Swartland Munisipale gebied is in 12 wyke verdeel met die onderskeie stedelike areas wat dan binne die bepaalde wyke voorkom. Hoewel die meerderheid van die wyke hoofsaaklik uit landelike areas bestaan is daar 'n paar wyke wat net uit stedelike areas bestaan (sien Kaart1). Die stedelike areas binne Swartland munisipale gebied is soos volg:Malmesbury/Abbotsdale,Moorreesburg, Darling, Riebeek Kasteel, Riebeek Wes, Ongegund, Koringberg, Riverlands, Chatsworth, Kalbaskraal, Yzerfontein.

As gevolg van sekere kulturele, historiese, sosio-ekonomiese en ekonomiese faktore het elk van die gebiede unieke karaktertrekke ontwikkel wat ruimtelik uitgebeeld word in die grondgebruike asook die ontwikkelingsvorm van elke dorp. Die dorpe kan volgens verskeie insette van beleidsdokumente, onder andere die Groeipotensiaal van dorpe in die Wes- Kaap (2004), soos volg geklassifiseer word.

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Beplanning Kategorieë	ROR Klassifisering
Malmesbury/Abbotsdale	Streekdienssentrum	Broodmandjie van die Wes-Kaap	Grootsekaalse Infrastruktuur	Db. Hoof plaaslike dorp	Hoofdorp
Moorreesburg	Landbou Dienssentrum	Swartland Koring dorp	Grootsekaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Ondersteunend tot Hoofdorp
Darling	Toerisme/Residensieel	Kaleidoskoop van landbou, kuns en blomme	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Ondersteunend tot Hoofdorp
Riebeek Kasteel	Agritoerisme	Kulturele erfenis en mooi omgewing	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Toerisme dorp/landbou
Riebeek Wes	Landbou	Kulturele erfenis en mooi dorpie	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Toerisme dorp/landbou
Ongegund	Mynbou	Landelike slaapdorp	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dd. Landelike nedersetting	Landelike Nedersetting
Yzerfontein	See, toerisme en Residensieel	Kus ontspanning	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Toerisme en kusdorp
Koringberg	Residensieel	Klein Swartland dorpie	Grootsekaalse sosiale Investerings	Dc. Plaaslike dorp	Landbou/Toerisme dorp
Kalbaskraal	Residensieel	Simbiotiese metropolitaanse landelike leefstyl	Grootsekaalse sosiale Investerings	Dd. Landelike nedersetting	Landelike Nedersetting
Chatsworth	Residensieel	Slaapdorp	Grootsekaalse sosiale Investerings	Dd. Landelike nedersetting	Landelike Nedersetting
Riverlands	Residensieel	Slaapdorp	Grootsekaalse sosiale Investerings	Dd. Landelike nedersetting	Landelike Nedersetting
Ruststasie	Residensieel	Landelike slaapdorp			Landelike nedersetting

Tabel 1: Klassifisering van Swartland kern stedelike gebiede

Ten einde te verseker dat elk van die kern stedelike areas tot hul volle potensiaal ontwikkel word in die konteks van hul karakter en wat hul bied word daar die volgende riglyne en strategieë voorgestel:

Kern Stedelike Gebiede: Beleidsriglyne & Strategieë					
Beleidsriglyne (BR)			Strategie (S)		
BR1	Begelei en koördineer ruimtelike ontwikkeling formeel oor die volgende 20 jaar deur stedelike ontwikkeling.	S1	Definitiewe afbakening van die Stedelike randgebiede vir alle dorpe asook die identifisering van toekomstige areas vir stedelike groei met in ag neming van die bewaring van die natuurlike en beboude omgewing.		
		S2	Malmesbury, Moorreesburg en Darling is die dorpe wat groei in die Swartland absorbeer.		
		S3	Akkommoddeer groei volgens verdigtingsnorme		
		S4	Die skaal en karakter van nuwe ontwikkelings moet ooreenkom met die voorgestelde groei potensiaal van elke dorp ten einde volhoubare ontwikkeling te ondersteun.		
		S5	Bepaal uitbreidingsrigtings van elke grondgebruik vir 'n 20 jaar tydperk		
BR2	Bepaal die funksionele hiërargie	S6	Ontwikkeling van en investering in dorpe moet		

	van die dorpe binne Swartland.		verband hou met die hiërargie van dorp ten einde volhoubare ontwikkeling en groei te verseker.
BR3	Bevorder die effektiewe gebruik van alle hulpbronne binne die stedelike gebied.	S7	Identifiseer die vakante en onderbenutte gebiede binne die stedelike areas asook hul moontlike ontwikkelingspotensiaal.
		S8	Katagoriseer Swartland volgens Biostreekbeplanningskatagorieë voortspruitend uit UNESCO se MAB-program ("Man and the Biosphere") waarvolgens Biostreke vir die provinsie voorgeskryf word en waarbinne gepoog moet word om volhoubare ontwikkeling te bevorder.
		S9	Hersien grondgebruikbeplanningskatagorieë ooreenkomstig die Ruimtelike Beplanningskatagorieë (RBK'e). Pas Ruimtelike Beplanningskatagorie grondgebruiksklassifikasie toe, om objektiewe besluitneming aangaande ontwikkelingsaansoeke te fasiliteer.
		S10	Stel ruimtelike riglyne vir grondgebruik op ten einde gemeenskappe te heroriënteer vir 'n meer gelyke en volhoubare toekoms sonder die skep of wegneem van grondgebruikregte
BR4	Ontwikkeling binne die Stedelike gebied moet simpatiek teenoor bestaande sensitiewe areas plaasvind en moet streef na die optimale benutting van die bestaande hulpbronne.	S11	Verbied ontwikkeling op sensitiewe natuurgebiede, vloedvlaktes, steil hellings, vleilande en duine.
		S12	Identifiseer die 1:50 jaar vloedlyn binne alle stedelike gebiede aanliggend tot riviere.
		S13	Identifiseer steil hange en vleilande binne stedelike gebiede waar ontwikkeling nie mag plaasvind nie.
		S14	Identifiseer sensitiewe natuurgebiede binne die stedelike areas.
BR5	Bevorder verdigting binne stedelike gebiede.	S15	Identifiseer gebiede vir verdigting binne alle dorpe en stel nodige Verdigtingsbeleid vir Swartland op ten einde te verseker dat die verdigting nie die karakter van dorpe benadeel nie.
BR6	Bevorder integrasie van stedelike gebiede.	S16	Identifiseer gebiede waar geïntegreerde ontwikkeling moet plaasvind.

2.3.2 Verdigtingsbeleidsriglyne

Ten einde onbeheerde stedelike uitbreiding te beperk en die optimale gebruik van grond, infrastruktuur en dienste binne die stedelike konteks te bevorder word die verdigting van stedelike gebiede binne die Swartland voorgestel. Verdigting word sterk in die Wes-Kaap Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (WKPROR) aangemoedig om volhoubare nedersettings te bevorder.

Die WKPROR stel 'n gemiddelde digtheid van 25 wooneenhede per hektaar in stedelike areas voor, met die hoogste digtheid in die stedelike kern en 'n laer digtheid op die periferie van die dorpe. Die stedelike vorm staan bekend as die "cupcake" vorm. Alhoewel 25 wooneenhede per hektaar die voorgestelde norm is, is dit dikwels nie bereikbaar in die platteland nie vanweë kleiner historiese nedersettings waar ruimte deel uitmaak van die dorp se karakter. Behalwe vir die karakter van die dorp wat beskerm moet word bestaan daar ook langtermyn beperkinge

soos erfenis geboue, omgewingsbeperkings, en die behoefte van oopruimte sisteme wat die bereiking van die voorgestelde norm verhoed.

Verdigting binne die Swartland kan, na gelang van toepaslikheid ten opsigte van die stedelike struktuur bereik word:

- Invulling van erwe en ontwikkeling van bestaande vakante ("Brownfields") areas – identifikasie van die areas kan gedoen word as deel van strategiese beplanning van die gebiede;
- Ondersteun dubbelverdieping- asook skakelwonings d.w.s. die verdigting van bestaande geboues en geboue;
- Onderverdeling van erwe, tweede wooneenhede en deeltitel ontwikkelings - die ontwikkeling kan veral in spesifieke woongebiede plaasvind waar daar groot erwe langs breë strate geskep is en die gebied hom leen tot verdigting – verskeie metodes om verdigting te bevorder kan dan ook hier toegepas word;
- Hernuwing van ontwikkelings (breek geboue af en doen 'n hoë digtheid ontwikkeling) – die vorm van verdigting sluit in die aanbou van dorpshuise, woonstelle en sekerheidsareas. Belangrik dat daar, so ver moontlik, van bestaande infrastruktuur gebruik gemaak word soos paaie en dienste infrastruktuur;
- Geïntegreerde ontwikkeling op nuwe "Greenfield" ontwikkelingsareas – omdat die gebiede gewoonlik op die periferie of rand van dorpe geleë is moet verdigting sensitief ten opsigte van die omliggende landelike/ landbou omgewing plaasvind.

Verdigting en die beplanning van hoë digtheid areas benodig 'n innoverende benadering ten opsigte van die aanpassing of wysiging van sekere aanvaarbare standaarde bv. padwydtes, pasreserwes om dienste te akkommodeer, aansigte, boulyne en ander regulasies wat in 'n soneringskema en ander regulasies vervat kan wees. Die voordele van hoë beboude digtheid binne die stedelike gebiede, wat volhoubare nedersettings bevorder, sluit in:

- Verbeter sosiale integrasie;
- Verhoog die lewensvatbaarheid en toegang na sosiale fasiliteite;
- Verhoog die lewensvatbaarheid van besighede;
- Verhoog die lewensvatbaarheid van publieke vervoer.

Verdere voordele van verdigting in terme van volhoubare hulpbrongebruik sluit in:

- Koste besparing van grondprys - bv. per eenheid prys verlaag;
- Ekonomie van Infrastruktuur;
- Verminder die druk op en gebruik van grond vir ontwikkeling;
- Verhoog effektiewe gebruik van energie en ander hulpbronne;
- Bewaring van die streekslandskap en skilderagtige vistas.

Verdigting moet veral in die volgende gebiede ondersteun word:

- o In areas met 'n hoë ekonomiese groei potensiaal;
- o Langs hoof vervoerroeëte ten einde publieke vervoer te ondersteun;
- o Op die periferie van publieke oopruimtes ten einde die vlak van waarneming van die gebiede te verhoog om veiligheid te verseker;
- o Binne die areas waar die investering van publieke fondse gefokus word;
- o In areas van hoë privaat ontwikkelingsinvestering bv. in en rondom kommersiële nodusse.

Die volgende tabel bied die beleidsriglyne en strategieë om die verdigting in die Swartland streek te verseker:

Verdigtingsbeleidsriglyne en Strategieë			
Beleidsriglyne (BR)		Strategie (S)	
BR7	Ondersteun die voorstelle vir verdigting soos uiteengesit in die WKPROR.	S17	Ondersteun die aanpassing van beperkende soneringskema regulasies om verdigting binne die stedelike areas te bevorder.
		S18	Ondersteun die volgende metodes om verdigting in die Swartland te bevorder: • invulling van erwe; • ontwikkeling van bestaande vakante ("Brownfields") areas; • dubbelverdieping- asook skakelwonings; • onderverdeling van erwe, tweede eenhede en Deeltitel ontwikkelings; • hernuwing van bestaande areas (breek geboue af en doen 'n hoër digtheids-ontwikkeling); • Geïntegreerde ontwikkeling op nuwe "Greenfields" areas.
BR8	Ondersteun en bevorder die verdigtingstandaard vir elke dorp soos uiteengesit in die afbakening van die stedelike randgebied dokumente.	S20	Implementeer die verdigtingsdoelwit van elke dorp deur aansoeke vir verdigting veral in die sentrale areas soos in onderskeie dorpe aangewys te ondersteun.
BR9	Verdigting binne die Swartland stedelike areas moet sensitief vir die bestaande karakter, natuurlike en historiese omgewing van dorpe wees.	S21	Ondersteun 'n verdigtingsdoelwit vir elke dorp wat sensitief teenoor die bestaande karakter sal staan.

Tydens die afbakening van die stedelike randgebiede van die dorpe binne die Swartland, gedurende die periode 2007 tot 2009, is daar 'n deeglike studie gedoen waarin die bestaande vakante areas binne die stedelike gebied asook die behoeftes vir uitbreiding van die stedelike gebiede geïdentifiseer is. In oorleg met verskeie partye is die verskillende behoeftes na spesifieke grondgebruik ook geïdentifiseer en op planne uiteengesit wat in die ROR opgeneem is. Ten einde volhoubare ontwikkeling in al die dorpe te verseker asook die unieke historiese karakter van die individuele dorpe in die Swartland te beskerm is 'n verdigtingsdoelwit vir elke dorp ontwikkel. Die verdigtingsdoelwit stel die gemiddelde digtheid vir elke dorp voor waarna gestreef moet word ten einde meer kompakte en beter geïntegreerde dorpe daar te stel.

Die Verdigtingstrategie is in elke dorp van toepassing gemaak met die relevante areas wat aangewys is vir verdigting asook die metodes wat in elk van die onderskeie dorpe gebruik kan word ten einde verdigting te bewerkstellig. Die verdigtingsproses moet te alle tye die bestaande beperking van die gebied in ag neem ingeslote vervoerinfrastruktuur, biodiversiteit, erfenis, oopruimtesones, vloedyne en potensiële hulpbron beperkinge wat infrastruktuur kapasiteit tekorte kan insluit.

2.3.3 Herstrukturering van dorpe

Beplanning binne die stedelike areas moet veral fokus op die herstrukturering van die stedelike vorm en patroon om die nalatenskap van apartheidsbeplanning te verander. Dit is ook in lyn met die beleid van die "Built Environment Support Program" waarbinne daar gepoog word om die struktuur van die ou apartheid dorpe te verander met herstrukturering. Daar moet begin word deur innoverend te dink oor moontlike areas waar transformasie kan plaasvind om die

dorpe beter te integreer en meer mense toegang tot geleenthede te bied. Oor tyd behoort grondgebruiksbeplanning by te dra tot die transformasie van die apartheid stedelike strukture deur beter integrasie van residensiële areas, meer eweredige verspreiding van fasiliteite en kommersiële geleenthede asook beter konnektiwiteit tussen verskillende gebiede binne die stedelike struktuur tot stand te bring. Daar is geen vinnige oplossing nie, maar deur doelstellings en riglyne te bepaal kan daar in die regte rigting beweeg word om die dorpe na mekaar toe te laat groei met fasilitering van dienste en infrastruktuur in al die woonbuurte sodat daar gelyke dienslewering sal plaasvind in alle gedeeltes van die Swartland dorpe

Huidige probleme wat die herstrukturering van stedelike areas bemoeilik:

- Infrastruktuur skeidings soos hoofpaaie, spoorlyne en grootmaat infrastruktuur dienste.
- Pryse van grond.
- Besikbaarheid van grond, veral gebiede in privaat besit.
- Die beperkende fondse/verbande beskikbaar om GAP behuisingontwikkelings te befonds.
- Beperkte toegang van die veral armer gemeenskappe na verskeidenheid sosio-ekonomiese geleenthede.

Herstrukturering van dorpe kan deur middel van die volgende plaasvind:

- **Integrasie van infrastruktuur:**
Voorsiening van gelyke dienste in alle gebiede, beplan meer gemeenskap fasiliteite nader aan veral die armer gemeenskappe deur voorsiening te maak vir die gebruike in nuwe uitbreidings asook moontlike hersonerings in ouer gevestigde areas om areas te skep vir die gebruike. Toepassing van voetganger toegang na fasiliteite moet veral as norm gebruik word in veral die armer gemeenskappe. Gebruik die norm van 20 minute stapafstand of 1 kilometer afstand om toeganklikheid na fasiliteite te meet. Skep van beter toegeruste sekondêre kommersiële nodusse in gesegregeerde areas.
- **Sosiale integrasie:**
Deur sosiale dienste en infrastruktuur – voorsien in sosiale infrastruktuur wat gedeel word deur verskeie gemeenskappe, bv. sportgronde, markpleine, oopruimte netwerke met piekniekareas langs prominente areas soos riviere en natuurlike gebiede – om sosiale integrasie tussen gemeenskappe te akkommodeer.
- **Voorsiening van groter verskeidenheid van behuising tipes:**
Voorsiening van groter verskeidenheid van behuising tipes in alle areas van die dorpe, maar veral om en in die kern van dorpe, bied dus meer geleenthede vir alle inkomste groepe. Sodoende sal die samestelling van die gemeenskappe in die gebiede ook verander en lei tot groter integrasie naby aan veral die kern gebiede waar die meeste dienste gelewer word. Om die verandering gouer te laat plaasvind moet daar eerder gekyk word na kleiner verskille in inkomste groepe en eiendomsware van gemeenskappe langs mekaar. Deur die gradiënt van geleidelike variasie in eiendomsware/inkomste groepe te gebruik sal dit meer lewensvatbare ontwikkelings daarstel wat integrasie ondersteun. Daar moet ook eerder gepoog word om gemeenskappe met laer inkomste nader aan die stedelike kern te vestig waar moontlik, om sodoende vir hul groter toeganklikheid aan fasiliteite en werkgeleenthede te verleen.
- **Ruimtelike integrasie:**
Ondersteun ruimtelike integrasie deur middel van ontwikkeling langs vervoerroetes en hoofroetes wat areas met mekaar verbind. Laat die ontwikkeling van gemengde gebruike toe langs die roetes. Die gebruike sal nie alleen ondersteunend tot die verkeer wees nie maar sal ook die verskillende areas met definitiewe aktiewe asse met mekaar

verbind Dit bied ook 'n skakel tussen die verskillende areas en ondersteun voetganger roetes.

- **Funksionele integrasie:**

Deur die 20 minute stapafstand of 1 kilometer afstand as norm vir toeganklikheid te gebruik moet daar gepoog word om ten minste 50% van die stedelike fasiliteite binne die afstand van alle stedelike areas waar mense woon te voorsien. Die beplanning en plasing van die fasiliteite moet dus dienoreenkomstig gedoen word. Daar kan eerder na meer en kleiner fasiliteite verspreid in die woonbuurte, van veral vooraf benadeelde gebiede, gekyk word, as groter en minder fasiliteite.

Die volgende tabel bied 'n oorsig oor hoe integrasie in die onderskeie dorpe bevorder kan word:

Dorpe	Funksionele Integrasie van infrastruktuur	Sosiale Integrasie	Groter verskeidenheid van behuising tipes	Ruimtelike Integrasie
Malmesbury/ Abbotsdale	Voorsien meer sosiale en kommersiële dienste in Wesbank, Illinge Lethu en Abbotsdale. Sosiale dienste in nuwe uitbreidings moet voetganger toeganklik wees.	Ontwikkel gemeenskaplike sportgronde vir beter bediening van hele gemeenskap. Ontwikkel Dieprivier as gemeenskaplike oopruimte sisteem.	Moedig die voorsiening van meer behuising tipes aan in ontwikkelings, laat hoë digtheid residensiële ontwikkeling naby sakekern toe, verdigting in alle areas om meer geleenthede te skep. Identifisering van areas vir GAP ontwikkelings.	Geïntegreerde ontwikkeling langs Bokomoweg wat Malmesbury met Wesbank verbind. Ontwikkeling in area tussen Abbotsdale en Malmesbury om gebiede beter te integreer.
Moorreesburg	Beter verspreiding van sosiale en kommersiële dienste in Rosenhof.	Ontwikkel sentraal geleë gemeenskap nodus tussen Rosenhof en Moorreesburg.	Moedig die voorsiening van meer behuising tipes aan in ontwikkelings, laat hoë digtheid residensiële ontwikkeling naby sakekern toe, verdigting in alle areas om meer geleenthede te skep. Identifisering van areas vir GAP ontwikkelings.	Geïntegreerde ontwikkeling op verbindingspad tussen Rosenhof en sentrale Moorreesburg.
Darling	Fokus op kleiner beter geplaaste sosiale en kommersiële dienste in Darling noord	Ontwikkel van sentrale plein langs die verbindingspad wat die twee gemeenskappe met mekaar verbind.	Moedig groter verskeidenheid van behuising tipes aan met digtheid wat steeds verwant is aan omliggende omgewing. Identifisering van areas vir GAP ontwikkelings.	Ontwikkeling langs verbindingspad tussen Darling noord en Darling suid om beter integrasie van die areas te bewerkstellig.
Riebeek Kasteel	Voorsien 'n kommersiële en sosiale kern in Esterhof.	Ontwikkeling langs die verbindingspad tussen Esterhof en sentrale Riebeek Kasteel.	Ontwikkeling van groter verskeidenheid behuising tipes in area tussen Esterhof en sentrale Riebeek Kasteel, oorweeg hoër digtheid in die areas.	Ondersteun ontwikkeling van verskeie gemengde gebruike langs die verbindingsroete tussen Esterhof en sentrale Riebeek Kasteel om die areas te ruimtelik te verbind.
Riebeek Wes	Voorsiening van addisionele sosiale en gemeenskap fasiliteite in nuwe uitbreiding soos behuisingsprojek.	Ontwikkeling van gemeenskaplike sportkompleks wat die hele gemeenskap bedien.	Voorsiening in verskeidenheid van behuising tipes met verskillende digtheid.	Ontwikkeling langs hoof voetgangerroetes
Ongegund	Voorsien beperkte sosiale dienste.	Beter benutting van bestaande sport fasiliteite.	Ondersteun hoër digtheid van behuising in die gebied wat meer en verskillende behuising geleenthede sal	

			ondersteun.	
Yzerfontein	Voorsiening van sosiale infrastruktuur moet veral fokus op die afgetredenes vir beter dienslewering.	Voorsien gemeenskaplike oopruimte netwerk vir beter benutting van kusgebied met publieke wandelpaie.		
Riverlands	Ontwikkel sentrale gemeenskapsnodus tussen Riverlands en Chatsworth op die vervoeras wat die twee gebiede verbind, vir beter integrasie en meer volhoubare sosiale infrastruktuur voorsiening.	Sentrale gemeenskapsnodus vir Riverlands en Chatsworth.		Gemeenskaplike dienste nodus langs die verbindingsroetes tussen Chatsworth en Riverlands ondersteun ruimtelike integrasie in die gebied.
Chatsworth	Ontwikkel sentrale gemeenskapsnodus tussen Riverlands en Chatsworth op die vervoeras wat die twee gebiede verbind, vir beter integrasie en meer volhoubare sosiale infrastruktuur voorsiening.	Sentrale gemeenskapsnodus vir Riverlands en Chatsworth		Gemeenskaplike dienste nodus langs die verbindingsroetes tussen Chatsworth en Riverlands ondersteun ruimtelike integrasie in die gebied.
Kalbaskraal	Voorsien beter sosiale infrastruktuur in sentrale ligging toeganklik tot die gemeenskap.	Gebruik die areas lang Dieprivier vir voorsiening van publieke oopruimte sisteem.	Laat verdere onderverdeling toe vir groter digtheid en ontwikkeling van meer behuising geleenthede.	
Russtasie	Beperkte sosiale infrastruktuur vir omliggende landbou gemeenskap.			

2.3.4 Stedelike Bewaring en Oopruimtes

Die Swartland streek is binne een van die rykste biodiversiteit areas van Suid Afrika geleë, naamlik die Fynbos bioom van die Kaapse Flora Streek. Dit vorm een van ses bioom streke in die wêreld en is die enigste een wat slegs binne een land voorkom. Die natuurlike plantegroei binne die Swartland sluit fynbos en renosterveld in wat eie aan die streek is en ook tot die streek se naam aanleiding gegee het.

Spesialis studies het verskeie sensitiewe gebiede in die Swartland geïdentifiseer, wat deel vorm van die hoogs diverse natuurlike omgewing van die Weskus streek in die Wes-Kaap. Volgens Helme (2007) bestaan slegs 4% van die natuurlike renosterveld binne die gebied. Die versteuring van die habitat is vanwee die uitgebreide landbou aktiwiteite in die streek. Die belangrikheid van die beskerming van die oorblywende hoogs bedreigde plantegroei tipe het Swartland munisipaliteit genoom om van sy meent gronde as Munisipale Reservate te verklaar.

Die bewaring van die gebiede binne die stedelike konteks dron nie net by tot die behoud van habitat en natuurlike plantegroei nie, maar bied ook korridors deur die stedelike gebiede wat

gebiede met mekaar verbind en volhoubare habitate skep. Die degradasie van die natuurlike gebiede binne die stedelike konteks kan die landskap en estetiese karakter van die dorpe skade aandoen, veral in Riebeek Vallei, Yzerfontein en Malmesbury.

Die ekologiese sensitiewe gebiede binne en buite die omliggende stedelike randgebiede is geïdentifiseer en word in die grondgebruiksvoorstellekaarte, aangedui. Alle sensitiewe gebiede was in ag geneem met die afbakening van stedelike randgebiede in 2009. Om die sensitiewe gebiede volhoubaar te bewaar, is al die omgewingsensitiewe gebiede aangrensend tot die stedelike rand ook geïdentifiseer. Dit sal ruimte laat vir ingeligte besluitneming met betrekking tot die toekomstige uitbreiding van die stedelike rand. Botaniste het ook aanbeveel dat alle bekende sensitiewe gebiede, waar ontwikkeling nie beplan word nie, ingesluit moet word in 'n Oopruimte III Sone wat dan as reservaat kan kwalifiseer.

Riviere, sytakke en rivieroewers vorm 'n sterk basis vir oopruimte stroke. Van spesiale belang is die Berg- en Dieprिवiere met hul sytakke en vloedvlaktes. Die Dieprिवier vloei deur die dorpe van Malmesbury, Abbotsdale en Kalbaskraal terwyl die 'No Go' spruit deur Moorreesburg vloei.

Die grootste omgewingsuitdagings vir die Swartland Munisipale area is die beskerming van die bestaande krities bedreigde plantegroeitipes soos geïdentifiseer. Riviere, aflope, sytakke en vleilande moet met voldoende buffers beskerm word. Uitheemse plantegroei moet verwyder en beheer word in die riviere, waterlope, vleie en geïdentifiseerde bewaringsareas.

Stedelike Bewaring en Oopruimte beleidsriglyne en Strategieë			
Beleidsriglyne (BR)		Strategie (S)	
BR10	Die moontlike impak van ontwikkeling op bewaringsareas moet effektief bestuur word en waar nodig moet effektiewe mitigasie maatreëls toegepas word.	S22	Implementeer effektiewe oorleg sones in landelike en stedelike gebiede om die bewaringsgebiede te identifiseer.
		S23	Implementeer 'n Omgewing-bestuursplan.
BR11	Identifisering van bewarings-waardige gebiede binne die stedelike areas.	S24	Bewaring van die natuurlike gebiede binne die stedelike areas.
		S25	Bevorder openbare toegang en die benuutting van natuurgebiede deur die voorsiening van infrastruktuur en fasiliteite bv. piekniekareas, staproetes, botaniese tuine, bewaringsareas asook opleidingfasiliteite vir die jeug ens.
		S26	Volgehou verwydering van indringerplante en rehabilitasie van bewaringsgebiede.
		S27	Bevorder privaat investering in 'n bewaringsfonds vir die onderhoud van gebiede terwyl bewaringskompensasie dien vir ontwikkeling in ander gebiede.
BR12	Brei die statutêre wildernis areas uit tot meer as 6% van die Swartlandstreek om by te dra tot die uitbreiding van statutêre wildernis areas na meer as 6% van die Weskusstreek;	S28	Koppel die natuurlike omgewing binne Munisipaliteit Swartland se regsgebied aan die groter netwerk van reserwate en bewareas. Die westelike gedeelte van die regsgebied maak reeds deel uit van die Weskus Biosfeer Reservaat. Die Riverlands natuurreservaat net suid van Malmesbury vorm deel van die oostelike kern van genoemde biosfeer reservaat en strek deur middel van korridors regdeur tot teenaan die see en verder noordwaarts tot by die Weskus Nasionale Park.

		S29	Vestig bufferareas rondom wildernesarea en kernbewaringsareas. Die vestiging van statutêre beskermde biosfeer reserves as buffersones.
		S30	Identifiseer oop ruimtes en ander grond wat vir bewaring geoormerk moet word om die diversiteit van inheemse plante te beskerm.
		S31	Oorsien die generering van biostreekplanne.
		S32	Gelyste bedreigde ekosisteme gekategoriseer as <i>kritiese biodiversiteits areas</i> en <i>beskermde ekosisteme</i> sal in Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerke en Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne en bewaringsdokumente gereflekteer moet word.
		S33	Skep 'n register vir all nasionale, provinsiale en plaaslike bewaringsareas.
		S34	Bestuur bewaringsareas in ooreenstemming met die nasionale norme en standaarde.
		S35	Versteuring van ekosisteme moet vermy, geminimaliseer of herstel word.
		S36	Integreer ekologiese prosesse met die behoeftes van die gemeenskappe om so die kusgebiede volhoubaar te kan laat ontwikkel (Biostreek beplanning).
		S37	Ontwikkel kusgebiede volhoubaar, gebaseer op biostreek beplanningsbeginsels waarvolgens die behoeftes van die ekologiese prosesse met dié van die gemeenskappe geïntegreer word
		S38	Vestig mariene reservate om natuurlike habitate van inheemse diere gemeenskappe te konsolideer en uit te brei.
		S39	Enige aktiwiteit of dit mynbou, beplanning of besigheid is, wat impak op die natuurlike omgewing moet voldoen aan die Nasionale Omgewingsbestuurswet.
		S40	Aktiwiteite wat 'n betekenisvolle impak op die omgewing sal hê, sal vooraf 'n omgewingsimpakassesering moet ondergaan.
BR13	Munisipale Raad gradeer Erfenis Bronne wanneer die raad 'n erfenis outoriteit ingevolge die wet word	S41	Spesiale erfenis beplanningsareas verklaar;
		S42	-Erfenis bronne voorlopig beskerm vir tydperke langer as ses maande. - 'n Erfenis ooreenkoms aangaan ten opsigte van 'n erfenis bron vir langer as ses maande; - 'n Geen-ontwikkelinginstruksie uitreik. 'n Inventaris van erfenis bronne wat in die area onder die beheer van die munisipaliteit voorkom moet saamgestel en ingedien word by die relevante provinsiale erfenisgesag tydens die samestelling van die ruimtelike ontwikkelingsraam-werk.
		S43	Erfenis areas moet geoormerk en bewaar word (tydens die hersiening van die stadsbeplanningskema of die samestelling of hersiening van die ruimtelike plan, of op die inisiatief van die provinsiale erfenisgesag);
		S44	Kulturele erfenis terreine moet gerespekteer word;
		S45	Bewaring van historiese geboue en strukture, as ook

			argeologiese bronne op grond in staats- en privaatbesit.

2.3.5 Behuising en behuisingstopologie

Die residensiële groei in die stedelike areas van veral Malmesbury, die Riebeek Vallei, Darling en Yzerfontein is 'n bewys dat die Swartland streek as 'n alternatiewe woongebied dien vir die Kaapse Metropool. Oor die volgende 5 tot 15 jaar word daar beplan vir die voorsiening van ongeveer 3 817 nuwe behuisingsgeleenthede (sluit nie gesubsidieerde huise in die Swartland in nie). Die groei in die voorsiening van behuisingsgeleenthede dui op 'n 25% groei van die aantal munisipale kliënte met die volgende impakte:

- Addisionele inkomste;
- Addisionele koste aan infrastruktuur onderhoud;
- Uitbreiding van bestaande grootmaatinfrastruktuur kapasiteit.

Die bestaande behuisings- agterstand in die Swartland word ongeveer 12 258 eenhede beraam, met die grootste agterstand in Malmesbury.

Ten einde volhoubare en geïntegreerde dorpsontwikkeling in die Swartland te verseker, geld die volgende:

- Bevorder volhoubare privaat ontwikkeling binne die regsgebied deur verpligte ontwikkelaarbydraes om grootmaatsdienste agterstande en onderhoud aan te spreek;
- Toekomstige gesubsidieerde behuisingsprojekte word tot Malmesbury, Darling en Moorreesburg beperk gebaseer op die groeipotensiaal van dorpe;
- Skep effektiewe stedelike areas deur verbeterde dienste vlakke binne behuisingsprojekte te bevorder;
- Skep nuwe industriële areas binne loopafstand vanaf gesubsidieerde behuisingsprojekte om toegang tot werkgeleenthede te verseker;
- Ontwikkel bekostigbare erwe vir middel inkomste huishoudings;
- Onderzoek huurgeleenthede as alternatief vir gesubsidieerde en GAP huise.
- Voorsien 'n reeks van behuisingstipes.

Behuisingsbeleidsriglyne en Strategieë			
Beleids riglyne (BR)		Strategie (S)	
BR14	Privaat ontwikkelings binne die stedelike randgebied moet aangemoedig word, maar onderhewig wees aan die voorskrifte en beginsels van die ROR en ander relevante wetgewing.	S46	Privaat ontwikkelings binne stedelike randgebied moet volgens ROR riglyne plaasvind en moet omgewings volhoubaar en geïntegreerd wees.
BR15	Verskaf rigting en vertroue aan die privaatsektor ten opsigte van investering.	S47	Verskaf duidelike riglyne vir gewenste ontwikkelingsprodukte aan die privaatsektor;
		S48	Verhoog die voorspelbaarheid van die ontwikkelingsomgewing deur die skep van "geen", "moontlike" en "ontwikkelbare" areas vir ontwikkeling;
		S49	Rig openbare besteding strategies;
BR16	Ontwikkeling van erwe deur Munisipaliteit geskied op aanvraag in areas met medium en hoë	S50	Voorsien inklusiewe behuising vir alle inkomstegroepe binne geïntegreerde areas.

	groeipotensiaal.		
BR17	Toekomstige ontwikkeling vir gesubsidieerde behuising sal slegs plaasvind in dorpe in die Swartland wat groeipotensiaal het. Huidige agterstand moet egter nog in die bepaalde dorpe aangespreek word.	S51	Toekomstige ontwikkeling vir gesubsidieerde behuising sal slegs plaasvind in Malmesbury, Darling en Moorreesburg.
BR18	Ontwikkeling van GAP erwe binne privaat ontwikkeling word aangemoedig.	S52	Privaat ontwikkeling moet bydrae lewer in alle vlakke van die behuisingsmark wat ook die GAP behuisingsmark insluit.
BR19	Bevorder die voorsiening van 'n groter verskeidenheid behuisings-tipes in alle areas ten einde die skep van inklusiewe gemeenskappe te bevorder.	S53	Bevorder inklusiewe behuising in alle ontwikkelings ten einde groter variasie in behuisingsmark te voorsien, bv. kombinasie van woonstelle/skakelhuse/ duplekse en enkel residensiële eenhede in een woongebied.
		S54	Pas die soneringskema aan om die voorsiening van geïntegreerde ontwikkelings te ondersteun, bv. ondersteun gemengde digthede en aangepaste boulyne binne dieselfde gebied.
		S55	Voldoen aan die behoeftes van alle inwoners op 'n bekostigbare manier.
		S56	Skep en onderhou plekidentiteit.
		S57	Bewaar die karakter van Swartland dorpe, asook die unieke Swartland, Weskus en Bolandkarakter van die omgewing
		S58	Bewaar die natuurlike sowel as die kultuur-historiese omgewing;
		S59	Bewaar die landbou karakter van die Swartland.
BR20	Voorsiening van behuising vir plaasarbeiders in dorpe	S60	Poog om 25% van alle gesubsidieerde ontwikkelings- projekte aan plaasarbeiders beskikbaar te stel, ten einde ook behuisingsopsies aan hul te bied.
BR21	Bevorder die verbetering van die behuising van plaaswerkers op plase.	S61	Ondersteun die Distriks-munisipaliteit se inisiatief om fondse vir opgradering van badkamers by plaashuise beskikbaar te stel ten einde die dienstevoorsiening in landelike areas te bevorder.
BR22	Skep volhoubare geïntegreerde leefomgewing vir alle Swartland inwoners	S62	Integreer die sosiale, ekonomiese, institusionele en fisiese aspekte van grond ontwikkeling.
		S63	By te dra tot die regstelling van histories ruimtelike patrone en die optimale gebruik van bestaande infrastruktuur.
		S64	Woon- en werksareas moet naby mekaar geleë wees of geïntegreer word;
		S65	Ontmoedig die verskynsel van stedelike kruip in stedelike areas en verseker meer kompakte stede en dorpe;
		S66	Elke huishouding plant twee bome.
		S67	Verseker die veilige gebruik van grond inaggenome faktore soos geologiese formasies en skadelike onbepaalde areas.

		S68	Voorsien ruimtelik vir verstedeliking met deurlopende hernuwing van plekidentiteit: • Herstruktureer en skep geïntegreerde en kompakte stedelike nedersettings wat groei proaktief inkorporeer; • Voorsien geskikte vlakke van dienste en benut die bestaande en beplande dienste optimaal;

2.3.6 Grootmaat Infrastruktuur, Dienstebeleid riglyne en Sosiale Infrastruktuur

Die grootmaatinfrastruktuur en dienste binne 'n munisipale area vorm 'n baie belangrike strategiese bate wat toepaslik bestuur en uitgebrei moet word ten einde volhoubare ontwikkeling te ondersteun. Die beskikbaarheid van grootmaatsdienste en infrastruktuur maak dan 'n belangrike bydrae tot die ekonomie in die Swartland. Die Munisipaliteit het reeds die kapasiteit en uitbreidingsmoontlikhede van die grootmaatsdienste in die streek ondersoek en bepaal waar die kapitale investering vir uitbreiding van grootmaat dienste prioriteit moet geniet.

In die algemeen is die voorsiening van grootmaat dienste in die Swartland relatief goed, met die uitsondering van riolering in die Riebeek Vallei. Tans word 'n nuwe rioolwerke wat die hele Riebeek Vallei sal bedien en wat op die oostelike buitengrens van Riebeek Kasteel geleë is beplan.

Grootmaat Infrastruktuur en Dienstebeleid riglyne			
Beleidsriglyne (BR)		Strategie (S)	
BR23	Voorsiening van grootmaat dienste infrastruktuur moet in lyn wees met die ruimtelike groei en beplanning in die streek.	S69	Vooruit beplanning van grootmaat infrastruktuur moet in lyn wees met die ruimtelike groei van dorpe.
		S70	'n Oorhoofse infrastruktuur strategie vir alle Swartland dorpe moet opgestel word.
		S71	Bepaal grootmaatsdienste in die Swartland soos benodig vir die volgende twintig jaar na aanleiding van groei en verdigtingstregieë.
		S72	Bepaal die beste ruimtes waar die nodige infrastruktuur opgerig sal word sodat dienste teen aanvaarbare kostes voorsien kan word.
		S73	Verminder afval en verkwisting; Ontwikkel en gebruik nie-hernubare bronne op verantwoordelike wyse: oorskry nie bepaalde limiete nie.
		S74	Doen weg met afval sonder om omgewingsbesoedeling te veroorsaak en om die generering van soliede afval te verminder by wyse afval herwinning; Verbeter die toeganklikheid van bestaande stortingsterreine; Identifiseer nuwe stortingsterreine en komposteringsaanlegte; Verminder ekologiese en gesondheidsimpak van bestaande en toekomstige stortingsterreine.
		S75	Voorsiening van dienste aan gemeenskappe op 'n volhoubare manier: prioritiseer staatspandering op infrastruktuur binne areas met ekonomiese groei en potensiaal.
		S76	Voorsien infrastruktuur en dienste om die

			lewenskwaliteit van landelike gemeenskappe te verbeter.
BR24	Voorsien sosiale infrastruktuur om 'n hoë lewenskwaliteit, hoë gesondheidstatus en aktiewe gemeenskapsmeelewing te verseker aan alle inwoners.	S77	Voorsien sosiale fasiliteite volgens die goedgekeurde beplanningsnorme.
		S78	Voorsien onderrig geleenthede wat toeganklik is vir alle ouderdomsgroepe

2.3.7 Bewegingsnetwerk

Die bewegingsnetwerk bepaal die toeganklikheid van die streek en stedelike areas en beïnvloed ekonomiese lewensvatbaarheid van en investering in dorpe. Bewegingsnetwerke moet beplan word met toekomstige ontwikkeling in gedagte en daar moet ruimtelik voorsiening gemaak word vir moontlike alternatiewe roetes of die versterking van huidige roetes. Die proaktiewe beplanning van die bewegingsnetwerk skep nie alleen geleenthede vir verdere ontwikkeling en investering nie, maar dra ook by tot verhoogde toeganklikheid in stedelike gebiede wat volhoubare stedelike areas meebring.

Bewegingsnetwerk Beleidsriglyne en Strategiee			
Beleidsriglyne (BR)		Strategie (S)	
BR25	Stel omvattende realistiese vervoerplan vir toekomstige uitbreidings van stedelike areas.	S79	Ontwikkel 'n realistiese bekostigbare vervoerplan om verkeer binne die groeiende stedelike areas te akkommodeer.
		S80	Ondersteun die vestiging van kommersiële en sosiale aktiwiteite langs aktiwiteitasse en strate wat die woongebiede met die stedelike kern verbind.
BR26	Ondersteun bekostigbare publieke vervoer.	S81	Ontwikkel 'n bekostigbare publieke vervoerdiens tussen die verskillende dorpe van die Swartland.
BR27	Ondersteun die voorsiening van voetgangervriendelike omgewings binne die stedelike areas.	S82	Voorsiening van voetgangerpaaie langs vervoerroete.
		S83	Streef na die voorsiening van voetgangerroetes wat toeganklik is vir die gestremdes.
		S84	Beplan ligging van nuwe residensiële uitbreidings naby areas met werkseleenthede ten einde ritopwekking binne stedelike areas te verlaag.
BR28	Gradeer paaie binne die stedelike areas op.	S85	Inkorporeer die onderhoud en opgradering van paaie binne die stedelike areas in die jaarlikse begrotings.
		S86	Behou grondstrate, veral laer orde strate, binne stedelike areas waar dit deel uitmaak van die karakter van die dorpe.

2.3.8 Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling

Daar word ook verwys na die ruimtelike implikasies wat beplanningsbesluitneming op die ekonomie het. Fisiese ruimte het 'n direkte impak op die vermoë van die plaaslike gemeenskappe om toegang tot ekonomiese geleenthede te kry, sowel as die koers waarteen

bates, veral grond, in waarde verhoog. Volgens die Swartland PEO is daar verskeie ruimtelike ontwikkelingsstrategieë wat bevorder moet word ten einde die ruimtelike ekonomiese rangorde van die dorpe te verander en dit sluit die volgende in:

Daar is drie hoof ruimtelike ontwikkelingsstrategieë wat in die Swartland dorpe toegepas moet word om die ruimtelike ekonomie te herstruktureer:

➤ ***Ontwikkeling van die dorpe moet verband hou met die Groeipotensiaal van elke dorp;***

Die groeipotensiaal van residensiële ontwikkeling, en veral lae-inkomste ontwikkeling, moet verband hou met die groeipotensiaal van die spesifieke dorp.

➤ ***Verhoog koppeling met die SSK en lok privaatsektor investeerders na veral die gesegregeerde agtergeblewe woongebiede;***

Die vervoerroetes, wat pad en voetgangerverkeer insluit, tussen die SSK en die gesegregeerde woongebiede moet verbeter word ten einde geleenthede langs die paaie te skep. Die verbetering van die vervoerroetes sal spontaan geleenthede vir die informele sektor verbeter. Die geleenthede bestaan in Malmesbury, Moorreesburg en Darling en kan verbeter word.

Inversteer in die oprigting en onderhoud van publieke fasiliteite, skep en onderhoud van publieke oopruimtes en landskapering van paaie veral langs verbindingsroetes tussen die verskeie gebiede.

➤ ***Grondgebruikbeheer, - bestuur en besigheidslisensiering;***

Beperkende grondgebruikbestuur in veral die armer woonbuurtes het ontwikkeling beperk. Alternatiewe sonering of afwykings binne armer woongebiede moet oorweeg word waar daar behoefte vir huiswinkels en gemeenskapsfasiliteite bestaan. Geleenthede moet ook geskep word vir klein opkomende sakemanne binne die bestaande sakekern, waar hul gelyke toegang tot die handelsmark kan bekom.

Die toekomstige groei en uitbreiding van dorpe moet nou verband hou met hul groei potensiaal, ten einde die munisipaliteit in staat te stel om doeltreffende beplanning van infrastruktuur, dienste en grondgebruik toe te pas. Die ruimtelike beplanning van nuwe uitbreidings moet ook integrasie tussen gebiede bevorder, veral die vervoer- verbindings tussen die SSK's en die agtergeblewe woongebiede, ten einde die gemeenskappe in staat te stel om verhoogde toegang na werksgeleenthede en kommersiële dienste te geniet. Die verbetering van die kwaliteit van gemeenskapsfasiliteite en -ruimtes in die gebiede moet ook bevorder word wat dan indirek die waarde van eiendom in die gebiede sal verhoog. Die behoefte bestaan ook om besigheidsgeleenthede te skep vir klein, mikro en medium ondernemings binne die SSK gebiede. Die verwante grondgebruikbeheer en besigheidslisensiering maatreëls moet ook van tyd tot tyd oor besin word.

In die verlede het woonbuurtes, as gevolg van segregasie beplanning, 'n sekere ruimtelike stedelike vorm gevestig waar die armer gemeenskappe nie direkte kontak met die sentrale sakekern gehad het nie terwyl daar geen of swak ontwikkelde ekonomiese geleenthede binne die arm woonbuurte was nie. Die gevolg was dat daar geen of baie beperkte ekonomiese en werkgeleenthede in die gemeenskappe was.

Derhalwe moet vir die volgende voorsiening gemaak word in die dorpe van die Swartland dorpe:

- Skep van meer ekonomiese geleenthede in die gesegregeerde woonbuurtes ten einde meer volhoubare dorpe daar te stel;
- Verbeter die ruimtelike integrasie en koppeling tussen die woonbuurtes en die sentrale sakekern, wat ook die lewensvatbaarheid van publieke vervoer sal verhoog;

- Bevorder die vestiging van meer ekonomiese ontwikkeling langs die aktiwiteitsasse en skep meer geleenthede binne die gebiede deur gedentraliseerde nodusse in die areas;
- Skep van ekonomiese geleenthede vir opkomende kleinsakemanne binne die sentrale sakekern.

Vervolgens bepaalde beleidsriglyne en strategieë om die ekonomiese groei van die Swartland streek te bevorder:

Ekonomiese Beleidsriglyne en Strategieë			
Beleids riglyne (BR)		Strategie (S)	
BR29	Ekonomiese ontwikkeling en investering binne dorpe moet verband hou met die groeipotensiaal van die dorp.	S87	Investering en uitbreiding van residensiële gebiede (veral gesubsidieerde behuising) moet verband hou met groeipotensiaal van dorp – Malmesbury, Moorreesburg en Darling word geoormerk vir volhoubare gesubsidieerde behuisingsontwikkeling.
		S89	Investering in grootmaatinfrastruktuur moet dienoreenkomstig met die groeipotensiaal van dorpe gedoen word.
BR30	Bepaal behoefte vir kommersiële ontwikkeling en uitbreiding.	S90	Identifiseer die toepaslike areas vir kommersiële uitbreiding
BR31	Skep meer ekonomiese geleenthede in vorige agtergeblewe woongebiede.	S91	Skep kleiner sekondêre sakenodusse binne gesegregeerde woongebiede om meer ekonomiese en werksgeleenthede naby mense se woonplekke te skep.
		S92	Skep verskeidenheid van ekonomiese geleenthede, formeel en informeel, in die nodusse.
		S93	Ondersteun alternatiewe sonerings of afwykings binne armer woongebiede waar huiswinkels en gemeenskapsfasiliteite benodig word.
BR32	Verbeter die ruimtelike skakeling tussen die Primêre Sentrale Sakekern (SSK) en woongebiede.	S94	Maak vervoerroetes (pad en voetganger) tussen SSK en gesegregeerde woongebiede voetgangervriendelik en skep ekonomiese geleenthede langs aktiwiteitsasse.
		S95	Investeer strategies in openbare fasiliteite, oopruimtes en landskapering van paaie langs aktiwiteitsasse wat SSK en gesegregeerde woongebiede verbind.
BR34	Bevorder ekonomiese geleenthede langs aktiwiteitsasse.	S96	Skep kommersiële geleenthede langs hoofaktiwiteitsasse, op verbindingsroetes en by nodusse in hoofgroeisentra.
BR35	Skep variasie van ekonomiese geleenthede binne bestaande SSK.	S97	Skep formele en informele handelsgeleenthede en geleenthede vir uitbreiding binne bestaande SSK.
BR36	Bevorder streeksgroeipunte.	S98	Identifiseer dorpe en grondeenhede in dorpe, waar ontwikkeling en uitbreiding van markte en -skakeling kan plaasvind
BR36	Maak ruimtelike voorsiening vir werkskeppingsprojekte en ekonomiese opheffing vir die munisipaliteit en streek as geheel.	S99	Identifiseer die toepaslike terreine om fasiliteite op te rig om plaaslike te vervaardig en te prosesseer.
			Voorsien vir gemengde gebruike (verskillende sonerings) van bestaande infrastruktuur wat

			seisoenale gebruik sodat ander aktiwiteite buite seisoen bedryf mag word.
			Bevorder die verwerking van plaaslike produkte.
			Beplan en voorsien die nodige padinfrastruktuur

2.3.9 Industriële Ontwikkeling

Die Swartland se strategiese ligging ten opsigte van die Kaapse Metropool, asook langs die sterk ekonomiese areas van die Kaapse Wynland streek en die Vredenburg Saldanha area bied verskeie geleenthede ter ondersteuning van die uitbreiding van die industriële sektor. Veral die N7 korridor tussen Malmesbury en die Kaapse Metropool hou 'n groot ekonomiese voordeel in vir die Swartland. Die Swartland GOP ondersteun Malmesbury as die primêre industriële kern van die Swartland. Die opgradering en uitbreiding van industriële erwe in Darling en Moorreesburg word ook ondersteun om volhoubare ontwikkeling in die hoofdorpe te ondersteun.

Die ontwikkeling van die N7 korridor tussen Malmesbury en die Kaapse Metropool moet binne die medium tot langtermyn prioriteit geniet. Die uitbreiding van die korridor word verder ondersteun deur die volgende:

- Kaapstad kan net in 'n noordwaartse rigting uitbrei;
- Moontlike uitbreiding van 'n vraglughawe in die Swartland gebied;
- Moontlike ontwikkeling van 'n lughawe;
- Toenemende uitbreiding van agri-prosessering in die gebied suid van Malmesbury in die korridor tussen Malmesbury en Kalbaskraal.
- Industriële Ontwikkelingsbeleidsriglyne

Die Swartland se strategiese ligging ten opsigte van die Kaapse Metropool, asook langs die sterk ekonomiese areas van die Kaapse Wynland streek en die Vredenburg Saldanha area bied verskeie geleenthede ter ondersteuning van die uitbreiding van die industriële sektor. Veral die N7 korridor tussen Malmesbury en die Kaapse Metropool hou 'n groot ekonomiese voordeel in vir die Swartland. Die Swartland GOP ondersteun Malmesbury as die primêre industriële kern van die Swartland. Die opgradering en uitbreiding van industriële erwe in Darling en Moorreesburg word ook ondersteun om volhoubare ontwikkeling in die hoofdorpe te ondersteun.

Die ontwikkeling van die N7 korridor tussen Malmesbury en die Kaapse Metropool moet binne die medium tot langtermyn prioriteit geniet. Die uitbreiding van die korridor word verder ondersteun deur die volgende:

- Kaapstad kan net in 'n noordwaartse rigting uitbrei;
- Moontlike uitbreiding van 'n vraglughawe in die Swartland gebied;
- Moontlike ontwikkeling van 'n lughawe;
- Toenemende uitbreiding van agri-prosessering in die gebied suid van Malmesbury in die korridor tussen Malmesbury en Kalbaskraal.

Industriële Ontwikkelingsbeleidsriglyne en Strategieë			
Beleidsriglyne (BR)		Strategie (S)	
BR37	Die behoefte na industriële ontwikkeling moet bepaal word.	S100	Identifiseer toepaslike areas binne dorpe vir industriële ontwikkeling.
BR38	Ontwikkel geïntegreerde menslike vestigingspatrone waar woon en werkplek	S101	Ontwikkel nuwe industriële areas binne aanvaarbare afstand vanaf nuwe

	mekaar beter ondersteun.		voorgestelde gesubsidieerde behuisingsareas.
BR38	Verseker dat ruimtelike beplanning ekonomiese groei proaktief sal bevorder.	S102	Ondersteun ruimtelike en grondgebruikbeplanning wat investering ondersteun deur voldoende infrastruktuur en dienste te skep wat die gebruike sal ondersteun asook deur die ligging van die areas.
BR39	Ontwikkel inisiatiewe wat industriële vestiging sal bevoordeel.	S103	Stel insentiewe beskikbaar vir industriële ontwikkeling binne die geïdentifiseerde industriële groeipunte.
		S104	Bewaar die omgewing en beheer omgewingsbesoedeling.
BR40	Optimale benutting van Swartland se ligging om langtermyn ontwikkeling van gemeenskappe te verseker.	S105	Proaktiewe bemaking van area as investering vriendelike munisipaliteit.
		S106	Aktiewe bevordering en ondersteuning van die ontwikkeling en uitbreiding van die N7 korridor tussen Kaapstad en Malmesbury.
		S107	Bevorder verbeterde vervoer deur die proaktiewe skakeling met SANRAL vir die verbreding van die N7 tussen Kaapstad en Malmesbury.
		S108	Ontwikkeling en uitbreiding van industriële areas in die dorpe waar die behoefte bestaan en ter ondersteuning en uitbreiding van die plaaslike ekonomiese basis.

2.3.10 Toerisme

Die belangrikheid van die toerisme bedryf in die Swartland ekonomie moet ondersteun word omdat die bedryf verskeie ekonomiese sektore verteenwoordig.

Toerisme hou nie net sosio-ekonomiese voordele in nie, maar ook voordele vir die bewaring van die natuur. Ten einde spesifieke riglyne te ontwikkeling moet 'n Swartlandse Toerisme Ontwikkelingsstrategie saamgestel word. Die ROR het ten doel om vir die ruimtelike behoeftes wat die bestuur en implementering van 'n toerisme ontwikkelingsstrategie sal verg, aan te toon.

Die behoefte bestaan om toerisme geriewe in landelike gebiede te skep en verder te ontwikkel, wat moontlike op die natuurlike omgewing 'n impak kan hê. Die ligging van sodanige ontwikkelings ingelig en volgens die ROR riglyne geskiet. Toerisme ontwikkeling in die Swartland moet fokus op stedelike sowel as landelike areas sodat die inisiatiewe gekoördineerd kan plaasvind en die nodige ondersteuning vir die ontwikkeling van die bedryf te bekom.

Die volgende is belangrike aspekte wat ondersoek kan word:

- Bestee aan toerisme infrastruktuur (paaie en bestaande dienste) om toerisme bedryf te ondersteun;
- Ko-ordineer verskillende toerisme bestuursaksies;
- Onderhou en bestuur bestaande toerisme aanloklikehede in die streek;
- Ontwikkel nuwe toerisme moontlikhede in die dorpe en streek, wat insluit alternatiewe roetes en ekotoerisme;

- Skep geleenthede in toerisme waar die plaaslike bevolking, veral die werklose en agtergeblewe groep, toegang tot die ekonomiese sektor kan kry;
- Bewaar die kuslyn, veral ook in die kusdorpe;
- Ontwikke die korridor tussen Kaapstad en Malmesbury langs N7 as 'n Swartland slingerpad met plaas- en ander soortgelyke produkte;
- Ontwikkel toerisme moontlikhede langs die Dieprivier;
- Versterk bestaande roetes in Swartland tussen Riebeek Vallei en die kus met Darling en Yzerfontein wat deel uitmaak van die roetes;
- Bevorder toerisme geleenthede in die landelike gebiede deur gasteplase en volhoubare oorde langs bronne soos riviere en berge te oorweeg;
- Ondersteun en bevorder agritoerisme binne die landelike gebiede;
- Ondersteun en bou bestaande streekshulpbronne soos blomme, wild, die landskap, historiese erfenis, kuslyn, berge en koppies en landbou produkte, uit.

Toerisme Ontwikkelingsriglyne en Strategieë			
Beleidsriglyne (BR)		Strategie (S)	
BR41	Bevorder volhoubare toerisme bedrywe in die Swartland.	S109	Ontwikkel 'n Swartland Toerisme Strategie.
BR42	Bepaal behoefte vir toerisme ontwikkeling en uitbreiding.	S110	Effektiewe bestuur van toerisme in die onderskeie dorpe. Verseker dat ontwikkeling nie teenwerk teen die toerisme potensiaal van die streek in geheel nie.
		S111	Skep geleenthede in toerisme sodat plaaslike bevolking, veral die werkloses en agtergeblewes, toegang tot die bedryf kry.
		S112	Bevorder toerisme en agritoerimse geleenthede in die landelike gebiede deur gaste- plase, ontspanningsverblyf en oorde langs bronne soos riviere, berge en kuslyn te oorweeg.
		S113	Identifiseer spesifieke toerisme geleenthede in elke dorp en verbeter toeganklikheid met effektiewe bemaking op streeks- en plaaslike vlak.
BR43	Bevorder besteding aan infrastruktuur om die toerisme bedryf te ondersteun.	S114	Onderhou en gradeer bestaande paaie en dienste tussen dorpe bekend vir toerisme op bv. pad na Darling en Yzerfontein.
BR44	Bevorder toerisme ontwikkeling wat omgewings sensitief is.	S115	Beoordeel alle aansoeke vir toerisme bedrywe op meriete met inagneming van die impak op die natuurlike omgewing.
BR45	Bevorder volhoubare ontwikkeling en stimuleer die plaaslike ekonomie proaktief met inbegrip van die behoud van die landelike nedersettings se karakter by damme en waterbronne	S116	Beskerm van die primêre en operasionele vereistes van die damme en ander waterbronne, waterkwaliteit, veiligheid (vloedkontroleriglyne).
		S117	Die ontwikkeling in en rondom die damkom/ waterbron kan geëvalueer, oorweeg en geïmplementeer word met 'n dam/ waterbron soneringsplan as verwysingsraamwerk.
		S118	Gelyke en omgewings volhoubare sekondêre gebruike van staatsdamme en -waterbronne wat onveilige en ongeorganiseerde gebruik van staatsdamme en – waterbronne verhoed.
		S119	Toegang tot werksgeleenthede en die versterking van die natuurlike en kulturele omgewing van die dam/ waterbron as bewaring, toerisme, sport en ontspanningfasiliteite.

		S120	Die effektiewe en regverdigte bestuur van staatsdamkomme en waterbronne ingesluit opvangsgebiede
		S121	Neem die sosiale, ekonomiese en omgewingsimpakte in ag.
		S122	Sluit alle grond binne die opvanggebied van die dam/waterbron in.
		S123	Gebruik van bestaande infrastruktuur vir ander gebruike waar seisoenale aktiwiteite voorkom.
		S124	Versterk die lewenskwaliteit van ksgemeenskappe.

Die sektorale beleidsriglyne is gebaseer op die beplanningsbeginsels in die afdeling wat volg.

2.4 Beplanningsbeginsels

Om die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk met insig uit te voer, is dit nodig dat duidelike oorhoofse beplanningsbeginsels vasgelê word alvorens beplanningsvoorstelle oorweeg word. Hierdie ruimtelike beginsels vorm die kern van die ROR en het ten doel om volhoubare, leefbare stedelike omgewings te bevorder wat die volgende kenmerke insluit:

- Werk, onderrig, behuising en ontspanning is maklik toeganklik;
- Hulpbronne word effektief gebruik;
- 'n Verskeidenheid van dienste, onderrig, ontspanning en werkgeleenthede is beskikbaar;
- 'n Verskeidenheid behuisingsvorme en digtheid is beskikbaar;
- Betroubare en bekostigbare openbare vervoer asook plaaslike areas wat te voet bereikbaar is, verminder die afhanklikheid van motors;
- Openbare areas van hoë gehalte is beskikbaar;
- Alle inwoners ervaar 'n positiewe plek identiteit;
- Gemengde gebruike kom voor in die plaaslike area.

Adrette groei is gebaseer op:


- Kompakte ontwikkelings ingesluit invul ontwikkeling, hersiende ontwikkelingstandaarde (tradisionele boulyne) en hoër digtheid.
- Gemengde ontwikkelings ingesluit tradisionele en kreatiewe kombinasies soos gekombineerde leef- en werkareas asook 'n reek van behuisingseleentehde en keuses.
- Voetganger orientasie deur voertuigvertraging, bevordering van menslike skallontwerp en woonbuurte wat te voet deurkruis kan word.
- Die voorsiening van 'n verskeidenheid van vervoerkeuses en bevordering van openbare vervoer.
- Die bewaring van oopruimte, die landboulandskap, natuurlike skoonheid en kritiese bedreigde natuurlike areas.
- Die vestiging van gemeenskappe wat ondeskei word deur 'n sterk plekidentiteit.
- Gemeenskaps- en belangegroep se deelname in ontwikkelingsbesluite.

In die onderstaande tabel word die beginsels toegelig deur elemente. Om nedersettings en ruimtes te skep wat goed funksioneer word verdere strukturele en/of ruimtelike beginsels voorgehou wat tydens beplanning aangewend moet word.

2.4.1 Strukturele Beginsels

Versterking

- Strukturele elemente moet mekaar ondersteun.
- Verskillende vorme van vervoer (voetganger, fiets, trein, taxi, bus en motor) word byeengebring in 'n enkele sone of strook en skep derhalwe 'n reeks geleenthede.
- Waar die verskillende vorme van vervoer byeenkom bestaan die geleentheid om 'n aktiwiteitsnodus te skep.



Aaneenlopendheid/ kontinuïteit

Kontinuïteit van oopruimtes:

Benodig 'n netwerk van oopruimtes, om te dien as habitate en migrasie roetes vir plant- en dierspesies.

Om afwisseling te verleen ten opsigte van twee aspekte naamlik funksionaliteit (bv. ontspanning) en die visuele (bv. versagting van 'n beboude gebied).

Gebruik natuurlike oopruimtes as produktiewe ruimtes, omdat dié ruimtes onderhou moet word byvoorbeeld om verdampingsdamme of stormwaterretensie sisteme te huisves of gebruik word vir stedelike landbou.

Kontinuïteit van openbare ruimtes:

Openbare ruimtes behoort 'n aaneenlopende netwerk te vorm.

Terselfdertyd is 'n gevoel van omsluiting en definisie belangrik, wat deur die rangskikking van geboue tot die gevoel kan bydra.

Kontinuïteit voorbeeld: 'n Bewegingsnetwerk:

- sluit alle vervoer en voetgangerroetes in. Openbare fasiliteite, sosiale fokuspunte en ekonomiese bedrywighede langs vervoerroetes gekonsentreer moet toeganklik wees. (Maak voorsiening vir padreserwes, sygaardjies wat fiets-, perdry en wandelroetes insluit.)
- Maak deel uit van die openbare oopruimtesisteme; Verbing groen oopruimtes en openbare areas. Dié bewegings- en oopruimtenetwerk dra by tot die estetika en die skepping van 'n kwaliteit dorpsomgewing.



Kontinuiteit van bouvorm:

Integreer nuwe ontwikkelings met bestaande ontwikkelings om ekonomies agglomerasie (ekonomie van skaal en netwerkeffekte) te bewerkstellig.

Skaal is 'n bepalende agglomerasie element en derhalwe behoort kontinuïteit onderbreek te word om gemaklike toegang tot groen en natuurlike oopruimtes en landelik landskappe te verseker.

Kontinuiteit van beweging:



Die beweging of vloei van mense, finansies, goedere en dienste vorm die hartklop van 'n nedersetting.

Aktiwiteite wat 'n hoë graad van blootstelling nodig word by die mees toeganklike punte in die bewegingsnetwerk geplaas.

As vervoergeleenthede in die bewegingsnetwerk tot stilstand kom word die energie verder binne die netwerk versprei.

Die potensiaal van verskillende vervoer tipes om tot stilstand te kom verskil soos byvoorbeeld 'n taxi of trein se ritme en toeganklikheid.

Die koördinering van verskillende vervoertipes veroorsaak dat seker punte versterk word en skep die geleentheid om aktiwiteite te groepeer.



'n Aktiwiteitsas vorm eerstens die kern van die aktiwiteitskorridor en in die tweede plek verbind 'n aktiwiteitsas twee nodusse met mekaar.

'n Aktiwiteitstraat is soortgelyk as 'n aktiwiteitsas, maar is 'n plaaslike pad en derhalwe is die aktiwiteitsvlakke laer.

'n Aktiwiteitstraat versterk die tersiêre padnetwerk. Aktiwiteitstrate sal veral in die groter sentra 'n rol speel, maar geniet ook aandag in kleiner sentra.

Onderbreking

Onderbreking van beweging:


Langs hoë orde roetes kan onderbrekings gebruik word om spesiale spasies, soos publieke oopruimtes en parke te skep. Die onderbrekingsbeginsel kan ook gebruik word om natuurlike areas en bestaande fokuspunte in die stedelike landskap te verbind.

Onderbreking van bouwvorm:

Publieke oopruimtes, soos 'n plein of park, kan gebruik word om geboue te onderbreek en visuele diversiteit in die beboude omgewing te skep.

Eksternalisering

Sosiale fasiliteite en hoër orde stedelike aktiwiteite word nie binne residensiële gebiede geplaas nie. Die bestaan van die fasiliteite nie heeltemal afhanklik is van die omliggende gemeenskappe nie. Die fasiliteite is vir 'n groter verskeidenheid van persone beskikbaar.




Die plasing moet bydra tot die vestiging van simbiotiese verhoudings tussen verskillende aktiwiteite en fasiliteite.

Konsentrasie langs roetes

Plasing van intensiewe aktiwiteite en fasiliteite langs eksterne en aaneenlopende roetes. Die meer intensiewe aktiwiteite word langs die mees toeganklike punte langs die bewegingsroetes gekonsentreer.

'n Aktiwiteitskorridor verteenwoordig liniêre sones van ontwikkeling langs publieke vervoerroetes. So 'n korridor bestaan uit 'n hoofroete met redelike digte ontwikkeling aan weerskante daarvan wat weer verder ondersteun word deur publieke vervoer. Ontwikkeling langs so 'n korridor kan voorsiening maak vir gemengde gebruike wat residensiële, kommersiële, besigheid, industriële en gemeenskapsfasiliteite, insluit. Ontwikkeling langs so 'n korridor realiseer nie oornag nie, maar daar moet 'n omgewing geskep word om die korridor toe te laat om met tyd te kan ontwikkel.



Eendersheid en verskeidenheid (homogeniteit en heterogeniteit):

Vergestalt kulturele en ekonomies diversiteit.

Erken dat alle gemeenskappe, individue en kulture in 'n demokraties, multikulturele samelewing met respek behandel behoort te word.

2.4.2 Ruimtelike Beginsels

Daar is vier ruimtelike beginsels wat sentraal staan tot positiewe nedersettings, naamlik definisie, skaal, buigsaamheid en intensiteit van die gebruik van ruimte.

Definisie:	In positiewe omgewings word openbare oopruimtes gedefinieer deur geboue en ander ruimte-definiërende elemente soos mure en landskapering. Die elemente skep 'n gevoel van omsluiting en kontrasteer met vrystaande elemente in 'n vormlose see van ruimte.
Skaal	Verwys na die verhouding tussen grootte, afstand en hoogte. "Menslike skaal" vorm die norm in die Swartland.
Buigsaamheid	Verwys na die skep van ruimtelike strukture wat onverwagte aansprake oor 'n periode van tyd kan akkommodeer.
Intensiteit van ruimtelike gebruik (Grond gebruik)	• Die skep van hoëvlak ondersteuning vir ekonomiese en sosiale goedere en dienste; • Die skep van 'n ekonomiese klimaat waarbinne die ekonomiese aktiwiteite kan floreer; • Die skep van voorvereistes vir lewensvatbare openbare vervoersisteme; • Die effektiewe gebruik van infrastruktuur; • Die beter gebruik van grond, wat bydra tot kompakte stedelike gebiede, verminderde pendel en energie verbruik asook die vermindering van besoedeling. Die volgende struktuurelemente is voorbeelde van verdigting: • Sentra/ Kerne (Administratief, Opvoedkundig, Wetlik en Dienste); • Nodusse (Kollektiewe Ekonomie, Gespesialiseerde Ekonomie, Groothandel en Privaat Dienste, Vervaardiging, Mynbou, Landbou, Toerisme aantreklikhede, Toerisme Omgewings, Bio-gas, Presidensiële Industriële Ontwikklingsones (IDZ), Restitusie, Natuurreservate en Bewareas); • Spilpunte of "hubs" (Ekonomies, Juweliersware, Petro-chemies, Logisties); • Roetes (Toerisme); • Asse (Vervoer); • Korridors (Ontwikkeling); • Sones (Toerisme, Kommersiële Landbou, Besproeiing).

Die volgende agt dimensies en tien elemente behoort saam met bogenoemde beginsels toegepas te word om doelbewus 'n sosio-fisiese platform vir nedersettings te skep:

- Gepastheid:** Vorm: om die skaal en ligging (stedelike rand) van gemeenskappe te volvoer; om 'n gesonde beboede en massa identiteit van die stedelike landskap te bepaal, met reglynigheid as norm.
- Plekidentiteit:** Fokus: die bereiking van 'n ontwerpkonsep wat asstandigheid gebruik om inwoners van stadsruimtes met hoër digtheid in staat stel om 'n gevoel van orientasie te ervaar en die areapatroon oorhoofs te ervaar.

- c) **Regverdigheid:** Veiligheid en aangenaamheid: die akkommodering van klass, geslag, famielietipe, kultuur, godsdiens per ouderdoms groep en ekonomiese klas gemeng in 'n veilige gemeenskap.
- d) **Effektiwiteit:** Inter verbindelikheid: modale uitruiling en toeganklikheid tot voer, per fiets, per bus en trein en per motorvoertuig.
- e) **Toeganklikheid:** Deurdringbaarheid: verlenging en identifisering van maniere vir mense om toegang te bekom en om deur stedelike landskap te beweeg in hul algemene gebruik van die landskap.
- f) **Effektiwiteit:** Ekologiese Harmonie: goeie ontwerp, toepaslike material, aangename teksture, volhoubare landskapering, wat langdurende waardigheid en verbeterde opbrengste verteenwoordig.
- g) **Essensie:** Sekuriteit: die doelbewuste ontwerp van veilige openbare areas en toegange, spesifiek vir kinders, vroue, gestremde persone en bejaardes. Privaat en verpersoonlikde verblyfspasie word geïnkorporeer.
- h) **Essensie:** Verskeidenheid en verenigbaarheid: verskaf 'n wye reeks van sosiale en grond-gebruiksaktiwiteit keuses en beboude vorm opsies.
- i) **Plekidentiteit:** Leesbaarheid, Verpersoonliking en robuustheid: Vestig stedelike definisie, rykheid en karakter tesame met tentoongestelde identiteit van behoort aan ingesluit bakens en orientasiepunte..
- j) **Kontrole:** Leefbaarheid en soomloosheid: 'n gevoel van gesonde nedersetting wat netjies is (goeie maniere geassosieer met munisipale ondersteuning) (Riddell. 2004. p204-205).

Om die beginsels, elemente en dimensies saam te vat kan die tien gebooe vir nedersetting ontwikkeling in gedagte gehou word:

1. Argitekte: Behou dimensieverhoudings 4:6 en 3:7.
2. Landskapargitekte: Plant altyd ten minste twee bome.
3. Stadsbeplanners: Bevorder gemengde gebruike.
4. Siviele Ingeneurs: Hou straatfronte nou.
5. Elektriese Ingeneurs: Gebruik biogas en alternatiewe energie.
6. Vervoeringeneurs: Fasiliteite en aktiwiteite binne loopafstand (2km maksimum).
7. Bourekenaars: Gebruik alternatiewe boumateriaal.
8. Landmeters: Bevorder deeltitel.
9. Stedelike Ontwerper: Laat mense self die straatblok se erfgrootte en gebruik bepaal.
10. Omgewingskundiges en erfenis spesialiste: bewaar die landskap.

Die beginsels en beleidsriglyne noodsaak die grongebruiksriglyne wat ondersteunend is tot die Swartland Ruimtelike Raamwerk. Derhalwe word gesteun op die die Ruimtelike Beplannings Kategorieë soos vervat in die Weskaap Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk. Die Kategorieë word uiteengesit in Deel 1 van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk as deel van die Omgewingsbestuursraamwerk.

Hoofstuk 3 – Landelike Ruimtelike Beplanningsbeginsels & Beleidsriglyne

3.1 Inleiding

Die gedeelte beskryf die gewenste ruimtelike patrone wat in die landelike areas van die Swartland nagestreef moet word. Die ruimtelike doelwitte en strategieë wat nagestreef en gevolg moet word is ontwikkel uit die voorafgaande status quo verslag van die Swartland en is vervat in Deel I van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk. Die volgende fasette sal in terme van die Landelike areas aangespreek word:

- Ruimtelike visie en doelwitte.¹
- Ruimtelike prioriteite en strategieë.
- Strategiese ontwikkelings voorstelle en prioriteit areas.

Dit is ook belangrik dat alle menslike, natuurlike en infrastruktuurhulpbronne binne die Swartland gebied op 'n volhoubare manier gebruik word om 'n ekologiese balans te verseker. Die volgende beplanningsbeginsels moet in die Swartland ondersteun word:

- o Versterk die bestaande stedelike kerns deur stedelike verwante ontwikkelings in die stedelike kerns te fokus.
- o Bewaar en gebruik omgewings- en landbouhulpbronne op 'n volhoubare wyse.
- o Ondersteun die landelike/stedelike interafhanklikheid deur die stedelike sentras aan die een kant te versterk om beter en meer uitgebreide dienste te lewer asook om binne die landelike area die diversifisering en bewaring van landboubronne en natuurlike hulpbronne te ondersteun. Dit uitbreiding en beskerming van die landelike areas sal ook 'n goeie basis vir die groei in die stedelike areas verseker.
- o Verhoog die mobiliteit tussen die landelike en stedelike areas sodat dienste en fasiliteite meer toeganklik is vir die landelike gemeenskappe.

Die ruimtelike elemente soos geïdentifiseer en bespreek in die Status Quo verslag in Deel I van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk word hieronder uiteengesit en opgesom.

3.2 Ruimtelike Analise van die Landelike Swartland

Die ruimtelike analise word gedoen aan die hand van die drie hoof omgewings naamlik die Bio-fisiese, die Sosio-ekonomies en die Beboude omgewing.

3.2.1 Bio-Fisiese Omgewing

- **Landbou**

Die bestaande Midditereense klimaat en grondtipes in die Swartland ondersteun diverse landbou aktiwiteite wat besproeiing- en drooglandgewasverbouing insluit. Die ekstensiewe verbouing van droëland gewasse, veral koring, beslaan die grootste oppervlakte in die Swartland. Intensiewe gewas en veeboerdery vind plaas in suidelike gedeeltes van Wyk 3, 4 en 6 en in Wyk 7 en 12.

¹ Doelwitte en strategieë vir die Swartland is saamgestel met insette van CK Rumboll en Vennote en Swartland Munisipaliteit en Umsebe Ontwikkelingsbeplanners.

- **Natuurlike omgewing**

Die Swartland is gesëend met natuurlike hulpbronne wat bewaar moet word om die Swartland landskap te bewaar en volhoubare ontwikkeling te verseker. Die natuurlike bronne sluit die volgende in:

- o Darling Heuwels, Dassen-, Paarde-, Porselein-, Kasteel-, Kanon-, Koring en Swartberg;
- o Verskeie natuur reservate wat onder andere Riverlands en Kasteelberg insluit.
- o Berg-, Groen- en Dieprivier

Die berge kan aangewend word as die kern van klimaatveranderingskorridors wat die bewaring van inheemse flora en fauna sal bevorder.

Die **Weskus** bied ook verskeie geleenthede vir visserye, aqua kultuur, ontspanning, toerisme en kusontwikkeling wat onder andere die skep van oorde en natuurreserve insluit.

- **Water**

Die beskikbaarheid van water is 'n belangrike deurslaggewende faktor in die ondersteuning van die ekonomie asook menslike nedersetting in die Swartland.

Vleilande en riviere speel 'n belangrike ekologiese rol om stroomvloei te beheer, water te stoor, onsuiverhede uit water te verwyder, habitate te skep vir verskeie waterplante en ander plante sowel as diere. Omdat daar so baie van die riviere in die Wes Kaap reeds erg gedegradeer is, is dit belangrik dat die bestaande water bronne in die Swartland beskerm en bestuur moet word. Die water kwaliteit en opvangsgebiede van die huidige hoof waterbronne in die Swartland is as goed geklassifiseer. Die volgende bestuursaksies word voorgestel as deel van 'n aaneenlopende monitering en bestuursplan om die volgehoue bewaring en beskerming van die belangrike water bronne in die Swartland te verseker.

- o Bevorder ekologies gesonde grondgebruikpraktyke bv. in die landbou sektor, om die sedimentasie in riviere te verlaag en waterkwaliteit probleme te voorkom.
- o Die herstel van die oewersones deur die vestiging van inheemse oewerplantegroei langs die rivierkorridors.
- o Verwyder uitheemse indringerplantegroei binne die oewersones en die rivierlope, in landelike sowel as stedelike gebiede, ten einde die rivier kanale te herstel.
- o Monitor, verbeter en bestuur die waterafloop van stedelike en landelike areas na die riviere;
- o Verseker dat nuwe damme voldoende vloei deurlaat sodat die rivier sisteem in 'n goeie en gesonde toestand bly en funksioneer.

Die Bergrivier is veral 'n baie belangrike bron van water vir besproeiing, ontspanning en menslike gebruik en Wyke 1, 3 en 12 vorm deel van die opvangsgebied. Wyk 4,7 en 12) vorm die opvangsgebied van die Dieprivier. 'n Groot gedeelte van die Swartland maak dus deel uit van die opvangsgebied van die riviere in die Swartland en grondgebruik moet oordeelkundig geïmplementeer en bestuur word om die opvangsgebied se potensiaal te versterk. Sleg dan kan 'n ekologiese balans

gehandhaaf word indien afvalprodukte wat 'n negatiewe invloed mag hê, beperk word ten einde die natuur in staat te stel om dit te kan verwerk byvoorbeeld:

- **Mynbou**

Geologiese struktuur van die Swartland bevat nie enige minerale en metale van noemenswaardige belang wat op 'n ekonomiese basis gemyn kan word nie. Mynbou in die area is beperk tot die myn van kalk (vir landbougebruik), kalksteen en gebluste kalk, sout, graniet, klei (vir bakstene) en sand (bousand).

- **Erfenis**

Die Swartland het sy naam bekom vanaf die Renosterbos wat swart verkleur in die somer en die bewaring van die natuurlike plantegroei is een van die Swartlandse mees unieke **erfenis** bates. Die Swartland spog ook met eerste en geskiedkundige plase en plekke soos Hooggelegen, Allesverloren, Ongegund en Oude Post.

3.2.2 Sosio- Ekonomiese Omgewing

- **Demografie**

- Die Menslike Ontwikkelings Indeks van die Swartland is 0.74, wat 'n betreklike hoë indeks is gesien in die lig daarvan dat slegs 19% van die bevolking Graad 12 voltooi het en slegs 7.5% tersiêre opleiding het.
- Die grootste deel van die bevolking is hoofsaaklik werksaam in die ekonomiese sektore waar elementêre vaardighede benodig word, soos in die landbou, visserye en mynbou bedryf.
- Die Swartland ondervind 'n groot immigrasie van hoofsaaklik ongeskoolde mense wat op soek is na werkgeleenthede, wat addisionele druk op die bestaande hulpbronne plaas.
- Die voorkoms van HIV/Aids (5%) het ook bepaalde invloede wat verlaagde produktiwiteit, verhoogde behoefte aan gesondheidsdienste, verhoogde aantal weeskinders en groter druk op bestaande begraafplase tot gevolg het.

- **Ekonomie**

- Die hoof primêre ekonomiese sektore wat hoofsaaklik in landelike areas voorkom sluit mynbou, visserye en intensiewe en ekstensiewe landbou, met die aktiwiteite wat direk verband hou met die geologie, grond tipes, klimaat, biodiversiteit en water beskikbaarheid in die bepaalde areas.

3.2.3 Beboude Omgewing

- **Behuising en Institusione Infrastruktuur:**

Die huidige agterstand vir gesubsidieerde behuising in die Swartland is net oor die sewe duisend huise (7 000) met die meerderheid van die huise (vier-en-veertig persent (44%)) wat in Malmesbury gebou sal moet word en meer spesifiek in Illinge Lethu (Swartland Munisipaliteit, 2007: 28, 29). Geen behuising of agrinedersettings word beplan vir die landelike boerderygebiede nie.

Landelike begraafplase kom veral in die noordelike gedeelte van die Swartland voor, en wel in Wyke 1 en 3. Daar is 'n behoefte vir die uitbreiding of ontwikkeling van begraafplase naby stedelike areas in die Swartland.

- **Dienste Infrastruktuur:**

Hoewel daar verskeie strategies geplaaste oorlaaistaties in die alle nedersettings in die Swartland voorkom en die gesamentlike stortingsterrein vir die hele Swartland net buite Abbotsdale geleë, word huishoudelike afval nog verbrand op plase. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die afwesigheid van afvaldienste in die landelike areas veral waar digbevolkte plase voorkom, tesame met die gebrek aan onderrig om aan landelike

gemeenskap ekologiese vriendelike maniere te leer om van huishoudelike en plaasafval ontslae te raak.

Herwinning word bevorder met die plasing van verskeie herwinning houers binne maklik bereikbare plekke in die nedersetting in die Swartland Munisipale Area.

Die behoefte van verbeterde samintassie geriewe is in Wyke 4 en 7 in die landelike gemeenskappe geïdentifiseer. Sanitasie geriewe vir plaaswerkers moet ook aandag geniet en die subsidies soos toegestaan deur die Weskus Distriksmunisipaliteit kan aangewend word in die verband.

- **Bewegingsnetwerk:**

Daar is twee hoofroetes wat die Swartland kruis: Die N7 loop van noord na suid deur die Swartland en verbind Namibia en Afrika met Kaapstad. Die tweede hoofroete is die R27 wat Kaapstad met Saldanha en Vredenburg verbind.

Sekondêre paaie van streekbelang is die R45 wat Vredenburg met Malmesbury en Paarl verbind en verleen toegang tot die N1; die R315 wat Yzerfontein met Darling en Malmesbury verbind en die R46 wat Hermon en die Riebeek Vallei met Malmesbury verbind.

Die treinroetes, waarop vrag en passasiers vervoer word, loop vanaf Kaapstad of Bellville en gaan die Swartland binne by Kalbaskraal waar die spoor vork. Een spoorlyn strek noordwaarts deur Moorreesburg en Koringberg en eindig in Bitterfontein. 'n Tweede spoorlyn loop weswaarts vanaf Kalbaskraal via Darling tot in Vredenburg terwyl 'n derde spoorlyn vanaf Paarl na Porterville loop. Hierdie roete akkommodeer vragte vanaf die PPC sementfabriek te Ongegund.

- **Alternatiewe energie en Sanitasie:**

Die windplaas by Darling het vier turbines en voorsien 5.2 MW elektrisiteit wat aan Stad Kaapstad verkoop word. Die windplaas by Darling te vergroot en 'n addisionele windplaas by Darling op te rig.

Regte word tans bekom om fotovoltaiiese sonplase by Darling en Kalbaskraal op te rig.

- **Toerisme**

Toerisme is 'n belangrike bydraer tot die ekonomie lok tans slegs 2% van die Wes-kaapse binnelandse toeriste en ongeveer dieselfde persentasie buitelandse toeriste. Toerisme dra 10% tot die munisipale BSP in die Weskaap by en vermoedelik dieselfde bydrae vir die Swartland. Toerisme is seisoenaal van aard en derhalwe het dit 'n impak op handel en dienste in die Swartland. Derhalwe spesialiseer Malmesbury in besigheidstoerisme spesialiseer, Darling in ontspanning en vermaak en Riebeek-Kasteel in wyntoerisme.

3.3 Bestaande Ruimtelike vorm van Swartland Landelike Omgewing

Die voorgestelde ruimtelike beplanning van die landelike areas word in 'n groot mate beïnvloed en bepaal deur die bestaande vorm van die landskap asook die mensgemaakte invloede in die landskap wat die padnetwerk en beboude areas insluit. Aan die hand van die status quo verslag bied die volgende tabel 'n oorsig van die bestaande ruimtelike vorm van die Swartland wat dan ook die ligging en rigting van toekomstige groei bepaal.

Bestaande Natuurlike Ruimtelike Vorm				
Ruimtelike Elemente	Spesifieke karakter	Ligging	Ontwikkelingsgeleenthede en beperkinge	Ruimtelike riglyne (uit <i>Ecosystem Guidelines for environmental assessment in the Western Cape</i> deur die Fynbos Forum)
Bestaande Natuurlike Fisiese elemente wat nie verander kan word nie	Berge (& Berg Fynbos Ekosisteme)	Paardeberg, Kasteelberg, Kanonberg, Swartberg, Dassenberg, Contreberg, Kapokberg en Klipberg, Porseleinberg, Neulfontein koppie en Koringberg is prominente berge in die Swartland	▪ Uitgestrekte uitsigte ▪ Steilte van die helling ▪ Omgewing sensitiewe habitate ▪ Geleenthede vir staproetes en oornag akkommodasie, ▪ Bron vir oorde en ontspanningsverblyf.	▪ Nodus ontwikkeling waar gepas i.p.v. lineêre ontwikkeling om beheerde/ onbeheerde brande toe te laat met vuurbane as deel van ontwikkeling voetspoor; ▪ Laerliggende fynbostipes moet aaneen skakel deur rotsdagsome en klipperige areas; ▪ Vermoë ontwikkeling wat ekologiese korridors fragmenteer; ▪ Boorde en inheemse plantasies (proteas, buchu) moet verder as 2km van areas waar dit natuurlik voorkom, ontwikkel word; ▪ Bergpieke wat blootgestel is, moet nie vir gebruik word vir telekommunikasie maste, 4x4 roetes of ander paaie nie; ▪ Voetslaanpaaie moet versigtig uitgelê word en gereeld onderhou word om erosie te vermy
	Riviere (Varswater ekosisteem)	Berg, Dwars, Modder, Diep, Groen, Sout, Brak en Sandspruit is prominente rivier sisteme in die Swartland	▪ Vloedrisiko aanliggend tot die riviere ▪ Omgewings sensitiewe habitate ▪ Moontlikheid vir gebruik van water vir besproeiing en ontspanning ▪ Bron vir oorde en ontspanningsverblyf.	▪ Laat genoegsame buffers vir riviere en dreineringslote toe; ▪ Dui bestaande asook historiese verbindings tussen vleilande, dreineringslote en riviere/ strome ruimtelik aan ingeslote grondwater inligting waar van toepassing. Verbindings moet onderhou en herstel word waar moontlik; ▪ Aaneenlopende rivierkorridors fasiliteer beweging van diere asook plant verspreiding oor binnelandse en kus gradiënte
	Vleilande (Varswater ekosisteem)	Burgerspan, Soutpan, Dwars, Pooipansfontein, Koekiepan en Radyn dam is belangrike vleilande in die Swartland.	▪ Beperk ontwikkeling om die gebiede ▪ Handhaaf oewer terugsetting ▪ Bron vir toerisme geleenthede soos voëlkyk.	▪ Vleilande moet afgebaken word voor beplanning vir ontwikkeling in aanvang neem; ▪ Afbakening moet gedurende die nat seisoen geskied; ▪ Laat genoegsame buffers vir riviere en dreineringslote toe; ▪ Dui bestaande asook historiese verbindings tussen vleilande, dreineringslote en riviere/ strome ruimtelik aan ingeslote grondwater inligting waar van toepassing. Verbindings moet onderhou en herstel word waar

				- moontlik; - Klein vleiland gedeeltes moet verbind word d.m.v. oopruimtes, bestaande dreineringslyne. Korridors moet bewaar word. Dienste moet in voorheen versteurde areas hanteer word; - Voldoende nie-hardgemaakte oopruimtes behoort gebruik te word as buffers tussen vleilande en ontwikkelings. - Grondgebruik met 'n filtreer funksie sal toepaslik wees.
	Formele sowel as informele bewaringsgebiede	Formeel: Riverlands, Kasteelberg, Paardeberg reservaat/ Nasionale Gedenkwaardigheid, Pela Natuur Reservaat. Aanliggende Reservate soos die Weskus Nasionale Park in die Bergrivier Munisipale area op die noord westelike grens het ook 'n invloed. Informeel: Jakkalsfontein, Tygerfontein, Rondeberg, Grotto, Hans Gift en Riebeekrivier.	- Ontwikkel omgewing sensitief - Ontwikkel ondersteunend tot natuurlike bronne.	Dui formele en informele bewaringsgebiede ruimtelik aan
	Bewerkbare grond	Ongeveer 85% van die munisipale area beslaan bewerkbare grond.	- Beskerm landbou hulpbronne - Bevorder diversifisering in landbou sektor.	Dui omvang van bewerkbare grond ruimtelik aan
	Sand strande en duine	Weskus strande ingesluit Grotto, Ganzekraal, Jakkalsfontein, Tygerfontein en Yzerfontein.	Beskerm duine en seelewe	- Ontwikkelingsterugsetlyne moet streng toegepas word om ontwikkeling teen die volgende of kombinasies van kusprosesse te beskerm: - o Impak van opeenvolgende kwaai storms - o Kuslyn beweging

				- o Globale seevlak styging - o Wisseling van natuurlike kusprosesse ▪ Ontwikkelingsterugsetlyne moet biodiversiteit en ekosisteem vereistes in ag neem; ▪ Verwydering en fragmentasie van inheemse plantegroei in die voorduin area moet verhoed word; ▪ Die voorsorgbeginsel moet streng nagekom word by installering van vaste infrastruktuur onder die hoogwatermerk; ▪ Ry op sandstrande bokant die hoogwatermerk of in die duinsisteme moet verhoed word; ▪ Verbod voertuie op gewilde swemstrande, strande wat belangrike kusvoël aanwas ondersteun, voeding en teling areas en in kussone van kusbewaringsareas
Bestaande Mensgemaakte Ruimtelike Vorm				
Ruimtelike Elemente	Spesifieke karakter	Ligging	Ontwikkelingsgeleenthede en beperkinge	Ruimtelike riglyne (uit <i>Ecosystem Guidelines for environmental assessment in the Western Cape</i> deur die Fynbos Forum)
Infrastruktuur netwerk	Hoofpaaie	N7, R444, R45, R46, R304, R311, R307, R315 en die R 27	▪ Verhoogmobiliteit in streek.	▪ Infrastruktuur moet sodanig geplaas word om skade van kusprosesse te verhoed;
	Spoorlyne en stasies	Belville-Malmesbury-Bitterfontein spoor, Kalbaskraal-Saldanha spoor en die Belville-Porterville spoor.	▪ Verhoog mobiliteit ▪ Alternatiewe vervoermiddel vir mense en goedere.	▪ Infrastruktuur moet sodanig geplaas word om skade van kusprosesse te verhoed;
Beboude gebiede	Bestaande nedersettings	Malmesbury, Abbotsdale, Moorreesburg, Darling, Yzerfontein, Koringberg, Ongegund, Riebeek Wes, Riebeek Kasteel, Rustasie, Kalbaskraal, Chatsworth en Riverlands.	▪ Fokus stedelike gerigte ontwikkeling in die bestaande stedelike kern gebiede ▪ Verhoog dienslewering in stedelik kern.	Sien natuurlike fisiese elemente

3.4 Voorgestelde Ruimtelike patroon vir die Swartland Landelike areas

Die voorgestelde ruimtelike patroon van die Swartland gebaseer op die vorm van die landskap en mensgemaakte invloede wat die bewegingsnetwerk en beboude areas insluit word toegelig aan die hand van bepaalde landskapselemente wat 'n raamwerk vorm om die visie van die Swartland Ruimtelike Raamwerk te vergestalt. Die elemente en raamwerk word per wyk geïdentifiseer: Die landskapselemente wat die raamwerk vorm, is soos volg:

- Wildernislandskap: Kus
- Waterweë en verbindings
- Wildernislandskap: Berge
- Verbindingsweë en gordels
- Landbou landskap
- Sosiale foci en gemeenskaps landskap.
- Kultuur-historiese landskap

'n Kort oorsig van die landskapselemente, doelwitte en strategieë word gevolg deur gedetailleerde voorstelle per wyk. Die landskapselemente kan soos volg beskryf word:

3.4.1 Wildernis landskap: Kus en habitats

Die bestaande bewaring gerigte ontwikkeling langs die Weskus gedeelte van die Swartland en wel by Yzerfontein, Tygerfontein, Jakkalsfontein, Rondeberg en Grottoabaai bied die geleentheid om 'n aaneengeskakelde bewaring sone langs die Weskus te bevorder. Dit sal die bestaande ekologiese eenheid versterk wat strek van die Weskus Nasionale Park op die noordelike rand van die Swartland tot by Grottoabaai op die suidelike periferie van Swartland, en ook verder suid tot waar dit die Kaapse Metropool se Munisipale Oopruimte sisteem ontmoet. Verskeie ondersteunende grondgebruike kan in die area voorkom wat bewaring, kus toerisme, oorde en ontspanningsverblyf asook erfenis toerisme insluit.

Vleilande kom veral in die noordweste, en spesifiek in Wyk 5 & 6, voor.

3.4.2 Waterweë en verbindings

Die Bergrivier vorm die oostelike grens van die Swartland munisipale gebied en is 'n baie belangrike bron van water nie alleen vir landbou maar ook vir huishoudelike gebruik, water sport en ontspanning. Die rivier voorsien dus 'n belangrike korridor vir beide landbou asook toerisme ontwikkeling wat op 'n omgewing sensitiewe en volhoubare manier gedoen kan word.

3.4.3 Wildernis landskap: Berge

Die prominente heuwel areas binne die Swartland strek hoofsaaklik vanaf Darling in die weste, in 'n suid oostelike rigting na Riverlands, en sluit in areas soos Kapokberg, Contreberg, Dassenberg asook die Pela en Riverlands Natuurreserve in. Die gebied vorm 'n aaneengeskakelde gebied wat bedreigde habitat gebiede insluit. Daar kom ook 'n prominente berg korridor voor vanaf Kanonberg in die noorde tot by Paardeberg in die suide, en sluit in Kasteelberg in die Riebeek Vallei asook Porseleinberg. Die prominente heuwel landskap areas leen hulself ook daartoe om vir bewaring asook eko toerisme gebruike.

3.4.4 Verbindingsweë en gordels

Die N7, as die hoof deurgangroete deur die Swartland, is nie alleen 'n belangrike nasionale roete na die noorde en Namibië nie maar ook 'n baie belangrike streeksvervoerkorridor wat baie geleenthede en moontlikhede vir die Swartland ontsluit. Met Malmesbury en Moorreesburg, as twee van die hoofdorpe van die Swartland, wat op die roete geleë is bied die roete en die skakeling met die Kaapse Metropool en ander omliggende steke groot potensiaal vir die industriële sektor van die area. Die nabyheid van die Kaapse Metropool verseker markte en afsetpunte vir produkte vir nie alleen die nasionale nie maar ook die internasionale mark.

Dit is dan ook veral die gebied tussen Kalbaskraal en Malmesbury wat geïdentifiseer is as 'n **Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor** om die geleentheid wat die N7 binne die streek bied verder te kan ontgin. Daar bestaan reeds verskeie kleinhoewe areas, bv. Tygerfontein, binne die gebied asook in die area suid van die gebied in die Kaapse Metropool, bv Groenrivier en die Hunters Retreat area. Die voorgestelde korridor strek van Kalbaskraal in die suide die Ou Kalbaskraal pad in die ooste, Malmesbury in die Noorde en sluit Tygerfontein en die areas om Riverlands en Chatsworth wes van die N7 in. Die korridor word ondersteun deur goeie kwaliteit en kwantiteit grondwater en bewerkbare sanderige grond.

Daar word voorgestel dat die area meer intensiewe gebruike sal ondersteun wat die verdere diversifisering van landbou gebruike sal insluit met ondersteunende gebruike soos residensieel, kommersieel, toerisme en deurlopende oop ruimte sisteem wat veral langs die Dieprivier sal voorkom. Die voorgestelde gebruike sal nie alleen die ekonomiese lewensvatbaarheid van die gebied ondersteun nie maar sal ook die moontlikheid bied vir die totstandkoming van 'n produkte/handwerk roete langs die N7 vir die toerisme mark.

Die voorgestelde gebruike moet egter altyd die impak op die omgewing minimaliseer om sodoende die volhoubare intensiewe landbou gebruike in die area te verseker deur impak op veral waterkwaliteit in die Tygerfontein area te monitor.

3.4.5 Landboulandskap

Die grootste gedeelte van die munisipale gebied word gebruik vir landbou doeleindes wat onder andere die verbouing van duiwe, olywe, suiwel, canola, hawer, weiding, skaap, bees en graan insluit. Die area is veral bekend vir die ekstensiewe verbouing van graan vanweë sy ligging in 'n winter reënval streek.

Landbou vorm 'n belangrike bate vir die ekonomie en voortbestaan van die Swartland en dit is dus belangrik dat die landbou gebiede binne die landelike areas op 'n volhoubare manier ontwikkel word met die diversifisering van gebruike binne die areas wat ook dringend aandag geniet ten einde ook ekonomiese volhoubaarheid binne die gebiede te verseker. Dit sluit ook in die diversifisering van gebruike binne die landelike areas, om wel binne perke en binne sekere areas wat die nodige ondersteuning bied, ontwikkeling toe te laat wat oorde, ontspanning gebruike, toerisme, die ontginning van alternatiewe energie bronne, grondhervorming en intensiewe vrome van landbou produksie toelaat.

3.4.6 Sosiale foci en Gemeenskapslandskap

Die fokus van stedelike gerigte ontwikkeling moet op die geïdentifiseerde kern stedelike gebiede wees, met privaat en publieke investering om die ekonomiese en sosiale geleentheid binne die gebiede te verbeter, ten einde die groei binne die substreke en streek te kan akkommodeer asook om effektiewe dienste aan die groter streek te kan voorsien.

Die kern stedelike gebiede moet die fokus van ontwikkeling binne die Swartland wees ten einde te volhoubare gemeenskappe te verseker. Dit kan gedoen word deur:

- Stedelike hernuwings projekte asook ekonomiese vernuwing;
- Ontwikkeling van Menslike hulpbronne deur opleiding en ondersteuning;
- Buurt ontwikkeling;
- Die beplanning, opgradering, instandhouding en herstrukturering van ingenieurs en sosiale infrastruktuur;
- Volhoubare Stedelike bestuur, en
- Vervoer en paaie.

Die gedetailleerde voorstelle vir elke landelike wyk word onder die ruimtelike voorstelle van die betrokke dorpe van die wyk hanteer.

3.5 Die Landelike Ruimtelike Doelwitte en Strategieë

Die ruimtelike ontwikkelingsdoelwitte en ondersteunende strategieë wat in die landelike areas nagestreef moet word is hieronder saamgevat spesifiek vir die landelike areas:

Doelwit 1: Groei ekonomiese geleenthede

- Strategie 1 : Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal
- Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte
- Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling
- Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme
- Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling

Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing

- Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplanningsinisiatiewe
- Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap
- Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap

Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing

- Strategie 9: Verseker voedselsekuriteit
- Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede
- Strategie 11: Voorsien behuising
- Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede
- Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste

Die strategieë word hieronder uiteengesit:

Strategie 1: Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal

- Bevorder landelike areas met ekonomiese potensiaal en ontwikkelingsgeleenthede
 - o Bevorder streeks- en plaaslike landboudienssentrum.
 - o Moedig ontwikkeling van landbougerigte industrieë in landboudienssentrum van die Swartland, aan.
- Versterk vervoerkorridors:
 - Bepaal die nasionale en hoofpaaie as vervoersone en maak voorsiening vir geassosieerde infrastruktuur sodat die verbinding van die area na die markte in die Kaapse Metropool asook na die noorde versterk kan word.
 - Ondersteun die bou van 'n vraglughawe langs die N7 tussen Kaapstad en Malmesbury te ondersteun.
 - Versterk roetes en identifiseer geleenthede om ondersteunende infrastruktuur, soos padstalle en diensstasie te ontwikkel.
 - Behou en bewaar die landboulandskap deur riglyne te ontwikkel om ondersteunende infrastruktuur wat met die omgewing saamsmelt te bevorder .
 - Hernuwe bestaande ondersteunende infrastruktuur volgens die ontwikkelde riglyne.
 - Versterk paaie en roetes as streeksskakel met die Weskus en omliggende munisipale areas en fokus op die verhoging van mobiliteit
 - Bevorder spoorvervoer as vervoertipe vir vrag en passasiers.
- Bevorder kommunikasiekorridors en –sones
 - o Bevorder toegang tot inligting in landelike gemeenskappe
- Bevorder en bepaal alternatiewe energie ontwikkelingsone.

Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte

- Deur markpenetrasie (Huidige produkte en huidige markte)
 - Produseer, verpak an versprei landbouprodukte as Swartland landbouprodukte. Plaas 'n unieke kenmerk van Swartland op produkte vir identifikasie en kwaliteitskontrole.
 - Bevorder ontwikkeling van nisprodukte soos meeltipes, fyn gebak, brode en konfyte.
 - Versterk die voorsieningsketting van primêre landbouprodukte vir hoofmarkte deur waardetoevoeging van landbouprodukte te ondersteun.
 - Bevorder die vervaardiging van produkte wat werk skep in die Swartland landelike areas byvoorbeeld die oes van riete, veldblomme en die maak van meubels en handgemaakte produkte van die hout.
- Deur produkontwikkeling (Nuwe produkte)
 - Bevorder nisprodukte wat komplimenterend is tot die kommersiële landbou en toerisme.
 - Bevorder die vervaardiging van bier en aal van gars.
 - Ondersteun die vervaardiging van bio-brandstof.
 - Ondersteun die generering van alternatiewe energie (wind en son plase).
 - Ondersteun die meganisasie van landbou deur ontwerp- en hersteldienste.
- Deur markontwikkeling (Nuwe markte)
 - Ontwikkel nuwe markte vir nuwe teikengroepe: plaaslik (jeug, Staat ens.), Streek, Nasionaal, Internasionaal
 - Moedig kommersiële boere aan om kleinboere te bemagtig.
 - Bevorder instandhouding- en skoonmaakdienste wat werkskepping bevorder bv. die skoonmaak van indringerplante
- Deur diversifisering (Nuwe produkte en nuwe markte)
 - Bevorder die gematigde Midterreense klimaat met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus) as 'n toerisme aanloklikheid.
 - Bevorder die toerismebedryf in die landelike areas as addisionele ekonomiese bron.

Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling

- Identifiseer alle minerale en geologiese bronne met mynpotensiaal en bepaal die bronne geskik vir mynbou gebaseer op die mate van omgewingsdegradering en die bekomping van omgewingsdegradering bekamp;
- Ken grondgebruikspareparameters toe en ondersteun die grondgebruiks-veranderings nodig vir die ontginning van alle natuurlike hulpbronne
- **Ondersteun volhoubare mynbou**
 - *Rehabilitering:*
 - Indien mynbou sou ontstaan, vereis rehabilitasie programme wat goedgekeur is deur Departement Minerale en Energiesake.
 - Kontroleer rehabilitasie aktiwiteite en hou mynlisensiehouers verantwoordelik
 - Rehabiliteer bestaande mynterreine.
 - *Alternatiewe vervoer:*
 - Padvervoer word oorwegend gebruik in die Swartland Munisipale area.
 - Indien mynbou sou ontstaan, ondersoek en gebruik alternatiewe, effektiewe vervoertipes en roetes.
 - *Volhoubaarheidsnorme:*
 - Balanseer die ekonomiese-, omgewings- en sosiale impakte.
 - Bepaal volhoubaarheid- en omgewingsvriendelike norme vir Swartland bo en behalwe bestaande norme vir die Departement Minerale en Energiesake.
 - *Versagting van bestaande impakte:*
 - Vereis dat die natuur en landbou omgewing gedurende die funksionering en rehabilitasie beskerm word.

Swartland Landelike Voorstelle Kaarte

Strategie 1- Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal

Strategie 2- Groei en diversifisering van landbou markte en produkte

Strategie 3- Ondersteun volhoubare mynontwikkeling

Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme

- **Versterk Toerismebestemmings**
 - *Agritoerismebestemmings:*
 - Ondersteun akkommodasie op werkende graanplase
 - Ondersteun die vervaardiging van nisprodukte van graan.
 - Bou feeste wat landbouprodukte bemark, uit byvoorbeeld die Broodfees op Koringberg, die Ploegdag buite Moorreesburg en die Moorreesburg landbouskou.
 - Verbind prominente agritoerisme areas en plaas akkommodasie met toerismoetes.
 - Ondersteun padstalle binne die gebied om plaaslike landbou- en handwerkprodukte van die gebied uit te stal en te bemark.
 - Fasiliteer die deelname van laer-inkomste huishoudings in toerisme bv. die maak en verkoop van handwerk- en landbouprodukte by padstalletjies of plaaslike winkels
 - *Erfenisbestemmings:*
 - Bevorder erfenis toerismebestemming
 - *Watersport en ontspanning:*
 - Ontgun geleenthede vir visvang en watersport.
 - Ondersteun sportbyeenkomste.
 - Bevorder oorde en korttermyn verblyf langs riviere en damme om watersport en ontspanningsaktiwiteite te bevorder.
 - Verbied ontwikkeling binne die 1:100 jaar vloedlyn van riviere en damme.
 - Buitelug sport en ontspanning:
 - Bevorder die buitelug sport roetes en byeenkomste byvoorbeeld bergfietsroetes en -resies.
 - Bevorder wandelpaie en staproetes.
- **Ontwikkel Toerismebestemmings**
 - o Versterk eers bestaande geleenthede en ontwikkel dan nuwe roetes.
- **Groei Swartland as deel van Weskusstreek se toerisme strategie**
 - o Ontwikkel infrastruktuur wat toerisme kan bevorder soos die opgradering van paaie en beligting, veral die ondergeskikte paaie.
 - o Bevorder uniforme toerisme naamborde, duidelike informasiepunte wat die uniekheid van elke dorp en sy omliggende landelike omgewing beklemtoon.
 - o Karteer die Swartland plase en bemark die geleenthede wat hul bied as deel van die spesialiteitsroetes wat aangrensende munisipaliteite en die Swartland met mekaar verbind.

Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling

- **Versterk Streekspaaie** wat die hoofsentras met die groter Weskusstreek en Bolandstreek verbind asook met die aangrensende munisipaliteite soos Drakenstein, Berggrivier, en die Kaapse Metropool.
- Ondersteun die ontwikkeling van vervoernodusse langs die N7 wat met die landbou landskap saamsmelt en fokus op landbou en toerisme
- Versterk mobiliteit tussen stedelike en landelike areas..
- **Versterk toegange en ekonomiese skakels**
- Verseker die onderhoud van bestaande padnetwerke wat in relatiewe goeie toestand is maar volgehoue onderhoud.
- Bevorder skakeling tussen streek en omliggende munisipaliteite en streke deur middel van skakeling met die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke.
- Onderhandel dat nuwe en beplande streeksnetwerke deur die Swartland strek.
- **Versterk Spoorweglyne en dienste**

- Gradeer en onderhou die spoorweglyn om die landbou- en toerismebedryf te bevorder en spoorvrag te bevorder gegewe die geassosieerde infrastruktuur soos graansilos.
- Gradeer bestaande stasiegeboue asook die bestaande graanstoorfasiliteite op.
- Moedig Privaat operateurs aan om publieke vervoer tussen sommige Swartland dorpe te voorsien.
- Bevorder toerismetreinroete tussen Swartland dorpe.
- **Versterk Kommunikasienetwerke**
- Skep toegang tot inligting vir plaas- en landelikebewoners.
- Bevorder inligtingssentrums by gemeenskapsdiensentrums en op individuele plase om kommunikasie te verbeter insluitend telefoon, internet, TV, koerante en biblioteekboeke.

Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplannings-inisiatiewe

Algemeen

- Publseer 'n biostreek plan soos per Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteitswet (Wet 10 van 2004), wat ruimtelike kategorieë aandui as deel van GOP

Bepaal Kern Areas

- Klassifiseer berge en koppe as Kern 1&2 Areas.
- Bepaal 'n ontwikkelingslyn op die hange van die bergareas en -koppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm.
- Omheinings moet beperk word en verskillende kadastrale eenhede moet as 'n gebied bestuur word en nie met omheinings geskei word nie.
- Bepaal 'n 30m ontwikkelingsterugsetlyn langs geïdentifiseerde riviere.
- Enige renosterveld moet as Kern 1&2 Areas geklassifiseer word.

Bepaal Buffer Areas

- Inisieer 'n klimaatveranderingskorridor tussen die bergreekse en koppe.
- Identifiseer 'n Bavaria van ten minste 300 hektaar en bevorder dit tussen bergreekse sodat spesies in die Kaapse Blommestreek lewensvatbare populasies kan behou en opbou.

Bepaal Intensiewe Landbou Areas

- Identifiseer ekstensiewe en intensiewe landbou gebiede.

Bepaal ligging en omvang van Menslike Nedersetting

- Bevestig die klassifikasie van menslike nedersettings binne alle wyke.
- Die nedersettingspatrone om berge behoort deur 'n ontwerp- en ontwikkelkode ingelig te word.
- Om grondeienaars in te lig sodat natuurlike veld as 'n bate vir beide die omgewing en die grondeienaar hanteer en bewaar word.
- Om bewaringsprioriteite primêr te fokus op grondeienaars en hulle belange om volhoubare bewaringsprojekte te verseker. 'n Sleutel tot sukses is die teenwoordigheid en aanwending van leierskap tussen die betrokke grondeienaars.
- Bevorder bewaringsrentmeesterskappe in die Swartland.
- 'n Verandering in wetgewing om grondeienaars te betaal vir die rol wat fynbos speel kan dien as insentief vir boere om vrugbare fynbosareas te bewaar.
- Ontwikkel en implementeer omgewingsbestuursplanne wat op die laagste vlak uitgevoer kan word.
- Ondersteun bewaringsorganisasies, inisiatiewe en programme byvoorbeeld Die Kaapse Omgewingsaksieplan (CAPE) Kaapse Natuurbewaring, Suid-Afrikaanse Nasionale

Biodiversiteitsinstituut, Beskermhere van Raar en Bedreigde veldblomme en die Kritiese Ekosisteem Vennootskapfonds om die unieke ekosisteme van die Kaapse Blommekoningkryk te bevoder.

- Ondersteun bestaande reservate en bewaringsareas (bv. Kasteelberg Natuurreservaat).
- Stig 'n Bavaria. Die loodskomitee kan 'n grondwet met doelwitte daarstel, tewyl Cape Nature in staat is om deurlopende administratiewe ondersteuning te gee.
- Ontwikkeling moet sensitief wees vir steil hellings en sensitiewe habitats Om bewaring en landbou byvoorbeeld die Biodiversiteit- en Wyn Inisiatief reg oor die Weskaapse Wynindustrie te bevorder.
- Implementeer effektiewe oorleg sones in landelike en stedelike gebiede om die bewaringsgebiede te identifiseer.
- Ondersteun hersonerings en vergunningsgebruike wat deel uitmaak van die landelike ekonomiese ontwikkelingstrategie en saamsmelt met die landelike omgewing.
- Die hidrologiese-, plant-, bestuurs- en ekonomiese waarde van fynbos (hoë ekonomiese waarde) behoort fynbos se bydrae in beleid beter te reflekteer.
- Roei indringer plante uit en vermeerder sodoende wateropvangvolumes en biodiversiteit, voorkom potensiële veldvure en bevorder berglandskap estetika.
- Beheer die nodige veldbrande sodat sade kan ontkiem.
- Bevorder dieregesondheid deur die bewaring van fynbos wat voorsiening maak vir 'n ryk mengsel van mikro-nutriente vir aangrensende velde en grond geassosieer met weiding (Kemper, 1999).

Swartland Landelike Voorstelle Kaarte

Strategie 4- Versterk en ontwikkel landelike toerisme

Strategie 5- Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling

**Strategie 6- Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van
Biostreekbeplanningsinisiatiewe**

Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap

SAHRA en die Wes Kaap Erfenis moet plekke identifiseer wat spesiale nasionale en/of provinsiale erfenis waarde het in terme van die erfenis kriteria. Die erfenis hulpbronne moet deur die toepassing van die wet beskerm word van verandering, onderverdeling en verandering van grondgebruik.

- **Beskerm die kulturele landskap**
 - Bevorder feeste en vieringe wat geleentheid bied om Swartland se gasvryheid en produkte te ervaar met verskeie aktiwiteite in omliggende omgewing wat toerisme attraksies verhoog;
 - Bevorder ope dae.
 - Brei beperkte akkommodasie en restuarant fasiliteite uit.
- **Beskerm en bevorder die erfenis landskap**
 - Die volgende erfenis landskappe word erken:
 - o Die Ongerepte natuurlike landskap
 - o Tradisionele jag- en weidinggebiede
 - o Landskap van Koloniale-Inheemsehandel en -kontak
 - o Landskap van geskiedkundigeroetes
 - o Die Landbou Verbouingslandskap
 - o Die Geloofslandskap
 - o Die Waterlandskap
 - o Die landskap van verplasing en skeiding (apartheid)
 - o Die Besienswaardige landskap
 - o Die Geskiedkundige dorpslandskap.
 - Stig klimaatsveranderingkorridors en bewareas.
 - Ontwikkel 'n toerismetreinroete wat vervalde spoorwegstasies insluit en moontlike ontwikkelingsnodusse bied.
 - Vestig die volgende roetes: geskiedkundige plaasroete, graanroete wat die dorpe met meule en silo's insluit, sakramente roete en die fonteinroete,
 - Bevorder spesifieke museums soos die koringbedryf museum.
 - Ondersteun die restourasie van die historiese nie residensiële geboue.
 - Bevorder 'n sakramente roete.
 - Klassifisering van erfenis bronne en die toepassing van erfeniswetgewing.
 - Brei die Erfenisondersoek, geskoei op *Sisteem vir die Gradering van Belang (A4)*, van die stedelike area binne die Swartland Munisipaliteit uit tot die Wyke.
 - Neem met elke aansoek binne die landelike omgewing die ouderdom van geboue en hul verhouding met die landskap en die historiese agtergrond van die Swartland in ag.
 - Argeologiese studies behoort op 'n Swartland Erfenis databasis saamgevat te word om te help met toekomstige aansoeke en oorwegings van aansoeke in omliggende areas.

Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap

- Die versterking van die vervoerkorridor moet die landboulandskap ondersteun.
- Enige infrastruktuur of fasiliteite moet saamsmelt met die omgewing (nie kontrasterend wees met die omgewing nie) en die gevoel van 'n ongerepte landboulandskap voort dra.
- Bevorder alternatiewe gebruike op kritiese bewaringsgebiede wat volgehoue bewaring van die natuurlike gebiede ondersteun.

- Bewaar en bevorder die landboulandskap deur die geskikte gewasse te verbou: wintergewasse onder droëlandtoestande en somergewasse kan alleenlik verbou word waar besproeiingswater beskikbaar is.
- Bekamp watererosie deur bewaringbewerkingsmetodes, die aanplant van meerjarige peulgewasse en die oprigting en onderhoud van kontoere.
- Bevorder die nie-afhanklikheid van hoofstroom gewas- of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder en terselfdertyd alternatiewe inkomste geleenthede vir boere bied (byvoorbeeld ontspanningsoorde).

Strategie 9: Verseker voedselsekureit

- Ontwikkel 'n strategie dat 67% plase wat kleiner is as 500ha nie net van graan afhanklik is nie.
- Implementeer 'n strategie om te verseker dat plaaslik geproduseerde landbouprodukte (op groot- of kleinskaal) voorkeur geniet in aankope en verkope.
- Beskerm en bewaar landbou bronne:
 - Geen onbewerkte grond sal bewerk word sonder die skriftelike toestemming van die Minister van Landbou nie;
 - Grond wat 'n helling van meer as 20% het sal nie bewerk word sonder die toestemming van die minister van landbou nie;
 - Bewerkte grond moet effektief beskerm word teen water- en wind erosie;
 - Die plantegroei in 'n vlei, moeras of waterspons of binne 'n vloedvlakte van 'n waterbron of binne 10m horisontaal buite die vloedarea sal nie benut word nie indien die benutting vernietiging of skade van landbou hulpbronne tot gevolg het nie.
 - Behou produktiewe landbougrond vir landbou doeleindes
- Bevorder verskillende landbougrond groottes/ grote landbou eenhede.
 - Landbougrond groter word bepaal deur die grondpotensiaal: hoe hoër die potensiaal van die grond tesame met die beskikbaarheid van water hoe kleiner die eenhede. Swak grond kan ook as die basis vir klein landbou eenhede dien, afhange van die voorgestelde landbou aktiwiteit en die beskikbaarheid van water. Laasgenoemde eenhede of kleinboewes kan as ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede dien en behoort as onafhanklike landbou eenhede geskep te word op voorwaarde dat die landbou landskap nie versteur te word nie (Sien ook bestaande riglyne van Departement van Landbou).
 - Behou die huidige landelike karakter.
 - Verhoog verskeidenheid van landbou verwante grondgebruike insluitende toerisme.
 - Maak duidelike onderskeid tussen 'klein plaaseenhede' (20-40 ha), 'landbou boewes' (5-10 ha) en 'ekstensiewe residensiële boewes' (Tierfontein val tussenin met sy boewes wat wissel in grootte tussen 15 en 20 ha).
 - Vestiging van verenigings soos die Tierfontein Kleinboewe Vereniging om gemeenskapsdeelname in plaaslike ontwikkelingskwessies te verseker asook die daarstel van grondgebruik-/ soneringsriglyne. Die vereniging moet verder as waghond optree insake teenstrydige grondgebruike en ook as koördineerders vir plaaslike opgraderingsprojekte.
 - Ondersteun die ontwikkeling van fasiliteite soos toeristefasiliteite en plaasstalletjies as vergunningsgebruike onder Landbousone I.
 - Nodus ontwikkeling gepaardgaande met bestaande interseksies met hoofroete.
 - Toekomstige ontwikkeling in kleinboewe gebiede soos Tierfontein word volgens die gebied se beleidsraamwerk hanteer.

- Onderverdeling van landbou-grond buite die stedelike areas moet wees vir diversifisering binne die landbou bedryf of dan ondersteunend tot die landbou.
 - o Identifiseer areas met lae potensiaal landbougrond vir alternatiewe ondersteunende gebruike tot die landbou byvoorbeeld kleinhoewes, en toerismefasiliteite.

Swartland Landelike Voorstelle Kaarte

Strategie 7- Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap

Strategie 8- Beskerm en versterk visuele landskap

Strategie 9- Verseker voedselsekuriteit

Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede

- Om die gebrek aan water die hoof te bied (Bevolking van 3.5 miljoen was reeds die afsny punt in 1986 in die Wes-Kaap) deur waterbronne te bewaar, wateropvangsgebiede te onderhou en waterbronne se kwaliteit te onderhou.
 - Voorsien in basiese menslike waterbehoefte huidige en in die toekoms
 - Voorsien gelyke toegang tot water: rasse- en geslagsgelykheid.
 - Voorsien in die groeiende vraag na water.
 - Verminder en voorkom besoedeling en degradering van waterbronne.
 - Bevorder die effektiewe volhoubare en voordelige gebruik van water in belang van die publiek.
- Bevorder bewegingsnetwerke langs alle waterbronne en riviere veral binne dorpe.
- Geen watersones kom in die Swartland voor nie en die Berg, Groen en Dieprivier behoort as watersones of korridors geklassifiseer te word.
- Om water te bespaar deur water oordeelkundig te gebruik en om water te oes.
- Om boorgate teen besoedeling te bewaar.
- Verhoed dat opgeloste soute as gevolg van logging in die riviere beland of dat enige riool in die riviere losgelaat word.
- Rig stoordamme vir winterwater op te rig.
- Om water te hergebruik en te herwin vir industriële gebruik.
- Bestuur vloede en droogtes.
- Verwyder indringer plante om vernietigende vloede te voorkom.
- Wend rioolwater aan vir besproeiing van wingerd en golfbane
- Onderhou en gradeer stormwaterstelsels op waar nodig.
- Bestuur stormwater sodat die water herwin kan word vir gemeenskapstuine.
- Ondersteun die oprigting van watertenke by huise om afloop water van dakke op te van vir hergebruik.
- Monitor besproeiingskemas vir volhoubare watergebruik.
- Beskerm akwatiese en geassosieerde ekosisteme en hul biologiese diversiteit;

Strategie 11: Voorsien behuising

- Voorsien gesubsidieerde behuising waarvan 25% geoormerk is vir plaaswerkers.

Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede

Die volgende riglyne is belangrik vir die identifisering van grondhervormingsprojekte (Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het in 2009 Area Gebaseerde planne opgestel om areas te identifiseer wat vir grondhervorming aangewend kan word en wat vergelyk moet word met areas soos geïdentifiseer deur die Swartland Munisipaliteit):

- Fokus moet op kommersiële geleenthede wees eerder as op bestaansboerderye, aangesien landbou een van die hoof ekonomiese aktiwiteite in die Swartland is en Swartland een van die primêre stapel voedsel naamlik koring produseer.
- Die ontwikkeling van bestuursvaardighede moet 'n integrale deel van grondhervormingsprojekte vorm spesifiek in die laer reënval streke met laer drakrag en gewasproduksie kapasiteit.
- Toegang tot landbou-ondersteuningsprogramme moet bevorder word.
- Grondhervormingsprojekte, restitusie, herverdeling en besitreghervorming moet in ooreenstemming met ruimtelike ontwikkelingsraamwerk gedoen word en moet behoefte

gebaseerde, buigsaam, ekonomiese lewensvatbaar en omgewings volhoubaar wees en sosiale regverdigheid bevorder en armoede verlig;

- Areas wat geïdentifiseer is vir kleinboervestiging moet komplimentêr wees tot die huidige en moontlike toekomstige stedelike struktuur.
- Identifiseer grondeenhede in dorpe, waar ontwikkeling en uitbreiding van landboumarkte en -skakeling kan plaasvind
- Voorsien voldoende infrastruktuur en verwante infrastruktuur wat die ekonomie, sport en kultuur en opvoeding en opleiding bevorder.
- Die grote van landbou eenhede moet ooreenstem met die grondpotensiaal en die beskikbaarheid van water.
- Die ontwikkeling van grond moet verblyfreg verseker en die wydste moontlike reeks van verblyfsreg alternatiewe soos die bevordering van individuele/ gemeenskaplike regte en eienaarskap.
- Onderzoek moontlikhede vir grondhervorming op intensiewe besproeiingareas. Beperkte geleenthede bestaan in die Swartland en gaan gepaard met hoë grondwaardes.
- Bevorder buite stroom aqua-kultuur langs die Bergrivier en in plaasdamme.
- Identifiseer die geskikte grond in staatsbesit vir tuine of kleinboerdery bedrywe.
- Ondersteun die gebruik van behandelde grys water vir besproeiing op meentgrond naby die residensiële gebiede.
- Ondersteun die voorsiening van eie behuising vir plaaswerkers in bestaande stedelike areas naby hul werkgeleenthede om eiendomsreg vir hul te verseker en die pendel afstand te beperk tussen woon en werkplekke.
- Ondersteun die gebruik van alternatiewe energie op alle plase, dit sluit in son energie, wind en biogas energie bronne.
- Onderzoek moontlikheid vir die ontwikkeling van sakegeleenthede vir die generering van wind- en sonenergie om in te skakel by die nasionale energie voorsiener.
- Bevorder toerisme projekte wat grondhervorming kan ondersteun, bv. verkoop van produkte.
- Moedig landbou prosessering aan in hoofnedersettings.
- Plase waar hoofsaaklik **ekstensiewe droëland boerderypraktyke** toegepas word, wat hoë grondwaardes het asook hoë insetkoste vereis, is afhanklik van uitgebreide meganisasie en grondhervormingsprojekte moet hierdie aspekte ingedagte hou en daarvoor voorsiening maak.
- Grondhervorming vir die **kleinskaalse verbouing van produkte** word beïnvloed deur die tekort aan somer oppervlak aflowp en die volgende moet dus oorweeg word:
 - o Grondwater bronne wat geïmpakteer word deur die behandeling van rioolafval in die nabyheid van nedersetting en intensiewe boerdery wat afhanklik is van skoon ondergrondse waterbronne.
 - o Nie-grond gebaseerde produksie (tonnel en hidroponika produksie)
 - o Intensiewe voerkraal of vry lopende pluimvee.
 - o Projekte moet fokus op stedelike landbou, plaaslike verbruik en huishoudelike voedsel produksie vir eie gebruik.
- **Klein of medium intensiewe besproeiing** boerdery moet die volgende oorweeg:
 - o Beperkte geleenthede vir die tipe boerdery is beskikbaar in Wyk1 met hoë grondkoste wat met besproeiing gepaard gaan.
 - o Bestaande aantal kelders en die oorvoorsiening van wyn beperk geleenthede in die bedryf vir grondhervorming.
 - o Hoë vlak van tegniese en bestuur vaardighede word benodig om die beperkte besproeiing hulpbronne in die Swartland effektief te bestuur.

Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste

Voorsien en lewer landelike infrastruktuur en dienste:

Water:

- Bevorder die oes van water.
- Voorsien voldoende stoorkapasiteit vir drinkwater en brei die verspreidingsnetwerk uit waar nodig.

Sanitasie

- Onderzoek die voorsiening individuele rioolwerke (nie aan bestaande netwerke gekoppel) aan klein landelike nedersettings wat nie voldoende toegang tot bestaande werke het nie.
- Gradeer rioolsuiweringswerke op sodat afloop aan standarde kan voldoen.
- Implementeer die Weskus Distriksmunisipaliteit se landelike badkamersubsidies deur die skakeling met die relevante grond bewoners.

Elektrisiteit

- Ondersteun die installering van voldoende transformators om elektrisiteit aan huishoudings wat nie toegang tot elektrisiteit het nie, te voorsien en veral huishoudings in die landelike gemeenskap.

Afval

- Brei die voorsiening van afvaloorlaasies uit na punte langs hoofpaaie veral by klein nedersettings en op digbevolkte plase.
- Moedig vullisverwydering na punte in naaste dorp aan veral op digbevolkte plase.
- Bekom addisionele afvalverwyderingstrok om klein nedersettings en digbevolkte plase te bedien.

Algemeen

- Ontwikkel en voorsien dienste wat minimale operasionele ondersteuning benodig soos son en wind energie, die opgaar van reënwater, boorgate en omgewings vriendelike sanitasie stelsels.
- Registrasie van servitude vir veral grootmaat dienste infrastruktuur in die landelike omgewing asook reg van weg vir voldoende toegang vir die instandhouding van die dienste.

Voorsien en Onderhou Veeldoelige Gemeenskapsdienst en-infrastruktuur

- Daar word voorgestel dat periodieke veeldoelige dienssentrums, wat soortgelyk is aan Veeldoelige Gemeenskapsentrus in die stedelike areas, op bepaalde punte in die landelike areas oorweeg word. Oorweeg bestaande gemeenskapsfasiliteite en brei hul doel uit om meer dienste te lewer.
- Dienste behoort geko-ordineer te word in mobiele eenhede soos karavane of toegewyde busse wat tussen dienssentrums (wat deur verskeie departement gebruik word) reis om verskeie dienste aan die landelike areas te lewer.
- Plaaslike kunstenaars en entrepreneurs moet ook aangemoedig word om tydens die besoek van dienste binne die sentrums hul ware uit te stal en te verkoop.
- Volwassene Onderrig en Opleiding en familie geletterdheid moet bevorder word by Veeldoelige Gemeenskapsentra of by bestaande infrastruktuur.
- Maak verdere onderrig en opleiding toeganklik deur publieke vervoer te versterk of lokale beskikbaar te maak om deeltydse klasse aan te bied.
- Voorsien fasiliteite waar moontlik op beskikbare munisipale of staat grond of bekom die grond vir die doel deur die aankoop daarvan of deur die opstel van 'n huurooreenkoms.
- Veeldoelige gemeenskapssentrus behoort geplaas te word op die punt met die hoogste toegang in die omliggende landelike omgewing, ideale ligging is tussen twee bestaande dorpe in die middel van landelike areas en/of digbevolkte gebiede.

- Ligging van begraafplase in die landelike areas is onderhewig aan die volgende riglyne:
 - o Die nodige omgewingsimpak studies en geotegniese studies is 'n voorwaarde vir die goedkeuring van 'n nuwe begraafplaas in die landelike are of die uitbreiding van 'n bestaande een.
 - o Die afstand vanaf toegangspaaie en kerke moet bepalende faktore wees.
 - o Buffer afstand vanaf bestaande water lope moet gehandhaaf word om besoedeling van die hulpbron te voorkom.
 - o Die voorsiening van publieke fasiliteite moet by die fasiliteite oorweeg word, bv, voorsiening van toilette.
 - o Daar word voorgestel dat indien die area nie as begraafplaas binne die bepaalde tyd van goedkeuring gebruik word nie dit weer as landbougrond aangewend moet word.

Voorsiening, brei uit en onderhou publieke vervoerinfrastruktuur en vervoermodaliteite:

- Die lewensvatbaarheid vir die instelling van 'n meer gereelde en bekostigbare publieke vervoer stelsel langs die hoof verkeersweë tussen digbevolkte plase en die naaste dorpe moet bepaal word.
- Korridors is die primêre areas waar daar gefokus moet word om stedelike en landelike integrasie te bewerkstellig en publieke vervoer aan te moedig.
- Ondersoek die opstel van 'n geïntegreerde vervoerplan wat ook fokus op die landelike areas om belangrike skakels en roetes te identifiseer wat deurlopend gemonitor, opgradeer en onderhou moet word.
- Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke spoorvervoer op die bestaande spoorlyne wat ook aansluit by bestaande stasies in die Swartland.
- Verbeter en ontwikkel addisionele bus-, taxihaltes en treinstasies.
- Verbeter die aanwysing om die betrokke op- en afklimpunte te verbeter
- Bevorder ondersteunende infrastruktuur soos padstalle en diensstasies

Alle strategieë saam met die nodige voorstelle om die ruimtelike vorm van die streek te bepaal sal volg na die stedelike voorstelle.

Swartland Landelike Voorstelle Kaarte

Strategie 10- Bewaar waterbronne en opvangsgebiede

Strategie 11- Voorsien behuising

**Strategie 12 - Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare
grondhervormingsgeleenthede**

**Strategie 13 – Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en
dienste**

Hoofstuk 4: Ruimtelike Voorstelle vir Stedelike en Landelike gebiede


Wyk 1 en Wyk 2: Moorreesburg, Koringberg en Landelike Area

Oorsig van Wyk 1 en Wyk 2

Ligging

Wyk 1 en Wyk 2 maak die noordelike deel van die munisipale regsgebied van Munisipaliteit Swartland uit met die stedelike areas van Koringberg en Moorreesburg en omliggende plase wat in die wyke val. Die stedelike area van Moorreesburg word verdeel in vier wyke met die noord westelike gedeelte wat in Wyk 1 voorkom en die suidoostelike gedeelte in Wyk 2, die suidoostelike gedeelte langs die N7 in Wyk 3 en die suidelike periferie in Wyk 6.

Wyk 1 bestaan hoofsaaklik uit koring produserende gebiede met Moorreesburg as die primêre dienssentrum vir die voorsiening van landbou benodighede en ondernemingsdienste.



Demografie

Die geprojekteerde bevolkingsgroei vir die dorpe in die wyke sien as volg daaruit:

DORPE in WYKE 1 en 2	GROEI %	2007	2012	2017	2022	2027
Moorreesburg	3	11 708	13 573	15 735	18 241	21 146
Koringberg	2.1	1 752	1 944	2 157	2 393	2 655

Tabel 2: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyke 1 en 2

Oorsig van stedelike gebiede

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Bepanning Kategorieë	ROR Klassifisering
Moorreesburg	Landbou Dienssentrum	Swartland Koring dorp	Grootskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Ondersteunend tot Hoofdorp
Koringberg	Residensieel	Klein Swartland dorpie	Grootskaalse sosiale Investerings	Dc. Plaaslike dorp	Landbou/ Toerisme dorp

Tabel 3: Ruimtelike klassifisering van Moorreesburg en Koringberg

Wyk 1 en Wyk 2 – Kern Stedelike Gebiede

4.1 MOORREESBURG

4.1.1 Historiese oorsig

Moorreesburg het sy ontstaan te danke aan die totstandkoming van die NG Kerk in die laaste helfte van die 19de eeu. Die dorp is vernoem na een van die eertydse leraars van die Swartland gemeente op Malmesbury, naamlik Ds. J.C. le Fèvre Moorrees.

Die kerkgebou is in 1864 opgerig in Hooikraal op grond wat aan die kerk geskenk is. Die kerk wat aanvanklik deel was van die Swartland gemeente, het in 1879 afgestig as die Moorreesburg gemeente. Die gemeente het in 1882 twee plase aangekoop en in 1895 is die NG kerk in die kern van Moorreesburg, hierop opgerig. Die dorp Moorreesburg het mettertyd rondom die kerk ontwikkel. Die kerkraad het opgetree as Dorpsbestuur en het ook die dorp beplan, erwe uitgelê en erfgrouttes bepaal.

Moorreesburg is in 1898 as dorp geproklameer en in 1909 ontvang Moorreesburg verhoogde status toe die Dorpsbestuur munisipale status verkry. Behalwe die sentrale dorpsgebied vind ontwikkeling ook in vier verskillende areas plaas, naamlik:

- Gedeeltes van die plaas Neulfontein B (vandag die plaas Tevrede) word ontwikkel en staan bekend as Steynsburg. Dit is die area tussen Parkstraat en Uitsigstraat;
- In 1920 word die gebied tussen Smutsstraat en Uitsigstraat ontwikkel. Die gebied staan bekend as Smutsville;
- Aan die Noordekant van Langstraat en die westekant van Reservoirstraat word nog 'n gebied op 'n gedeelte van die plaas Klipvlei ontwikkel;
 - Die dorpsgebied van Hooikraal word in 1905 uitgelê en opgedeel in 1235 erwe wat goedkoper as die dorpservre verkoop is. In 1915 word die grond noord van die rivier by Hooikraal ingelyf.

Die eersgenoemde drie gebiede word in 1926 by die dorp ingelyf. Vanweë hoër belastings in die dorp weier Hooikraal om by die dorp ingelyf te word. Hooikraal is egter vroeg in die dertigerjare by die dorp ingelyf.

4.1.2 Dorpsleërganie en Ekonomiese Basis

Ligging

Moorreesburg is ongeveer 100 kilometer noord van die Kaapstad Metropol geleë en ongeveer 70 kilometer oos van die Weskus dorpe soos Langebaan en Saldanha. Die dorp is sentraal geleë in die noordelike gedeelte van die Swartland area. Die dorp is in die middel van 'n groot ekstensiewe landbou area geleë waar hoofsaaklik koring, kanola en weidings aangeplant word.

Ekonomiese basis

Moorreesburg funksioneer hoofsaaklik as 'n landbou dienssentrum vir die omliggende omliggende landelike area in die noordelike helfte van die Swartland. Hoewel die ekonomiese basis van Moorreesburg grootliks op die landbou bedrywe staatmaak speel die groeiende ligte industrieë wat op die dorp gevestig het 'n meer prominente rol in die laaste jare. Die teenwoordigheid en uitbreiding van industrieë soos die Swartland Groep (produsente van houtvensters en deurrame), Skaarland (vervaardigers van ploë), Swartland Sement en ander landbou verwante industrieë (vervaardiging van hondekos en kanola olie) ondersteun verder die groei van die ligte industriële sektor op Moorreesburg.

Moorreesburg vervul ook tans die rol as Administratiewe setel van die Weskus Distriksmunisipaliteit.



Ontwikkelingspotensiaal

Moorreesburg is geïdentifiseer met 'n "medium" ontwikkelingspotensiaal volgens die "Growth Potential of Towns in the Western Cape (2004) en Verstedelingsraamwerk vir die Weskus Streek (1999)", dokumente wat onderskeidelik deur die Departement van Omgewingssake en Ontwikkelingsbeplanning en die Weskus Distriksmunisipaliteit opgestel is.

Die plaaslike ekonomie in Moorreesburg toon sedert 2000 'n matige groei, wat toegeskryf kan word aan faktore soos:

- die ligging van die dorp langs die N7 as aktiwiteitsas en as 'n streek korridor;
- die bestaande spoorweg aansluiting;
- die sentrale ligging tot die Weskus streek en die Kaapse Metropool;
- goeie infrastruktuur, uitstekende sportfasiliteite en bekende sekondêre opvoedkundige fasiliteite;
- Potensiële fokus op landbou verwante toerisme bedrywe in die omliggende omgewing. (Swartland GOP, 2007-2011)


4.1.3 Ruimtelike Elemente

Grondgebruik: Die natuurlike omgewing omliggend tot Moorreesburg is as 'n Kategorie Ca area geklassifiseer in die Weskus Streekplan wat aandui dat die gebied 'n transisie of deurgangsgebied is binne die hoof grondgebruik tipe wat ekstensiewe landbou is.

Heuwels: Golwende heuwels met verskillend kleure en skakerings omring Moorreesburg.

Waterweë: Moorreesburg is geleë binne 'n vallei landskap, in die opvanggebied van die 'No Go' en is geleë in die middelste van die stroom aan beide kante van die 'No Go' rivier. Die Moorreesburg spruit of 'No Go' rivier ontspring in die lae heuwels van die Swartland suidoos van Moorreesburg. Die stroom vloei vir ongeveer 40 kilometer oor 'n relatief lae helling opvanggebied wat grootliks deur landbou aktiwiteite verander is voordat dit in die Bergrivier by die Misverstanddam uitmond. Moorreesburg is.

Die Moorreesburg spruit bo Moorreesburg is grootliks verander



deur landbou aktiwiteite. Die rivier kanaal is reguit gemaak en die rivieroewers geploeg vir die aanplant van gewasse. Baie min van die inheemse plantegroei op die rivieroewers het behoue gebly en die oorblywende bestaan hoofsaaklik uit inheemse uittjies (*Cyperus sp.*) en biesies (*Juncus sp.*) binne die rivier kanaal. Uitheemse plante soos Port Jackson (*Acacia saligna*) kom in lae getalle op die rivier- walle voor en die res van die oewergrond plantegroei word oorheers deur uitheemse grasse.


Die rivier stroomaf van Moorreesburg is ook grootliks verander deur landbou- en stedelike bedrywighede. Dit is in 'n soortgelyke toestand as die rivier bokant die dorp, alhoewel effens meer vervalde, veral in terme van sy water kwaliteit. Die kanaal is net stroomaf van die Moorreesburg rioolsuiweringswerke en rommel kom algemeen in die rivier voor. Baie van die inheemse plantegroei op die rivieroewers is verwyder en slegs eksotiese grasse soos kikoejoe (*Pennisetum clandestinum*) en biesies (*Typha capensis*) kom voor.

Plantegroei: Die geologie van die opvanggebied is grootliks Malmesbury Skalie en die natuurlike plantegroei is Swartland Skalie Renosterveld. Geïsoleerde gedeeltes Renosterbos en Kus Fynbos kom op Neulfontein koppie, 'n prominente landvorm geleë op die suidelike grens van Moorreesburg, voor.

4.1.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

- Ruitpatroonuitleg
- Identifiseerbare **ingangspoorte** (vanaf die N7) langs Langstraat en Hoofstraat;
- **Residensiële nodusse:**
 - o Laer digtheid residensiële gebiede in die suidelike en westelike gedeelte van die dorp aanliggend aan die SSK
 - o Rosenhof hoër digtheid woongebied op noordoostelike periferie
 - o Hooikraal landelike bewoning area op die noordelike periferie.
- **Besigheidsnodus** op kruising van twee hoof aktiwiteitskorridors, Langstraat en Hoofstraat en verskeie sekondêre strate;
- **Nywerheidsnodus** oos van spoorlyn met visuele blootstelling aan die N7 en in noorde van die dorp, oos van Van der Stelstraat;
- **Oopruimtes** verspreid met geen definitiewe netwerk verbindings of skakeling met die No Go rivier.
- **Publieke nodusse** wat vergaderplakke, pleine en informele handelsareas insluit kom verspreid deur die dorp voor. Die plein- en markarea voor die Stadsaal, markarea in Rosenhof en die bushalte vir streeksbusse in Hoofstraat verteenwoordig die publieke nodusse in Moorreesburg.



(ii) Digtheid

Bestaande digtheid is 5.2 eenhede per hektaar. Die lae digtheid kan toegeskryf word aan die landelike nedersettingsarea, Hooikraal, wat deel uitmaak van die dorpsgebied.

Die digtheidsnorm vir nuwe ontwikkelings in Moorreesburg is 7 eenhede per hektaar. Daar moet veral in die volgende areas gefokus word op verdigting:

- Naby die sentrale sakekern;
- Langs die aktiwiteitskorridors en aktiwiteitstrate;
- Waar die ligging van woonhuise op individuele erwe dit toelaat.

(iii) Beboude vorm

Die argitektuur is eklekties verteenwoordig die verskillende tydperke van Moorreesburg se bestaan. Die kerk en ander administratiewe geboue in die kern het wel 'n bepaalde bouvorm wat behoue moet bly.

(iv) Funksionaliteit

Sentrale sakekern en ander gemeenskapfasiliteite is verwyderd van die armer gemeenskappe van Rosenhof met voetganger roete wat die area met die sentrale gedeelte verbind. Die radius van die sentrale sake kern is vir sommige gedeeltes 3km en vir die oorwegende gemeenskap 2km. 'n Gemeenskapsnodus van Moorreesburg kom wel rondom die sportgronde, biblioteek en museum voor wat sentraal tussen Rosenhof en Moorreesburg geleë is. 'n Klein besigheidsnodus is gevestig op die suidwestelike hoek van Rosenhof.

(v) Groei Potensiaal

Tydens die afbakening van die stedelike randgebied is 'n groeipotensiaal studie van die dorp onderneem waartydens daar bepaal is wat ontwikkelingspotensiaal van bestaande gebiede is, ten einde te bepaal wat die potensiaal van groei en interne verdigting in die dorp is. Daar is bevind dat verdigting binne die bestaande stedelike struktuur van Moorreesburg beperk is.

Derhalwe is areas ingesluit in die afbakening van die stedelike randgebied waar stedelike groei kan plaasvind. Die geproekteerde groeikoers van Moorreesburg is 3% (*Delineation of Swartland Urban Edges, 2007*) en addisionele grond benodig is soos volg:

Addisionele grond benodig vir uitbreiding in Moorreesburg: 2011-2022	
Jaar	Ha
2012	54.6
2017	59.9
2022	37.9

Tabel 4: Addisionele grond benodig vir Moorreesburg.

4.1.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroetes** kom in Moorreesburg voor:

- Die **N7 hoof verkeersroete** Die noordelike ingang is reeds beveilig, maar die beveiliging kan versterk word; Onbelemmerde toegang tot Kaapse Metropool (100km suidwaarts) en Noordkaap.
- Ander **verbinderroetes**, die **R311, wes**, na R45 Hopefield–Malmesbury pad (in swak toestand het dringende opgradering nodig), die **R311** in rigting Riebeek Vallei (die gedeelte is onlangs opgradeer en in 'n goeie toestand), grondpaaie na die noorde in rigting Koringberg en **R307** (suidwaarts) in rigting Darling. Die Weskus is sowat 70km wes van Moorreesburg;

- Die twee hoof **aktiwiteitsasse** binne die dorp en **toegangsroetes** vanaf die N7 wat oorgaan in Langstraat (oos-wes) en Hoofstraat (noord-suid). Die Lang- en Hoofstraat kruising vorm die sentrale nodus van Moorreesburg vanwaar die roetes na Malmesbury, Piketberg, Darling en Hopefield aftak;
- Die handelsaktiwiteite in Moorreesburg is veral rondom Langstraat en Hoofstraat gekonsentreer met verskeie ander **aktiwiteitstrate** wat binne die sentrale nodus geleë is en vanuit die twee aktiwiteitsasse toegang verkry. Die aktiwiteitstrate is veral Royalstraat, Sentraalstraat, Kerkstraat en Stasiestraat;
- 'n **Alternatiewe vervoernetwerk** is die treinspoor tussen Kaapstad en Bitterfontein wat deur die dorp loop.

4.1.6 Dienste en Infrastruktuur

Munisipaliteit Swartland lewer tans die volgende munisipale dienste op Moorreesburg:

Water

Die Misverstand Skema en Withoogte Waterskema versien Moorreesburg. Misverstand Skema water word in Byeneskop Reservoir met 'n totale kapasiteit van 750 kl gestoor en intern versprei. Die water vanaf Withoogte Waterskema word deur twee pompe na drie reservoirs met 'n totale kapasiteit van 9000 kl gestoor en dan deur 'n 250mm toevoerpyp versprei (*Swartland Munisipaliteit Water Dienste Ontwikkelings Plan van 2008/2009*). Moorreesburg se totale grootmaat water aanvraag word 870 120 kl per jaar geraam. Enige toekomstige uitbreiding van reservoirs sal by die bestaande reservoirs geskied.

Tipe Voorsiening	Aantal Huishoudings
Totale aantal verbruikers.	2421
Aantal van verbruikers wat behoeftig is (30% van totaal).	727
Informele behuising met gedeelde toegang na water – agterstand.	84
Agterplaas inwoners met gedeelte toegang na water – agterstand.	216

Tabel 5: Moorreesburg Watervoorsiening.

Uit bostaande kan gesien word dat die meerderheid van Moorreesburg se inwoners formele toegang tot water binne hul huise het met 'n agterstand van 300 informele huishoudings.

Die “*Water Services Development Plan*” gee die aantal residensiële verbruikers van water as 2 581, met die toekomstige vraag na water (Ml/jaar) wat as volg aangegee is:

	Toekomstige vraag na Water (Ml/jaar)				
	2012	2017	2022	2027	2032
Moorreesburg	884,146	960,140	1044,634	1138,685	1243,485

Tabel 6: Moorreesburg se vooruitgeskatte vraag na Water.

Riool

Moorreesburg beskik oor 'n formele suiweringsaanleg met voldoende kapasiteit vir toekomstige ontwikkeling tot 2011 (Swartland GOP). Die kapasiteit van en druk op grootmaat pypleidings is egter onbekend. Volgens die Ontwikkelingsprofiel is alle huishoudings (2581 huishoudings) in Moorreesburg aan die spoelriool stelsel gekoppel, met die uitsondering van:

- Hooikraal Landelike bewoning - 50 huishoudings maak van septiese tenke gebruik;
- Informele behuising - Geen riolering beskikbaar nie.

Bestaande probleme wat by die aanleg geïdentifiseer is sluit in die elektriese skakeltuig wat verouderd is en aan die einde van sy funksionele leeftyd is en dus vervang moet word.

Elektrisiteitsvoorsiening

Munisipaliteit Swartland is die plaaslike voorsieningsowerheid. Moorreesburg se elektrisiteitsvoorsiening sien soos volg daaruit:

- Eskom voorsien 132/11kV 20MVA Substasie;
- Die verklaarde maksimumaanvraag is 8MVA met die werklike maksimumaanvraag van 7.5MVA;
- Daar bestaan 2x 11kV toevoerlyne;
- Interne netwerk bestaan uit ondergrondse kabelnetwerk asook bogrondse lyne;
- 2900 Residensiële verbruikers;
- 295 Kommersiele en Industriële verbruikers;
- Alle formele erwe beskik oor elektrisiteit;
- Die straatverligting in die dorp is oorwegend voldoende;
- Daar bestaan ook 'n plaaslike depot vir die bedryf en instandhouding van die diens.

Stormwaterdreinerings

Weens die natuurlike hellings binne die dorp is daar weinig probleme met stormwater in Moorreesburg. Vir die afvoer van stormwater word van gepype en bestrate kanale gebruik gemaak.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit bedien. Swartland Munisipaliteit het tans net een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartlandstreek bedien.

Die stortingsterrein op Moorreesburg neem slegs tuin vullis en bourommel in. Daar word ook 'n groot 6m³ stortingbak in Moorreesburg voorsien waar die publiek vullis kan stort. Die stortingsbak word dan na die Highlands stortingsterrein vervoer. Probleme rakende die vullisverwydering volgens die GOP sluit in:

- Vullisvragmotor word benodig;
- Matige onwettige storting moet aangespreek word.

Die behoefte vir 'n formele gelisensieerde kompostering aanleg geleë naby Moorreesburg of Malmesbury bestaan aangesien die dorpe die meeste tuinvullis in die Swartland genereer. Daar moet dus ruimtelik vir so 'n aanleg voorsiening gemaak word.

Paaie en Verkeer

Moorreesburg word bedien deur die N7 aan die oostekant van die dorp, wat die hoof vervoerroete uitmaak tussen Kaapstad en Namibië. Die dorp skakel ook met die Weskus via die R311/R45 en met Paarl/Wellington via die R311. Met hierdie uitstekende pad infrastruktuur vorm Moorreesburg dus 'n kruispunt tussen noord en suid asook oos en wes.

Alle paaie in die stedelike gebied van Moorreesburg is geteer, behalwe 5 kilometer in Hooikraal, die landelike nedersetting gebied.

Veiligheid

Die Weskus Distrik Munisipaliteit se Rampbestuursentrum is in Moorreesburg geleë. Daar is ook 'n Swartland Munisipale polisiestase sowel as 'n bestaande brandweerstase op die dorp wat die area bedien.

4.1.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Moorreesburg se rol as landbou dienssentrum en landbou nywerheidsdorp moet verder versterk en uitgebou word.

Die Swartland GOP Makro Strategie oormerk Moorreesburg vir die Harde (infrastruktuur) en Sagte (mense & sosiale infrastruktuur) investering. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp en word ondersteun deur die GOP prioriteite:

Toekomstige Ontwikkeling
Verbinding & Mobiliteit: Bevorder die N7 korridor en die uitbreiding van die stedelike gebied aanliggend aan die N7 om industriële en kommersiële geleenthede te ontsluit;
Gradeer roete tussen Darling en Moorreesburg op;
Sentreer die aktiwiteitskorridor om Langstraat tussen die suidelike rand van die beboude gebied tot die interseksie met Tuinstraat, en langs Hoofstraat vanaf die kruising met Parkstraat tot en met die kruising met Loopstraat in die noorde;
Versterk die aktiwiteitsas deur Moorreesburg veral tussen Rosenhof en die sentrale sakekern;
Ondersteun ontwikkeling langs die aktiwiteitsas en strate ten einde die dorp ruimtelik te integreer.
Ekonomiese Ontwikkeling: Bevorder die voorsiening van publieke en kommersiële geleenthede (nodus) in Rosenhof;
Ontwikkel nodusse by die twee N7 ingange wat insluit stopplek en 'n motorhawer vir vragmotors en plaasstalletjies en ondersteunend is tot die Moorreesburg Opheffing Inisiatief;
Verdig binne die Sentrale Sakekern van Moorreesburg deur gemengde gebruike wat kommersieel sowel residensiële insluit;
Voorsien fasiliteite vir opleidingsmoontlikhede in landbou georiënteerde vaardigheidsontwikkeling.
Optimaliseer gebruik van infrastruktuur;
Grondhervorming Identifiseer 'n projek vir grondhervorming in Moorreesburg..
Industriële Ontwikkeling: Skep gedienste industriële erwe en ontwikkel die area aanliggend tot die N7; Gradeer diens van bestaande industriële erwe op en gradeer infrastruktuur op om nuwe persele te akkommodeer; Fokus op ligte landbou georiënteerde industriële ontwikkeling;
Ondersteun landbouverwerking industrieë;
Ondersteun Moorreesburg as 'n landbou nywerheidsdorp binne die ekstensiewe Swartland boerdery gebied;
Behuising/ Residensiële Ontwikkeling: Brei die Moorreesburg Golfbaan aangrensend aan die 'No Go' rivier se vloedvlakte uit vir die voorsiening van gemengde behuising geleenthede en verfraaiing van die suidelike gedeelte van die dorp;
Ontwikkel die residensiële uitbreiding geleenthede wat die Golfbaan uitbreiding bied. Die suidelike uitbreiding van die dorp sal dan hoofsaaklik fokus op verskillende residensiële gebruike met die moontlikheid van beperkte kommersiële nodus;

Verdig en meng kommersiële, residensiële en institusionele gebruike om bestaande dienste, infrastruktuur en sosiale infrastruktuur optimaal te benut en spesifiek om die dorpskern;
Bevorder verdigting binne die stedelike areas wat sensitief tot die historiese karakter van die dorp is;
Benut invul geleenthede op die “freedom lots” op die noordwestelike grens van die dorp asook tussen die noordelike deel van die dorp en Hooikraal;
Handhaaf die lae digtheid residensiële ontwikkelings binne die area bekend as Hooikraal, met minimum perseel groottes van 1900 m ² . ‘n Oorgangsones op die suidelike en oostelike periferie moet geïdentifiseer word waar verdigting kan plaasvind;
Identifiseer ‘n oorgangsones op die suidelike en oostelike periferie van Hooikraal waar verdigting kan plaasvind;
Ontwikkel die invul geleenthede tussen die rivier en die sportgronde soos deur die vloedlyn van die ‘No Go’ rivier bepaal word.
Ondersteun die voorsiening van geïntegreerde residensiële ontwikkeling veral rondom die sentrale aktiwiteitsas;
Voorsien gesubsidieerde behuising in areas met ‘n medium tot hoë groei potensiaal ² soos Moorreesburg, Darling (medium) en Malmesbury (hoog); Huidige agterstand is 1297 wooneenhede, ingesluit Koringberg en omliggende landbou areas. Uitbreiding van BNG behuising direk noord van bestaande BNG behuising ingesluit ‘n kommersiële nodus in Rosenhof.
Integreer residensiële gebiede deur invul ontwikkeling wat bestaan uit geïntegreerde residensiële komponente;
Openbare Oopruimtes/Bewaring: Ontwikkel die ‘No Go’ as oop ruimte korridor en rehabiliteer die rivier- oewer deur uitheemse plante uit te roei en met inheemse plante te vervang.
Verklaar die Neulfontein koppie tot bewaringsarea. Bevorder die kweek van inheemse blomme en plante vir natuurlike plantproduktgebaseerde bedrywe.
Brei bestaande veeldoelige fasiliteit (MPCC) uit.
Infrastruktuur en Dienste: <u>Herwinning:</u> Ontwikkel komposteringsaanleg op Moorreesburg ten einde volhoubare werk te skep deur diens innovering.
Veiligheid: • Bevorder veiligheid as deel van die bevordering van Swartland as aantreklike residensiële alternatief; • Onderhou die Weskus Distriksmunisipaliteit se Rampbestuur Sentrum gesetel in Moorreesburg; • Onderhou bestaande brandweerstasie.

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Moorreesburg ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

² Van der Merwe, Universiteit Stellenbosh, 2004

Moorreesburg Sone Voorstelle

Verwys na Moorreesburg Sone Kaart: Die dorpsgebied van Moorreesburg is in sewe (7) sones (areas met gemeenskaplike kenmerke) ingedeel en die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones volg in die onderstaande tabel:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Afreesoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A bestaan uit 'n lae digtheid residensiële area bekend as Hooikraal met minimum erfgrootte van 1900m ² . Voorgestelde verdigting op die suidelike en oostelike rand van Hooikraal.	X			X	X		X		X	X	X	X	X	X	
B	Sone B is 'n hoë digtheid residensiële area met die relevante ondersteunende dienste en infrastruktuur. Ondersteun die verdere uitbouing van die sakegebruike en ander verwante gemengde gebruike binne sakenodus.	X	X	Langs aktiwiteitsstrate X	X	X	By bestaande nodus X	X	By bestaan de nodus X	Langs aktiwiteitsstrate X	X	X	X	X	X	
C	Sone C vorm die nywerheidsnodus en bied geleentheid vir uitbreiding.						X	X	X	X				X	Karavaan- park op Skougrond X	X
D	Sone D is 'n bestaande gebied wat gemengde gebruike bevat wat residensiële, nywerheid en sake funksies insluit.	X	X	Langs aktiwiteitsas X	X			X	By nodus X	X	X		X	X	X	By nodus X
E	Sone E sluit die sentrale sakekern asook die gemeenskapsnodus en sportvelde in. Versterk die area as die kern van die dorp.	X	X	Langs aktiwiteitsas X	X	X	By nodus X	X	By nodus X	X	X	X	X	X	Sportfasiliteit X	Slegs diensnywerhede X
F	Sone F is hoofsaaklik 'n residensiële gebied wat ook ondersteunende sosiale dienste asook sake funksies langs die aktiwiteitsas insluit.	X	X	Langs aktiwiteitsas X	X	X	Langs aktiwiteitsas X	X	Langs aktiwiteitsas X	Langs aktiwiteitsas X	X	X	X	X	X	
G	Sone G is 'n bestaande lae digtheid residensiële gebied wat die golfbaan as ondersteunende sportfasiliteit insluit. Die area bied hoofsaaklik geleenthede vir die uitbreiding van die residensiële gebruike van gemengde digtheid asook ander ondersteunende gebruike.	X	X	Langs aktiwiteitsstrate X	X	X	Langs aktiwiteitsas X	X	Langs aktiwiteitsas X	X	X	X	X	X	Toerisme fasiliteite X	

Moorreesburg Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Moorreesburg Ruimtelike Voorstelle Kaarte

Verbinding: Verwys na Bewegingsnetwerk kaart	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Skep nuwe verbindingsroetes wat die uitbreiding van Moorreesburg as landboudiensenturm ondersteun (Sien Bewegingsnetwerk Kaart). - Voorgestelde nywerheidsgebied direk aanliggend aan die N7 vir optimale blootstelling - Verseker toeganklikheid van voetgangerpaaie, en syaadjes (bv randstene) vir gestremdes volgens internasionale norme.	Paaie - Gradeer die verbindingsroete tussen Moorreesburg en Darling (R307) en tussen Moorreesburg en die R45 (R311) op. - Verfraai die ingangspoorte en hoof deurgangsroetes, Langstraat en Hoofstraat, deur Moorreesburg met boomaanplanting. - Ontwikkel maklike toegange tot nywerheidsarea wat vinnig aansluit by N7. - Landskapeer voorgestelde nywerheidsgebied direk aanliggend aan die N7. - Skep voldoende parkering (motors & fietse) vir gestremdes by bestaande sakenodus. - Beheer die oprigting van advertensieborde langs hoofpaaie volgens norme en estetiese standaarde neergelê.
Aktiweïtssasse (Ruimtelike Integrasie) - Ondersteun die ontwikkeling van gemengde gebruike op die verbindingsroete tussen Rosenhof en die sentrale sakekern. - Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerde aktiwiteitsasse en aktiwiteitstrate binne alle woongebiede van Moorreesburg (Sien kaart). - Ontwikkel geleenthede by die aansluiting van die toegangsroetes en die N7.	Aktiweïtssasse - Verfraai en verbeter voetganger- en fietspaaie langs die Rosenhof-SSK. - Gradeer Sentrumstraat in Rosenhof op as aktiwiteitstraat op (ingesluit straatmeublement, boomaanplanting en voetgangerpaaie). - Bevorder gemengde gebruike langs die aktiwiteitsasse deur middel van oorlegsones. - Ontwikkel 'n diensstasienodus by die noordelike ingang na Moorreesburg op die kruising met die N7. - Standaardiseer kentekens en naamborde.
Voet- & fietspaaie - Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes. - Voorsien voetganger vriendelike omgewings in kommersiële kern en langs aktiwiteitsasse wat verskillende gebiede, soos Rosenhof en sentrale Moorreesburg met mekaar verbind. - Voorsien aaneenlopende oopruimte strook deur die stedelike gebied langs die 'No Go' rivier waarin voet en fietspaaie gevestig kan word.	Voet- en fietspaaie - Verbeter en formaliseer die voetganger en fietsroetes deur die dorp tussen Rosenhof en sentrale gedeelte van Moorreesburg. - Landskapeer, belig en onderhou voetbrug oor die 'No Go' rivier. - Formaliseer, beveilig en belig voetganger en fietsroete tussen die sportnodus en die middedorp. - Ontwikkel 'n wandelpad en fietsroete langs die 'No Go' rivier. - Voorsien veilige spoorwegoorgang by bestaande voetgangeroorgang op roete tussen SSK en Rosenhof.

Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke Nodusse • Gradeer Moorreesburg middedorp op en skep informele bymekaarkomplekke. • Skep 'n gemeenskapsplein in Rosenhof langs Sentrumstraat. • Skep aaneengeskakelde oop ruimtes netwerk deur dorp vir publieke gebruik. • Versterk die bestaande gemeenskapsnodusse: - o Die markarea voor die Stadsaal; - o Die sportkompleks; - o Die sentrale kruising tussen Lang- en Hoofstraat.	Publieke Nodusse • Verfraai en gradeer die Rosenhof markplein op • Versterk en verfraai die gemeenskapsnodus wat bestaan rondom die sportkompleks, biblioteek en museum met nodige naamborde, lanskapeering en beligting. • Skep voet, fiets en wandelpaai wat gebruike binne verbind.
Gemeenskapsfasiliteite • Skep sosiale infrastruktuur in vorige benadeelde gebiede • Begraafplaas: Voldoende • Gesondheidsfasiliteite: Voorsien primêre gesondheidsfasiliteite • Opleiding en Opvoedkundige fasiliteite: Bevorder landbou vaardigheidsontwikkeling • Sportfasiliteite: Skep 'n sportnodus tussen Rosenhof en Moorreesburg SSK op. • Ontspanningsfasiliteite: Skep formele ontspanning area ingesluit kampeerarea.	Gemeenskapsfasiliteite • Begraafplaas: Geen • Gesondheidsfasiliteite: Brei bestaande veeldoelige gemeenskapsfasiliteit in Rosenhof uit. • Opleiding en Opvoedkundige fasiliteite: Ontwikkel bestaande institusionele erwe om vaardigheidskool op te rig; Bekom departementele onderneming om vir Vaardigheidskool te begroot; Onderhandel landbou fokus van vaardigheidskool. • Sportfasiliteite: Onderhou en versterk bestaande sportfasiliteite tussen Rosenhof en Moorreesburg SSK: Skep voetganger- en fiets toegangsroetes wat voldoende belig is. • Ontspanningsfasiliteite: Voorsien formele ontspanning areas langs 'No Go' rivier; Rig 'n gedeelte van skougronde as kampeerplek in. • Verseker institusionele ruimtes is te voet bereikbaar • Ondersteun geskikte sonering (privaat oopruimte of Oord I)
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk, Korridors en Riviere • Identifiseer bewaringsgebiede binne en direk aanliggend tot die stedelike areas soos: - o 'No Go' Rivier; - o Hooikraal gebied; - o Neulfontein koppie. • Benut die natuurlike gebiede binne die stedelike gebiede beter met die ontwikkeling van die areas met staproetes, fietspaai en alternatiewe gebruike soos onthaal en geleentheidsgeriewe wat sensitief tot natuurlike omgewing is.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk, Korridors en Riviere • Gee formele status aan bewaringsgebiede deur formele hersonering van areas na Oopruimte Sone III. • Stel bestuursplanne vir die bewaringsgebiede op wat moontlik deel vorm van 'n Omgewingsbestuursplan. • Ondersteun die skoonmaak van riviere en verwydering van uitheemse plantegroei veral langs die rivierlope.

Oopruimte • Voorsiening van aaneenlopende oopruimte sisteem deur die stedelike gebied. • Verbinding van die dorp met Koringberg koppie (Swartberg) as verlenging van die dorp se oopruimte sisteem. • Straat boomaanplanting langs sekondêre vervoer roetes omdat die roetes die primêre plaaslike voetganger roetes vorm. • Straat boomaanplanting langs alle strate as deel van die skepping van die groen “web/raamwerk” deur die dorp. Betrek plaaslike gemeenskappe en organisasies/besighede in die projek vir boomaanplanting asook die onderhoud van die bome. Die bome kan ook in private erwe langs die paaie geplant word om eter eienaarskap te verleen aan die projek. • Verbeter die eentonige visuele karakter van hoë digtheid residensiële ontwikkelings, veral gesubsidieerde behuising areas, deur aanplant van bome langs strate, wat dan ook die skakels tussen oopruimtes verbeter. Riviere • Beskerm die ‘No Go’ rivier binne die stedelike konteks. • Handhaaf die terugset lyne van 32 m. • Moedig ontwikkelings aan wat die rivier komplimenteer bv. aansigte van wonings na rivier. • Ondersteun die uitbreiding van Golfbaan langs die ‘No Go’ rivier by die suidelike ingang na die dorp. Dit sal addisionele ontspanningsgeleenthede vir die dorp skep en ook tot die verfraaiing van die area lei.	Oopruimte • Beskerming en opgradering van die ‘No Go’ korridor - maak dit meer toeganklik met voetslaanpaaie en fietspaaie. • Skep aaneengeskakelde oopruimte sisteme verbind met formele voetgangernetwerk wat verfraai is met boomaanplanting. • Opgradering en verfraaiing van speelparke in Rosenhof vir beter benutting van die areas. Riviere • Bepaal vloedlyne aangrensend aan die ‘No Go’ rivier ten einde veral ontwikkelingsgeleenthede naby Sportgronde verder te ondersoek.. • Skep en beskerm die ‘No Go’ korridor. • Skep van wandelpaaie langs die ‘No Go’ rivier.
Historiese Bewaringsgebiede • Oefen streng kontrole uit oor die aanbouing en slopings by geboue met erfenis belang. • Identifiseer spesifieke strate in dorp vir bewaring en sluit dit moontlik in by ‘n bewaringsroete.	Historiese Bewaringsgebiede • Stel ‘n Estetiese Komitee vir die bewaring van die estetiese karakter van Moorreesburg saam wat adviserend tot die Raad kan optree in gevalle waar aansoeke op areas waar bewarenswaardig geboue voorkom. • Stel estetiese riglyne vir Moorreesburg saam wat insluit die bewaring en verfraaiing van die sakekern, standaardisering van advertensie borde, die gebruik van straatmeublement en verfraaiing van sypaadjies.
Toeriste Fasiliteite • Bou die Swartland se landbou karakter as broodmandjie van die Wes-Kaap uit en spesifiek in die toerismebedryf. • Benut Moorreesburg se sentrale ligging in terme van die Weskus streek en die Metropol uit.	Toeriste Fasiliteite • Moedig die vestiging van verblyfgeleenthede van ‘n hoë standaard aan. • Bevorder Agritoerisme, wat landbou en die omliggende landelike omgewing as bronne gebruik.

Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensiëel - Ondersteun Moorreesburg as een van die hoofdorpe vir die voorsiening van gesubsidieerde behuisingsgeleenthede in die streek. Ondersteun ook die voorsiening van behuisingsgeleenthede vir die omliggende plaaswerkers binne die stedelike struktuur. - Maak ruimtelik voorsiening vir alle vorme van behuising. - Ondersteun hoër digtheid residensiële ontwikkelings as deel van gemengde gebruike binne die sentrale sakekern. - Ontwikkel erwe in ooreenstemming met die beskikbaarheid van grootmaat dienste en bewegingsnetwerk soos voorgestel. - Verseker dat nuwe residensiële uitbreidings volhoubaar en geïntegreerd is, naby werkgeleenthede geleë is en voorsiening maak vir verskeidenheid van behuisingsgeleenthede. - Verdig in Moorreesburg moet deur middel van - o onderverdeling (deeltitel), - o invul ontwikkeling, - o hernuwing. - Handhaaf die “cupcake” beginsel en skep ‘n digter bewoonde en geïntegreerde middedorp. - Laat meer medium digtheid ontwikkelings soos groepsbehuising en dorpshuise binne woongebiede toe ten einde ‘n hoër digtheid te verkry asook meer behuisingsgeleenthede te skep en herstrukturering van gebiede te bevorder. - Ondersteun invul ontwikkeling in woongebiede en langs die aktiwiteitstrate binne die sentrale sakekern. - Ondersteun veral hernuwing binne die stedelike kern deur die ontwikkeling van meer gemengde gebruike wat ook residensiële komponente insluit.	Residensiëel - Ontwikkel residensiële geleenthede aanliggend tot voorgestelde uitbreiding van die Golfbaan. - Behou die lae digtheid landelike bewoning karakter in Hooikraal, met minimum erf groottes van 1900m². - Ondersteun verdigting op die rand van Hooikraal en bevorder erwe met minimum groottes van 600m² in die oorgangsgebied (Sien Voorstelle Kaart) - Identifiseer invulgeleenthede in Moorreesburg soos die “freedom” erwe en voorsien geïntegreerde behuising in die gebiede. - Maak voorsiening vir ‘n verskeidenheid van behuisingsgeleenthede met gesubsidieerde projekte. Ondersoek geleenthede vir die voorsiening van verhuurseenhede, asook ander vorme van behuising wat duplex eenhede en kleiner woonstel komplekse insluit. - Verseker die voorsiening van grootmaat dienste in oorleg met die voorgestelde residensiële uitbreiding. - Identifiseer geskikte grond vir die toekomstige voorsiening van gesubsidieerde behuising. - Hou behuising waglyste op datum. - Ondersteun die voorsiening van GAP behuising deur grond te identifiseer en samewerkingsooreenkomste met regeringsinstansies en privaat ontwikkelaars aan te gaan. - Bevorder geïntegreerde behuisingsgeleenthede met die voorsiening van verskeidenheid van residensiële geleenthede. - Doen ‘n opname en maak voorsiening vir behuisingsgeleenthede vir plaasarbeiders in Moorreesburg. - Laat onderverdeling van enkel residensiële erwe toe of met minimum grootte van 500m² of binne die konteks van die omliggende omgewing en terrein.

Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersiële Nodusse - Ondersteun die voorsiening van meer kommersiële geleenthede in Rosenhof veral binne 'n sentrale sakenodus. - Ondersteun die kommersiële nodus (padstal/vulstasie) aanliggend aan die interseksie tussen die N7 en die ingange na Moorreesburg, wat ook as toerieme punt kan dien. - Brei die kommersiële gebied aanliggend aan die suidelike ingang vanaf die N7 uit. - Ondersteun die ontwikkeling van gemengde grondgebruik in die middedorp ten einde verder by te dra tot die lewensvatbaarheid van die sentrale sakekern. Dit sluit veral in waar wooneenhede bo sakepersele oorweeg kan word. - Ondersteun huiswinkels langs aktiwiteitstrate. - Skep geleenthede om sake persele vir meer mense toeganklik te maak.	
Industrieel - Ondersteun veral landbou verwerkingsaanlegte in Moorreesburg ten einde produkte naby produsente te lewer. Geleenthede bestaan ook vir ander landbou verwante industrieë wat ondersteunend tot die landbou bedryf is. - Adverteer die toeganklikheid van Moorreesburg in terme van die N7 en sy ligging ten opsigte van die Kaapse Metropool, die Weskus en omliggende streek met veral landbou gerigte ekonomie.	Industrieel - Identifisering van grond en vooruitbeplanning van dienste kapasiteit om industriële ontwikkeling te ondersteun - Beplan vooruit (Raad) vir die ontwikkeling van voorgestelde nywerheidsgebied wes van N7. - Skep van inisiatiewe om bestaande nywerhede te behou en nuwe nywerhede na Moorreesburg te lok.
Grootmaat Infrastruktuur en Dienste	
Voorstelle	Aksieplanne
- Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpylyne insluit. - Ondersoek en ondersteun die gebruik van volhoubare natuurlike bronne binne die stedelike konteks soos wateropgaartenke, sonpanele en windlaaiers.	- Sluit ruimtes (ligging) vir toekomstige grootmaatsdienste in Meesterplanne (Swartland Munisipaliteit se Raadgewende Ingenieurs) in. - Verseker dat ligging van grootmaatsdienste versoenbaar is met ruimtelike ontwikkelingsvoorstelle. - Voorsien uitbreidingsvoorstelle en dienste behoeftes aan siviele departement om in meesterplanne die voorsiening van grootmaat

	infrastruktuur vervat te word. • Voorsien uitbreidingsvoorstelle en dienste behoeftes aan siviele departement om in infrastruktuur begroting vervat te word.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Moorreesburg

4.2 KORINGBERG

4.2.1 Historiese oorsig

Koringberg is in 1923 as 'n nuwe Nederduits Gereformeerde Gemeente op die plaas Brakfontein gestig. Die nedersetting wat aanvanklik as Warren's Camp, die nabygeleë treinstasie, bekend gestaan is later vernoem na 'n heuwel in die omgewing wat bo die koringlande uittroon of te wel Koringberg. In 1975 het die dorp Munisipale status verkry, maar dit later verloor.

Die dorp het 'n unieke verbinding met die Khoisan omdat die fontein op die plaas waar Koringberg gevestig is ook deur die bekende Khoisan leier "Harry die Strandloper" gebruik is.

4.2.2 Dorpsliërgie en Ekonomiese Basis

Ligging

Koringberg, die mees noordelike nedersetting in die Swartland Munisipale area, is ±20 km noord van Moorreesburg geleë.

Ekonomiese basis:

Koringberg funksioneer hoofsaaklik as 'n residensiële sentrum, terwyl omliggende landbou tot die ekonomie bydra en moontlike ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede daarstel. As residensiële sentrum, vind plaaswerkers van die landelike areas, bejaardes wat afgetree het, stedeling wat die stad ontvlug het en verskeie kunstenaar wat 'naweek' huise besit vind hul tuiste in Koringberg.

Koringberg is 'n klein lewenskragtige grondstraat nedersetting omvou deur landelike rustigheid en golwende graanlande. Groot erwe waarop soms olywe verbou of diere aangehou word, is deel van die dorp se karakter.

Ontwikkelingspotensiaal

Die dorp se rol is oorgeneem deur Moorreesburg en derhalwe is die ontwikkelingsprofiel van Koringberg beperk. Openbare investering sal hoofsaaklik sosiaal van aard wees en ook op toerisme gerig wees.


4.2.3 Ruimtelike Elemente

Waterweë

Die rivier wat deur die noordwestelike dele van die dorp loop is bewarenswaardig.

Plantegroei

Die Koringberg gebied bevat nog goeie voorbeelde van die natuurlike plantegroei wat redelik ongeskonde is ten spyte van die groot versteurde gebiede in die landskap. Daar is ook reeds verskeie seldsame plantspesies in die omliggende omgewing gevind met studies deur die Universiteit van Kaapstad wat in die gebiede gedoen word. Die omliggende natuurgebiede en hul plantegroei kan by



staproetes in die omgewing geïnkorporeer word en as 'n waardevolle toerisme attraksie in die Koringberg omgewing ontgin word.

Koringberg is gevestig op die hange van die Koringberg 'koppie', wat 'n natuurlike vesting vir die dorp skep. Weens die groot oop ruimtes in die dorpsgebied bestaan daar verskeie bloekom plantasies in die dorp met landbou gebruike wat dominant is in die omliggende areas.

4.2.4 Stedelike Struktuur

(i) **Dorpsuitleg**

- Ruitpatroonuitleg parallel aan spoorlyn en deurpad.
- Sterk landelike karakter ondersteun deur ruim plotte wat deur grondpaaie bedien word.
- Lae digtheid in die sentrale gedeelte om die stasie, die fokuspunt van die dorp, die spoorlyn sny die dorp in twee gedeeltes.
- Die helling van die dorp bied uitgestrekte uitsigte oor die omliggende landelike gebied met die visuele kwaliteite van die onmiddellike omgewing asook die groter omliggende landelike landskap wat beskerm moet word in toekomstige ontwikkeling.
- Geïdentifiseerde **ingangspoort** ('n bestaande muur met die dorp se naam): pad vanaf die N7 wat die hoofstraat en deurgangspad uitmaak word.
- **Residensiële nodusse:** *Rautenville residensiële gebied geleë op die noordoostelike grens van Koringberg, noord van die rivierloop, met kleiner erwe en 'n hoër digtheid op noord oostelike periferie van die dorp.
*Twee residensiële gebiede geleë weerskante van die spoorlyn en Hoofstraat met sterk landelike karakter en groter erwe.
- **Besigheidsnodus** is beperk en gekonsentreer langs Hoofstraat.
- **Nywerheidsnodus** wes van spoor langs Sterlingstraat en 'n verdere nodus suidwes van die dorp rondom die bestaande graansilo. Uitbreiding van laasgenoemde, geleë in die hoër liggende gedeelte van die dorp, kan 'n moontlike visuele impak tot gevolg kan hê.
- **Oopruimtes** is formeel en beperk: Drie (3) gesoneerde publieke oopruimtes (parke) bestaan:
 - *Die sentrale oopruimte in Koringberg;
 - *Speelpark in Rautenville
 - *Skoolgronde en sportgronde in Rautenville op die noordelike dorpsgrens;
 - *Begraafplase – uitbreiding (VGK besit);
 - *Rivier korridor aan noordelike grens.

Die groter erwe gee 'n gevoel van ruimte binne die dorp en beperk die behoefte aan 'n formele oopruimte sisteem.

(ii) **Digtheid**

Bestaande digtheid is 4.9 eenhede per hektaar. Spontane verdigting het in onlangse jare plaasgevind met Koringberg se toenemende gewildheid as 'n aftreedorp en landelike ontvlugtingsoord vir stedelinge oor naweke.

Die digtheidsnorm van 'n gemiddelde digtheid van 5.5 eenhede per hektaar is gestel. Hierdie norm moet hoofsaaklik deur onderverdeling van bestaande erwe, wat in privaat besit is, bereik word weens die beperkte uitbreidingsgeleenthede wat vir Koringberg voorsien is. Moontlike onderverdeling van erwe word beïnvloed deur erf groottes in die onmiddellike omgewing, toegange en die gebrek aan formele dienste.

(iii) Beboude vorm


Bestaande huise bied 'n historiese karakter styl en milieu gewys. Waak teen moderne boustyl wat die algehele landelike karakter van die dorp kan benadeel.

(v) Funksionaliteit

Die dorp is kompak en derhalwe is die klein besigheidsdistrik aan weerskante van die hoofstraat in die sentrale gedeelte van die dorp en 'n laerskool in die noordelike residensiële gebied (Rautenville) binne loopafstand.

(vi) Groei Potensiaal

Groei in Koringberg word gedeeltelik deur onderverdeling van erwe geabsorbeer. 'n Groeimodel vir Koringberg neem die verdigtingsnorm, huidige vakante grond en geprojekteerde bevolkingsgroei in ag en addisionele grond benodig is soos volg:



Addisionele grond benodig vir uitbreiding in Koringberg, 2011-2022	
Jaar	Ha
2012	5
2017	13.3
2022	22.3

Tabel 7: Addisionele Grond benodig vir Koringberg.

Die areas vir moontlike beperkte uitbreiding is aan die voetheuwels van Koringberg op die westelike en noordwestelike periferie van die dorp. Daar is ook beperkte moontlikhede vir residensiële uitbreiding op die oostelike periferie sowel as moontlikheid vir beperkte diensnywerheidontwikkeling in die noord- oostelike gedeelte van die dorp.

4.2.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroete** kom in Koringberg voor:

- Die **hoof verkeersroete** – Koringberg is nie op 'n hoof verkeersroete geleë nie. Toegang word verkry vanaf 'n direkte toegangspad (afdelingspad no. 1173) vanaf die N7 na Koringberg, ongeveer 8km oos van die dorp. Die toegangsroete verander in die hoofstraat van Koringberg, wat dan ook die hoof aktiwiteitsas van die dorp vorm.

- Ander **verbindingsroetes** – die Afdelingspad wat toegang na die dorp gee vanaf die N7 word voortgesit deur die dorp en bedien ook plase in die omliggende omgewing sowel as voorsien toegang na Moorreesburg in die suide via die plaaslike grondpad netwerk.
- Die hoof **aktiwiteitsas** binne die dorp is die hoof toegangsroetes vanaf die N7 wat oorgaan in Hoofstraat. Hoofstraat loop in 'n suidoos - noordwes rigting net oos van die spoorlyn wat ook Koringberg deurkruis. Die meeste kommersiële gebruike kom dan ook langs Hoofstraat voor.
- Handelsaktiwiteite in Koringberg is langs Hoofstraat gekonsentreer met Sterlingstraat wes van die spoorlyn wat ook 'n **aktiwiteitstraat** binne die sentrale nodus vorm. Daar kom beperkte nywerheidsgebruike langs die straat voor.
- **Sekondêre asse** bestaan na die stasie, die graansilos, begraafplaas en Rautenville residensiële area op die noordoostelike rand van die dorp.
- 'n **Alternatiewe vervoernetwerk** is die treinspoor tussen Kaapstad en Bitterfontein wat deur die dorp loop.

4.2.6 Dienste en infrastruktuur

Munisipaliteit Swartland lewer tans die volgende munisipale dienste op Koringberg:

Water

Koringberg word deur die Misverstand Skema bedien, met water wat in 'n reservoirs gestoor word (totale kapasiteit van 200 kl) voordat dit na die verbruikers versprei word. Alle toekomstige uitbreiding aan die reservoirs sal by die bestaande perseel aangebring word. Die bestaande waternetwerk is verouderd en beperkte met onvoldoende pypdiktes (deursnitte). Die bestaande waternetwerk sal nie aan toekomstige aanvraag kan voldoen nie. Die "Water Services Development Plan (2008)" bepaal die toekomstige vraag na water (Ml/jaar) vir Koringberg area as volg:

	Toekomstige vraag na Water (Ml/jaar)				
	2021	2017	2022	2027	2032
Koringberg	53,176	57,681	62,611	68,010	73,923

Tabel 8: Koringberg se vooruitgeskatte vraag na water.

Riool

Rautenville en die nuwe hoë digtheid gesubsidieerde behuisingsprojek binne die gebied beskik oor spoel riolering met die bestaande werke oos van die dorp, wat tydens 2001 opgradeer is. Die res van die dorp word bedien met sypel rioolstelsels. Die Swartland Water Diensteverlag 2008/2009 toon aan dat daar 77 verbruikers in die dorpsgebied is wat van op-perseel tenke gebruik maak en 155 verbruikers wat aan die bestaande riooluitvalwerke gekoppel is. Toekomstige uitbreiding van die stelsel sal op die bestaande perseel hanteer word.

Die huidige rioolstelsel in Koringberg is beperk met baie van die sypel rioolstelsel wat lei tot die besoedeling van grondwater. Die kapasiteit van die rioolzuigtenkvragsmotor is beperk en kan nie uitbreidings akkommodeer nie. Ander probleme wat geïdentifiseer is sluit in:

- werklike kapasiteit is onbekend;
- geen vloeimeter wat die volumes kan bepaal nie; en
- onderhoud aan damwalle en inlaatwerke word verlang.

Elektrisiteit

Eskom is die elektrisiteitsvoorsieningsowerheid. Straatbeligting is oorwegend onvoldoende in die gebied.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit bedien. Swartland Munisipaliteit het tans net een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartlandstreek bedien.

Paaie & verkeer

Koringberg verkry toegang vanaf die N7 Nasionale Roete via die Afdelingspad no 1173. Interne strate in Koringberg is hoofsaaklik grondstrate terwyl 40% strate in Koringberg 'n teeroppervlakte besit. Die padstelsel is op 'n ruitpatroon uitgelê. Die algemene toestand van die paaie is goed soos ook per Swartland GOP. Die toegangsroete en Hoofstraat is onlangs opgradeer en geteer.

4.2.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Koringberg se rol vir vesting van afgetredenes, plaaswerkers van omliggende gebiede en naweek bestemming van stedeling moet onderhou en bevorder word.

Gegewe die dorp se beperkte groeipotensiaal, oormerk die Swartland GOP Makro Strategie Koringberg vir Sagte (mense & sosiale infrastruktuur) en toeriste infrastruktuurinvestering.

Die volgende bied 'n oorsig van die rigting van ontwikkeling in Koringberg wat ondersteun word deur die GOP:

Toekomstige Ontwikkeling
Verbinding & Mobiliteit:
Versterk die aktiwiteitsas deur Koringberg en versterk verbinding tussen die sentrale dorp en Rautenville
Verbeter grondpad verbinding tussen Koringberg met Moorreesburg ten einde mobiliteit van plaaslike gemeenskap te verhoog en om toerisme en sport te bevorder;
Ekonomiese Ontwikkeling:
Ondersteun die verdere uitbou van die landbouondersteuningsdiens aan die omliggende landelike area;
Bevorder die uitbou van die toerisme potensiaal binne die landelike milieu van die dorp en sy omgewing;
Ondersteun vaardigheidsopleiding in die landbou sektor;
Verhoog mobiliteit van inwoners deur landbou gerigte vaardigheidsontwikkeling - opleiding van mense moet fokus op landbou/ industriële gerigte behoeftes.
Grondhervorming: Geen
Industriële Ontwikkeling: Geen
Behuising/ Residensiële Ontwikkeling:
Ondersteun die landelike karakter van Koringberg;
Beperkte uitbreiding van die stedelike gebied teen die voetheuwels van Koringberg, hoofsaaklik residensiële.
Bevorder residensiële verdigting binne Koringberg wat sensitief is ten opsigte van die bestaande historiese en landelike ruimtelike karakter van die dorp. Fokus veral verdigting rondom bestaande aktiwiteitsas;
Voorsien Koringberg se vraag na gesubsidieerde behuising (231 huishoudings) in Moorreesburg met medium tot hoë groeipotensiaal

waar ontwikkeling van die tipe behuising meer volhoubaar sal wees;
Bevorder residensiële ontwikkeling wat bestaan uit 'n kombinasie van verskillende behuisingsgeleenthede in 'n gebied.
Openbare Oopruimtes/Bewaring:
Infrastruktuur en Dienste: Herwinning: .
Optimaliseer gebruik van infrastruktuur en ondersoek alternatiewe volhoubare vorme van dienste ingesluit alternatiewe vorme van energie soos sonenergie, alternatiewe vorme van riool, bevordering van watertenke, behoud van grondstrate, ens.
Ondersteun ontwikkeling van 'n veeldoelige gemeenskapsentrum wat verbeterde maatskaplike, sosiale en opvoedkundige dienste kan lewer;
Bevorder geleenthede vir sosiale infrastruktuur binne die armer woonbuurte bv. sopkombuise, crèche.
Voorsien infrastruktuur vir vroeë kinderontwikkeling.
Voorsien veeldoelige gemeenskapsentrum.
Voorsien satelliet biblioteek infrastruktuur.

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Koringberg ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Koringberg Sone Voorstelle

Verwys na Moorreesburg Sone Kaart: Die dorpsgebied is in vyf (5) sones ingedeel. Die individuele sones sluit areas in met gemeenskaplike kenmerke waarvolgens grondgebruike voorgestel kan word. Die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones van Koringberg is soos volg:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A bestaan uit 'n hoë digtheid residensiële area bekend as Rautenville met ondersteunende sosiale gebruike asook beperkte invul geleenthede om die noordelike ingang na Koringberg..	X	X	X	X	X		X	Langs aktiwiteit straat X	Langs aktiwiteit straat X	X	X	X	X	X	
B	Sone B is die sentrale sakekern rondom die deurgangsroete en sluit ook beperkte nywerheidsfunksies asook residensiële funksies in. Daar word ook uitbreiding vir industriële gebruike soos diensnywerhede voorgestel op die noordoostelike periferie.	X	X	Langs Aktiwiteit- straat X	X	X	By bestaande nodus X	Langs aktiwiteitstraat & in bestaande nodus X	X	X	X	X	X	X	X	Diensnywer- heid X
C	Sone C is 'n lae digtheid residensiële gebied op die oostelike rand van die dorp. Beperkte uitbreidings- moontlikhede vir residensiële ontwikkeling. Sluit ook die begraafplaas in, waar uitbreiding voorgestel word..	X	X		X	X		Langs aktiwiteitstraat X		Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X	X	Diensnywer- heid X
D	Sone D is 'n bestaande lae digtheid residensiële area teen die voetheuwels van Koringberg.	X	X		X			Langs aktiwiteitstraat X		Langs aktiwiteitstraat X	X		X	X	X	
E	In Sone E bied geleenthede vir residensiële uitbreiding. op die westelike en noord westelike grens. Uitbreiding moet sensitief wees vir bestaande omliggende omgewing.	X	X		X			Langs aktiwiteitstraat X		Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X		

Koringberg Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Moorreesburg Ruimtelike Voorstelle Kaarte

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Behou grondstrate wat die landelike karakter versterk. - Gradeer aktiwiteitstraat en hoof toegangsroete na Rautenville op. - Bevorder gemengde gebruike langs die aktiwiteitsas. - Verfraai hoof deurgangsroete deur bome aan te plant en formele voetgangerpaaie te voorsien.	Paaie Verfraai hoof ingangspoorte, naamlik Hoofstraat, deur boomaanplanting en straatmeublement en versterk die verbinding met Rautenville op soortgelyke wyse.
Aktiwiteitsas (Ruimtelike Integrasie) - Ondersteun verder die kompakte vorm van Koringberg met medium en hoër digtheid ontwikkeling hoofsaaklik op die aktiwiteitsas en aktiwiteitstrate. - Bevorder die gemengde gebruike langs die aktiwiteitsas om sosiale en ekonomiese integrasie te bevorder.	Aktiwiteitsas Verfraaiing en verbetering van voetgangerpad langs die hoof en verbindingsroete ten einde die ontwikkeling van gemengde gebruike aan te moedig.
Voetpaaie Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes, veral tussen Rautenville en die sentrale kommersiële nodus.	Voetpaaie - Verbeter en formaliseer voetgangerroetes deur die dorp en veral tussen Rautenville en die sentrale kommersiële nodus. - Ondersteun die voorgestelde wandelpaaie en fietsroetes in die omliggende natuurlike gebied soos die Koringberg heuwel (Swartberg) en voorgestelde groen korridors.
Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke nodusse - Gradeer die sentrale markplein gebied op vir publieke funksies. - Formaliseer die korridor om die rivier op die noordelike periferie van Koringberg met 32 meter terugsetlyn.	Publieke nodusse Stel 'n ontwikkelingstrategie vir die opgradering en herlewing van die markplein op om gemeenskap funksies te bevorder.
Gemeenskapsfasiliteite - Verskaf opleidingsgeleenthede in die agrotourisme bedryf aan inwoners. - Voorsien area vir die uitbreiding van begraaftaas wat suidoos van die dorp geleë is. - Oorweeg die vestiging van 'n satelliet biblioteek op die vakante ruimte by Rautenville se ingang. - Voorsien taxi- en busstop binne Rautenville om toegang tot publieke vervoer te verbeter. - Ondersteun gemeenskapsgerigte projekte binne die Rautenville wat toeganklik is vir inwoners. - Ondersteun die voorsiening van gemeenskapstuine binne die terugset	Gemeenskapsfasiliteite - Ontwikkel die sentrale markplein as belangrike publieke nodus. - Identifiseer area langs Erf 297 as voorgestelde taxi en bus stop. - Ondersteun ontwikkeling van Erf 449 vir die vestiging van satelliet biblioteek en vroeë kinderontwikkelingsfasiliteit. - Fasiliteer die uitbreiding van begraaftaas by bestaande erf.

van die rioolwerke. Die gesuiwerde water van die rioolwerke kan gebruik word om die tuine te besproei. • Ondersteun fasiliteite vir vroeë kinderontwikkeling binne die gemeenskap. • Opvoedkundig: Maak voldoende voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite veral crèches binne residensiële areas om die gemeenskap beter te bedien. • Sport: Wend die bestaande sportgronde by skool aan vir geleenthede waarby die groter gemeenskap betrek kan word.	
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Identifiseer 'n oopruimte sisteem in die nedersetting. • Erken Koringberg heuwel (Swartberg) as een van die bewarenswaardige areas wat bydra tot die uniekheid van die dorp en 'n belangrike bydrae vir die toerisme bedryf van die area kan lewer. Gebruik die koppie as 'n verlenging van die dorp se oopruimte sisteem. • Benut die natuurlike gebied binne die stedelike area beter deur die ontwikkeling van staproetes, fietspaaie en ontspanningsareas. • Onderhou en bewaar die rivierloop op die noordelike periferie as belangrike natuurlike bron. Oopruimte Netwerk • Straat boomaanplanting langs sekondêre vervoer roetes deur die dorp omdat die roetes die primêre plaaslike voetganger roetes vorm en die middedorp met Rautenville verbind. • Straat boomaanplanting langs strate as deel van die skepping van die groen “web/raamwerk” deur die dorp. Betrek plaaslike gemeenskappe en organisasies/besighede in die projek vir boomaanplanting asook die onderhoud van die bome. Die bome kan ook in private erwe langs die paaie geplant word om eter eienaarskap te verleen aan die projek. • Verbeter die eentonige visuele karakter van hoë digtheid residensiële ontwikkelings, veral gesubsidieerde behuisingsareas, deur aanplant van bome langs strate, wat dan ook die skakels tussen oopruimtes verbeter.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Bemark wandelpaaie in omgewing as toeriste fasiliteit. • Bevorder die skep van 'n oopruimte sisteem langs die rivierloop op die noordelike periferie. • Gee formele status aan bewaringsgebiede deur formele hersonering van areas na Oopruimte Sone III. • Opstel van bestuursplan vir die bewaringsgebiede kan moontlik deel vorm van 'n Omgewings bestuursplan.
Historiese Bewaringsgebiede • Hou streng kontrole oor die aanbouing en slopinge by geboue met erfenis belang. • Identifiseer spesifieke strate in dorp vir bewaring. • Oorweeg die saamstel van argitektoniese riglyne vir Koringberg om bestaande beboude karakter van area te behou en te bevorder, asook om bedag te wees op style wat nie met die karakter van die dorp ooreenstem nie.	Historiese Bewaringsgebiede • Stel 'n Estetiese Komitee saam om die bewaring van die estetiese karakter van Koringberg te monitor en te bevorder deur die Raad te adviseer. Die komitee moet estetiese riglyne saamstel en toepas soos die standaardisering van naamborde, straatbeligting en advertensieborde.

Toerisme • Bevorder en bou Koringberg se toerisme attraksies in terme van die koringbedryf uit. • Ondersteun en verbeter toerisme gerigte infrastruktuur soos plaaslike toerisme tekens, veral vanaf die N7, en die standaard van toerisme fasiliteite.	Toerisme • Moedig vestiging van verblyfgeleenthede van hoë standaard aan in die stedelike sowel as landelike gebiede. • Verfraai die dorp deur die implementering van landskaperingsvoorstelle soos boomaanplanting en straatmeublement.
Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensieel • Maak ruimtelik voorsiening vir groter verskeidenheid van behuising vorms. • Maak voorsiening vir grootmaat dienste in ooreenstemming met die aantal erwe wat moet ontwikkeling word. • Voorsien gesubsidieerde behuising van Koringberg in Moorreesburg. Verdigting • Verdigting binne Koringberg kan hoofsaaklik deur middel van - o onderverdeling (deeltitel); en - o invul ontwikkeling plaasvind. • Onderverdelings van areas moet binne die konteks van die omliggende omgewing toegelaat word en sensitief met die karakter van bestaande beboude gebied geskied. • Bevorder gemengde gebruike binne kern deur kommersieel met residensieel te kombineer. • Bevorder interne verdigting deur onderverdelings te ondersteun, met minimum enkel residensiële erfgrottes van 500m²	Residensieel • Identifiseer vakante areas binne die stedelike gebied vir residensiële ontwikkeling. • Hou behuising waglyste op datum. Verdigting • Ondersteun gemengde digtheid vir meer variasie in die behuisingsmark. • Laat onderverdeling van enkel residensiële erwe toe: of met minimum grootte van 500m² of binne die konteks van die omliggende omgewing toe of binne die konteks van die bestaande gebruike op die terrein.
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersieel • Versterk die bestaande sakenodus langs Hoofstraat. • Verlenging van die aktiwiteitsas na die ingang van Rautenville om meer geleenthede nader aan die gebied te skep. • Ondersteun huiswinkels en professionele dienste langs aktiwiteitstrate.	
Industrieel • Beperkte geleenthede by bestaande industriële gebied. • Ondersteun verdere landbou gerigte bedrywe.	Industrieel • Ondersteun die uitbreiding vir diensnywerheid bedrywe op noord oostelike periferie naby Rautenville.

Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
• Laat voldoende ruimte vir die voorsiening en uitbreiding van grootmaat dienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpyplyne insluit. • Handhaaf die terugset vir residensiële ontwikkeling rondom die riooluitval werke. • Onderzoek en ondersteun die gebruik van volhoubare energie bronne binne die stedelike struktuur deur oprigting van watertenks, sonpanele en ander alternatiewe bronne van energie om alternatiewe energie en waterbesparing aan te moedig by inwoners, veral gesien in die lig van die landelike milieu waarin die dorp voorkom.	• Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan en verseker dat dit versoenbaar is met ruimtelike voorstelle (Raad se Raadgewende Ingenieurs). • Stel 'n Meesterplan op vir die voorsiening en onderhoud van alle grootmaat infrastruktuur. • Stel infrastruktuur begroting op in lyn met die toekomstige ontwikkelings voorstelle.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Koringberg

Wyk 1 – Landelike gebiede

4.3 Wyk 1: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

(Verwys na Wyk 1 Landelike Voorstellingskaart)

4.3.1 Voorgestelde Landskappe

Die volgende prominente landskappe kom in Wyk 1 voor:

Wildernislandskap: Kus, Berge en ander habitats

- Koringberg, Swartberg, Wolfkop, Byeneskop en Oshoekkop vorm 'n belangrike bergreeksstrook binne Wyk 1.

Waterweë en verbindings:

- Die Bergrivier is 'n belangrike bron van water vir landbou (besproeiing), huishoudelike gebruik, watersport en ontspanning. Die Brakrivier vorm 'n sytak van die Bergrivier.

Verbindingsweë en gordels:

- Die N7 vorm die westelike grens van Wyk 1 terwyl die R311 die suidelike grens van die Wyk uitmaak.

Landboulandskap:

- Bewaar die dominante landbou landskap van Wyk 1.

Sosiale Foci en Gemeenskapslandskap:

- Wyk 1 word ondersteun deur die nedersettings van Koringberg en Moorreesburg (gedeeltelik in Wyke 1 & 2).

Kultuur-historiese landskap:

- Wyk 1 huisves Hoogelegen, een van die oudste en eerste plase in die Swartland.

4.3.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede

Strategie 1 : Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal	
Landelike areas met ekonomiese potensiaal en ontwikkelingsgeleenthede	Voorstelle
Streeksdienssentrum:	• Bevorder Moorreesburg as landboudienssentrum.
Landbou-industriële sone: Moorreesburg en omliggende area binne stedelike randgebied.	• Moedig verdere ontwikkeling van landbougerigte industrieë in Moorreesburg, aanliggend tot die N7 as landboudienssentrum van die Swartland, aan.
Vervoerkorridor: N7 hoofroete en spoorroete bedien die Noord-Kaap en Namibië onderskeidelik. R311 verbind N7 en R45.	• Bepaal die nasionale en hoofpaaie as vervoersone en maak voorsiening vir geassosieerde infrastruktuur, sodat die verbinding van die area na die markte in die Kaapse Metropol asook na die noorde versterk kan word. • Versterk die vervoersone deur die bou van 'n vraglughawe langs die

											- N7 tussen Kaapstad en Malmesbury te ondersteun. - Versterk roetes en ondersteunende infrastruktuur, soos die N7 padstal naby Koringberg. - Identifiseer geleenthede om ondersteunende infrastruktuur as deel van een van Moorreesburg se twee toegange tot die N7 te ontwikkel. - Behou en bewaar die landboulandskap deur riglyne te ontwikkel om ondersteunende infrastruktuur wat met die omgewing saamsmelt te bevorder . - Hernuwe bestaande ondersteunende infrastruktuur volgens die ontwikkelde riglyne. - Versterk die R311 as streeksskakel met die Weskus en fokus op die verhoging van mobiliteit. - Bevorder spoorvervoer as vervoertipe vir vrag en passasiers.
Toerisme gebiede en nodusse: Koringberg bied ontspanningsaktiwiteite, watersport (die Bergrivier) en 'n fees en spog met Hooggelegen, een van die eerste en oudste plase in die Swartland.											Sien Strategie 4
Kommunikasiekorridors en –sones											Inligting onbekend. Bevorder toegang tot inligting in landelike gemeenskappe.
Energiesones: Geen											Bepaal 'n energieseone (wind en/of son), moontlik naby waar die R45 en R311 kruis.
Kern Stedelike gebiede: - Moorreesburg (gedeeltelik) - Koringberg											Moorreesburg word as distriksdorp geklassifiseer met sy ekonomiese basis as hoofsaaklik 'n landboudienssentrum. Koringberg word as 'n landelike nedersetting geklassifiseer met die ekonomiese basis wat hoofsaaklik as residensieel van aard is
Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte											
Mark penetrasie											Voorstelle
Huidige produkte en huidige markte											- Produseer, verpak en versprei landbouprodukte as Swartland landbouprodukte. Plaas 'n unieke kenmerk van Swartland op produkte vir identifikasie en kwaliteitskontrole. - Bevorder ontwikkeling van nisprodukte soos meeltipes, fyn gebak, brode en konfyt (druwe en perskes) in Koringberg. - Versterk die voorsieningsketting van primêre landbouprodukte vir hoofmarkte deur waardetoevoeging van landbouprodukte te ondersteun. - Bevorder die vervaardiging van produkte wat werk skep in die Swartland landelike areas byvoorbeeld die oes van riete, veldblomme en die maak van meubels en handgemaakte produkte van die hout.
Gebied:	Koring	Ander Wintergraan	Lupiene (droëland)	Lusern	Aartappels	Wyndruwe	Tafeldruwe	Perskes	Vleis & Wol Skape	Friesbeeste	
15. Koringberg droë saai	X	X (hawer gars, rog)				X	X	X	X	X	
16: Swartland saai	X		X	X	X	X		X	X	X	

Produk ontwikkeling	Voorstelle
Nuwe produkte Graan, Lupiene, Lusern, Aartappels, Druive, Perskes, Wol, Vleis, Melk	• Bevorder nisprodukte wat komplimenterend is tot kommersiële landbou en toerisme. • Bevorder die vervaardiging van bier en aal van gars. • Ondersteun die vervaardiging van bio-brandstof. • Ondersteun die generering van alternatiewe energie (wind en son plase). • Ondersteun die meganisasie van landbou deur ontwerp- en hersteldienste.
Mark ontwikkeling	Voorstelle
Nuwe markte Plaaslik (Jeug, Staat ens.), Streek, Nasionaal, Internasionaal	• Moedig kommersiële boere aan om kleinboere te bemagtig. • Bevorder instandhouding- en skoonmaakdienste wat werkskepping bevorder bv. die skoonmaak van indringerplante langs rivierlope.
Diversifisering	Voorstelle
Nuwe produkte en nuwe markte Swartland het 'n baie gematigde Mediterreense klimaat, met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus). Die gemiddelde dagtemperatuur in die somer is 30°C en 20°C in die Winter.	• Bevorder die gematigde Mediterreense klimaat met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus) as 'n toerisme aanloklikheid. • Bevorder die toerismebedryf in die landelike areas as addisionele ekonomiese bron.
Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling	
Ondersteun mynbougeleenthede	Voorstelle
Grondstowwe en minerale: Geen mynbou kom in Wyk 1 voor nie.	• Geen
Toekenning van grondgebruiksparemeters:	• Indien mynbou sou ontstaan, ondersteun die grondgebruiksveranderinge nodig vir die ontginning van alle natuurlike hulpbronne.
Ondersteun volhoubare mynbou	Voorstelle
Rehabilitering:	• Indien mynbou sou ontstaan, vereis rehabilitasie programme wat goedgekeur is deur Departement Minerale en Energiesake. • Kontroleer rehabilitasie aktiwiteite en hou mynlisensiehouers verantwoordelik.
Alternatiewe vervoer: Padvervoer word oorwegend gebruik in die Swartland Munisipale area.	• Indien mynbou sou ontstaan, ondersoek en gebruik alternatiewe, effektiewe vervoertipes en roetes.
Volhoubaarheidsnorme: Balanseer die ekonomiese-, omgewings- en sosiale impakte.	• Indien mynbou sou ontstaan, bepaal volhoubaarheid- en omgewingsvriendelike norme vir Swartland bo en behalwe bestaande norme vir die Departement Minerale en Energiesake.
Versagting van bestaande impakte:	• Indien mynbou sou ontstaan vereis dat die natuur en landbou omgewing gedurende die ontginning en rehabilitasie beskerm word.

Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme	
Versterk Toerismebestemmings	Voorstelle
Agritoerisme: Minimale agritoerisme bestaan op Swartlandplase in Wyk 1.	• Ondersteun akkommodasie op werkende graanplase • Ondersteun die vervaardiging van nisprodukte van graan. • Bou feeste wat landbouprodukte bemark, uit byvoorbeeld die Broodfees op Koringberg, die Ploegdag buite Moorreesburg en die Moorreesburg landbouskou. • Verbind prominente agritoerisme areas en plaas akkommodasie met toerismoetes. • Ondersteun padstalle binne die gebied om plaaslike landbou- en handwerkprodukte van die gebied uit te stal en te bemark. • Fasiliteer die deelname van laer-inkomste huishoudings in toerisme bv. die maak en verkoop van handwerk- en landbouprodukte by padstalletjies of plaaslike winkels.
Erferisbestemmings: Hooggelegen	• Bevorder Hooggelegen as toerismebestemming.
Watersport en ontspanning: Die Bergrivier bied geleenthede vir watersport en ontspanning.	• Die Bergrivier op die noordelike grens van die Wyk bied geleenthede vir kanoevaart, visvang en watersport. • Ondersteun die Bergrivier kanoemarathon. • Bevorder oorde en korttermyn verblyf langs die Bergrivier om die watersport en ontspanningsaktiwiteite te bevorder. • Bevorder die Misverstanddam as 'n waterskibestemming. • Bevorder die bestaande oord by die Misverstanddam. • Verbied ontwikkeling binne die 1:100 jaar vloedlyn van riviere en damme.
Buitelug sport en ontspanning:	• Bevorder die Swartland Bergfietsresies om Koringberg en die aanliggende koppe. • Bevorder wandelpaaie en staproetes in en om Koringberg, Swartberg, Wolfkop, Byeneskop en Oshoekkop. (Sien Strategie 6)
Ontwikkel Toerismebestemmings	Voorstelle
Koringberg Koppie (Swartberg) en die Bergrivier	• Ontwikkel Koringberg en omgewing as 'n buitelug sport- en ontspanningsbestemming vir onder andere bergfietsroetes, staproetes, kleiduifskiet, voëlkyk, perdry en 4x4 roetes. • Ontwikkel die Bergrivier as 'n bestemming vir watersport en spesifiek Kanoeroei, buiten die Bergrivier Kanoemarathon. .
Versterk Toerismoetes	Voorstelle
Koringroete	• Bevorder 'n koringroete wat Koringberg, Moorreesburg en Malmesbury en veral die omliggende landelike areas sal insluit. • Bied spesiale treinritte tussen Moorreesburg en Koringberg aan. • Toerismoetes moet die bestaande gasvryheidsbedryf en toerisme-

	industriële binne die gebiede ondersteun. • Versterk die geleenthede wat die bestaande sportroetes in Wyk 1 vir die toerismebedryf bied.
Ontwikkel Toerismoeroetes	Voorstelle
	• Versterk eers bestaande geleenthede en ontwikkel dan nuwe roetes.
Groei Swartland as deel van Weskusstreek se toerisme strategie	Voorstelle
Koring- en Wynroete	• Ontwikkel infrastruktuur wat toerisme kan bevorder soos die opgradering van paaie en beligting, veral die ondergeskikte paaie binne Wyk 1. • Bevorder uniforme toerisme naamborde, duidelike informasiepunte wat die uniekheid van elke dorp en sy omliggende landelike omgewing beklemtoon. • Die koring en wynroete wat Bergrivier Munisipaliteit en Swartland verbind vorm deel van die Wyk. Karteer die Swartland plase en bemark die geleenthede wat hul bied.
Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling	
Versterk Streekspaaie	Voorstelle
Die Wyk het 'n goed ontwikkelde hoof- en streekspadnetwerk wat die hoofsentras soos Malmesbury, Moorreesburg en Riebeeck Vallei met die groter Weskusstreek verbind asook met die aangrensende munisipaliteite soos Drakenstein, Bergrivier, en die Kaapse Metropool.	• Die N7 is in 'n goeie toestand met onlangse verbeteringe in Wyk 1. SANRAL is verantwoordelik vir die onderhoud en opgradering van provinsiale en nasionale paaie soos die N7. • Ondersteun die ontwikkeling van vervoernodusse langs die N7 wat met die landbou landskap saamsmelt en fokus op landbou en toerisme.
Versterk toegang en ekonomiese skakels	Voorstelle
Die R311 verbind Moorreesburg met die R45 na Hopefield, en is in 'n relatiewe goeie toestand maar benodig volgehoue onderhoud.	• Bevorder skakeling op R311 (en die R45 tussen Malmesbury en Hopefield) wat Riebeeck Vallei met N7 en Moorreesburg verbind. Die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke is verantwoordelik vir die opgradering en onderhoud van die provinsiale en landelike padnetwerk. • Verbind die Nuwekloofpad, wat die Ceres-Karoo met die Weskus verbind, met Koringberg/ Moorreesburg.
Versterk Spoorweglyne en dienste	Voorstelle
Belville-Malmesbury-Bitterfontein spoorweglyn kruis Wyk 1 deur die dorpe Moorreesburg en Koringberg.	• Die Spoorweglyn kan opgegradeer en onderhou word om die landbou- en toerismebedryf verder te ondersteun met geassosieerde infrastruktuur soos die stoor van graan. • Opgradering van die bestaande stasiegeboue asook die bestaande graan stoorfasiliteite. • Moedig Privaat operateurs aan om publieke vervoer tussen Malmesbury en Moorreesburg te voorsien.

	• Bevorder 'n toerismetreinroete tussen Moorreesburg en Koringberg.
Versterk Kommunikasienetwerke	Voorstelle
Skep toegang tot inligting vir plaas- en landelikebewoners.	• Bevorder inligtingssentrums by gemeenskapsdiensentrums en op individuele plase om kommunikasie te verbeter insluitend telefoon, internet, TV, koerante en biblioteekboeke.

4.3.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing



Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplanningsinisiatiewe	
Bepaal Kern Areass	Voorstelle
Koringberg, Wolfkop, Byeneskop, Oshoekkop en Brakrivier	• Die Swartberg, die Koringberg koppie, Wolfkop, Byeneskop en Oshoekkop moet as Kern 1&2 Areas geklassifiseer word. • Bepaal 'n ontwikkelingslyn op die hange van die bergareas en -koppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm. • Omheinings moet beperk word en verskillende kadastrale eenhede moet as 'n gebied bestuur word en nie met omheinings geskei word nie. • Bepaal 'n 30m ontwikkelingsterugsetlyn langs die Berg- en Brakrivier op die noordelike periferie van Wyk 1. • Enige renosterveld moet as Kern 1&2 Areas bepaal word.
Bepaal Buffer Areas	Voorstelle
	• Inisieer 'n klimaatveranderingskorridor vir die Koring- en Swartbergkoppe wat sterk vanaf Wyk 1 oor Tontel- en Kanonberg tot in Wyke 3 en 4 by Kasteelberg, Porseleinberg en Paardeberg. • Identifiseer 'n bewaringsarea van ten minste 300 hektaar en bevorder dit tussen Koringberg en Swartberg sodat spesies in die Kaapse Blommestreek lewensvatbare populasies kan behou en opbou.
Bepaal Intensiewe Landbou Areas	Voorstelle
	• Grootste gedeelte van Wyk 1 is geïdentifiseer as ekstensiewe landbou gebied, uitgesluit die gebied langs die Bergrivier.
Bepaal ligging en omvang van Menslike Nedersetting	Voorstelle
	• Moorreesburg, 'n distriksdorp, en Koringberg, 'n landelike nedersetting, is die twee menslike nedersettings binne Wyk 1. • Die nedersettingspatrone om die Swart- en Koringberg behoort deur 'n ontwerp- en ontwikkelkode ingelig te word.

Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap	
Beskerm die kulturele landskap	Voorstelle
Feeste en vieringe	• Bevorder die jaarlikse Koringberg Broodfees en Basaar wat geleentheid bied om Swartland se gasvryheid en produkte (vars vleis, boerewors, pasteie, brood, beskuit, koek) te ervaar met verskeie aktiwiteite in omliggende omgewing wat toerisme attraksies verhoog; • Bevorder die Moorreesburg Landbouskou en Ploegdag. • Brei beperkte akkommodasie en restuarant fasiliteite uit.
Beskerm en bevorder die erfenis landskap	Voorstelle
Die volgende erfenis landskappe word erken in Wyk 1: 1. Die Ongerepte natuurlike landskap 2. Tradisionele jag- en weidinggebiede 3. Landskap van Koloniale-Inheemsehandel en -kontak 4. Landskap van geskiedkundigeroetes 5. Die Landbou Verbouingslandskap 6. Die Geloofslandskap 7. Die Waterlandskap 8. Die landskap van verplasing en skeiding (apartheid) 9. Die Besienswaardige landskap 10. Die Geskiedkundige dorpslandskap.	• Stig klimaatsveranderingkorridors en bewarea wat die Koring- en Swartberg korridor insluit. • Ontwikkel 'n toerismetreinroete tussen Kalbaskraal en Koringberg wat langs spoorwegstasies ontstaan het. • Vestig 'n geskiedkundige plaasroete (eerste plase) wat Hooggelegen c1709 naby Koringberg insluit. • Bemark Hooggelegen as een van die eerste en oudste plase in die Swartland. • Vestig 'n graanroete wat die dorpe met meule en silo's insluit – Koringberg en Moorreesburg asook die Koringbedryf Museum wat slegs een van drie soortgelyke museums ter wêreld is. • Bevorder die Koringbedryf Museum, een van 3 in die wêreld in Moorreesburg. • Ondersteun die restourasie van die historiese koringmeul op Moorreesburg. • Bevorder 'n sakramente roete wat Malmesbury c1743, die oudste kerkdorp gevolg deur Moorreesburg c1898; Darling c1853; Abbotsdale c1856; Riebeek-Wes c1858; Riebeek-Kasteel c1863; Kalbaskraal 1898; en Koringberg c1923 insluit. • Bevorder 'n fonteinroete in die Swartland en spesifiek in die Swartlandse dorpe. • Bemark die fontein op Brakwater (nou Koringberg) wat Harry die Strandloper van water voorsien het. • Bevorder die popmuseum in Koringberg.
Klassifisering van erfenis bronne en die toepassing van erfeniswetgewing.	• Brei die Erfenisondersoek, geskoei op <i>Sisteem vir die Gradering van Belang (A4)</i>, van die stedelike area binne die Swartland Munisipaliteit, uit tot die Wyke. • Neem met elke aansoek binne die landelike omgewing die ouderdom van geboue en hul verhouding met die landskap en die historiese

	agtergrond van die Swartland in ag. • Argeologiese studies behoort op 'n Swartland Erfenis databasis saamgevat te word om te help met toekomstige aansoeke en oorwegings van aansoeke in omliggende areas.
Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap	
Koring en kanolalande, golwende heuwels, die trein na Bitterfontein.	• Die versterking van die vervoerkorridor (N7 en R311) moet die landboulandskap ondersteun. • Enige infrastruktuur of fasiliteite moet saamsmelt met die omgewing (nie kontrasterend wees met die omgewing nie) en die gevoel van 'n ongerepte landboulandskap voort dra. • Bevorder alternatiewe gebruike op kritiese bewaringsgebiede wat volgehoue bewaring van die natuurlike gebiede ondersteun.
Die Swartland val binne 'n winterreënvalstreek met 80% reën wat vanaf April tot September val. Wyk 1 of die Koringberg area het 'n gemiddelde reënval van 250mm per jaar.	• Bewaar en bevorder die landboulandskap deur die geskikte gewasse te verbou: wintergewasse onder droëlandtoestande en somergewasse kan alleenlik verbou word waar besproeiingswater beskikbaar is.
Golwende topografie maak lande kwesbaar vir watererosie.	• Bekamp watererosie deur bewaringbewerkingsmetodes, die aanplant van meerjarige peulgewasse en die oprigting en onderhoud van kontoere (Gebied 15 & 16).

4.3.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing

Strategie 9: Verseker voedselsekuriteit	
Die Wyk word hoofsaaklik opgemaak deur twee derdes grond met 'n lae en medium potensiaal en minder as 'n derde medium met hoë potensiaal grond om graan te plant. Plase se gemiddelde grootte is ± 542 - 800ha in Gebied 15 en ± 514 - 780ha in Gebied 16. In beide streke word koring en wyndruiwe verbou en wol & vleisskape en friesbeeste geteel. Ander wintergraan gewasses soos hawer, gars en rog word in Gebied 15 verbou en Droëland lupiene in Gebied 16. Tafeldruiwe word by Morawia verbou (Gebied 15) terwyl lusern en aartappels (teen Bergrivier) (Gebied 16) verbou word. Natuurlike weiveld is beperk in beide gebiede.	• Ontwikkel 'n strategie dat 67% plase in Gebied 16 wat kleiner is as 500ha en spesifiek die 14% wat kleiner is as 300ha diversifiseer en nie van graan afhanklik is nie. • Implementeer 'n strategie om te verseker dat plaaslik geproduseerde landbouprodukte (op groot- of kleinskaal) voorkeur geniet in aankope en verkope.



Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede	
Waterbronne binne die Swartlandgebied: - Berg- en Brakrivier 'No Go' rivier vloei deur Moorreesburg.	- Hou waterbronne skoon van indringerplante. - Vestig bewegingsnetwerke langs die 'No Go' rivier deur Moorreesburg.
Die Stormwaterstelsel is ontoereikend in Langstraat en Royalstraat in Moorreesburg, Esterhof en gruispaddorpe soos Hooikraal en Koringberg.	- Bestuur stormwater sodat die water herwin kan word vir gemeenskapstuine. - Ondersteun die oprigting van watertenke by huise om afloop water van dakke op te van vir hergebruik.
Strategie 11: Voorsien behuising	
Om plaaswerkerbhuising te voorsien in Koringberg.	Om 143 huise te voorsien in Fase I waarvan 25% geoormerk is vir plaaswerkers.
Om plaaswerkerbhuising te voorsien in Moorreesburg.	Om 813 huise te voorsien in Fase II waarvan 25% geoormerk is vir plaaswerkers.
Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede	
Identifiseer Grondhervormingsgeleenthede	Voorstelle
Wyk 1 het hoofsaaklik groter ekstensiewe landbou eenhede met gemiddelde hoë grondwaarde en beperkte toegang tot water. Wyk 1 is hoofsaaklik in privaat besit met goed ontwikkelde plase met tendens dat plaaseenhede groter word om groter opbrengste te verseker om so die groeiende insetkoste te dek. Wyk 1 het hoofsaaklik landboupotensiaal met beperkte geleenthede vir toerismepotensiaal om bestaande stedelike areas.	- Ondersoek moontlikhede vir grondhervorming op intensiewe besproeiingsareas rondom die Bergrivier. - Ondersoek die moontlikheid van buitestroom aqua-kultuur langs die Bergrivier.
Opgradering van nedersetting, dienste en sosiale investering.	- Voorsien gesubsidieerde behuising in Moorreesburg. - Fokus op sosiale dienste en die aanspreek van armoede in Koringberg.
Landbouprosessering.	Fokus op Moorreesburg om landbouprosessering te bevorder.
Grondhervorming in ekstensiewe droëland boerderygebiede.	- Plase in Wyk 1 is hoofsaaklik ekstensiewe droëland boerderypraktyke (500+ha) wat gemiddelde hoë grondwaardes het asook hoë insetkoste vereis en afhanklik is van uitgebreide meganisasie wat groot kapitale uitlegte vereis. Grondhervormingsprojekte moet hier met groot omsigtigheid hanteer word ten einde te verseker dat dit 'n volhoubare projek tot gevolg sal hê. - Ondersteuning in terme van kennis, plaastoerusting ens. sal aanvanklik aan die opkomende boere aangebied moet word in die streek.

Grondhervorming in die kleinskaalse verbouing van produkte.	• Beperkte ondergrondse water- en someroppervlakaflow in Wyk 1 beperk die tipe intensiewe verbouing van produkte en veroorsaak dat beperkte geleenthede wel langs die Bergrivier op die noordelike grens van Wyk 1 bestaan. • Fokus op kleinskaalse groentetuine binne stedelike gebiede (meentgrond) vir voedselproduksie.
Grondhervorming in klein of medium intensiewe besproeiing boerderygebiede.	• Beperkte geleenthede vir besproeiing bestaan wel langs die Bergrivier saam met ekstensiewe boerdery gebruike. Die area teen Bergrivier is egter nie naby uitgebreide markte nie. • Beperkte geleentheid vir kleiner eenhede besproeiingsgrond is beskikbaar met grondpryse wat gemiddeld hoog is vir die areas. Die besproeiing gaan ook gepaard met meganisasie wat hoe kapitale uitlegte benodig.
Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	
Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	Voorstelle
Reservoirs, rioolsuiweringwerke, transformators en stortingsterreine.	Die prioriteite vir die voorsiening van infrastruktuur in die landelike areas is as volg: • Voorsien voldoende stoorkapasiteit vir drinkwater in Koringberg en brei die verspreidingsnetwerk uit. • Rioolwerk vir klein landelike nedersettings of digbewoonde plase. • Opgradering van rioolsuiweringwerke in Koringberg sodat afloop aan standaard kan voldoen. • Voorsien voldoende transformators om elektrisiteit aan huishoudings wat nie toegang tot elektrisiteit het nie, te voorsien. • Bekom addisionele afvalverwyderingstrokke om klein nedersettings en digbevolkte plase te bedien. Onvoldoende afvaloorlaaistases langs hoofpaaie veral by klein nedersettings en op digbevolkte plase, bv. Broodkraal Landgoed op noordelike periferie van Wyk 1. Wyk 1 en 2 (Moorreesburg) is 'n prioriteit in terme van die voorsiening van 'n vullisverwyderingsdiens aangesien daar in dié Wyke die hoogste persentasie huishoudings voorkom wat vullis verbrand.
Voorsien en Onderhou Veeldoelige Gemeenskapsdienste	Voorstelle
Moorreesburg Volwassene Onderrig en Opleiding Sentrum (MOVOS) met dienspunte in Moorreesburg, Ruststasie en Koringberg.	• Bevorder volwassene onderrig en opleiding en familie geletterdheid deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak. • Maak verdere onderrig en opleiding toeganklik deur publieke vervoer te versterk of lokale beskikbaar te maak om deelydse klasse aan te bied.

Voorsien en onderhou openbare publieke vervoerinfrastruktuur en vervoer-modaliteite	Voorstelle
Slegs private vervoer beskikbaar.	• Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke padvervoer langs die N7 tussen Nieuwedrift en Moorreesburg, Ruststasie en Moorreesburg asook Koringberg en Moorreesburg. • Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke spoorvervoer op die Belville-Malmesbury-Bitterfontein spoorlyn wat ook aansluit by stasies op Koringberg, Moorreesburg, Ruststasie, Nooitgedagt, Malmesbury en Kalbaskraal.
Ondersteunende Infrastruktuur	• Ondersteun die padstal op N7 en Koringberg afdraai.


Wyk 3: Riebeek Wes, Ongegund, Misverstanddam en Landelike Area

Oorsig oor Wyk 3

Ligging

Wyk 3 maak die oostelike gedeelte van die munisipale regsgebied van Munisipaliteit Swartland uit en sluit die stedelike areas van Riebeek Wes en Ongegund asook die landelike nedersetting langs die Misverstanddam en omliggende plase in.

Wyk 3 bestaan hoofsaaklik uit ekstensiewe sowel as intensiewe landbou gebiede, met gedeeltes van Kasteelberg asook die PPC myn wat in die wyk voorkom.



Demografie

Die geprojekeerde bevolking groei vir die dorpe in die wyk, soos bepaal deur die groeimodel, sien as volg daaruit.

DORPE in WYK 3	GROEI %	2007	2012	2017	2022	2027
Riebeek Wes (sluit Ongegund in)	3%	5832	6528	7242	8036	8915

Tabel 9: Geprojekeerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyk 3.

Oorsig van Stedelike gebiede

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Beplanning Kategorieë	ROR Klassifisering
Riebeek Wes	Landbou	Kulturele erfenis en mooi dorpie	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Toerisme dorp/ landbou
Ongegund	Mynbou	Landelike slaapdorp	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dd. Landelike nedersetting	Landelike Nedersetting

Tabel 10: Ruimtelike klassifisering van Riebeek Wes en Ongegund

Wyk 3 - Kern Stedelike Gebiede

4.4 RIEBEEK WES

4.4.1 Historiese oorsig

Die Riebeek Vallei is in 1661 deur 'n Europese ekspedisie ontdek op hul roete na die noorde op soek na goud. Die area is bewoon deur die Sonquas, wat jagters was, en Khoi-Khoi wat veeboere was. Met die vestiging van Hollandse vryburger boere om die Kaap was daar toenemende konflik tussen die oorspronklike inwoners en die nuwe vryburgers. Verlies aan grond en vee, droogtes en die pokke epidemie het onder andere veroorsaak dat die Khoi-Khoi teen 1720 heeltemal uitgesterf het.

Willem van der Stel, seun van Simon van der Stel wat in 1766 Goewerneur van die Kaap geword het, het die eerste vryburgers in die Riebeek Vallei en Tulbagh areas laat vestig. Hy het die streek "Die Land van Waveren" genoem. Baie van die plase wat in die tyd gevestig is bestaan vandag nog en sluit in Kloovenburg, Allesverloren, Sonquasdrift en Vlysbank (nou Du Vlei).

Die Hugenote het wingerd teen die voetheuwels van Kasteelberg aangeplant en Riebeek Kasteel het as kommersiële en vervaardigingskern wat boere bedien, gegroei. Die welvarendheid van die gemeenskap van daardie tyd is waarneembaar in die grasieuse Victoriaanse boustyl van die ouer huise veral in Riebeek Wes.

Die eerste kerk in die Riebeek Vallei is in 1855 gestig met die bou van De Oude Kerk in Riebeek Kasteel. Halfpad deur die bou van De Oude Kerk het die welvarende gemeenskap van Riebeek Wes egter van die projek in Riebeek Kasteel onttrek en besluit om hul eie kerk in Riebeek Wes te bou. Alhoewel die kerk in Riebeek Kasteel voltooi was voor die kerk in Riebeek Wes, het laasgenoemde eerste 'n voltydse predikant aangestel omdat hulle meer welvarend was. Dit het destyds 'n skeuring in die gemeenskappe van die twee dorpe veroorsaak, met die vriendelike wedywing wat tot vandag toe nog bestaan. Die uitbreiding van die spoorlyn vanaf Wellington na Porterville in 1929, met stasies op beide Riebeek Kasteel en Riebeek Wes, het die vallei meer toeganklik gemaak vir boere om hul produkte na die markte te vervoer en ook vir mense om tussen die Kaap en die vallei te beweeg.

Riebeek Wes is verder uniek deurdat twee bekende Suid Afrikaanse politici hier gebore is. Jan Smuts 'n veldmaarskalk, politikus en filosoof, is in 1870 op die plaas Ongegund gebore. Die skuur wat deur sy ouers omskep is in 'n huis, en waar hy gebore is, dien vandag as 'n museum. Dit is geleë op die gronde van die PPC myn te Ongegund. In 1874 is een van Suid Afrika se Eerste Ministers by name van D. F. Malan te Allesverloren gebore, met die familie wat tot vandag toe nog die plaas besit.

4.4.2 Dorpsleë en Ekonomiese Basis

Ligging

Riebeek Wes is op die oostelike grens van die Swartland in die Riebeek Vallei geleë ongeveer 6 kilometer vanaf Riebeek Kasteel

Riebeek Wes is geleë teen die hange van Kasteelberg en word omring deur van die oudste wynplase in die land naamlik Groenrivier, Allesverloren en Brandwag. Die dorp verkry toegang vanaf die R311, die hoof verkeersroete deur die Riebeek Vallei wat dan ook aansluit by die N7 buite Moorreesburg en ook by die R45 tussen Malmesbury en Hermon net buite Riebeek Kasteel.

Die dorp se landelike voorkoms is te danke aan die wingerde wat die dorp omring, maar ook die talle historiese huise in die dorp. Sorg moet gedra word om hierdie elemente te beskerm en te bewaar. Die omliggende area word aangewend vir intensiewe landbou gebruike met die gebruike wat tot teenaan die stedelike randgebied bedryf word.

Ekonomiese basis

Riebeeck Wes funksioneer as dienssentrum aan die omliggende landbou gemeenskap met 'n sterk landelike karakter, mooi omgewing en ryk kulturele erfenis wat verskeie geleenthede vir toerisme bied. Dog bly landbou, veral die intensiewe landbou sektor, steeds die grootste ekonomiese sektor van die vallei. Die vrugbare grond rondom Kasteelberg en die hoë reënval syfer tesame met afloopwater van die Kasteelberg, maak intensiewe landbou moontlik.

Afgetrede persone sowel as mense wat op soek is na 'n alternatiewe leefstyl in die platteland, vestig in Riebeeck Wes. Baie mense bly vandag in die vallei terwyl hul in die Kaap en ander groter omliggende dorpe werk.

Om volhoubare ontwikkeling te verseker moet die nodige beplanning en uitbreiding gedoen word om aan die huidige en toekomstige inwoners se dienste behoeftes te voorsien.

Ontwikkelingspotensiaal

Hoewel die dorp se ontwikkelings potensiaal as "laag" geklassifiseer is, bied die unieke plek identiteit verskeie geleenthede vir residensiële en toerisme ontwikkeling. Die voorgestelde investering in bykomende en kleinskaalse infrastruktuur sal die geleenthede verder ondersteun.


Die sentrale kommersiële kern met beperkte kommersiële geleenthede in die woongebied op die oostelike periferie moet versterk word. Industriële uitbreiding op die noord oostelike periferie word aangemoedig om bestaande industrieë uit te bou en meer geleenthede vir industrieë in die landbou sektor te skep.

4.4.3 Ruimtelike Elemente **Berge**

Kasteelberg vorm 'n baie kenmerkende ruimtelike en fisiese element aanliggend aan die westelike grens van die dorp.

Plantegroei

Die dorp word hoofsaaklik omring deur hoë potensiaal landbougrond.



4.4.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

- Kompakte geometriese stedelike vorm op die oostelike voetheuwels van Kasteelberg.
- Hoë potensiaal landbougrond omring die dorp en beperk groei.
- Kasteelbergvoetheuwels vorm westelike grens die oostelike grens word deur spoorlyn bepaal.
- **Ingangspoort:** Hoofpad 227 (R311), Voortrekkerstraat, wat 'n verbindingspad tussen die N7 en die R45 tussen Malmesbury en Hermon is, asook die hoof toegangsroete na die vallei.
- **Residensiële nodusse:** vier (4) **residensiële nodusse**
 - o die gedeelte aan die voet van Kasteelberg, wat hoofsaaklik die nuwe residensiële lae digtheid gebied vorm,
 - o die ouer residensiële gedeelte om die sentrale ouer kern van die dorp, wat 'n kombinasie van medium en hoër digtheid residensiële gebruike ondersteun,
 - o die laer digtheid landelike bewoning gebied op die noord westelike grens en
 - o die hoofsaaklik hoër digtheid residensiële area op die oostelike periferie van die dorp waar onder andere gesubsidieerde behuising voorsien is.
- **Besigheidsnodus:** Die sentrale besigheidsnodus van die dorp kom op die kruisings van Hof- en Van Riebeeckstraat met Voortrekkerstraat voor.
- Twee toerisme nodusse kom aan weerskante van die dorp voor naamlik Allesverloren onthaalfasiliteit en kelder op die suidelike grens en Groenrivier onthaalfasiliteit op die noordelike grens. Beide hierdie fasiliteite bied nie net werksgeleentheid aan die inwoners van Riebeeck Wes nie maar bied ook groter geleenthede in die hele dorp deurdat dit ook 'n belangrike fasiliteit is wat toerieme in die dorp en vallei stimuleer.
- **Nywerheidsnodus:** Die **Nywerheidsnodus** is veral gefokus in die area aanliggend tot die stasie in die noordoostelike periferie van die dorp langs Stasieweg.
- **Oopruimtes:** Omdat Riebeeck Wes aan die voet van die Kasteelberg geleë is, is daar verskeie rivier aflope wat deur die dorp loop wat belangrik is in terme van bewaring. Die meeste van hierdie rivierlope in Riebeeck Wes is klaar verander en geïnkorporeer in die dorpsuitlegte. Verder vorm Kasteelberg met sy natuurlike plantegroei 'n belangrike bewarenswaardig gebied aanliggend aan die stedelike area met die ontwikkeling aan die voet van die berg op dies stedelike rand in oorleg met die aanliggende natuurlike gebiede gedoen word.
- **Publieke nodusse:** Die meerderheid van die sosiale infrastruktuur kom ook oorwegend in die westelike gedeelte voor. Die **aktiwiteitsfokus/Publieke nodus** kom in die omgewing van die munisipale kantore, kerk, park en omliggende besighede voor.

(ii) Digtheid

Bestaande bewoningsdigtheid binne Riebeeck Wes is 7.4 eenhede per hektaar. 'n bewoningsdigtheid norm van 8.5 eenhede per hektaar word teen 2027 nagestreef om te verseker die landelike karakter van die vallei word behou. Verdigting word aangemoedig deur interne onderverdelings en invul ontwikkelings sowel as hernuwing binne die sentrale sakekern, veral in die area direk wes van die sentrale sakekern, sowel as langs die aktiwiteitsas, waar daar reeds soortgelyke gebruike voorkom.

(iii) **Beboude vorm**

Riebeek Wes beskik oor vele geboue in die sentrale kern wat bewarenswaardig is. Toekomstige ontwikkeling van die dorpskern moet meer simpatiek met landelike karakter van die dorp wees, deur kolonnades en verandas voor bestaande en nuwe winkels aan te bring.

'n Redelike kompakte stedelike vorm word behou in Riebeek Wes met beperkte uitbreiding van die stedelike randgebied wat die fokus plaas op invul ontwikkeling binne die stedelike gebied asook ondersoek na verskeie verdigtings moontlikhede. Vanweë die historiese agtergrond en bestaande bewarenswaardig geboue in die kern gedeelte van die dorp, moet toekomstige ontwikkeling in die area in oorleg met en simpatiek ten opsigte van die bestaande karakter en estetika geskiet.

(iv) **Funksionaliteit**

Daar kom redelike gemengde gebruike en dienste in en om die dorpskern voor wat vanweë die kompakte vorm van die dorp redelik toeganklik is vir alle inwoners. Daar kan egter gekyk word na kleiner kommersiële nodus in die hoë digtheid residensiële gebied in die oostelike gedeelte van die dorp ten einde kommersiële en sosiale dienste meer toeganklik en binne loopafstand te voorsien.


(v) **Groei Potensiaal**

Die voorgestelde stedelike vorm van Riebeek Wes is redelik kompakt en vanweë die omliggende hoë potensiaal landbougrond is die moontlikhede vir verdere uitbreidings ook baie beperk.

Die stedelike randuitbreidings maak voorsiening om die geprojekteerde groei vir die volgende 15 tot 20 jaar te akkommodeer en addisionele grond soos benodig word in Riebeek Wes en Ongerond, word in die onderstaande tabel uiteengesit.

Daar moet veral gefokus word op bestaande invul geleenthede wat in die dorp bestaan, veral aanliggend tot die hoof verkeersroetes. 'n Voorgestelde geïntegreerde ontwikkeling op die oostelike periferie sluit 'n sportveld en verwante fasiliteite, residensiële komponente asook kommersiële en industriële geleenthede in.

Die geleenthede vir ontwikkeling bestaan ook op die suidelike grens met 'n onderliggende Algemene Plan, asook op die noord westelike grens met invul geleenthede bo die skool koshuise. Daar moet veral gekyk word daarna om 'n groter verskeidenheid in die behuising mark te skep in al die voorgestelde ontwikkelings. Moontlikhede vir verdigting vir die skep van industriële erwe bestaan binne 'n area op die noord oostelike grens aanliggend tot ander



bestaande industrieë en ook naby aan hoë digtheid residensiële areas ten einde meer werkgeleenthede binne stap afstand van residensiële areas te skep.

Addisionele Grond benodig vir uitbreiding: 2011-2022	
Jaar	Ha
2012	25
2017	38
2022	58.6
2027	81

Tabel 11: Addisionele grond benodig vir Riebeek Wes


'n Totaal van 40ha vakante grond is in Ongegrond se stedelike randgebied ingesluit en maak deel uit van die addisionele grond soos in die tabel hierbo uiteengesit.

4.4.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroetes** kom in Riebeek Wes voor:

- **Die hoofverkeersroete** – Voortrekkerstraat, of die **R311 (Hoofpad 227)**, is die hoof verkeersroete deur die Riebeek Vallei en sluit aan by die N7 buite Moorreesburg en ook by die **R45** tussen Malmesbury en Hermon.
- **Ander** verbindingsroetes soos die **R311** en sluit aan by die N7 buite Moorreesburg en ook by die **R45** tussen Malmesbury en Hermon net buite Riebeek Kasteel. Daar is ook ander verbindingsroetes uit die dorp na omliggende plase, met die paaie wat hoofsaaklik grondpaaie is.
- Die handelsaktiwiteite in Riebeek Wes kom veral rondom die volgende **aktiwiteitstrate** voor naamlik Merindalstraat, Hofstraat, Van Riebeekstraat, Smutsstraat en Stasiestraat. Die strate is daarop gemik om hoër graad van toeganklikheid toe te laat en dus ook te dien as strate waarbinne ontwikkelingsgeleenthede vir plaaslike entrepreneurs gefasiliteer kan word.
- 'n **Alternatiewe vervoernetwerk** is die spoorlyn op die oostelike grens vorm 'n infrastruktuur as van die dorp. Die spoorlyn word hoofsaaklik vir vervoer van sement van PPC gebruik asook vervoer van graan van graansilos in die omliggende omgewing.

Skets 1: Hoof bewegingsroetes in Riebeek Wes



4.4.6 Dienste en Infrastruktuur

Swartland Munisipaliteit lewer tans die volgende munisipale dienste op Riebeek Wes:

Water

Riebeek Wes is afhanklik van die Voëlvlei Skema, met water wat in vier (4) reservoirs, bekend as die Kasteelberg reservoirs, gestoor word (totale kapasiteit van 1750 kl) voordat dit na die verbruikers Riebeek Wes en Ongegund versprei word. Toekomstige uitbreiding van die reservoirs sal op die bestaande terrein plaasvind. Die bestaande waternetwerk van Riebeek-Wes as verouderd en beperk en die volgende kwessies moet aandag geniet:

- Netwerkuitbreiding;
- Chlorinering;
- Beveiliging van reservoirs.
- Swak druk in sekere gebiede gedurende piektye (dorp is teen die voet van Kasteelberg geleë). Die “*Water Services Development Plan*” gee die aantal residensiële verbruikers van water as 536 aan, met die toekomstige vraag na water (Ml/jaar) as volg aan:

	Toekomstige vraag na Water (Ml/jaar)				
	2012	2017	2022	2027	2032
Riebeek Wes	171,013	179,917	189,347	199,338	209,924

Tabel 12: Riebeek Wes se vooruitgeskatte vraag na water.

Riool

Die huidige rioolstelsel in Riebeek Wes bestaan uit spoelriool asook op perseel septiese tenke. Die Tesourie Afdeling van die Munisipaliteit toon dat daar 122 verbruikers met septiese tenke is en 489 verbruikers wat aan die riool uitvalwerke gekoppel is (ongeveer 50% van die dorp se erwe). Riebeek Wes se riool uitvalwerke maak gebruik van oksidasiedamme wat beperkte kapasiteit het en nie die toekomstige uitbreiding sal kan akkommodeer nie. Ander probleme wat geïdentifiseer is sluit in:

- Werklike kapasiteit is onbekend,
- Geen vloeiometer wat die volume kan bepaal, en
- Onderhoud aan damwalle en inlaatwerke word verlang.

Die nuwe rioolwerke vir die Riebeek Vallei dorpe, wat Riebeek Kasteel, Riebeek Wes en Ongegund insluit, word beplan op Riebeek Kasteel, op die oostelike periferie van die dorp. Al drie die dorpe sal dan deur die enkele rioolwerke bedien word met die werke wat beplan word om voldoende kapasiteit te voorsien vir die toekomstige uitbreiding soos aangetoon in die ROR. Daar word beoog om die werke te voltooi teen 2013.

Elektrisiteit

Eskom is die Elektrisiteit voorsieningsowerheid in Riebeek Wes. Straatbeligting in Riebeek Wes is onvoldoende.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit bedien. Swartland Munisipaliteit het tans net een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartlandstreek bedien.

Die stortingsterrein buite Riebeek Kasteel is gerehabiliteer en die 'munisipaliteit wat wag vir die uitreiking van 'n permit vir die finale sluiting van die perseel. Daar bestaan 'n plaaslike oorlaaistase op Riebeek Wes.

Paaie & verkeer

Riebeek Wes is geleë aan weerskante van die Hoofpad 227 (R311) wat Riebeek Kasteel met Riebeek Wes en Ongegund verbind asook die Riebeek Vallei met Moorreesburg verbind, waar dit die N7 ontmoet.

Volgens die Swartland GOP is 75% van Riebeek Wes se strate geteer, met die algemene toestand van die strate wat as baie goed en goed beskryf word.

Die Hoofpad 227 is veral belangrik verbindingspad vir die omliggende boere asook vir die PPC myn en sement fabriek, wat gebruik word om hul produkte uit die vallei te vervoer.

Veiligheid

Daar is geen satelliet brandweerstasie of polisiestasie op Riebeek Wes nie.

4.4.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Riebeek Wes se rol kleinskaalse landbou dienssentrum asook sy bydra as 'n toerisme dorp binne die Riebeek Vallei moet verder versterk en uitgebou word. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp:

Ondersteun landbou gerigte nywerheid ontwikkeling in Riebeek WesDie Swartland GOP Makro Strategie oormerk Riebeek Wes vir Harde (infrastruktuur) en Sagte (mense & sosiale infrastruktuur) investering. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp en ondersteun die GOP prioriteite:

Toekomstige Ontwikkeling
Verbinding & Mobiliteit: • Versterk die aktiwiteitsas deur Riebeek Wes asook die aktiwiteitsstrate binne die dorp deur gemengde gebruike op die roetes te ondersteun; • Ondersteun ontwikkeling langs aktiwiteitsasse en strate ten einde die dorp ruimtelik te integreer.
Ekonomiese Ontwikkeling: • Ondersteun Riebeek Wes as agri-nywerheid dorp binne die Riebeek Vallei; • Bevorder toerisme en agritoerisme in die omgewing;
Grondhervorming: Identifiseer 'n grondhervormingsprojek in Riebeek Vallei.
Industriële Ontwikkeling: Ondersteun landbou gerigte nywerheid ontwikkeling in Riebeek Wes. • Medium prioriteit – Uitbreiding van bestaande Industriële gebiede. • Medium prioriteit - Ontwikkeling van nuwe persele. • Lae prioriteit - Opgradering van infrastruktuur om nuwe persele te akkommodeer. • Medium prioriteit - Fokus op ligte landbou georiënteerde Industriële ontwikkeling.
Behuising/ Residensiële Ontwikkeling: • Ondersteun die voorsiening van geïntegreerde residensiële ontwikkeling veral rondom die sentrale aktiwiteitsas; • Bevorder verdigting binne die stedelike areas wat sensitief tot die historiese karakter van die dorp is; • Beskerm die historiese en natuurlike erfenis elemente wat die toerisme

funksie van die dorp ondersteun;
• Optimaliseer gebruik van infrastruktuur; • Integreer residensiële gebiede deur invul ontwikkeling
• Voorsien die huidige agterstand van 967 gesubsidieerde huise in Riebeek wes terwyl toekomstige tekorte in Malmesbury voorsien sal word. • Groei potensiaal van gesubsidieerde residensiële ontwikkeling geniet 'n lae Prioriteit.
Infrastruktuur en Dienste: Ondersteunende tot ontwikkeling in dorp
Veiligheid: • Voorsien satelliet brandweerstasie en satelliet polisiestasie in Riebeek Vallei.
Toerisme • Prioritiseer toerisme ontwikkeling in die Riebeek Vallei - bou sosio-kulturele en natuurlike aantreklikheid van die gebied verder uit - belangrik dat projekte bestaande toerisme aantreklikheid moet bevorder en moet skakel met ander verwante toerisme bedrywe. • Ontwikkel en onderhou toerisme verwante infrastruktuur soos toerisme buro's, padtekens en toerisme fasiliteite.
Sosiale Ontwikkeling • Benodig veeldoelige gemeenskapsentrum teen 2015.
Ekonomiese Ontwikkeling Opleiding gefokus op agritoerisme ontwikkeling, kuns en entrepreneurskap

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Riebeek Wes ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone voorstelle en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Riebeek Wes Sone Voorstelle

Ten einde veral die karakter van Riebeek Wes verder uit te bou en te ondersteun en voorstelle in ooreenstemming met bestaande karaktertrekke binne die dorpsgebied te doen is die dorp in nege (9) sones ingedeel. Die individuele sones sluit areas in met gemeenskaplike kenmerke waarvolgens grondgebruike voorgestel kan word. Die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones van Riebeek Wes is soos volg:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Afreëoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
SONE																
A	Sone A op noordelike periferie het 'n oorwegende lae digtheid residensiële karakter, en landbou & nywerheidsgebruike..	X	X		X			X		Langs aktiwiteit straat X	X	X	X	X		Langs aktiwiteit straat X
B	Sone B het 'n industriële karakter. Voor siening van meer industriële erwe en uitbreiding van begraafplaas word voorgestel.							X						Begraaf- plaas X	X	X
C	Sone C is 'n residensiële area, geoormerk vir geïntegreerde invul ontwikkeling en opgradering van sportgronde.		X	X	X	X		X	X	X	X	X	X	X	X	
D	Sone D het primêr 'n residensiële karakter ingesluit institusionele gebruike.	X	X	X	X	X		X		X	X	X	X	X	X	
E	Sone E het hoofsaaklik 'n residensiële karakter met invul moontlikhede.	X	X	Op Aktiwiteit- straat X	X	X		X		Langs aktiwiteitsas X	X	X	X	X		X
F	In Sone F bevat residensiële gebruike met gemengde digtheid.	X	X	X	X			X		Langs aktiwiteitsas X	X	X	X			
G	Sone G vorm die aktiwiteitsas deur die dorp en bevat kommersiële en gemengde gebruike	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X		
H	Sone H het 'n lae digtheid residensiële karakter met invul geleenthede en ondersteunende sosiale infrastruktuur	X	X	Op aktiwiteitsas X	X	X		X		Langs aktiwiteitsas X	X	X	X	X	X	
I	Sone I omvat voorgestelde geïntegreerde ontwikkeling	X	X	Op aktiwiteitsas X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X		

Riebeek Wes Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Riebeek Wes Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie • Ondersteun die ontwikkeling en opgradering van roetes in ooreenstemming met die uitbreiding en ontwikkeling in Riebeek Wes (Sien Bewegingsnetwerkkarta). • Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerde aktiwiteitsasse en aktiwiteitstrate binne Riebeek Wes (Sien Bewegingsnetwerkkarta). • Bevorder veral gemengde gebruike langs die aktiwiteitsasse vir beter ruimtelike integrasie. • Verfraai die hoof deurgangsroetes en interne aktiwiteitstrate wat die gebiede met mekaar verbind deur die aanplant van bome langs die roetes. • Installeer n spoedbeheer meganismes om die spoed van deurgang verkeer deur Riebeek Wes op die R311 te verminder. • Bevorder parkering en toeganklike voetganger paaie wat toeganklik is vir gestremdes (toegang by randstene volgens die standaard vir gestremdes). • Skep beleid en riglyne ten opsigte van kommersiële fasades, inligtingsborde, reklameborde en naamborde van besighede veral langs hoofroetes. • Beperk parkeerareas wat direk op hoofpad front, of doen voorstelle vir landskapering van die gebiede om die visuele fasade van die parkeerareas te verfraai. • Hoofpad (R311) : - o verminder die wydte van die Hoofpad deur die skep van beplante verkeerseiland (middelmanneling) <i>(Die bestaande pad is onnodig wyd wat verskeie probleme veroorsaak soos: * voetgangerveiligheid en geraas weens hoë spoed van deurgang verkeer veral swaar voertuie. * doen afbreek aan die dorp se estetiese beeld, karakter and kompakte skaal.)</i> - o vernou padwydte deur die skep van parkeerruimtes	Paaie • Verfraai hoof ingangspoorte sowel as deurgangsroete, naamlik Voortrekkerstraat, deur boomaanplanting en straat meublement. • Voorsien voldoende parkering in ontwikkelings. Let op die voorsiening van parkering vir gestremdes volgens die erkende standaard. Die nodige toegang na sypaadjies moet ook vir gestremdes voorsien word.

langs pad asook aanplanting van boomlanings. o Verandering van die straat oppervlakte by voetgangerkruisings om veiligheid van voetgangers te bevorder, spoed te verminder en die dorp se karakter te verbeter.	
Aktiwiteitsas (Ruimtelike Integrasie) • Bevorder ruimtelike en sosio ekonomiese integrasie van gemeenskappe deur middel van geïntegreerde residensiële ontwikkeling om die aktiwiteitsas. • Bevorder sosiale en ekonomiese integrasie deur middel van gemengde gebruike langs die aktiwiteitsas.	Aktiwiteitsas • Verfraai en verbeter voetgangerpad langs die roete ten einde die ontwikkeling van gemengde gebruike aan te moedig. • Skep van geïntegreerde residensiële ontwikkelings in geïdentifiseerde vakante areas. Ondersteun gemengde gebruike, veral die kombinasie van residensiële en kommersiele gebruike, om die sentrale dorpsnodus.
Voetpaaie • Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes. • Bevorder voetganger en fietsroetes tussen toeriste attraksies. • Ontwikkel fietsroetes in die Riebeeck Vallei tussen Riebeeck Kasteel, Riebeeck Wes en Ongegund.	Voetpaaie • Verbeter en formaliseer voetgangerroetes deur die dorp en veral tussen woongebiede en die sentrale gedeeltes van die dorp. • Ondersteun die voorgestelde wandelpaaie op Kasteelberg binne die groen korridor. • Bevorder die fietsroete in die Riebeeck Vallei tussen Riebeeck Kasteel, Riebeeck Wes en Ongegund.
Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke Nodusse Die behandeling van die publieke areas sowel as geboude strukture binne die kern is veral belangrik in die skepping en behoud van die dorp se karakter en identiteit. Dit bevorder en ondersteun die sosiale verkeer, ekonomiese aktiwiteite en toerisme deurgang in die dorp. Om dit te bevorder is die volgende nodig: • Toepaslike argitektoniese styl, skaal en hoogte van die beboude strukture te beheer deur nodige riglyne. • Beleid en riglyne rondom inligtingsborde, tekens en reklame borde langs veral die hoof deurgangsroetes. • Ontwikkeling van hoë kwaliteit publieke areas om voetganger verkeer, sosiale nodusse en informele handel te bevorder. • Gradeer die sentrale stadsplein voor die stadsaal op vir veeldoelige gemeenskap gebruike. • Skep 'n netwerk van oop ruimtes vir publieke gebruik.	Publieke Nodusse • Ontwikkel strategieë vir die opgradering en herlewing om veral die publieke nodusse langs die aktiwiteitsas beter te benut. • Ontwikkel en gradeer die sportgronde in die oostelike gedeelte van Riebeeck Wes op vir die skep van 'n geïntegreerde publieke nodus wat vir baie geleenthede gebruik kan word.

Gemeenskapsfasiliteite • Voorsien ondersteunende Gemeenskapsfasiliteite binne die sentrale sakenodus en vullisdromme langs aktiwiteitstrate. • Voorsien area vir die uitbreiding van begraafplaas in Riebeek Wes. • Herontwikkeling van skougronde vir nywerheidserwe om beter benutting van stedelike ruimte te verseker. • Voorsiening van primêre gesondheidsfasiliteite binne die gemeenskap. • Ondersteun gemeenskap gerigte gebruike binne die woongebiede wat toeganklik is vir inwoners. • Voorstel vir veeldoelige gemeenskapsentrum in Riebeek Wes. • Onderzoek plasing van satelliet brandweerstasie en polisiestasie in die Riebeek Vallei. • Ondersteun die bestaande onthaal fasiliteite op die noordelike (Groenrivier) en suidelike (Allesverloren) rand van die dorp as ondersteunende toerisme fasiliteite. Oorweeg die toekomstige inlywing van die areas in die stedelike randgebied om meer ontwikkelings moontlikhede op die areas te ondersteun en so die verdere ekonomiese potensiaal van die gebruike te ontgin. • Ondersteun die gemeenskap inisiatiewe vir vestiging van ondersteunende sosiale dienste binne die armer woonbuurtes wat nasorg sentrum en sokkombuise insluit. Opvoedkundig • Maak voldoende voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite veral crèches binne residensiële areas om die gemeenskap beter te bedien. • Oorweeg alternatiewe gebruik van bestaande skoolgebou in Van Riebeekstraat. Sportfasiliteite Opgradering en uitbreiding van die bestaande sport nodus in die oostelike gedeelte van Riebeek Wes as deel van 'n geïntegreerde ontwikkelingsprojek.	Gemeenskapsfasiliteite • Landskapring en voorsiening van straatmeublement en vullisdromme binne die sentrale sakenodus. • Identifisering van area vir die uitbreiding van die begraafplaas in Riebeek Wes. • Identifiseer moontlike area vir veeldoelige gemeenskapsentrum. Sportfasiliteite • Opgradering, integrering en vestiging van nuwe sportgronde om die breër gemeenskap beter te bedien.

Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte Netwerk en Korridors

- Erken Kasteelberg as een van die grootste bakens en bates van die dorp met behoorlike bewaringsbestuursplan vir die area.
- Bepaal 'n ontwikkelings lyn, ingesluit landboubedrywighe, teen die hange van Kasteelberg.
- Identifiseer bewaringsgebiede binne en om die stedelike areas asook 'n erfenisroetes deur die dorp.
- Benut natuurlike gebiede binne die stedelike gebied beter deur staproetes en fietspaai te ontwikkel.

Oopruimte Netwerk

- Voorsiening van aaneenlopende oopruimte sisteem deur die stedelike gebied.
- Ontwikkeling en beter benutting van oopruimte sisteme deur voorsiening van wandelpaaie binne die areas en deur die rehabilitasie van gebiede deur uitheemse indringerplante uit natuurlike gebiede te verwyder en parke meer toeganklik te maak met versorging en gebruik van inheemse plantegroei wat min onderhoud verlang asook die voorsiening van wandelpaaie binne die verskillende areas

Behandeling van Publieke Oopruimte netwerk in Riebeek Wes moet as volg hanteer word:

- Straat boomaanplanting langs sekondêre vervoer roetes omdat die roetes die primêre plaaslike voetganger roetes vorm.
- Straat boomaanplanting langs alle strate as deel van die skepping van die groen "web/raamwerk" deur die dorp. Betrek plaaslike gemeenskappe en organisasies/besighede in die projek vir boomaanplanting asook die onderhoud van die bome. Die bome kan ook in private erwe langs die paaie geplant word om eienaarskap te verleen aan die projek.
- Verbeter die eentonige visuele karakter van hoë digtheid residensiële ontwikkeling, veral gesubsidieerde behuisings-areas, deur aanplant van bome langs strate, wat dan ook die skakels tussen oopruimtes verbeter.

Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte Netwerk en Korridors

- Gee formele status aan bewaringsgebiede deur formele hersonering van areas na Oopruimte Sone III.
- Stel bestuursplanne op vir die bewaringsgebiede wat deel vorm van 'n Omgewingsbestuursplan vir Swartland.

Historiese Bewaringsgebiede - Hou streng kontrole oor die aanbouing en slopings by geboue met erfenis belang. - Identifiseer spesifieke strate in dorp vir bewaring. - Verseker simpatieke ontwikkeling om erfenis geboue wat die bestaande karakter van die omgewing in ag neem.	Historiese Bewaringsgebiede - Stel 'n Estetiese Komitee vir die bewaring van die estetiese karakter van Riebeek Wes saam wat die Raad adviseer ten opsigte van die bewaringswaardigheid van geboue. - Stel estetiese riglyne vir Riebeek Wes op.
Toerisme - Bou Riebeek Wes uit as deel van die Riebeek Vallei toerisme streek. - Ondersteun en verbeter toerisme infrastruktuur soos plaaslike toerisme buro, toerisme pad- en kentekens en verhoog die standaard van toeriste fasiliteite. - Moedig die konsep van Agritoerisme aan. - Verskaf opleidingsgeleenthede in die agritoerisme bedryf aan die plaaslike inwoners sodat hul 'n bydrae tot die bedryf te kan lewer.	Toerisme - Moedig vestiging van verblyfgeleenthede van hoë standaard aan in die stedelike sowel as landelike gebiede. - Stel 'n toerisme beleid vir die Riebeek Vallei op waarin spesifieke riglyne en fokusareas geïdentifiseer word wat toerisme verder kan uitbou. - Ontwikkel opvoedkundige wandelpaaie in die bewaringsgebiede (natuurlik en beboude omgewing). - Verfraai die dorp deur die implementering van landskaperingsvoorstelle deur Johan van Papendorp opgestel (Sien Landskaperingskaart). - Ondersteun die voetganger/fietsroete in die Riebeek Vallei tussen die bestaande stedelike nodusse. - Wandelpaaie en fietsroetes op Kasteelberg moet beter bemark word as toerisme attraksies in die Riebeek Vallei.
Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensieel - Maak ruimtelik voorsiening vir groter verskeidenheid behuising tipes. - Ontwikkel erwe in ooreenstemming met die beskikbaarheid van grootmaat dienste. - Verseker dat nuwe residensiële uitbreidings volhoubaar en geïntegreerd is, ten einde vir almal behuisingsopsies te voorsien. - Voorsien behuising geleenthede vir plaaswerkers in dorpe. - Voorsien toekomstige gesubsidieerde behuisingvraag in die Riebeek Vallei in Malmesbury terwyl huidige agterstande in Riebeek Wes aangespreek word. - Ondersteun die voorsiening van behuising vir afgetredenes in 'n veilige omgewing.	Residensieel - Identifiseer vakante areas binne die stedelike gebied wat vir residensiële ontwikkeling aangewend moet word. - Ondersteun vernuwing en ontwikkeling met 'n hoër digtheid binne die sentrale sakekern. - Beplan vir die voorsiening van grootmaat dienste in oorleg met die voorgestelde ontwikkeling en uitbreiding. - Hou behuising waglyste op datum. - Laat onderverdeling van enkel residensiële erwe toe: of met minimum grootte van 500m² of binne die konteks van die omliggende omgewing toe of binne die konteks van die bestaande gebruike op die terrein.
Verdigting Verdig in Riebeek Wes deur middel van	Verdigting Identifiseer invulgeleenthede veral op bestaande sportgronde op

- o onderverdeling (deeltitel), - o invul ontwikkeling, en - o hernuwing. • Handhaaf die “cupcake” beginsel deur invul en stedelike hernuwing en die skep van geïntegreerde middedorp moet ondersteun word. • Verdig volgens die voorstelle in die sones met hoër digtheid residensiële ontwikkelings in gebiede langs die aktiwiteitsas (Sien sone Kaart)t. • Ondersteun invul ontwikkeling in Riebeek Wes. • Onderverdeel en hernu areas binne die konteks en karakter van die omgewing en van bestaande beboude gebied geskiet. • Ondersteun medium en hoë digtheid residensiële ontwikkeling vir groter verskeidenheid in behuisingsmark. • Bevorder interne verdigting deur onderverdelings te ondersteun, met minimum enkel residensiële erfgrotes van 500m² of in ooreenstemming met karakter van omgewing.	oostelike periferie, sportgronde van skool wat nou onderbenut is asook geleenthede van bestaande skoolgebou wat in onbruik is en op suidelike periferie van dorp wat binne 'n bestaande Algemene Plan val. • Voorsien GAP behuising geleenthede binne Riebeek Wes moet aandag geniet, kan ook geleenthede vir verhuring insluit.
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersieel • Versterk die bestaande sake nodus langs Voortrekkerstraat. • Ondersteun kleiner gemeenskap sake nodusse in woongebiede op aktiwiteitstrate. • Ondersteun huiswinkels en professionele dienste langs aktiwiteitstrate.	Kommersieel • Ondersteun die vestiging van huiswinkels en sekondêre sakenodusse, langs aktiwiteitstrate, in gemeenskappe waar behoeftes bestaan om dienste binne loopafstand te voorsien.
Industrieel • Ondersteun die uitbreiding van die bestaande industriële gebied op die noordoostelike periferie van Riebeek Wes • Versterk Stasieweg as toegangspad tot nywerheidsgebied met moontlike opgradering.	Industrieel • Identifisering van grond en vooruitbeplanning van dienste kapasiteit om industriële ontwikkeling te ondersteun. • Herontwikkeling van skougronde vir industriële erwe.

Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
• Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpyplyne insluit. • Onderzoek en ondersteun die gebruik van volhoubare energie bronne binne die stedelike struktuur deur oprigting van watertenke, sonpanele en ander alternatiewe bronne van energie en waterbesparing aan te moedig by inwoners.	• Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan en verseker versoenbaarheid met ruimtelike voorstelle (Raad se Raadgewende Ingenieurs). • Stel Meesterplan op vir die voorsiening en onderhoud van alle grootmaat infrastruktuur. • Stel infrastruktuur begroting op in lyn met toekomstige ontwikkelingsvoorstelle. • Ondersteun die beplanning en konstruksie van die nuwe rioolwerke in Riebeek Kasteel om as rioolwerke van die Riebeek Vallei dorpe te dien.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Riebeek Wes

4.5 ONGEGUND

4.5.1 Histories oorsig

Die dorpie Ongegund is geskep met die totstandkoming van die sementfabriek in die 1950's op die Plaas Ongegund no 508, om aan die werknemers van die sementmyne en fabriek behuising te verskaf. Ongegund het bestaan uit sowat 80 huise op enkel residensiële erwe, ten volle gediens, wat aan die werknemers verhuur is asook 'n sentrale ontspanningsaal (klubhuis) en sportgeriewe vir die gebruik van die inwoners. Die Pretoria Portland Sement Maatskappy (PPC) bestuur het in 2001 besluit om die huise aan die inwoners te verkoop en die bestuur van die dorp aan die Swartland Munisipaliteit oor te dra.

Die unieke ligging van die dorp binne die Riebeek Vallei met panoramiese vistas en die landelike omgewing en die nabyheid van ander groter sentras, het veroorsaak dat die gewildheid van die dorp toegeneem het.

4.5.2 Dorpsiërargie en Ekonomiese Basis

Ligging

Ongegund dorp is ongeveer 5 kilometer noord van Riebeek Wes geleë, aan die voetheuwels van Kasteelberg, wat panoramiese uitsigte oor die Riebeek Vallei verseker. Ongegund word bestuur deur 'n huiseienaarsvereniging wat sekere verantwoordelikhede ten opsigte van die bestuur van die dorp het.

Ekonomiese basis

Ongegund se bestaande ekonomiese basis is residensieel en mynbou. Die dorp beskik oor sosiale fasiliteite wat insluit 'n gemeenskapsaal, tennisbane, rolbalbane en 'n swembad wat op die klubhuis erf voorkom asook 'n oop publieke nodus wat vir verskeie feestelike geleenthede gebruik word. Die bestaande sportkompleks op die dorp word ook tans as deel van 'n Rugby Akademie gebruik wat moontlik uitgebrei kan word. Die Pulpit Rock Kelder en Restaurant op die suidelike grens, net buite die stedelike area, voorsien ander sosiale en toerisme dienste. Kommersiële en ander sosiale dienste word in Riebeek Wes aangebied wat slegs 'n kort afstand vanaf Ongegund geleë is.

Die PPC myn en fabriek is noordoos van die dorp Ongegund geleë, aan die oorkant van Hoofpad 277, op die plase No 1222 en 1224 (Ongegund). Daar word tans beplan aan die uitbreiding van die bestaande fabriek en myn ten einde die produksie van sement en effektiwiteit van die fabriek te kan verhoog.

Ontwikkelingspotensiaal

Hoewel Ongegund 'n lae ekonomiese groei potensiaal het volgens die "Growth Potential of Towns in the Western Cape (2004)" studie, bied dit weens sy ligging in die Riebeek Vallei besondere geleenthede vir residensiële ontwikkeling veral ten opsigte van die aftree mark wat ook deur die GOP onderskryf word.

Die opgradering van infrastruktuur word benodig om die voorgestelde ontwikkeling verder te ondersteun. Die geleenthede vir uitbreiding en ondersteuning van agritoerisme kan ook verder ondersoek word. Hoewel die dorp nie as 'n groeipunt geïdentifiseer is nie bestaan daar wel beperkte geleenthede vir klein kommersiële nodus ten einde die bestaande en uitbreiding van die residensiële komponent te ondersteun.

4.5.3 Ruimtelike Elemente


Natuurlike Sisteme

Die dorpie word gekenmerk deur groot geformaliseerde oopruimte areas binne die dorp en word begrens aan die noordelike kant deur ou lande asook natuurlike fynbos areas hoër op teen Kasteelberg. Die nuwe ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir Ongegund sluit 'n voorgestelde geïntegreerde residensiële ontwikkeling in met rivierlope wat binne oopruimte korridors bewaar sal word.

4.5.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

Die huidige stedelike struktuur bestaan uit 'n lae digtheid onekonomiese uitleg met paaie wat hoofsaaklik enkel rye erwe bedien. Die uitleg is parallel aan die Hoofpad 227 met twee toegang punte vanaf die hoofpad na die ontwikkeling en sirkel toegangspaaie wat die interne erwe bedien. Die uitleg is in twee aparte gedeeltes om die sentrale klubhuis komplekse beplan. Beperkte moontlikhede vir invul ontwikkeling bestaan binne die bestaande stedelike struktuur. 'n Derde ingang vanaf die hoofpad bedien die mees noord westelike residensiële area wat verwyderd van die dorp voorkom. Direk aanliggend aan die toegang is daar areas wat ook moontlikhede vir invul ontwikkeling bied. Die vorm van die stedelike beboude area kan duidelik waargeneem word op die Ongegund Stedelike beboude struktuur kaart wat aangeheg is by die voorstelle kaarte.



(ii) Digtheid

Bestaande digtheid in Ongegund is baie laag met die area vir invul ontwikkeling binne die bestaande beboude stedelike vorm wat baie beperk is vanweë die ligging van ondergrondse dienste sowel as 'n dreinerings afloop op die suidelike periferie van die dorp.

Om die digtheidsnorm van Riebeeck Wes van 8.5 te bereik, sal nuwe uitbreidingsgeleenthede wat binne die stedelike rand geleë is en ontwikkelings langs die aktiwiteitsas, die digtheidsnorm moet handhaaf.

(iii) Beboude vorm

Die ouer huise wat as deel van die PPC dorp gebou is, is hoofsaaklik voorafvervaardigde huise. Daar is egter ook op van die invul areas nuwe huise gebou. Die unieke ligging van die dorp en die beperkte uitbreidings moontlikhede in die res van die Vallei, as gevolg van die ligging van hoë potensiaal landbougrond wat die dorpe omring, bied geleentheid vir beperkte goed beplande uitbreiding op versteurde landbougrond.

(iv) Funksionaliteit

Die sosiale infrastruktuur en werksgeleenthede is bereikbaar te voet. Ongegund is van Riebeeck Wes, Riebeeck Kasteel en ander groter sentras afhanklik vir ekonomiese en ander sosiale dienste en infrastruktuur.

(v) Groei Potensiaal

Vanweë die bestaande beperkte geleenthede vir stedelike uitbreiding in die Riebeek Vallei, as gevolg van die hoë potensiale landbougrond wat die dorpe omring, asook die behoefte na die behoud van die algehele landelike karakter in die Vallei is daar toenemende druk op Ongegund vir beperkte uitbreiding ten einde ook 'n meer volhoubare nedersetting daar te stel.

Die bestaande beboude gedeelte van Ongegund is redelik kompak, met groter vakante gebiede wat beperkte invul ontwikkeling toelaat wees die teenwoordigheid van dienste infrastruktuur. Daar is 'n totaal van 40ha vakante grond aan die weste kant van Ongegund ingesluit binne die stedelike rand, wat aangewend kan word vir toekomstige ontwikkeling.

4.5.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroetes** kom in Ongegund voor:

Toegang word verkry vanaf die Hoofpad 227 (R311) wat die hoof toegangsroete in die Riebeek Vallei is en ook 'n verbindingspad tussen die N7, buite Moorreesburg en die R45 tussen Malmesbury en Hermon dien.

- **Die hoofverkeersroete, die R311 (Hoofpad 227)** is die hoof verkeersroete deur die Riebeek Vallei wat aansluit by die N7 buite Moorreesburg en ook by die **R45** tussen Malmesbury en Hermon.
- **Drie toegangsroetes bestaan vanaf die hoofpad na Ongegund.** Twee van die toegangspaaie bedien die area direk aanliggend aan die hoofpad met 'n verdere toegangspunt wat die gesegregeerde residensiële gebied op die noord westelike periferie van die dorp bedien. Verskeie invul geleenthede bestaan rondom die laasgenoemde ingang.

4.5.6 Dienste en Infrastruktuur

Swartland Munisipaliteit het in 2001 die onderhoud en bestuur van die dorp oorgeneem by die Pretoria Portland Sement Maatskappy. Die eiendom binne die dorp is ook in die tydperk aan individuele eienaars verkoop. Swartland Munisipaliteit lewer tans munisipale dienste op Ongegund met die volgende beskrywing vir elkeen van die dienste:

Water

Ongegund is afhanklik van die Voëlklei Skema, met water wat in 4 reservoirs, bekend as die Kasteelberg reservoirs, gestoor word (totale kapasiteit van 1750kl) voordat dit na die verbruikers van Ongegund en Riebeek Kasteel versprei word. Behalwe vir die reservoirs van die Weskus Distriksmunisipaliteit kom daar ook een Munisipale Reservoir op Ongegund voor. Daar word ook beplan om 'n nuwe reservoir op te rig om toekomstige uitbreiding binne die dorp te akkommodeer.

Riool

Die huidige rioolstelsel in Ongegund maak gebruik van die huidige riooluitval werke wat aan PPC myn behoort het. Die Tesourie Afdeling van die Munisipaliteit toon dat daar 78 verbruikers is wat aan die riool uitvalwerke gekoppel is.

Die werke het beperkte kapasiteit en is nie voldoende om die toekomstige uitbreiding te kan akkommodeer nie. Die tekort aan riool kapasiteit verhoed tans enige onderverdeling of nuwe ontwikkeling in die dorp. Ander probleme wat geïdentifiseer is sluit in:

- Werklike kapasiteit is onbekend;
- Geen vloeimeter wat die volume kan bepaal en
- Onderhoud aan damwalle en inlaatwerke word verlang.

Daar word tans beplan aan die nuwe rioolwerke wat op Riebeek Kasteel gebou sal word om die dorpe van die Riebeek Vallei, wat Riebeek Kasteel, Riebeek Wes en Ongegund insluit, te bedien. Die werke sal teen 2013 voltooi wees.

Elektrisiteit

Die Swartland munisipaliteit tree tans as voorsiener van elektrisiteit op by Ongegund. Daar kom 'n Eskom substasie van 11000/400v 0.5MVA voor in Ongegund. Die verklaarde maksimumaanvraag is 0.35 MVA met die werklike maksimumaanvraag van 0.28MVA. Daar kom twee 400V toevoerkabels voor in Ongegund. Interne verspreiding word deur ondergrondse sowel as bopgrondse toevoerlyne gedoen. Daar is 78 residensiële verbruikers en 4 kommersiële en industriële verbruikers op Ongegund. Alle formele erwe in Ongegund beskik oor elektrisiteitaansluitings.

Die straatligte in Ongegund is ook voldoende.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit bedien. Swartland Munisipaliteit het tans net een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartland streek bedien.

Die stortingsterrein buite Riebeek Kasteel is gerehabiliteer en die 'munisipaliteit wat wag vir die uitreiking van 'n permit vir die finale sluiting van die perseel. Daar word oorweeg om skubbakke in Ongegund te laat ten einde storting van bourommel en tuinvullis te vergemaklik.

Paaie & verkeer.

Ongegund verkry toegang vanaf Hoofpad 227 wat Moorreesburg en die N7 met die Riebeek Vallei en die pad tussen Wellington en Malmesbury verbind. Daar bestaan drie toegangspunt vanaf die Hoofpad na die bestaande nedersetting van Ongegund.

Die meerderheid van Ongegund se strate is geteer, met die algemene toestand van die strate wat as redelik goed beskryf word.

Veiligheid

Daar word in die Riebeek Vallei 'n satelliet brandweerstasie sowel as 'n satelliet polisiestasie benodig.

4.5.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Ongegund het hoofsaaklik die rol van 'n landelike nedersetting binne die pragtige landskap van die Riebeek Vallei, met die residensiële funksie wat verder uitgebou kan word: Die Swartland GOP Makro Strategie oormerk Ongegund (en Riebeek Wes) vir die Harde (infrastruktuur) investering. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp wat ook ondersteun word deur die GOP voorstelle.

Toekomstige Ontwikkeling
Ekonomiese Ontwikkeling:
• Ondersteun geïntegreerde residensiële gebruike met die doel om 'n groter verskeidenheid van geleenthede binne 'n kwaliteit omgewing te skep. • Bevorder verdigting binne die stedelike area. • Optimaliseer gebruik van infrastruktuur. • Beplan in oorleg met die agtergrond wat Kasteelberg bied en beskerm die visuele karakter daarvan. • Ondersteun beperkte sake en gemeenskapsfunksies ter ondersteuning van residensiële gebruike.

Opleiding in die Riebeek Vallei moet gefokus op algemene elementêre vaardighede asook elementêre vaardighede in landbou – dit sal bydra tot die ontwikkeling van agritoerisme, kuns en entrepreneurskap.
Grondhervorming: – Swartland Munisipaliteit ondersteun die proses van grondhervorming. Projek vir grondhervorming is in Riebeek Vallei geïdentifiseer
Industriële Ontwikkeling:
Behuising/ Residensiële Ontwikkeling: Digtheid in die nuwe uitbreidings area kan verhoog word deur meer geïntegreerde residensiële ontwikkeling te skep waar daar 'n groter verskeidenheid van tipes behuising voorsien word. Hoë digtheid residensiële ontwikkeling word veral aangemoedig langs aktiwiteitstrate
Gesubsidieerde Behuising - Geen ontwikkeling van gesubsidieerde behuising word in Ongegund ondersteun nie – toekomstige tekorte in die Riebeek Vallei moet in Malmesbury aangespreek word.
Skep van meer behuising geleenthede vir afgetredenes
Openbare Oopruimtes/Bewaring:
Infrastruktuur en Dienste: Die geleenthede vir invul ontwikkeling en verdigting binne die dorp is in die laaste paar jaar belemmer deur tekort aan voldoende dienste kapasiteit. Die bestaande ondergrondse dienste belemmer ook verdere onderverdeling van groot vakante erwe. Die moontlike uitbreiding van Ongegund sal 'n bydrae kan lewer in die voorgestelde opgradering en uitbreiding van dienste en infrastruktuur kapasiteit. Verskeie opsie vir die uitbreiding en opgradering van die dienste word tans deur die Munisipaliteit ondersoek.
Veiligheid: Benodig satelliet brandweerstasie en satelliet polisiestasie in Riebeek Vallei.
Toerisme - Prioritiseer toerisme ontwikkeling in die Riebeek Vallei - bou sosio-kulturele en natuurlike aantreklikheid van die gebied verder uit - belangrik dat projekte bestaande toerisme attraksies moet bevorder en moet skakel met ander verwante toerisme bedrywe. - Ontwikkel en onderhou toerisme verwante infrastruktuur soos toerisme buro's, padtekens en toerisme fasiliteite. - Ondersteun agritoerisme geleenthede rondom Ongegund (wyn en olywe).

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Ongegund ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Ongegrond Sone Voorstelle

Verwys na Ongegrond Sone Kaart: Die dorpsgebied van Ongegrond is in vier (4) sones (areas met gemeenskaplike kenmerke) ingedeel en die grondgebruik soos aanbeveel vir die onderskeie sones volg in die onderstaande tabel:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A vorm die bestaande kern van die dorp met grotendeels 'n lae digtheid residensiële karakter. Daar kom ook ondersteunende ontspannings-funksies voor.	X	X		X			X		Langs aktiwiteit straat X	X	X	X		X	
B	Sone B het medium digtheid residensiële funksies asook vakante grond vir invul residensiële en toerisme ontwikkeling..	X	X		X	X				Langs aktiwiteit straat X	X	X	X	X	X	
C	Sone C is vakante grond wat vir uitbreiding en geïntegreerde invul ontwikkeling geormerk is..	X	X		X	X		X	Langs aktiwiteit straat X	Langs aktiwiteit straat X	X	X	X	X	X	
D	Sone D word geormerk vir hoofsaaklik residensiële uitbreiding..	X	X	Op aktiwiteitsas X	X	X		X		Langs aktiwiteit straat X	X	X	X	X	X	

Ongegund Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Ongegund Ruimtelike Voorstelle Kaart

Bewegingsnetwerk	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Ontwikkel en gradeer roetes op in ooreenstemming met die uitbreiding en ontwikkeling in Ongegund. (Sien Bewegingsnetwerk Kaart. - Versterk derde ingang na die dorp ter ondersteuning van die voorgestelde uitbreiding teen die voetheuwels van Kasteelberg.	Paaie Identifiseer en verfraai ingangspoorte na Ongegund.
Voetpaaie - Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie langs verkeersroetes. - Ontwikkel voorgestelde fietsroete in die Riebeek Vallei tussen Riebeek Kasteel, Riebeek Wes en Ongegund.	Voetpaaie - Ondersteun die voorgestelde ontspanning voetpaaie/wandelpaaie op Kasteelberg binne die groen korridors. - Ondersteun die ontwikkeling van 'n fietsroete tussen die dorpe in die Riebeek Vallei.
Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke nodusse Versterk bestaande publieke nodus by ingang na bestaande residensiële gebied.	
Gemeenskapsfasiliteite - Versterk die gemeenskapsnodus om die klubhuis wat tans vir Rugby Ontwikkeling gebruik word. - Ontwikkel 'n verbruikersvriendelike gemeenskapsarea binne die oopruimte korridor op nuwe ontwikkeling op westelike periferie. - Opvoedkundig: Kan kyk na moontlikhede vir die voorsiening van sekondêre opvoedkundige fasiliteite soos crèches binne residensiële areas om die gemeenskap beter te bedien. - Sportfasiliteite: Bestaande sportfasiliteit bied voldoende geleenthede binne die stedelike konteks. Ontwikkel eerder moontlikhede vir fietsroetes en staproetes gerig op toerisme.	Gemeenskapsfasiliteite - Landskapeer hoof verkeersroetes en voorsien straatmeublement binne stedelike areas. - Skep 'n hiërargie van aaneengeskakelde oopruimte sisteme. - Wandelpaaie en fietsroetes in Kasteelberg moet beter bemark word as toerisme attraksie.
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors Erken Kasteelberg as een van die grootste bakens en bates van die dorp met behoorlike bestuursplan vir die area om die bewaring daarvan te verseker. Bestuursplan moet lyn van	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors - Gee formele status aan bewaringsgebiede deur formele hersonering van areas na Oopruimte Sone III. - Opstel van bestuursplanne vir die bewaringsgebiede kan moontlik deel

ontwikkeling teen die hange van die berg toepas. • Identifiseer bewaringsgebiede binne en om die stedelike areas. • Benut natuurlike gebiede binne die stedelike gebiede beter deur die ontwikkeling van die areas met staproetes en ontspanningsareas. • Voorsiening van oopruimte netwerk deur die stedelike gebied wat ook aansluit by die omliggende natuurlike gebiede. • Ontwikkeling en beter benutting van oopruimte netwerk deur voorsiening van wandelpaaie binne die areas en deur die rehabilitasie van gebiede deur uitheemse indringerplante uit natuurlike gebiede te verwyder en parke meer toeganklik te maak met versorging en gebruik van inheemse plantegroei wat min onderhoud verlang asook die voorsiening van wandelpaaie binne die verskillende areas	vorm van 'n Omgewings bestuursplan.
Toeriste Fasiliteite • Ondersteun Ongegund se rol as deel van die Riebeek Vallei toerisme streek. • Ondersteun en verbeter toerisme gerigte infrastruktuur soos plaaslike toerisme ondersteunende fasiliteite.	Toeriste Fasiliteite • Stel 'n toerisme beleid vir die Riebeek Vallei op waarin spesifieke riglyne en fokusareas geïdentifiseer word om toerisme te bevorder. • Ontwikkel opvoedkundige wandelpaaie in die bewaringsgebiede
Privaat Ruimte	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensieel • Maak ruimtelik voorsiening vir groter verskeidenheid vorme van behuising. • Ontwikkel erwe in ooreenstemming met die beskikbaarheid van grootmaat dienste. • Voorsien verskeidenheid van behuising opsies, met verskillende digtheid, in Ongegund. Daar is 'n spesifieke behoefte in voorsiening van geleenthede vir afgetredenes en sosiale integrasie. • Voorsien vir toekomstige gesubsidieerde behuising in Malmesbury.	Residensieel • Identifisering van vakante areas binne die stedelike gebied wat vir residensiële invul ontwikkeling aangewend moet word. • Beplanning vir die voorsiening van grootmaat dienste moet in oorleg met die voorgestelde uitbreiding gedoen word.
Verdigting • Verdig deur middel van - o onderverdeling (deeltitel),	Verdigting • Identifiseer areas vir residensiële invulgeleenthede in ag genome ondergrondse dienste asook dreineringsloot op suidelike grens.

- o invul ontwikkeling en - o hernuwing. • Ondersteun invul ontwikkeling in Ongegund. • Laat onderverdelings en hernuwing van areas binne die konteks van die omgewing en bestaande beboude karakter toe. • Bevorder interne verdigting deur onderverdelings te ondersteun, met voorkeur enkel residensiële erfgrates van 500m² of binne die konteks van die omliggende omgewing toe of binne die konteks van die bestaande gebruike op die terrein.	• Laat onderverdeling van enkel residensiële erwe toe: of met minimum grootte van 500m² of binne die konteks van die omliggende omgewing toe of binne die konteks van die bestaande gebruike op die terrein.
Neutrale Ruimte	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersieel • Ondersteun die moontlikheid van beperkte sakegeleenthede in die dorp.	
Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
• Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpyplyne insluit.	• Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan in ooreenstemming met ruimtelike voorstelle (Raad se Raadgewende Ingenieurs). • Stel infrastruktuur begroting op in lyn met die toekomstige ontwikkelings voorstelle. • Laat ruimte in toekomstige ontwikkeling vir oprigting vir addisionele reservoir.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Ongegund

4.6 Misverstanddam

Misverstanddam is geleë in die Bergrivier wat dan ook die noordelike en oostelike grens van Swartland vorm. Ten einde die ontspanning geleentheid wat die dam bied te benut is die Misverstand oord direk aanliggend aan die dam ontwikkel. Die area bestaan uit 'n gedeelte wat vir Oord I en Oord II asook Privaat Oopruimte II gesoneer is. Die area bied verskeie oord verwante fasiliteite wat dag kampeerplekke, kampeer staanplekke, verhuring eenhede en basiese kommersiële dienste soos 'n restaurant en klein winkeltjie insluit. Daar is ook vasmeer plekke asook 'n lanseer blad vir bote. Die Oord I area kom op die westelike gedeelte van die ontwikkeling voor en bestaan hoofsaaklik uit die dagkampeerplekke, kampeerplekke, oord eenhede wat uitverhuur word asook die restaurant en winkel

Die Oord II gedeelte van die ontwikkeling kom op die oostelike grens voor met die area wat onder die bestuur van 'n Huiseienaars Vereniging ressorteer. Daar is 'n totaal van 25 individuele residensiële erwe in die gedeelte wat almal individuele titel het.

Die Misverstanddam bied 'n belangrike toerisme en ontspanningsfunksie aan die inwoners van die Swartland, omliggende munisipale gebiede en lok ook mense van die Kaapse Metropool.

Daar word geen verdere uitbreidings vir die area beplan nie.

Ruimtelike Kaart: Misverstanddam

Wyk 3 – Landelike Area

4.7 Wyk 3: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

(Verwys na Wyk 3 Landelike Voorstellingskaart)

4.7.1 Voorgestelde Landskappe

Die volgende **prominente landskappe** kom in Wyk 3 voor:

Wildernislandskap: Kus, Berge en ander habitats

- Die bergkoppe en bergreeks strek vanaf Wyk 1 oor Wyk 2, 4, 12 en 7. In Wyk 3 word die bergkoppe en bergreeks deur die Goudmyn se Berg, die Tontelberg en Kasteelberg in die Riebeek Vallei verteenwoordig.

Waterweë en verbindings:

- Die Bergrivier is 'n belangrike bron van water vir landbou (besproeiing), huishoudelike gebruik, watersport en ontspanning.
- Sandspruit is nog 'n belangrike rivier in Wyk 3.

Verbindingsweë en gordels:

- Die R311 vorm die suid-westelike grens en die N7 die westelike grens van Wyk 3.

Landboulandskap:

- Bewaar die dominante landbou landskap van Wyk 3.

Sosiale Foci en Gemeenskapslandskap:

- Wyk 3 word ondersteun deur die nedersettings van Ongegund en Riebeek Wes en word met mekaar en Riebeek Kasteel in Wyk 12 verbind deur die R311 (MR 227) sekondêre pad.

Kultuur-historiese landskap:

- Geboorteplek van Jan Smuts en die familieplaas, Allesverloren, van D.F. Malan, Oude Kerk Museum en die Kasteelberg Natuurreservaat en twee feeste (Riebeekvallei Olyffees en die Shiraazfees).

4.7.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede

Strategie 1 : Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal	
Landelike areas met ekonomiese potensiaal en ontwikkelingsgeleenthede	Voorstelle
Streeksdienssentrum:	Versterk Riebeek Wes as landboudienssentrum.
Landbou-industriële sone: PPC myn en fabriek by Ongegund.	- Versterk die padverbindings wat die industriële aktiwiteit ondersteun. - Bevorder verpakkings-, prosesserings- en verwerkingsaanlegte binne die intensiewe boerderygebied van Wyk 3 (wingerd, vrugte, groente ens.). - Skep werksgeleenthede.
Vervoerkorridors: N7 hoofroete bedien die Noord-Kaap en Namibië. R311 wat die Riebeek Vallei en Moorreesburg met die R45 verbind. Spoorlyn vanaf Paarl na Porterville.	- Bepaal die nasionale en hoofpaaie as vervoersone en maak voorsiening vir geassosieerde infrastruktuur sodat die verbinding van die area na die markte in die Kaapse Metropool asook na die noorde versterk kan word. - Versterk die R311 as streeksskakel om mobiliteit te verhoog. - Versterk die vervoersone in die wyk deur die bou van 'n vraglughawe langs die N7 tussen Kaapstad en Malmesbury te ondersteun. - Behou en bewaar die landboulandskap deur riglyne te ontwikkel om

	ondersteunende infrastruktuur wat met die omgewing saamsmelt te bevorder . - Hernu bestaande ondersteunende infrastruktuur volgens die ontwikkelde riglyne. - Bevorder spoorvervoer as vervoertipe vir vrag en passasiers.
Toerisme gebiede en nodusse: Riebeek Vallei: Geboorteplek van Jan Smuts en familieplaas, Allesverloren, van D.F. Malan, Oude Kerk Museum en die Kasteelberg Natuurreservaat, twee feeste (Riebeek Vallei Olyffees en die Shirazfees), watersport op die Bergrivier en Misverstanddam.	Sien Strategie 4.
Kommunikasiekorridors en -sones	Inligting onbekend. Bevorder toegang to inligting in landelike gemeenskappe
Energiesones: Geen	Bepaal 'n energiesone (wind en/of son).
Kern Stedelike gebiede: - Ongegund - Riebeek Wes	Ongegund dien hoofsaaklik as 'n landelike nedersetting wat hoofsaaklik 'n residensiële funksie het. Riebeek Wes is 'n plaaslike dorp met 'n beperkte landboudienssentrumfunksie vir die omliggende landbou sektor, maar funksioneer ook as 'n residensiële en toerisme sentrum.
Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte	
Mark penetrasie	Voorstelle
Huidige produkte en huidige mark	- Produseer, verpak en versprei landbouprodukte as Swartland landbouprodukte. Plaas 'n unieke kenmerk van Swartland op produkte vir identifikasie en kwaliteitskontrole. - Moedig die ontwikkeling en verwerking van nisprodukte binne die Riebeek Vallei, wat dorpe van Ongegund en Riebeek Wes insluit, aan bv. olyfprodukte, vrugte en groenteprodukte. - Versterk die voorsieningsketting van primêre landbouprodukte tot hoofmarkte deur waardetoevoeging aan landbouprodukte. - Bevorder die vervaardiging van produkte wat werk skep in die Swartland landelike areas, bv. die oes van riete, veldblomme en die maak van meubels en handgemaakte produkte van hout.

Gebied:	Koring	Ander Wintergraan	Lupiene (droë land)	Lusern	Aartappels	Wyndruwe	Tafeldruwe	Perskes	Voererte en Groenerte	Triticale en Medics	Vleis & Wol Skape	Friesbeeste	
15: Koringberg droë saai	X	X hawer, gars, rog				X	X	X			X	X	
16: Swartland saai	X		X	X Berg-rivier	X Berg-rivier	X		X			X	X	
17: Malmesbury boerdery	X	X hawer		X droë land		X			X	X	X	X	
18: Riebeek Vallei gemengde boerdery	X	X hawer	X			X	X	X			X	X	
Produk ontwikkeling										Voorstelle			
Nuwe produkte Graan, Lupiene, Lusern, Aartappels, Druwe, Perskes, Wol, Vleis, Melk										- Ondersteun nisprodukte wat komplimenterend is tot die kommersiële landbou en toerisme. - Bevorder die vervaardiging van 'n verskeidenheid van alkoholiese en nie alkoholiese drankke. - Ondersteun die vervaardiging van bio-brandstof. - Bevorder toerisme as 'n aanvullende ekonomiese bron in die landelike areas. - Ondersteun die meganisasie van landbou deur ontwerp- en hersteldienste.			
Mark ontwikkeling										Voorstelle			
Nuwe markte Plaaslik (Jeug, Staat ens.), Streek, Nasionaal, Internasionaal										- Moedig kommersiële boere aan om kleinboere te bemagtig. - Bevorder instandhouding- en skoonmaakdienste wat werkskepping bevorder bv. die skoonmaak van indringerplante langs rivierlope.			
Diversifisering										Voorstelle			
Nuwe produkte en nuwe markte Swartland het 'n baie gematigde Mediterreense klimaat, met warm, droë somers en gematigde nat, winters (Mei tot Augustus). Die gemiddelde dagtemperatuur in die somer is 30°C en 20°C in die winter.										- Bevorder die gematigde Mediterreense klimaat met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus) as 'n toerisme aanloklikheid. - Bevorder die toerismebedryf in die landelike areas as addisionele ekonomiese bron. - Bevorder kleiner boerdery eenhede wat onafhanklik is van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie.			

Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling	
Ondersteun mynbougeleenthede	Voorstelle
Grondstowwe en minerale: <i>Kalksteen:</i> word deur Pretoria Portland Cement (PPC) by hul aanleg in Riebeek-Wes (Ongegund) ontgin vir die vervaardiging van sement. Hierdie kalksteenrif strek vanaf De Hoek tot by Riebeek-Wes <i>Kalk:</i> word by Bridgetown ontgin. Kalksteen Myn net oos van Moorreesburg. Hierdie myn is tans in onbruik.	- Ondersteun die myn van landbou kalk, gebluste kalk en kalksteen en bousand. Geleenthede vir ontginning van die volgende natuurlike hulpbronne bestaan in Wyk 3: - Ontginning van kalksteen in die Riebeek Vallei (Ongegund). - Ontginning van kalk by Bridgetown. - Bevorder die her-ingebruikneming van die klaksteen myn wat tans in onbruik is (oos van Moorreesburg).
Toekenning van grondgebruiksparameters:	Bevorder grondgebruiksveranderings nodig vir die ontginning van alle natuurlike hulpbronne.
Ondersteun Volhoubare Mynbou	Voorstelle
Rehabilitering:	- Vereis rehabilitasie programme wat goedgekeur is deur Departement Minerale en Energiesake. - Kontroleer rehabilitasie aktiwiteite en hou mynlisensiehouers verantwoordelik. - Bevorder die rehabilitasie van die PPC kalksteenmyn gedurende en na funksionering bv. die aankoop van 'n addisionele plaas by Riebeek-Wes om die afval-uitgrawingsmateriaal op so 'n wyse te versprei dat dit die oorspronklike grond verbeter en nie verder onooglike mynhope skep nie.
Alternatiewe vervoer: Padvervoer word oorwegend gebruik in die Swartland Munisipale area.	Om alternatiewe, effektiewe vervoertipes en roetes te ondersoek en gebruik, bv. die treinspoor van Porterville na Paarl met 'n sylyn wat van Ongegund aansluit.
Volhoubaarheidsnorme: Balanseer die ekonomiese, omgewings en sosiale impakte.	Bepaal volhoubaarheids- en omgewingsvriendelike norme vir Swartland bo en behalwe bestaande norme vir die Departement Minerale en Energiesake. Een so 'n norm sou wees die gebruik van spoorvervoer. 'n Ander norm sou wees om tot die ontwikkeling van alternatiewe vervoer (spoor) tussen die Riebeek Vallei en Malmesbury by te dra.
Versagting van bestaande kalkmyn impakte:	Vereis dat die natuur- en landbou omgewing en landskap gedurende die funksionering en rehabilitasie van die kalkmyn beskerm word.
Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme	
Versterk Toerismebestemmings	Voorstelle
Agritoerisme: Beperkte agritoerisme bestaan in die Riebeek Vallei en die suidelike grens van Wyk 3.	- Ondersteun akkommodasie op plase in die Riebeek Vallei en op werkende graanplase. - Ondersteun die vervaardiging van nisprodukte van olywe, graan, vrugte en groente. - Versterking en uitbouing van feeste wat die landbouprodukte bevorder

	soos die Olyffees en Shirazfees. • Verbind prominente agritoerisme aktiwiteite en plaas oornagakkommodasie met die Riebeek Vallei-Yzerfontein hoof toerismoere in die Swartland. • Ondersteun padstalle om plaaslike landbou- en handwerkprodukte van die gebied te bemark. • Fasiliteer die deelname van laer-inkomste huishoudings in toerisme bv. die maak en verkoop van handwerk- en landbouprodukte by padstalletjies of plaaslike winkels.
Erfenisbestemmings: Jan Smuts se geboorte plek, Allesverloren en Groenerivier.	• Versterk plekke van kulturele en historiese erfenisbelang soos die geboorteplek van Jan Smuts, buite Ongegund, die Oude Kerk Museum en verskeie historiese plase soos Allesverloren en Groene Rivier. • Bewaar die berggebied deur 'n spesifieke ontwikkelingslyn om Kasteelberg te bepaal.
Watersport en ontspanning: Die Bergrivier bied geleentheid vir watersport en ontspanning.	• Die Bergrivier op die oostelike grens van die Wyk bied geleentheid vir kanoevaart, visvang en watersport. • Ondersteun die Bergrivier kanoemarathon. • Bevorder oorde en korttermyn verblyf langs die Bergrivier om die watersport en ontspanningsaktiwiteit te bevorder. • Bevorder die Misverstanddam as 'n waterskibestemming. • Bevorder die bestaande oord by die Misverstanddam. • Verbied ontwikkeling binne die 1:100 jaar vloedlyn van riviere en damme.
Buitelug sport en ontspanning:	• Bevorder bergfietsroetes om die Kasteelberg. • Bevorder wandelpaie en staproetes in en om Goudmyn se Berg, Tontelberg, Kasteelberg in Wyk 3 en Kanonberg in Wyk 4 en Porseleinberg in Wyk 12.
Ontwikkel Toerismebestemmings	Voorstelle
Riebeek Vallei as toerismebestemming.	• Bevorder die Riebeek Vallei as 'n toerismebestemming met die verskeidendheid wynkelders (Allesverloren, Riebeek Kelders), die jaarlikse olyffees en die verbouing van sagte vrugte (nektariens). • Bemark die bestaande staproetes, oornagakkommodasie en uitgestrekte uitsigte. Derhalwe moet ontwikkeling sensitief wees vir steil hellings en sensitiewe habitats. • Bevorder die Misverstanddam as toerismebestemming. • Verminder die risiko van vloed langs die riviere deur sensitiewe areas langs riviere te beskerm.



Versterk Toerismoeroetes	Voorstelle
Olyf-, Koring- en Wynroete	• Bevorder die Swartland Wyn- en Olyfroete spesifiek in die Riebeek Vallei. Sluit toerismegeleenthede, die bestaande gasvryheidsbedryf en toerisme-industrieë in die omliggende landelike areas in as deel van die roete. • Versterk die toerismoeroete tussen die Riebeek Vallei en Weskusstreek met Yzerfontein as fokus. • Bevorder die Biodiversiteit en Wyn Inisiatief op die plaaslike toerismoeroetes. • Bevorder treinritte vanaf Paarl of Wellington (Drakenstein Munisipaliteit) of Porterville (Bergrivier Munisipaliteit) oor die Riebeek Vallei. Bevorder ook 'n spesiale pendelaarstrein tussen die verskillende dorpe in die Riebeek Vallei. • Ontwikkel infrastruktuur wat toerisme kan bevorder soos die opgradering van paaie (R311), veral die ondergeskikte paaie binne Wyk 3 asook die verbetering van beligting langs die roetes. • Versterk die geleenthede wat die bestaande staproetes in die Riebeek Vallei en in die groter Wyk 3 vir die toerismebedryf bied.
Ontwikkel Toerismoeroetes	Voorstelle
	• Versterk eers bestaande aantreklikhede en ontwikkel dan nuwe roetes.
Groei Swartland as deel van Weskusstreek se toerisme strategie	Voorstelle
Koring- en Wynroete	• Ontwikkel Riebeek Vallei as een van die prominente besoekpunte vir agritoerisme in die Swartland. • Bevorder uniforme toerisme naamborde, duidelike informasiepunte wat die uniekheid van elke dorp en sy omliggende landelike omgewing beklemtoon. • Bevorder die bewaring van berge en koppe vanaf Koringberg in Wyk 1, deur Wyk 3 tot by Paardeberg in Wyk 12. • Die koring- en wynroete wat Bergrivier Munisipaliteit en Swartland verbind vorm deel van Wyk 3. Karteer Swartland plase en bemark die geleenthede wat hulle bied. • Bevorder treinritte vanaf Paarl of Wellington (Drakenstein Munisipaliteit) of Porterville (Bergrivier Munisipaliteit) oor die Riebeek Vallei. Bevorder ook 'n spesiale pendelaarstrein tussen die verskillende dorpe in die Riebeek Vallei.

Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling	
Versterk Streekspaaie	Voorstelle
Die munisipale area het 'n goed ontwikkelde streekspadnetwerk wat die hoofsentras soos Malmesbury, Moorreesburg en Riebeek Vallei met die groter Weskusstreek verbind asook met die aangrensende munisipaliteite soos Drakenstein, Bergrivier, en die Kaapse Metropool. Die R311 bied verbinding tussen Wyk 3 en die N7 nasionale pad.	- Die N7 is in 'n goeie toestand met onlangse verbeteringe in Wyk 1 en benodig onderhoud. SANRAL is verantwoordelik vir die onderhoud en opgradering van provinsiale en nasionale paaie soos die N7. - Bevorder die voorgestelde nuwe verbinding tussen die R311 en die R44 (Gouda, Porterville en Piketberg verbinding). - Volgehoue onderhoud en opgradering van die R311 as hoof verbinding met die N7 as die hoof roete in die Swartland. - Ondersteun die ontwikkeling van vervoernodusse langs die N7 wat met die landboulandskap saamsmelt en fokus op landbou en toerisme.
Versterk toegange en ekonomiese skakels	Voorstelle
Die R311 is 'n hoof plaaslike toegangspad in Wyk 3 en is in 'n goeie toestand. Die padverbinding tussen die Riebeek Vallei en die N7, wat toegang na Moorreesburg, Hopefield, Piketberg, gebiede verder noord, die R46 en R44 na Malmesbury, Gouda en Wellington bied.	- Volgehoue onderhoud van die R311 (Hopefield-Moorreesburg-Riebeek Vallei) wat as toerismoeroete en vervoeroeroete tussen die PPC myne op Piketberg en Ongegund dien. SANRAL is verantwoordelik vir die onderhoud en opgradering van provinsiale en nasionale paaie soos die N7. Die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke is verantwoordelik vir die opgradering en onderhoud van die provinsiale en landelike padnetwerke. - Paaie moet opgradeer word om: - Toerisme potensiaal te ontsluit; - Funksionele stedelike en landelike integrasie te kan laat plaasvind; - Inter- en Intra-munisipale toeganklikheid te kan bevorder. Swak toestande van paaie het 'n negatiewe uitwerking op die landbou en toerisme sektore.
Versterk spoorweglyne en dienste	Voorstelle
Belville-Porterville spoorlyn deur Wyk 3. PPC spoorlyn sluit aan by die Porterville-Belville lyn deur Wellington.	- Spoorweglyn moet opgegradeer en onderhou word om die landbou- en mynboubedrywigheide verder te ondersteun met geassosieerde infrastruktuur soos die stoor van graan. - Opgradering van die bestaande stasiegeboue (Riebeek Wes en Kasteel) asook die bestaande graan stoorfasiliteite. - Die moontlikheid moet ondersoek word om die spoorlyn tussen Porterville en Belville ook vir toerismedoeleindes te benut en spesifiek 'n roete vanaf Hermon en die Riebeek Vallei



Versterk Kommunikasienetwerke	Voorstelle
Skep toegang tot inligting vir plaas- en landelikebewoners.	Bevorder inligtingssentrums by gemeenskapsdiensentrums en op individuele plase om kommunikasie te verbeter insluitend telefoon, internet, TV, koerante en biblioteekboeke.

4.7.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing

Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplanningsinisiatiewe	
Bepaal Kern Areas	Voorstelle
Tontelberg en Kasteelberg asook die Kasteelberg (Waterval), Hans Gift en Riebeeksrivier Natuurreserve,	- Die Tontelberg en Kasteelberg moet as Kern 1&2 Areas geklassifiseer word, soos die bestaande Kasteelberg Natuurreserve en die Hans Gift Privaat Natuurreserve. - Bepaal 'n ontwikkelingslyn teen die hange van die Tontelberg en Kasteelberg en bergkoppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm. - Bepaal 'n 30m ontwikkelingsterugsetlyn langs die Berg- en Sandspruitrivier op die noordelike en oostelike periferie van Wyk 3. - Enige Renosterveld moet as Kern 1&2 Areas geïdentifiseer word. - Bevorder die Kasteelberg (Waterval), Hans Gift en Riebeeksrivier Natuurreserve, wat as Kern 1&2 Areas geklassifiseer is.
Bepaal Buffer Areas	Voorstelle
Die onderste gedeelte van die Kasteelberg is bedek met Hawequa Sandsteenfyfynbos, die laer gedeelte bestaan uit Swartland Skalie (Leiklip) Renosterveld wat krities bedreig is en die Paardeberg is bedek met Boland Granietyfynbos. Vele seldsame en bedreigde spesies kom voor in die area, wat moeilik oorleef as gevolg van tuisteverliese.	- Bepaal 'n klimaatveranderingskorridor vir die Kasteelberg wat strek vanaf die Swart- en Koringberg oor die Tontel- en Kanonberg en sluit die Kasteel-, Porselein- en Paardeberg in. - Identifiseer 'n bewaringsarea van ten minste 300ha vanaf die noordelike punt van Kasteelberg tot die suidelike punt van die Porseleinberg en wat dan verbind word met die Koring en Swartberg en die Paardeberg. - Hervestig die Kasteelberg Bavaria om verantwoordelike rentmeesterskap te bevorder, geleenthede te skep vir verbeterde grondbestuur asook plaaslike kommunikasie te bevorder. - Sluit Kaapse Natuurbewaring, wat die Waterval (Kasteelberg) Natuurreserve bedryf en besit, in as 'n lid van die Bavaria.
Bepaal Intensiewe Landbou	Voorstelle
	Die grootste gedeelte van die landbouproduksiegebied om die Riebeekberge, en spesifiek die gebied langs die Bergrivier, bestaan uit intensiewe landbougebruik met ekstensiewe droëlandproduksie in die

	noordelike gedeelte van Wyk 3.
Bepaal ligging en omvang van Menslike Nedersetting	Voorstelle
	• Ongegund, 'n landelike nedersetting, en Riebeek Wes, 'n plaaslike dorp, is die hoof menslike nedersettingsgebiede in Wyk 3. • Die nedersettingspatrone om Kasteelberg behoort deur 'n ontwerp- en ontwikkelkode ingelig te word.
Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap	
Beskerm die kulturele landskap	Voorstelle
Feeste en vieringe	• Bevorder die Riebeek Vallei Olyffees • Bevorder die Shirazfees • Bevorder die 350 Erfenisfees • Bevorder die Portugese Fees • Bevorder die Mediterreanese Fees • Bevorder die Lente Fees
Beskerm bevorder die erfenis landskap	Voorstelle
Die volgende erfenis landskappe word erken in Wyk 3: 1. Die Ongerepte natuurlikelandskap 2. Tradisionele jag- en weidinggebiede 3. Landskap van Koloniale-Inheemsehandel en -kontak 4. Landskap van geskiedkundige roetes 5. Die Landbou Verbouingslandskap 6. Die Geloofslandskap 7. Die Waterlandskap 8. Die landskap van konflik 9. Die landskap van verplasing en skeiding (apartheid) 10. Die Besienswaardige landskap 11. Die Geskiedkundige dorpslandskap.	• Stig klimaatsveranderingkorridors en bewareas wat die Riebeek, Porselein en Paardeberg korridor insluit en ook aansluit by die Kanon, Swart en Koringberg. Kasteelberg Natuurreservaat en naasliggende privaat natuurreservate as prominente landskap te bevorder. • Vestig 'n geskiedkundige plaas roete (eerste plase) wat Allesverloren en Groenerivier insluit. • Bevorder 'n sakramente roete wat Riebeek Wes c1858 en Riebeek-Kasteel c1863 insluit asook die Oud Kerk Museum in Riebeek Kasteel insluit. • Bevorder 'n fonteineroete in die Swartland en spesifiek in die Swartlandse dorpe. • Bevorder die Bergrivier as landskapbron. • Vestig 'n slagveld roete wat Sonquasdrif (die 17de en vroeë 18de eeu: setlaars en plaaslike stamme), militêre Nederlandse Oos Indiese Kompanje buiteposte te Groote Post en Groene Kloof (wat geleë is net buite die munisipale area – nou Mamre) en die mees fatale en suidelikste skermutseling van die Anglo-Boere Oorlog op die plaas Kraalbosdam noord van Darling insluit. • Bevorder ruimtelike integrasie in alle Swartland dorpe. • Bevorder en bewaar die geskiedkundige middedorpe. Die plasing en uitleg van die rooster is hoofsaaklik bepaal deur die posisie tot water (rivierloop en berge) die ligging en oriëntering van die kerk. • Bevorder die straatrooster en geassosieerde oopruimtes in verdere ontwikkelings in dorpe.

Klassifisering van erfenis bronne en die toepassing van erfeniswetgewing.	- Brei die Erfenisondersoek, geskoei op <i>Sisteem vir die Gradering van Belang (A4)</i>, van die stedelike area binne die Swartland Munisipaliteit, uit tot die Wyke. - Neem met elke aansoek binne die landelike omgewing die ouderdom van geboue en hul verhouding met die landskap en die historiese agtergrond van die Swartland in ag. - Argeologiese studies behoort op 'n Swartland Erfenis databasis saamgevat te word om te help met toekomstige aansoeke en oorwegings van aansoeke in omliggende areas.
Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap	
Die Riebeeckberge, valleiplein, wingerde, vrugteboorde en golwende koringland.	- Die versterking van die vervoerkorridor (N7 en R311) moet die landboulandskap ondersteun. - Enige infrastruktuur of fasiliteite moet saamsmelt met die omgewing (nie kontrasterend wees met die omgewing nie) en die gevoel van 'n ongerepte landboulandskap voort dra. - Bevorder alternatiewe gebruike op kritiese bewaringsgebiede wat volgehoue bewaring van die natuurlike gebiede ondersteun. - Bevorder die onafhanklikheid van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder, maar ook alternatiewe inkomste geleenthede vir die boere bied soos geleenthede vir ontspanningsverblyf en oorde.
Die Swartland val binne 'n winterreënvalstreek met 80% reën wat vanaf April tot September val. Wyk 2 of die Riebeeck Vallei het 'n gemiddelde reënval 500 - 600mm per jaar.	Bewaar en bevorder die landboulandskap deur die geskikte gewasse te verbou: wintergewasse onder droëlandtoestande en somergewasse kan alleenlik verbou word waar besproeiingswater beskikbaar is.
Golwende topografie maak lande kwesbaar vir watererosie.	Bekamp watererosie deur bewaringbewerkingsmetodes, die aanplant van meerjarige peulgewasse en die oprigting en onderhoud van kontoerwalle, afleibane (Gebied 15 &16) en oop dreineringsvore (Gebied 17).



4.7.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiwe sosiale omgewing

Strategie 9: Verseker voedselsekureit	
In die Wyk word grond aangetref met 'n medium tot hoë en hoë potensiaal om graan te plant. Die plase se gemiddelde grootte is $\pm 542 - 800$ha in Gebied 15, $\pm 514 - 780$ha in Gebied 16, ± 680ha in Gebied 17 en ± 445ha in Gebied 18. In al vier gebiede word koring en wyndruiwe bevorder asook wol & vleisskape en friesbeeste. Ander wintergraan gewasses word in die volgende gebiede verbou: Hawer (Gebied 15, 17 & 18), gars en rog (Gebied 15), Droëland lupiene (Gebied 16), Tafeldruiwe (Gebied 15, Morawia & 18), Lusern en aartappels (teen Bergrivier) (Gebied 16), Voererte & groenerte, Triticale, Medics en Droëland lusern (Gebied 17) en dessertperskes & lupiene (Gebied 18).	• Ontwikkel 'n strategie dat die 14% plase in Gebied 16 en die 10% plase in Gebied 17 wat kleiner is as 300ha diversifiseer en nie graan afhanklik is nie of saam met groter graanplase geboer word. • Implementeer 'n strategie om te verseker dat plaaslik geproduseerde landbouprodukte (op groot- of kleinskaal) voorkeur geniet in aankope en verkope. • Bevorder die oprigting van kontoerwalle, onderhoud van kontoerwalle en afleibane en biologiese beheer in landbougebiede 15, 17 en 18. • Bevorder die aanplant van meerjarige peulgewasse om erosie teen te werk in Gebied 15. • Moet nie lande met sandgrond in die somer kaal laat nie, maar bedek dit met voergewasse. (Gebied 16 & 17) • Bevorder, op dupleksgronde, oopvoordreiner in Gebied 17.
Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede	
Waterbronne binne die Swartlandgebied: • Berg- en Sandspruit	• Hou waterbronne skoon van indringerplante. • Bevorder bewegingsnetwerke langs die Misverstandsdam en die Sandspruit- en Bergrivier. • Bevorder toerisme fasiliteite langs die Bergrivier om te help met die diversifisering van plase in die gebiede.
Die Stormwaterstelsel is ontoereikend in die Riebeek Vallei.	• Bestuur stormwater sodat die water herwin kan word vir gemeenskapstuine.
Strategie 11: Voorsien behuising	
Om plaaswerkerbhuising te voorsien in Riebeek Kasteel.	• Om 160 huise in Riebeek Kasteel te voorsien in Fase I waarvan 25% geormerk is vir plaaswerkers gevolg deur 352 huise in Fase II.
Om plaaswerkerbhuising te voorsien in Riebeek Wes.	• Om 168 huise in Riebeek Wes te voorsien in Fase I waarvan 25% geormerk is vir plaaswerkers.
Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede	
Identifiseer Grondhervormingsgeleenthede	Voorstelle
• Plase in Wyk 3 is hoofsaaklik ekstensiewe droëland boerderypraktyke, in die noordelike en sentrale gedeeltes, asook intensiewe landboupraktyke, om Kasteelberg, wat gemiddelde hoë grondwaardes het, hoë insetkoste vereis en berus op uitgebreide meganisasie wat groot kapitale uitlegte vereis. • Wyk 3 is hoofsaaklik in privaat besit.	• Onderzoek moontlikhede vir grondhervorming op intensiewe besproeiingareas: - rondom die Bergrivier. - in die Riebeek Vallei veral om die dorpe van Ongegund, Riebeek Wes en Riebeek Kasteel • Onderzoek die moontlikheid van buitestroom aqua-kultuur langs die

Wyk 3 het hoofsaaklik landboupotensiaal met beperkte geleenthede vir toerismepotensiaal om bestaande dorpe in veral Riebeek Vallei area.	Bergrivier.
Opgradering van nedersetting, dienste en sosiale investering.	Voorsien slegs bestaande behuisingsagterstand in Riebeek Vallei met alle nuwe staatsgesubsidieerde behuising wat in die groter sentras van Moorreesburg, Darling en Malmesbury opgerig sal word.
Landbouprosessering.	- Grootskaalse prosessering behoort hoofsaaklik in Malmesbury en Moorreesburg te geskied terwyl kleinskaalse verwerking op plase en in Riebeek Wes hanteer kan word. - Moedig meer kleinskaalse landbouprosessering van plaaslike produkte aan.
Grondhervorming in ekstensiewe droëland boerderygebiede .	- Plase in noordelike en sentrale gedeeltes van Wyk 3 is hoofsaaklik ekstensiewe droëland boerderypraktyke, ±500 - 780ha in grootte, en het gemiddelde hoë grondwaardes, vereis hoë insetkoste en is afhanklik van uitgebreide meganisasie wat groot kapitale uitlegte vereis. - Grondhervormings projekte moet met die nodige omsigtigheid hanteer word ten einde volhoubare projekte te verseker.
Grondhervorming in klein of medium intensiewe besproeiing boerderygebiede.	- Beperkte geleenthede vir besproeiing bestaan wel langs die Bergrivier en word saam met ekstensiewe gebruike bedryf. Die area teen Bergrivier is nie naby uitgebreide markte nie. - Bestaande intensiewe besproeiingsareas om Kasteelberg moet beskerm word. - Beperkte geleentheid vir kleiner eenhede besproeiingsgrond is beskikbaar met grondpryse wat gemiddeld hoog is vir die areas. Die besproeiing gaan ook gepaard met meganisasie wat hoë kapitale uitlegte benodig.
Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	
Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	Voorstelle
Reservoirs, rioolsuiweringswerke, transformators en stortingsterreine.	Die prioriteite vir die voorsiening van dienste in die landelike areas behoort as volg te wees: - Voorsien voldoende stoorkapasiteit vir drinkwater in Riebeek Vallei. - Rioolwerke vir digbewoonde plase. - Opgradering van rioolsuiweringswerke in Riebeek Vallei sodat afloop aan standarde kan voldoen. - Verskaf beligting op die R311 & R46 tussen die nedersettings in die Riebeek Vallei. - Moedig vullisverwydering na punte in naaste dorp aan veral op digbevolkte plase bv. Alexanderhoek, Zonquasdrift, Konstansia en Rooihoogte in Wyk 3.
Voorsien en onderhou veeldoelige gemeenskapsdienste	Voorstelle
Bestaande begraafplaas het 'n tekort aan grafte.	Ondersteun die uitbreiding van en die ontwikkeling van 'n begraafplaas in Riebeek Wes wat die Riebeek Vallei kan bedien.


Malmesbury Volwassene Onderrig en Opleiding Sentrum (MAVOS) met dienspunte in Riebeek Wes.	• Bevorder familie geletterdheid deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak. • Maak verdere onderrig en opleiding toeganklik deur publieke vervoer te versterk of lokale beskikbaar te maak om deeltydse klasse aan te bied. • Bevorder die ontwikkeling van sosiale en ekonomiese aktiwiteite in die nedersettings om ook die landelike gemeenskap te ondersteun. • Bevorder opgradering en hernuwing van sosiale infrastruktuur en dienste.
Voorsien en onderhou openbare publieke vervoerinfrastruktuur en vervoermodaliteite	Voorstelle
	• Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke padvervoer vanaf Riebeek Vallei na Malmesbury om meer ekonomiese geleenthede vir die plaaslike bevolking te bied. • Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke spoorvervoer langs die korridor van die Belville-Porterville spoorlyn met stasies by Riebeek Kasteel, Riebeek Wes en die plase Libertas, Kruispad en Rhenostervlei in Wyk 3.

Wyk 4: Riverlands, Chatsworth en Landelike Area

Oorsig van Wyk 4

Ligging

Wyk 4 maak die suidwestelike gedeelte van die munisipale regsgebied van Munisipaliteit Swartland uit en sluit die nedersettings Riverlands en Chatsworth in wat binne die area bekend as Groter Chatsworth geleë is. Die wyk is tradisioneel onderontwikkel in terme van dienstevoorsiening en werkgeleenthede. Die omliggende landelike area sluit verskeie groot intensiewe landbou eenhede, kleinhoues en die Riverlands Reservaat in.



Demografie

Die geprojekeerde bevolking groei vir die dorpe in die wyk sien as volg daaruit.

DORPE in WYK 4	GROEI %	2007	2012	2017	2022	2027
Riverlands	3%	1200	1391	1613	1870	2167
Chatsworth	3%	4336	5027	5827	6755	7831

Tabel 13: Geprojekeerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyk 4

Oorsig van Stedelike gebiede

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Beplanning Kategorieë	ROR Klassifisering
Chatsworth	Residensieel	Slaapdorp	Grootsekaalse sosiale Investerings	Dd. Landelike nedersetting	Landelike Nedersetting
Riverlands	Residensieel	Slaapdorp	Grootsekaalse sosiale Investerings	Dd. Landelike nedersetting	Landelike Nedersetting

Tabel 14: Ruimtelike klassifisering van Riverlands en Chatsworth

Wyk 4 – Kern Stedelike Gebiede

4.8 RIVERLANDS

4.8.1 Histories oorsig

Gedurende die vroeë negentiende eeu het die Amerikaanse Metodiste Episkopale Kerk 'n plaas, bekend as Micheal Heyns Kraal, aangeskaf en 'n dorp gestig met dieselfde straatname as Kaapstad. Kopers van heinde en ver het erwe hier aangeskaf. Dienste en infrastruktuur wat aan kopers beloof is, is egter nooit geïnstalleer nie en behalwe die grootskaalse ontevredenheid het die “stad” Riverlands (soos dit genoem sou word, alhoewel die geregistreerde naam Chatsworth was) nooit tot stand gekom nie.

Later jare het die SA Spoorweë 'n gebied van ongeveer 2000ha, aangrensend tot Chatsworth en die spoorlyn, aangeskaf. Die grondbesitters wat reeds in hierdie area woonagtig was, het hulle persele teen 'n nominale bedrag van die Spoorweë gehuur. Die res van die grond is deur die Spoorweë aan die NG Sendingkerk verpag. Laasgenoemde het heelwat gedoen om die gemeenskap op te hef, met onder andere 'n winkel en 'n skool wat opgerig is.

'n Gedeelte van die gebied is deur die Wes-Kaap Departement van Natuurbewaring van die SA Vervoerdienste gekoop, aangesien dit as 'n ekologies sensitiewe gebied beskou word. Die Riverlands Natuurreservaat is op die area tot stand gebring.

Tans bestaan daar twee dorpe ongeveer 3km van mekaar af binne die area bekend as Groter Chatsworth. Die dorpe staan bekend as Chatsworth en Riverlands met beide die areas wat geklassifiseer word as nedersettings deur die Ruimtelike Beplanningskategorieë.

Riverlands het in die vroeë 1900's ontstaan rondom die NG Sendingkerk en die skool op grond wat deur Spoornet aangekoop is. Die nedersetting is parallel met die pad en spoorlyn uitgelê. 'n Fontein naby die skool het vroeër aan die stoomlokomotiewe water voorsien op hul reise na Saldanhabaai en terug. Riverlands se naam is baie gepas aangesien die dorpie deurkruis word deur 'n waterloop wat in die Swartrivier invloei wat oos van die dorp geleë is. Die dorp is redelik geïsoleer met beperkte dienste en algemene swak lewensomstandighede, wat toegeskryf kan word aan 'n hoë bevolkingsgroei, werkloosheid en ander armoede verwante omstandighede.

4.8.2 Dorpshierargie en Ekonomiese Basis

Ligging

Riverlands is ongeveer 14 kilometer suid van Malmesbury aan die weste kant van die N7 geleë. Riverlands is op die suidelike periferie van die Swartland Munisipale gebied geleë binne die area bekend as Groter Chatsworth. Toegang vanaf die N7 nasionale roete na Riverlands is via die verbindingspad no. 241 na Mamre. Die dorp is ongeveer 4.5km wes van die N7 en ongeveer 14km suid van Malmesbury geleë.

Ekonomiese basis

Riverlands, wat deel vorm van die Groter Chatsworth gebied, is 'n slaapdorp wat beperkte ekonomiese geleenthede bied. Die dorp vervul 'n beperkte ekonomiese bydrae en word as nedersetting volgens die ekonomiese hiërargie van dorpe in die Swartland, geklassifiseer.

Ontwikkelingspotensiaal

Geen toekomstige gesubsidieerde behuisingontwikkelings word in die Groter Chatsworth gebied nie beplan nie, maar wel in Malmesbury. Beperkte invul- en uitbreidingsgeleenthede na die noorde en in die suid-oostelike gedeelte (rondom bestaande kommersiële gebruike) bestaan. Die informele nedersettings area rondom die Swartrivier noord-oos van Riverlands, Vetkoekheuvel, asook wes

van Riverlands wat onderlê word deur 'n bestaande Algemene Plan, moet gesentraliseer en geformaliseer word en van basiese dienste voorsien word.

Uitbreiding en formalisering van kleinboergebied tussen Chatsworth en Riverlands moet omsigtig en sensitief beplan en geïmplementeer word en die hoogs bewarenswaardige natuurlike gebiede en korridos tussen Riverlands en Pella Natuurreservate, veral in die noorde, in aanmerking neem.

4.8.3 Ruimtelike Elemente

Die ligging van Riverlands naby die Swartrivier, asook naby die ongeskonde natuur in die omliggende Riverlands Reservaat en Dassenberg, skep 'n rustige landelike voorkoms. Die formele kern stedelike area van die dorp is redelik kompak en kom suidoos en noordwes van die skool voor.

Daar bestaan egter ook 'n meer informele nedersettings area bekend as Vetkoekheuwel, wat oos van die dorp aan weerskante van die Swartrivier voorkom. Daar kom ook ander kleiner nedersettings wes van die dorp voor. Die mense wat in die informele nedersettings om Riverlands woonagtig is maak hoofsaaklik 'n bestaan as kleinboere op die omliggende grond wat aan Transnet en CapeNature behoort.

Die bestaande sportvelde kom aan die noordooste van die ingangspad, Riverlands Rylaan, voor. Riverlands het beperkte uitbreidings moontlikhede, met voorgestelde invul ontwikkeling op die noordelike grens asook op die suid oostelike periferie rondom bestaande kommersiële en residensiële gebuie.


Die ekonomiese geleentheid in die dorp is beperk, met beperkte sosiale infrastruktuur wat ook hier voorkom. Vanweë die beperkte ekonomiese basis van die dorp dien dit hoofsaaklik as 'n geïsoleerde "oorslaap" dorp vir werkers van Malmesbury, Kaapstad, Atlantis en die omliggende plase. Die kwaliteit van dienste en infrastruktuur in die Groter Chatsworth gebied is as geheel problematies en daar word deurentyd aandag daaraan geskenk om die dienste en infrastruktuur op te gradeer.

Ten noorde van die dorp is daar ook in die verlede voorsiening gemaak vir die voorgestelde uitbreiding van die begraafplaas, met die voorstel wat nog voldoende area vir uitbreiding voorsien.

Natuurlike Sisteem

Riverlands is binne 'n hoofsaaklik landelike area geleë, waar ekstensiewe en intensiewe boerdery wat op groot sowel as kleiner plase/kleinboes in die omliggende omgewing plaasvind. Die Riverlands Reservaat kom ook onmiddellik noord van Riverlands voor.

Die gebied rondom Riverlands kan as 'n Kategorie Bc gebied (val dus in die Buffersone) geklassifiseer word wat aandui dat die dorp deel uitmaak van die Ekologiese korridor.



Die Groter Chatsworth gebied, waaronder Riverlands val, lê binne 'n algemene omgewing wat die Atlantis Sand Fynbos plantegroei ondersteun. Die hoogs bewaringswaardige areas rondom Riverlands is aangedui op die Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerk. Die hoë potensiaal van die natuurlike omgewing is erken deur die ligging van die Riverlands Natuurreservaat (ongeveer 3 km na die noorde) en Dassenberg, 'n ander ekologiese bate. Die Swartrivier, en 'n sytak van die Swartrivier, dissekter die dorp van Riverlands met beide wat 'n belangrike natuurlike verskynsels in die omliggende area is.

4.8.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

Die kern stedelike area van Riverlands kom suidoos en noordwes van die skool voor, direk wes van Riverlandsrylaan. Die bestaande sportvelde vir die dorp kom aan die noordooste van die ingangspad voor, en wel direk oorkant die skool.

Die gebied noord van die skool bestaan uit groter erwe met beperkte invul geleenthede sowel as beperkte uitbreidings moontlikhede na die noorde. 'n Sytak wat die Swartrivier voed, beperk uitbreiding na die weste van die gebied. Die gebied suid van die skool bestaan uit 'n hoër digtheid residensiële area waar gesubsidieerde behuising ontwikkel is. Die beperkte kommersiële gebruike kom binne die area suid van die skool voor met verskeie oop ruimte gebiede wat die syloop en retensie damme akkommodeer. Daar kom ook 'n informele area op die suid oostelike periferie van die dorp voor waar beperkte kommersiële en residensiële gebruike voorkom. Die area noord van die ingangspad en suid van die Swartrivier bied geleenthede vir stedelike residensiële uitbreiding.

(ii) Digtheid

Bestaande digtheid in Riverlands is 14.3 eenhede per hektaar. Die digtheidsnorm vir Riverlands is 14.6 eenhede/hektaar wat oor die volgende 10 tot 15 jaar bereik moet word. Vakante erwe binne Riverlands waarop digter ontwikkeling kan plaasvind is in privaat eienaarskap.

(iii) Beboude vorm

Die beboude vorm van Riverlands het nie 'n spesifieke styl nie. Groter erwe is geleë in die noorde van die nedersetting terwyl erwe in die suide geleë is. Invul geleenthede bestaan hoofsaaklik noord van die skool.


(iv) Funksionaliteit

Beperkte ekonomiese geleenthede en bestaande basiese kommersiële dienste kom in Riverlands voor. Die gemeenskap is aangewese op groter omliggende sentra om in hul kommersiële behoeftes te voorsien.

Werkseleenthede binne die area is beperk en inwoners maak gebruik van publieke vervoer (taxi's en busdienste) om hul werkplekke buite die area, bv. Kaapse Metropool, Atlantis en Malmesbury, te bereik.

(v) Groei Potensiaal

Uitbreidingsgeleenthede in die bestaande dorpsgebied van Riverlands is beperk. Slegs op die noordelike en suid oostelike periferie is beperkte geleenthede vir uitbreiding. Die addisionele grond wat benodig word is soos volg:



RIVERLANDS

Addisionele Grond nodig vir uitbreiding: 2011-2022	
Jaar	ha
2012	3.3
2017	6.7
2022	10.4

Tabel 15: Addisionele grond nodig vir Riverlands.

4.8.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroete** kom in Riverlands voor:

- Die **Hoof verbindingsroete** tussen die N7 en Mamre, wat toegang aan Riverlands voorsien vanaf die N7, is verbindingspad no. 241 wat ook as Riverlandsrylaan bekend staan. Die skool en kommersiële dienste kry direk toegang vanaf die roete. Die bushalte is ook direk aanliggend aan die roete, by die skool, geleë.
- Ander **aktiwiteitsasse** binne die dorp sluit in Arendstraat, Pelikaanstraat en Kelkiewynstraat wat binne die suidelike gedeelte voorkom.

4.8.6 Dienste en Infrastruktuur

Volgens die Swartland GOP het die vorige Wyk 7 (nou gedeeltes van Wyk 4 en Wyk 7) die grootste dienste agterstand en moet die voorsiening van basiese dienste in die gebied gevolglik as 'n hoë prioriteit gesien word. Vanweë die lae gegewe ontwikkelingspotensiaal van die area ondersteun die GOP egter eerder sosiale ontwikkeling op die langtermyn. Die voorgestelde ontwikkeling van die N7 korridor kan egter bydra om die aard van die nedersettings aansienlik te verander met die skep van meer geleenthede op langtermyn. In die medium termyn moet daar veral op die volgende aspekte van dienste voorsiening klem geplaas word:

- Voorsiening van basiese vlak van dienste;
- Integrasie van Chatsworth en Riverlands deur middel van voorsiening van gedeelde infrastruktuur.

Die lewering van dienste, veral in die landelike gebiede van Wyke 4 en 7, is ook 'n groot probleem aangesien daar geen akkurate en betroubare inligting oor dienste agterstande in die gebied bestaan nie. Swartland Munisipaliteit is tans besig om in samewerking met konsultante die nodige data te korreleer om die presiese stand van dienste voorsiening in die landelike area van Wyk 7 (nou gedeeltes van Wyk 4 en Wyk 7) vas te stel ten einde die behoefte te kan bepaal en daadwerklik op te tree.

Swartland Munisipaliteit lewer tans munisipale dienste op Riverlands met die volgende beskrywing vir elkeen van die dienste:

Water

Volgens Swartland GOP is 20% van die huishoudings in Riverlands tans afhanklik van gemeenskaplike waterpunte vir hulle water. Hierdie persentasie verteenwoordig 45 behoeftige huishoudings in Riverlands. Huidige probleme wat aangespreek moet word sluit in:

- Beperkte grootmaat voorsiening;
- Komplekse grootmaat voorsiening stelsel.

Riverlands is afhanklik van die Voëlvlei Skema wat duer pypleidings via Malmesbury en Kalbaskraal na Chatsworth en Riverlands gelei word. Daar is ook drie (3) boorgate op Riverlands wat deur die watersuiweringswerke gesuiwer en dan gepomp word na die reservoir wat Riverlands en Chatsworth bedien. Die reservoir het 'n totale kapasiteit van 2 400 kl. Die pyplyn tussen Malmesbury, Kalbaskraal en die Groter Chatsworth gebied is onlangs opgegradeer soos per "Water Services Development Plan (2008)"

Riool

Formele rioolaansluitings in Riverlands is beperk tot 'n gedeelte van die dorp se erwe met die res van die erwe wat oor riooltenke beskik. Die Swartland Water Dienste Verslag van 2008/2009 toon aan dat daar 279 verbruikers in die dorpsgebied is wat aan die bestaande riool uitvalwerke gekoppel is. Riool word via 'n pompstasie na die rioolwerke gepomp. Die bestaande rioolwerke wat Chatsworth en Riverlands bedien bestaan uit oksidasiedamstelsel en is ongeveer 2 km vanaf Riverlands in die rigting van Chatsworth geleë. Die bestaande suiweringswerke het beperkte kapasiteit en beoogde uitbreiding van die rioolwerke sal op-perseel (tussen Riverlands en Chatsworth) gedoen word.

Die Swartland GOP bevestig dat die rioolzuigtenkvragsmotors nie nuwe riooltenke kan diens nie. Ander probleme is sluit in:

- Werklike kapasiteit is onbekend
- Geen vloeiometer wat die volume kan bepaal en
- Onderhoud aan damwalle en inlaatwerke word verlang
- Afloop voldoen nie aan standaarde

Elektrisiteit

Eskom is die elektrisiteit voorsieningsowerheid in Riverlands. Straatbeligting is onvoldoende.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit verwyder. Swartland Munisipaliteit het tans net een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartlandstreek bedien.

Die gemeenskap van Riverlands het die gebruik van publieke 'aflaai' punte waar vullis wat nie opgelaaai word nie (soos bv. tuin vullis) gestort kan word.

Paaie & verkeer

Riverlands verkry toegang vanaf die N7 nasionale roete via verbindingspad no. 241 wat as Riverlandsrylaan bekend staan en op die noord oostelike kant van die dorp geleë is. Riverlandsrylaan vorm die hoof aktiwiteitsas in die dorp en loop parallel met die spoorlyn wat deel vorm van die Kalbaskraal-Darling-Saldanha lyn. 'n Bestaande aktiwiteitstraat, Arendstraat sluit in 'n oos-wes rigting aan by die Rylaan. Die formele stedelike gebied van Riverlands is voorsien van teerstrate met formele stormwaterstelsel terwyl die paaie in die informele deel van die dorp deur tweespoor sandpaaie in 'n swak toestand, veral na die reënseisoen, bedien word.

Veiligheid

Die area word nie deur 'n polisiestasie of brandweer bedien nie.

4.8.7 Plaaslike Groei Strategie

Die Swartland GOP hoop om die Makro Strategie, wat die ideale ontwikkelingspatroon voorsien vir die areas. Die spesifieke riglyne van Swartland GOP vir die Groter Chatsworth gebied, wat Chatsworth asook Riverlands insluit, stel die voorgestelde toekomstige integrasie van die twee nedersettings voor. Die integrasie van die dienste en infrastruktuur binne die twee dorpe sal 'n meer volhoubare stedelike area daargestel, met beter en meer koste effektiewe gebruik van sosiale infrastruktuur en dienste. Die swak ekonomiese basis binne die gebied veroorsaak grootskaalse werkloosheid en sosiale probleme. Ten einde die swak ekonomiese tendense binne die dorpe aan te spreek word 'n proaktiewe rol binne die gemeenskappe vereis waar ontwikkelingsgeleenthede

gestimuleer en ondersteun moet word ten einde 'n groter ekonomiese basis daar te stel. Deur meer geïntegreerde residensiële ontwikkelings binne die gebied te ondersteun word meer geleenthede geskep vir 'n verskeidenheid van inwoners om te kom vestig in die gebied. Die Groter Chatsworth area word in die GOP aangewys as die area met die grootste dienste agterstande in die Swartland. Daar word aanbeveel dat enige toekomstige ontwikkeling in die gebied sowel as ontwikkeling langs die N7 korridor op so wyse moet geskiet dat dit 'n positiewe effek op die voorsiening van dienste in die gebied tot gevolg sal hê.

Laat beperkte groei in 'n noordelike rigting toe asook die formalisering en beperkte groei oos van Riverlands Rylaan rondom bestaande kommersiële en informele residensiële areas. Op kort termyn word die ontwikkeling van sosiale gemeenskap dienste gesien as 'n prioriteit sowel as die integrasie van Chatsworth en Riverlands deur die voorsiening van gesamentlike infrastruktuur.

4.8.8 Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones en Voorgestelde Ontwikkeling

Riverlands het hoofsaaklik die rol van 'n slaapdorp met beperkte ekonomiese geleenthede binne 'n landelike omgewing in die Groter Chatsworth gebied. Die area word omring deur kleinboewe ontwikkelings en die Riverlands Reservaat onmiddelik noord van die stedelike area, met Atlantis wat ook in die naby geleë is.

Toekomstige Ontwikkeling
Verbinding & Mobiliteit: • Uitbreiding van busroetes in Wyk 3 ten einde inwoners die geleentheid te gee om in omliggende groei punte te gaan werk. Bevorder dus individuele mobiliteit met verhoogde toegang tot publieke vervoer.
Ekonomiese Ontwikkeling: • Formalisering van die kleinboere nedersetting en kleinboere gebruike in die omliggende landelike omgewing. • Bevorder die skep van meer werkgeleenthede.
Grondhervorming: Swartland Munisipaliteit ondersteun die proses van grondhervorming. • Projek vir grondhervorming is in Riverlands/Chatsworth gebied geïdentifiseer - area vir vestiging van kleinboere op gebied tussen Chatsworth en Riverlands.
Industriële Ontwikkeling: • Kleinskaalse diensnywerhede
Behuising/ Residensiële Ontwikkeling: • Bevorder verdigting binne die stedelike area.
• Gesubsidieerde behuising - Geen ontwikkeling van toekomstige gesubsidieerde behuising in Riverlands – toekomstige tekorte moet in Malmesbury aangespreek word. • Huidige behuising agterstand – 174. • Groei potensiaal van residensiële ontwikkeling - Lae Prioriteit.
Openbare Oopruimtes/Bewaring:
Infrastruktuur en Dienste:
Veiligheid: Die Wyk geïdentifiseer as 'n prioriteit area vir die verbetering van veiligheidsdienste met die vestiging van satelliet polisiestasie sowel as satelliet brandweer wat die Groter Chatsworth area kan bedien • Benodig satelliet brandweerstasie en satelliet polisiestasie in Wyk 4.
Toerisme. • Optimaliseer gebruik van infrastruktuur.

Sosiale Ontwikkeling

- Ondersteun beperkte sake en gemeenskapsfunksies binne die Groter Chatsworth gebied ter ondersteuning van residensiële gebruike.
- Bevorder die integrasie van Riverlands en Chatsworth gemeenskappe deur die skep van geïntegreerde dienste vir beide dorpe binne 'n sentrale ligging tussen die twee nedersettings.
- Medium termyn fokus, wat gerugsteun kan word deur verskeie rolspelers wat insluit Weskus Distriksmunisipaliteit, Provinsiale departemente van Vervoer en Publieke werke en Waterwese en Bosbou, moet val op:
 - o Ontwikkeling van gemeenskapsfasiliteite – Veeldoelighedsentrum.
 - o Vroeë kinderontwikkeling.
 - o Satelliet biblioteekdiens – die fasiliteit is gedurende 2011 by Chatsworth gevestig om die twee gemeenskappe te bedien.
 - o Voorsien basiese vlak van dienste – wis die dienste agterstand uit in stedelike sowel as omliggende landelike area van die ou Wyk 7 (nou Wyk 4 en Wyk 7) waar dienste lewering beperk is.
 - o Integreer Chatsworth en Riverlands deur gedeelde infrastruktuur en gemeenskapsfasiliteite.

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Riverlands ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone voorstelle en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word Die Swartland GOP Makro Strategie oormerk Riverlands vir Sagte (mense & sosiale infrastruktuur) investering. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp.

Riverlands Sone Voorstelle

Verwys na Riverlands Sone Kaart: Die Ten einde veral die residensiële karakter van Riverlands verder uit te bou en te ondersteun en voorstelle in ooreenstemming met bestaande karaktertrekke binne die dorpsgebied te doen is die dorp in agt (8) sones ingedeel. Die individuele sones sluit areas in met gemeenskaplike kenmerke waarvolgens grondgebruike voorgestel kan word. Die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones van Riverlands is soos volg:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Afreëoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A het 'n residensiële karakter met groter erwe op die noordelike periferie..	X	X		X			X		Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X		
B	Sone B bestaan uit institusionele gebruike soos die skool en sportveld.				X	X					X			X		
C	Sone C het 'n hoë digtheid residensiële karakter met beperkte ondersteunende kommersiële gebruike.		X	X	X			X		Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X	X	
D	Sone D bestaan uit die sentrale nodus en areas direk omliggend daartoe.			X	X	X	X		X	X	X	X		X		Slegs Diens- nywerhede X
E	In Sone E is 'n enkele perseel waarop 'n nywerheid tans bedryf word.								X	X						Slegs Diens- nywerhede X
F	In Sone F is die area suidoos van die toegangspad, waar sakefunksies voorkom en benodig formalisering.	X	X	X	X		X		X	Langs aktiwiteitsas X	X		X		X	Slegs Diens- nywerhede X
G	In Sone G is 'n area suidoos van die toegangspad, waar hoofsaaklik informele residensiële funksies voorkom en benodig formalisering.	X	X	X				X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X		X			Slegs Diens- nywerhede X
H	Sone H bestaan uit hoofsaaklik informele kleinboere wat buite die stedelike randgebied om die Swartrivier gevestig het.	Formaliseer area vir kleinboer bewoning en gee eienaarskap.														

Riverlands Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Riverlands Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Opgradeer en ondersteun Riverlandsrylaan as aktiwiteitsroete, ingang tot die dorp en deurgang tot Riverlands Natuurreservaat. - Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerde aktiwiteitsasse en aktiwiteitstrate binne Riverlands. - Verfraai die hoof deurgangsroetes deur Riverlands asook op interne aktiwiteitstrate deur die aanplant van bome langs die roetes. - Installeer spoedbeheer meganismes om verkeerspoed op Riverlandsrylaan te breek en te verminder. - Verhoog individuele mobiliteit van inwoners deur voldoende toegang tot publieke vervoerfasiliteite daar te stel. - Ondersoek moontlikheid van spoorvervoer as alternatiewe publieke vervoermiddel vir mense in Groter Chatsworth omgewing.	Paaie - Verfraai hoof ingangspoorte, naamlik Riverlandsrylaan, deur boomaanplanting en straatmeublement. - Ontwikkel bushalte en taxi stop voor skool in Riverlandsrylaan om verhoogde mobiliteit en toegang tot publieke vervoer aan die inwoners te verleen vir toegang tot beter ekonomiese geleenthede.
Ruimtelike Integrasie - Ondersteun integrasie met Chatsworth deur die bou van 'n veeldoelige gemeenskapsentrum en ander ondersteunende sosiale infrastruktuur in sentrale area tussen die twee dorpe. - Bekom die area tussen Riverlands en Chatsworth, wat onderlê word deur 'n bestaande Algemene Plan, vir die formalisering van die gebied vir kleinboere. - Bevorder die gemengde gebruike langs die aktiwiteitsas om sosiale en ekonomiese integrasie te bevorder. - Bevorder en ondersteun meer intensiewe landbou gebruike en kleiner landbou eenhede in omliggende landelike area tussen Chatsworth en Riverlands en Groenrivier kleinhoewe gebied (vir verhoogde produksie, toename in grondeienaarskap, vestiging van meer kleinboere en laer grondbelastings)	Ruimtelike Integrasie - Koop van die area tussen Riverlands en Chatsworth en die kanselleer van die bestaande Algemene Plan van die gebied. - Identifisering van erwe op Algemene Plan in privaat besit en onderhandel voorgestelde ontwikkeling. - Formalisering van die kleinboer vestiging in die gebied met inagneming van die groter bewarenswaardige gedeelte in die noordelike gedeelte van die gebied. - Ondersteun die skep van 'n veeldoelige gemeenskapsentrum in area tussen Chatsworth en Riverlands om die gemeenskappe beter te bedien en te integreer.
Voetpaaie Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie en	Voetpaaie Verbeter en formaliseer voetgangerroetes deur die dorp en installeer

fietsroetes langs verkeersroetes.	straatbeligting.
Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke Nodusse • Ontwikkel sportterrein as sentrale publieke nodus vir Riverlands gemeenskap. • Skep van funksionele van oop ruimte netwerk vir publieke gebruik. • Wend voorgestelde bushalte/taxihalte area voor skool aan as sentrale markgebied. Skep formele publieke nodusse voor kerk en skool met boomaanplanting en straat meublement, waar informele handel en markte kan plaasvind. • Die spoorlyn vorm sterk as deur Riverlands met boomaanplanting in die laan om die as te versterk en ook te verfraai.	Publieke Nodusse • Gradeer area om die retensiedam in Sone C op, om te dien as 'n funksionele oopruimte area en publieke ontspanningsnodus. • Beveilig dam en skep speelpark fasiliteit. • Skep publieke park langs sytak van Swartrivier wat deur skool perseel loop.
Gemeenskapsfasiliteite • Voorsien ondersteunende gedeelde gemeenskapsgeriewe binne die sentrale ligging tussen Riverlands en Chatsworth. • Formaliseer van die bestaande oopruimte areas vir ontspanningsfasiliteite. • Voorsien primêre gesondheidsfasiliteite binne die gemeenskap. • Ondersteun gemeenskapsgerigte projekte binne die woongebiede wat toeganklik is vir inwoners. • Ontwikkel veeldoelige gemeenskapsentrum tussen Riverlands en Chatsworth wat beide gemeenskappe kan bedien. • Brei begraafplaas, noord van die dorp, uit. Opvoedkundig: • Maak voldoende voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite veral crèches binne residensiële areas om die gemeenskap beter te bedien. Sportfasiliteite • Gradeer bestaande sportnodus in Riverlands oos van die skool, op. • Ontwikkel sportnodus om breër gemeenskap van Groter Chatsworth te bedien.	Gemeenskapsfasiliteite • Formaliseer die area rondom die retensiedam in Pelikaanstraat as piekniekarea. Beveilig die dam gedeelte. • Formaliseer van die area langs die afloop, wes van die skool, met landskapering en wandelpaie soos deur Johan van Papendorp voorgestel. • Identifiseer moontlike area vir veeldoelige gemeenskapsentrum tussen Chatsworth en Riverlands. • Brei begraafplaas noord van Riverlands, uit. Sportfasiliteite • Identifiseer sentraal geleë gebied tussen Riverlands en Chatsworth vir die ontwikkeling van 'n groter sentrale sportnodus wat beide die stedelike asook die omliggende landelike gemeenskappe kan bedien.

Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Identifiseer bewaringsgebiede en korridors binne die stedelike area en stel 'n bestuursplan vir die area op. • Benut natuurlike gebiede binne die stedelike area as ontspanningsareas. • Beperk uitbreiding van stedelike rand suidwaarts deur sloot as grens te gebruik. • Voorsien 'n korridor tussen die Riverlands en Pella Natuurreservaat noord van die dorp ingesluit die noordelike gedeelte van Michiel Heyns Kraal in wat tans deur 'n bestaande algemene plan onderlê word. Oopruimte netwerk • Voorsien aaneenlopende oopruimte netwerk deur die stedelike gebied. • Ontwikkeling en beter benutting van oopruimte sisteme deur voorsiening van wandelpaie binne die areas asook ontspanningsgebiede. • Boomaanplanting langs roetes soos in landskapering voorstelle van Johan van Papendorp voorgestel is.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Gee formele status aan bewaringsgebiede deur hersonering na Oopruimte Sone III. • Stel bestuursplanne op vir die bewaringsgebiede as deel van 'n Swartland Omgewingsbestuursplan. • Voorsien buffer tussen die landelike nedersettings gebied langs die Swarttrivier en die Riverlands Natuurreservaat wanneer die nedersettings gebied geformaliseer word. • Formaliseer publieke oopruimte gebied as funksionele gebiede wat beter benut kan word deur die gemeenskap. Opgradering van area om die retensiedam in Sone C, om te dien as 'n funksionele oopruimte area wat 'n belangrike publieke ontspanningsnodus kan word. Beveilig dam en skep van park omgewing rondom die dam.
Historiese Bewaringsgebiede • Hou streng kontrole oor die aanbouing en slopinge by geboue met erfenis belang.	
Toerisme • Ontwikkel Riverlands as toerisme nodus geleë op die toegangsroete na die Riverlands Natuurreservaat. • Ontwikkel die verbouing van veldblomme in die gebied as toerisme attraksie ingesluit 'n blommemark. • Moedig Agritoerisme aan in die omliggende omgewing.	Toerisme • Implementeer die landskaperingsvoorstelle wat deur Johan van Papendorp voorgestel is.
Private Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensieel • Maak voorsiening vir alle vorme van behuising. • Ontwikkeling van erwe moet geskied saam met die beskikbaarheid van grootmaat dienste. • Voorsien behuisingopsies in nuwe residensiële uitbreidings. • Vul in en brei uit op noordelike periferie en in suidoostelike gedeelte van stedelike gebied.	Residensieel • Identifiseer vakante areas binne die stedelike gebied wat vir residensiële ontwikkeling aangewend moet word. • Hou behuising waglyste op datum. • Formaliseer die landelike nedersettingsarea, Vetkoekheuvel, buite Riverlands langs die Swarttrivier, deur die aankoop van die gebied en die formalisering van dienste en erwe in die gebied.

• Voorsien toekomstige gesubsidieerde behuisingsbehoefte van Groter Chatsworth gebied in Malmesbury. • Formaliseer landelike nedersettingsarea van Kleinboere.	• Bied eienaarskap vir kleinboere wat in die Vetkoekheuwelarea woon.
Verdigting • Verdig in Riverlands deur middel van - o onderverdeling (deeltitel), - o invul ontwikkeling en - o hernuwing. • Verdig volgens die voorstelle in die sones met hoër digtheid residensiële ontwikkelings langs aktiwiteitsas (Sien voorstelle kaart). • Bevorder interne verdigting deur onderverdelings te ondersteun, met voorkeur enkel residensiële erfgrottes van 500m² of soos die karakter van die area dit toelaat.	
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersiële nodus • Versterk die bestaande sake nodus langs Riverlands rylaan, en by die kruising van Arendstraat en Waterblommetjiesstraat. • Ondersteun huiswinkels en professionele dienste langs aktiwiteitstrate.	Kommersiële nodus • Formaliseer die bestaande sakefunksie op suidoostelike periferie van die dorp en skep geleenthede vir behuising en diensnywerhede in die area.
Industrieel • Versterk geleenthede vir beperkte kleinskaalse nywerheidsontwikkeling.	Industrieel • Voorsien geleenthede vir beperkte diensnywerhede in voorgestelde uitbreidingsgebied op suid oostelike periferie in Zone F en G.
Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
• Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoors, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpylyne insluit. • Voorsiening grootmaat infrastruktuur tussen Chatsworth en Riverlands met uitbreiding van rioolwerke op bestaande perseel vir beide nedersettings.	• Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan en verseker versoenbaarheid met ruimtelike voorstelle (Raad se Raadgewende Ingenieurs). • Stel Meesterplan op vir voorsiening en onderhoud van alle Grootmaat infrastruktuur. • Stel infrastruktuur begroting op in lyn met toekomstige ontwikkelingsvoorstelle. • Gradeer rioolwerke op.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Riverlands

4.9 CHATSWORTH

4.9.1 Historiese oorsig

Die geskiedenis van Chatsworth en Riverlands is dieselfde tot die 1900's toe die nedersetting rondom die kerk, wat dateer uit die jaar 1900, gevestig het. 'n Skool het in 1906 gevolg en die kerk en skool is nog steeds die fokuspunt van die dorp. Chatsworth is aanvanklik deur 'n privaat ontwikkelaar gekoop wat weer later erwe aan individue verkoop het. Die meerderheid van die erwe in Chatsworth is dan ook in privaat besit.

Die area wat tussen Chatsworth en Riverlands geleë is het 'n onderliggende Algemene Plan, met enkele van die erwe wat in privaat besit is, met die grootste gedeelte van die gebied wat in die eienaarskap van Transnet is.

4.9.2 Dorpshiërargie en Ekonomiese Basis

Ligging

Chatsworth is op die suidelike periferie van die Swartland Munisipale gebied geleë binne die area bekend as Groter Chatsworth. Toegang vanaf die N7 nasionale roete na Chatsworth is via die verbindingspad no. 241. Die dorp is ongeveer 4.5km wes van die N7 en ongeveer 14km suid van Malmesbury geleë.

Ekonomiese basis

Chatsworth, as 'n dorp wat deel vorm van die Groter Chatsworth gebied, is hoofsaaklik 'n slaapdorp, 'n area met hoë menslike behoeftes met dienste agterstande, wat beperkte ekonomiese geleenthede bied.

Ontwikkelingspotensiaal

Chatsworth maak 'n baie beperkte bydrae tot die ekonomiese hiërargie van dorpe in die Swartland. Inwoners van Chatsworth werk in Kaapstad, Atlantis, omliggende plase en Malmesbury. Die isolasie van die dorp dra by tot swak lewensomstandighede, hoë bevolkingsgroei, werkloosheid en ander armoede verwante omstandighede. Die Groter Chatsworth gebied is ook geïdentifiseer in die GOP as die area in die Swartland wat die grootste uitdaging bied in terme van dienste voorsiening en opgradering.

Moontlikhede om die omstandighede te verbeter blyk onder andere toerisme, ontginning van plaaslike hulpbronne (bv marktuine/gemeenskaplike tuine), bewaring en ekotoerisme te wees.

Die nuwe gesubsidieerde behuisingsprojek is in die noordelike gedeelte van die dorp ontwikkel om die behuisingsagterstand aan te spreek. Toekomstige gesubsidieerde behuisings sal in Malmesbury, Moorreesburg en Darling, voorsien word.

Die voorgestelde stedelike randgebied is baie nou om die dorp getrek met beperkte geleenthede vir uitbreiding direk aanliggend aan die noordoostelike grens asook direkte noord van die toegangspad waar die ontwikkeling van diennywerhede voorgestel word. Die gebied noordoos van die toegangspad, tussen Riverlands en Chatsworth, is geïdentifiseer as 'n area vir 'n sentrale gemeenskapsnodus om die Groter Chatsworth gebied te bedien. 'n Thusong sentrum (veeldoelige gemeenskapsentrum), sportvelde, skool en begraafplaas sal in die area ontwikkel word. Die gemeenskaplike area sal sosiale integrasie tussen Chatsworth en Riverlands bevorder.

4.9.3 Ruimtelike Elemente

Natuurlike Sisteme

Die dorp het 'n redelike kompakte driehoek vorm met geen formele oopruimte sisteme wat binne die stedelike gebied voorkom nie.

Die Groter Chatsworth gebied, waaronder Chatsworth val, lê binne 'n algemene omgewing wat die Atlantis Sandveldfynbos plantegroei ondersteun. Die Atlantis Sandveldfynbos plantegroei tipe is gelys as bedreig. 'n Botaniese opname, wat as deel van die Basiese Evalueringsproses deur *Cape Lowlands Environmental Services* gedoen is vir die gesubsidieerde behuising projek, het 'n hoë diversiteitsarea geïdentifiseer op die noordelike grens van Chatsworth se stedelike randgebied wat bewaar moet word. Die gedeelte is dan ook vir Oopruimte III (natuurreservaat) doeleindes gesoneer. Dit bied dan ook 'n korridor na die Riverlands Natuurreservaat wat noord oos van die gebied geleë is.

Baie van die plantegroei in die omliggende gebiede was egter verwyder as gevolg van landbou aktiwiteite en is nou oortrek met die uitheemse boom *Acacia saligna*.

4.9.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

- Unieke kenmerkende driehoekige nedersettingspatroon met ingang na dorp op een punt van die driehoek, op die oostelike grens.
- ruitpatroon binne die driehoek.
- hiërargie van oopruimte sisteme afwesig.
- Gesubsidieerde behuisingprojek op noordelike periferie van Chatsworth het bestaande ruitpatroon intern aangepas sonder om bestaande paduitleg te verander.
- Mees noordelike gedeelte is uitgewys as sensitiewe natuurgebied wat bewarenswaardig is en dienooreenkomstig as Oopruimte III (natuurreservaat) gesoneer is.
- Ekonomiese en sosiale nodus is op die punt van die driehoek die ingang van die dorp gevestig. Die meerderheid van die sosiale en kommersiële dienste is rondom die nodus gevestig, met huiswinkels wat ook verspreid in die res van die dorp langs aktiwiteit strate voorkom. 'n Nuwe kleiner nodus is ook as deel van die behuisingprojek in die noordelike gedeelte geskep aanliggend aan Malmesbury- en Randorstraat.



(ii) Digtheid

Bestaande digtheid is 8.8 eenhede per hektaar.

Die digtheidsnorm is 10.3 eenhede/hektaar oor die volgende 10 tot 15 jaar te bereik.

(iii) Beboude vorm


Daar bestaan geen unieke boustyl in Chatsworth nie. Die residensiële ontwikkeling is hoofsaaklik enkel residensiële van aard met beperkte medium digtheid residensiële erwe asook beperkte sosiale en ekonomiese dienste wat voorkom binne die gebied.

(iv) Funksionaliteit

Die beperkte kommersiële en sosiale dienste naby die ingang van die dorp en op aktiviteitstraat deur die dorp is bereikbaar te voet. Inwoners is grootliks afhanklik van die omliggende dienssentrums vir die voorsiening in kommersiële en sosiale behoeftes. Die plaaslike preprimêre skool en laerskool bedien die dorp met verskeie kerke wat ook in die gebied voorkom. 'n Mobiele biblioteek is onlangs in Chatsworth gevestig. 'n Nuwe kleiner nodus is ook as deel van die behuisingprojek in die noordelike gedeelte van die dorp geskep.

(v) Groei Potensiaal

Ten einde voldoende area te voorsien om aan die behoeftes van die groeiende bevolking te voldoen word 'n totaal van 9.0ha in die eerste 5 jaar periode (tot 2012) benodig, en 18.7ha (2017) en 29.1ha (2022) in die daaropvolgende 5 jaar periodes. Die meeste vakante areas binne Chatsworth is in privaat eienaarskap en verdigting is afhanklik individueel. 'n Beperkte area vir uitbreiding word langs die noord oostelike grens voorsien asook 'n gebied rondom die ingang na Chatsworth. Laasgenoemde area word geoormerk vir die ontwikkeling van diensnywerhede en gemeenskapfasiliteite. Diversifisering van gebruike, waar sakegebruike op grondvloer en residensiële op eerste vloer voorgestel word. Hierdie voorstelle kan op geïdentifiseerde aktiviteitsstrate binne Chatsworth, ondersteun.



4.9.5. Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroetes** kom in Chatsworth voor:

- Die **Hoof verbindingsroete**, verbindingspad no. 241, wat toegang aan Chatsworth voorsien vanaf die N7,. Die skool en kommersiële dienste kry direk toegang vanaf die roete. Die bushalte is direk aanliggend aan die roete by die skool geleë.
- Die hoof **aktiwiteitsasse** binne die dorp sluit in Hoofstraat (Derdelaan) wat die hoof ingang na die dorp is, met Randorstraat wat toegang na die noordelike gedeelte bied.
- Edwardstraat en Milnerstraat saam met Sewende-, Vierde-, Vyfde-, Tweedelaan en Cambridgestraat vorm die hoof **aktiwiteitstrate** deur Chatsworth, wat deel uitmaak van die busroete deur die dorp.

Die hoof sentrale nodus in die dorp kom voor tussen Vierdelaan, in die noorde, Tweeddelaan in die suide, Milnerstraat in die weste en Randor- en Cemeterystraat in die ooste.

4.9.6 Dienste en Infrastruktuur

Die Swartland GOP identifiseer die area om Groter Chatsworth en Kalbaskraal as die gebied met die grootste dienste agterstand. Vanweë die lae ontwikkelingspotensiaal van die area ondersteun die GOP die ontwikkeling van sosiale infrastruktuur. Die ontwikkeling van die voorgestelde N7 landelike korridor sal bydra tot meer volhoubare ekonomieë oor die langtermyn in beide nedersettings. In die medium termyn moet die volgende aspekte aandag geniet:

- Voorsiening van basiese vlak van dienste
- Integrasie van Chatsworth en Riverlands deur middel van voorsiening van gedeelde infrastruktuur.

Die lewering van dienste in die landelike gebiede van Wyk 4 en Wyk 7 is 'n uitdaging aangesien daar geen akkurate en betroubare inligting oor dienste agterstande in die gebied bestaan nie. Swartland Munisipaliteit is tans besig, in samewerking met konsultante, om die nodige data te korreleer om die presiese stand van dienste voorsiening in die landelike area vas te stel ten einde die behoefte te kan bepaal en daadwerklik te kan optree.

Swartland Munisipaliteit lewer tans munisipale die volgende dienste in Chatsworth:

Water

Byna die helfte (47% of 108) van die huishoudings in Chatsworth tans afhanklik van gemeenskaplike waterpunte vir hulle water. Probleme wat aangespreek moet word:

- Grootmaat voorsiening is beperk.
- Komplekse grootmaat voorsiening stelsel.

Volgens die GOP is daar voldoende onderhoud van die waternetwerkstelsels maar die verspreidingsnetwerk is onvoldoende. Chatsworth is afhanklik van die Voëlvlei Skema vir water. Die waterpepleiding wat die Skema verbind met Malmesbury en Kalbaskraal na Chatsworth en Riverlands is onlangs opgradeer om verhoogde voorsiening na die gebiede te verseker. Daar is ook drie (3) boorgate in die Riverlands/Chatsworth gebied wat deur die water suiweringswerke gesuiwer word en dan na die reservoir Riverlands en Chatsworth bedien, gepomp word. Die reservoir het 'n totale kapasiteit van 2 400 kl. Toekomstige uitbreiding van die reservoirs, wat op aanliggende plaas suid van Chatsworth voorkom, sal op die bestaande perseel hanteer word.

Riool

Die rioolstelsel in Chatsworth gebruik die suiweringswerke wat Chatsworth en Riverlands bedien. Beperkte spoelrioelstelsels kom binne die gebied voor met sekere erwe wat geen spoelrioel het nie en deur riooltenke of die emmerstelsel bedien word. Die uitbreiding van die bestaande rioolwerke op die bestaande perseel is reeds beplan en sal verhoogde kapasiteit aan die area voorsien. Die Swartland Water Dienste Verslag (2008/2009) toon aan dat 104 verbruikers in die dorpsgebied deur die emmerstelsel bedien word en 119 oor septiese tenke op perseel beskik. Ander uitdagings sluit in:

- Werklike kapasiteit is onbekend;
- Geen vloeimeter wat die volume kan bepaal nie, en
- Onderhoud aan damwalle en inlaatwerke word verlang.

Elektrisiteit

Eskom is die plaaslike elektrisiteit voorsieningsowerheid in die gebied. Alle bewoonde erwe is reeds van elektrisiteitaansluitings voorsien. Die straatbeligting is onvoldoende in die gebied.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit verwyder. Swartland Munisipaliteit het tans net een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands, geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartlandstreek bedien.

Die gemeenskap van Chatsworth gebruik publieke 'aflaai' punte om vullis wat nie verwyder word nie, soos bv. tuin vullis te stort.

Paaie & verkeer

Chatsworth is ongeveer 15 kilometer suid van Malmesbury aan die weste kant van die N7 geleë. Chatsworth verkry toegang vanaf die N7 nasionale roete via die verbindingspad nommer 241. Dordelaa, as die hoofstraat, vorm 'n aktiwiteitsas binne die dorp, met Tweede-, Vierde-, Vyfdelaan, Queen-, Edward- en Milnerstraat wat as aktiwiteitsstrate dien. Cemetery- en Radnorstraat aan die westelike grens van Chatsworth vorm die toegangsroetes na die noordelike en suidelike dele van die dorp. Radnorstraat verleen toegang na die gesubsidieerde behuisingsprojek maak deel uit van die busroete.

Daar word voorgestel dat die hele Randorstraat geteer sal word om verhoogde verkeer na die noordelike uitbreiding van die gesubsidieerde behuisingsprojek te kan hanteer. Die meest interne strate in Chatsworth bestaan uit gruispaaie wat in 'n swak toestand is met geen voorsiening vir stormwater dreinerings.

Die Groter Chatsworth gebied, wat die area om Chatsworth en Riverlands insluit, word met 'n daaglikse busdiens bedien.

Veiligheid

Die area word nie tans deur 'n bestaande polisie- of brandweerstasie bedien nie. Die area is geïdentifiseer as 'n prioriteit area vir die verbetering van veiligheidsdienste met die vestiging van satelliet polisiestasie sowel as satelliet brandweer wat die Groter Chatsworth area kan bedien.

4.9.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Chatsworth het hoofsaaklik die rol van 'n slaapdorp met beperkte ekonomiese geleenthede binne 'n landelike omgewing in die Groter Chatsworth gebied. Die area word omring deur kleinboere ontwikkelings en is ook naby Atlantis geleë. Die volgende beplanning riglyne moet verder uitgebou word:

Toekomstige Ontwikkeling
Verbinding & Mobiliteit: Verbeter mobiliteit na groter sentras vir beter toegang na ekonomiese geleenthede
Ekonomiese Ontwikkeling: • Bevorder die skep van meer werkgeleenthede. • Ondersteun beperkte sake en gemeenskapsfunksies binne die Groter Chatsworth gebied ter ondersteuning van residensiële gebruike.
Grondhervorming: Formalisering van kleinboernedersetting en landbou en landelike gebruike in die landelike ontwikkelingskorridor.
Industriële Ontwikkeling: • Ondersteun beperkte nywerheidsuitbreiding om meer werkgeleenthede te skep.
Behuisings/ Residensiële Ontwikkeling: • Bevorder verdigting binne die stedelike area.

Openbare Oopruimtes/Bewaring:
Infrastruktuur en Dienste: • Optimaliseer gebruik van infrastruktuur.
Veiligheid: • Benodig satelliet brandweerstasie en satelliet polisiestasie in die wyk.
Sosiale Ontwikkeling – Voorsien in sosiale infrastruktuur om gemeenskap beter te bedien

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Chatsworth ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word..

Chatsworth Sone Voorstelle

Verwys na Chatsworth Sone Kaart: Die dorpsgebied van Chatsworth is in sewe (7) sones (areas met gemeenskaplike kenmerke) ingedeel en die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones volg in die onderstaande tabel:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuse	Overheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A is 'n nuwe hoë digtheid residensiële area met 'n bewaringsgebied op die noordelike periferie.	X	X	X	X			X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X			X		
B	Sone B het 'n lae digtheid residensiële karakter met gemengde gebruike langs aktiwiteitstrate asook 'n bestaande nywerheidsnodus op die suidelike periferie.		X	X	X			X		Langs aktiwiteitstraat X	X		X	X		Slegs Diens- nywerhede X
C	Sone C het grotendeels 'n lae digtheid residensiële karakter met gemengde gebruike langs aktiwiteitstrate.	X	X	X	X			X		Langs aktiwiteitstraat X	X		X	X		
D	Sone D bestaan uit die sentrale sake nodus waar verskeie gemengde gebruike kan vestig.	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X			X	X	
E	In Sone E is 'n area waar residensiële uitbreiding voorgestel word.			X												
F	In Sone F is 'n area wat voorgestel word vir diensnywerhede om meer werkgeleenthede te skep asook moontlike vestiging van skool					X	X	X	X	X				X		Slegs Diens- nywerhede X
G	In Sone G is 'n area noord van die toegangspad, waar 'n geïntegreerde gemeenskap nodus voorgestel word. Die bestaande rioolwerke beperk ander gebruike.					Veeldoel- ge Gemeen- skap- sentrum en skool X								Nuwe begraaf- plaas X	Sport funksi- es X	

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsvoorstelle word voorgestel ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek.

Chatsworth Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Chatsworth Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Gradeer aktiwiteissasse, veral Randorstraat wat deel van busroete vorm, op. - Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerd aktiwiteitsasse en aktiwiteitstrate binne Chatsworth. - Verfraai hoofaktiwiteitsasse in Chatsworth deur bome aan te plant langs die roetes. - Verhoog individuele mobiliteit van inwoners deur voldoende toegang tot publieke vervoer fasiliteite daar te stel. - Ondersoek moontlikheid van spoorvervoer as alternatiewe publieke vervoermiddel vir mense in Groter Chatsworth omgewing. - Integreer publieke vervoer tussen die Swartland en die Metropool om groter mobiliteit aan inwoners te verseker.	Paaie - Verfraaiing van hoof ingangspoorte, naamlik Randorstraat en strate binne die sentrale sake nodus. - Teer van die noordelike gedeelte van Randorstraat as hoof toegangsroete na residensiële gebied op die noordelike periferie. - Skep 'n bushalte en taxistop aanliggend aan die sake nodus op die noord oostelike grens van die dorp, wat maklik toegang vanaf Randorstraat kan kry. - Brei busroete uit na die nuwe gesubsidieerde behuisingsgebied op die noordelike periferie. - Beveilig die Kalbaskraal/Chatsworth/Riverlands kruising met die N7 vir aansluiting van busse na Atlantis.
Ruimtelike Integrasie - Ondersteun sosiale integrasie tussen Chatsworth en Riverlands deur veeldoelige gemeenskapsentrum en ander ondersteunende sosiale infrastruktuur in sentrale area tussen die twee dorpe op te rig. - Poog om die area tussen Riverlands en Chatsworth, wat onderlê word deur 'n bestaande Algemene Plan, te bekom vir die formalisering van die gebied vir kleinboervestiging. - Bevorder en ondersteun meer intensiewe landbou gebruike en kleiner landbou eenhede in omliggende landelike areas tussen Chatsworth en Riverlands en die Groenrivier kleinhoewe gebied. (verhoogde produksie, laer grondbelastings, meer kleinboere toegang tot landbou grond bekom).	Ruimtelike Integrasie - Koop van die area tussen Riverlands en Chatsworth aan en die kanselleer die bestaande Algemene Plan van die gebied. - Identifisering van erwe op Algemene Plan in privaat besit en onderhandel voorgestelde ontwikkeling. - Formalisering van die kleinboer vestiging in die gebied met inagneming van die groter bewarenswaardige gedeelte in die noordelike gedeelte van die gebied.
Voetpaaie Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes om voetganger verkeer aan te moedig en te beveilig.	Voetpaaie Verbeter en formaliseer voetgangerroetes deur die dorp met geseëde oppervlaktes, boomaanplanting en beligting langs hoofroetes.
Publieke Ruimtes.	

Voorstelle	Aksieplanne
Publieke Nodusse • Ontwikkel voorgestelde sentrale gemeenskapsnodus onmiddellik noord van toegangspad sodat sport-, Tusong sentrum en verwante gemeenskapfasiliteite in die area opgerig word en sosiale integrasie van Riverlands en Chatsworth bevorder. • Skep bruikbare oop ruimtes vir publieke gebruik. • Skep voorgestelde bushalte op die noord oostelike periferie om nuwe residensiële hoë digtheid ontwikkeling te bedien.	Publieke Nodusse • Gradeer van publiek nodus in sentrale sakekern op om as markplein benut te kan word. • Ontwikkel die sentrale gemeenskapsnodus vir die Groter Chatsworth gebied om sosiale integrasie te bevorder. • Ontwikkel die bushalte en uitbreiding van busroete tot by sekondêre sakenodus langs die gesubsidieerde behuising projek.
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Identifiseer die bewaringsgebiede en korridors binne die stedelike area. • Benut natuurlike gebiede binne die stedelike gebied as ontspanningsareas. • Ontwikkel wandelpaai en ontspanningsareas binne oopruimte sisteme. • Die Riverlands deurgangsroete moet skakel met en 'n ingangspoort vorm na Riverlands Natuurreservaat. • Voorsiening van funksionele oopruimte sisteem deur die stedelike gebied met die verbinding van oopruimtes gebiede met mekaar deur voetganger roetes en boomaanplanting langs hoofroetes.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Beheer en bestuur area tussen Riverlands en Chatsworth deur bewaringsarea en areas vir kleinboervestiging te onderskei. • Gee formele status aan bewaringsgebiede deur hersonering na Oopruimte Sone III. • Stel bestuursplanne op vir die bewaringsgebiede wat kan deel vorm van die Swartland Omgewingsbestuursplan. • Formaliseer bestaande oopruimte as ontspanningsareas (plant gras, bome en bou braaiplekke) • Identifiseer en formaliseer addisionele persele om as ontspanningsareas te dien.
Gemeenskapsfasiliteite • Voorsien primêre gesondheidsfasiliteite binne die voorgestelde sentrale gemeenskapsnodus om die Groter Chatsworth gebied te bedien. • Ondersteun gemeenskap gerigte sosiale gebruike binne die woongebiede wat toeganklik is vir inwoners. • Ontwikkel veeldoelige gemeenskapsentrum tussen Riverlands en Chatsworth, op area aanliggende aan die toegangspad na Chatsworth, wat beide gemeenskappe kan bedien en vir sport sowel as 'n gemeenskapsentrum gebruik kan word. • Ontwikkel nuwe begraafplaas as deel van die sentrale gemeenskapsnodus noord van die toegangspad na Chatsworth. • Ondersteun die verskuiwing van die bestaande kliniek en	Gemeenskapsfasiliteite • Formalisering en verfraai sentrale markplein gebied met landskapering. • Bou van 'n skeidingsmuur tussen die Christen en Moslem gedeeltes van Chatsworth se bestaande begraafplaas. • Ontwikkeling van 'n nuwe begraafplaas as deel van die gemeenskapsnodus tussen Chatsworth en Riverlands, onmiddellik noord van die toegangspad na Chatsworth. Opvoedkundig • Identifisering van moontlike skoolperseel vir die Groter Chatsworth gebied. Sportfasiliteite: • Ontwikkel sentrale geleë gebied tussen Riverlands en Chatsworth as sportnodus.

biblioteek in Chatsworth na die sentrale sakekern. - Bou muur tussen die Christen en Moslem gedeeltes binne die bestaande begraafplaas op Chatsworth. Opvoedkundig - Maak voldoende voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite veral crèches binne residensiële areas. - Maak voorsiening vir addisionele skool perseel vir moontlike toekomstige uitbreiding van 'n gesamentlike laer en hoërskool vir die area. Sportfasiliteite: - Ontwikkel sportnodus as deel van die sentrale gemeenskapsnodus om die Groter Chatsworth area te bedien.	
Historiese Bewaringsgebiede Hou streng kontrole oor die aanbouing en slopings by geboue met erfenis belang.	
Toerisme - Ontwikkel Riverlands as toerisme nodus geleë op die toegangsroete na die Riverlands Natuurreservaat. - Ontwikkel die verbouing van veldblomme in die gebied as toerisme attraksie ingesluit 'n blommemark. - Moedig Agri-toerisme aan in die omliggende omgewing.	Toerisme Implementeer die landskaperingsvoorstelle wat deur Johan van Papendorp voorgestel is.
Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensieel - Maak ruimtelik voorsiening vir 'n verskeidenheid vorme van behuising. - Beperk residensiële uitbreidingsmoontlikhede tot noord oostelike periferie. - Moedig invul ontwikkeling en verdere onderverdeling van relatiewe groot erwe binne Chatsworth aan. - Voorsien toekomstige gesubsidieerde behuisingbehoefte van die Groter Chatsworth in Malmesbury.	Residensieel Hou behuisingwaglyste op datum.
Verdigting - Verdig Chatsworth deur middel van - o onderverdeling (deeltitel), - o invul ontwikkeling en	

- o hernuwing. • Verdig in sones met hoër digtheid residensiële ontwikkelings in gebied langs die aktiwiteitsas (Sien voorstelle kaart). • Bevorder interne verdigting deur onderverdelings te ondersteun, met voorkeur enkel residensiële erfgrottes van 500m² of in ooreenstemming met karakter van omgewing.	
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersiële nodus • Versterk bestaande primêre sake nodus by die ingang na Chatsworth asook die sekondêre nodus op die noord oostelike periferie van die dorp. • Ondersteun huiswinkels en professionele dienste langs aktiwiteitstrate.	Kommersiële nodus • Ondersteun die vervreemding van sake erwe wat geskep is in die gesubsidieerde behuisingsprojek om vestiging van kommersiële gebruike te bevorder.
Industrieel • Ondersteun die ontwikkeling van diensnywerhede op area noord oos van ingang om meer plaaslike werkgeleenthede te skep.	Industrieel • Tree proaktief op met die hersonering van die voorgestelde area om geleenthede vir vestiging van diensnywerhede te skep.
Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
• Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpypleyne insluit. • Stel die voorsiening van gedeelde grootmaat infrastruktuur tussen Chatsworth en Riverlands ruimtelik voor. • Onderzoek uitbreiding van die riooluitvalwerke.	• Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan en verseker dat dit versoenbaar is met ruimtelike voorstelle (Raad se Raadgewende Ingenieurs). • Stel Meesterplan op vir die voorsiening en onderhoud van alle Grootmaat infrastruktuur. • Stel infrastruktuur begroting op in lyn met die toekomstige ontwikkelingsvoorstelle. • Teer van Randorstraat as hoof toegangspad na die nuwe gesubsidieerde behuisingsprojek op die noordelike periferie van Chatsworth.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Chatsworth

Wyk 4 – Landelike Area

4.10 Wyk 4: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

(Verwys na Wyk 4 Landelike Voorstellingskaart)

4.10.1 Voorgestelde Landskappe

Die volgende **prominente ruimtelike landskappe** kom in Wyk 4 voor:

Wildernislandskap: Kus, Berge en ander habitats

- In die suidweste van Wyk 4 kom die Dassenberg- en Contrebergreeks, wat deel vorm van die Darlingheuwels, wes van Riverlands en Chatsworth voor.
- Die Kanonberg op die noordoostelike periferie van Wyk 4 vorm deel van die Kanonberg, Kasteelberg, Porseleinberg en Paardebergkorridor. Die bergreekskorridor vorm 'n aaneenlopende strook wat krities is vir bewaring asook moontlikhede bied vir ekotoerisme.
- In die ooste van Wyk 4 kom 'n gedeelte van die Kasteelberg voor.

Waterweë en verbindings

- Die Sout-, Groen- en Dieprivier kom in Wyk 4 voor.

Verbindingsweë en gordels:

- Die suidelike gedeelte van Wyk 4, aanliggend aan die N7, vorm, saam met 'n gedeelte in Wyk 7, deel van die voorgestelde **Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor** waar meer intensiewe landbou gebruike en groter diversifisering voorgestel word wat aansluit by die landelike omgewing.
- Die N7 kruis oor die middel van Wyk 4. Ander belangrike verbindingsweë is die R311 op die noordoostelike grens van Wyk 4, die R45 in 'n noordwestelike rigting van die N7 en die R315 in 'n westelike rigting wat Malmesbury en Darling verbind.

Landboulandskap:

- Bewaar die dominante landboulandskap van Wyk 4.
- Suidelike gedeelte gekenmerk deur intensiewe landbou produksie met hoër digtheid landbou eenhede wat Tierfontein kleinhoewe area insluit.

Sosiale Foci en Gemeenskapslandskap:

- Wyk 4 word ondersteun deur die landelike nedersettings van Riverlands, Chatsworth, Abbotsdale Wes en Tierfontein en Groenrivier kleinhoewe gebied direk aanliggend aan die N7.

Kultuur-historiese landskap:

- Wyk 4 is die tuiste van die Riverlands-Chatsworth gebied wat verbind is met Mamre as sendingstasie net buite die Swartland Munisipale area, die Riverlands Natuurreservaat, die Musiek op die Lande (MOL) fees en Landbouskou.

4.10.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede

Strategie 1 : Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal	
Landelike areas met ekonomiese potensiaal en ontwikkelingsgeleenthede	Voorstelle
Streeksdienssentrum: Malmesbury	Wyk 4 is aanliggend aan Malmesbury as die streeksdienssentrum van die Swartland. Malmesbury is ook geïdentifiseer as 'n belangrike stedelike groeipunt binne die groter Weskusarea.
Landbou-industriële sone: - Voorgestelde Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor - Tierfontein en Groenrivier Kleinhoewes	- Skep geleenthede, weens die ligging van Wyk 4 aanliggend tot die N7 (as hoof vervoerkorridor) en Malmesbury (as hoof dienssentrum vir die groter Swartlandstreek), binne die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor vir kleinskaalse landbou gerigte industrieë en verwerking wat werkskepping en toerisme sal bevorder. - Brei landbouproduksie suidwaarts langs die N7 vanaf Malmesbury, Abbotsdale en Kalbaskraal aan beide kante van Wyk 4 (Wes van N7 in Wyk 4 en oos van N7 in Wyk 7) uit. - Ondersteun die verskeie kleinskaalse landbou gerigte verwerkingsaanlegte op Tierfontein verder. - Bevorder industriële, kommersiële en intensiewe landbou, landbouprosessering en landbou-industrieë langs die N7 korridor. - Ondersteun intensiewe boerdery geleenthede in omliggende areas om Malmesbury om prosessering van landbou produkte te versterk.
Vervoerkorridor: Die N7 hoofroete en spoorroete bedien die Noord-Kaap en Namibië en voorsien geleenthede vir ekonomiese groei.	- Ondersteun die ontwikkeling van die N7 korridor op die suidoostelike grens van Wyk 4 as belangrike landbou gebaseerde area met voldoende water. - Bepaal die nasionale en hoofpaaie as vervoersones en maak voorsiening vir geassosieerde infrastruktuur, sodat die verbinding van die area na die markte in die Kaapse Metropool asook na die noorde, versterk kan word. - Versterk roetes en ondersteunende infrastruktuur soos die N7 padstalle suid van Malmesbury. - Behou en bewaar die landboulandskap deur riglyne te ontwikkel om ondersteunende infrastruktuur wat met die omgewing saamsmelt te bevorder. - Ondersteun bestaande ondersteunende infrastruktuur volgens riglyne. - Ondersteun die bou van 'n vraglughawe langs die N7 tussen Kaapstad en Malmesbury sodat die vervoersone versterk kan word. - Bevorder spoorvervoer as vervoertipe vir vrag en passasiers. - Lewer 'n meer gereelde passierstreindiens deur 'n privaat verskaffer

													- tussen Moorreesburg en Malmesbury. - Laat die N7, R315 en R45 as streeksskakels funksioneer en fokus op die verhoging van mobiliteit asook konneksie met streeks en provinsiale markte in die Kaapse Metropool wat die naaste aan Wyk 4 geleë is en verbind word met die N7.
Toerisme gebiede en nodusse: Die Riverlands-Chatsworth gebied wat verbind is met Mamre as sendingstasie net buite die Swartland Munisipale area, die Riverlands Natuurreservaat, die Musiek op die Lande (MOL) fees en Landbouskou.													Sien Strategie 4.
Kommunikasiekorridors en –sones													Inligting onbekend. Bevorder toegang tot inligting in landelike gemeenskappe.
Energiesones: Geen													Bepaal 'n energieseone (wind en/of son) langs N7.
Kern Stedelike gebiede: - Chatsworth - Riverlands													Chatsworth en Riverlands as twee landelike nedersettings wat hoofsaaklik residensiële funksie het. Malmesbury, naasliggend aan Wyk 4, dien as hoof landboudienssentrum. - Bevorder hoër digtheid residensiële geleenthede, wat die ontwikkeling van kleinboewes insluit, in die N7 Intensiewe Landbou Ontwikkelingskorridor.
Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte													
Mark penetrasie													Voorstelle
Huidige produkte en huidige markte													- Produseer, verpak en versprei landbouprodukte onder die handelsmerk Swartland landbouprodukte. Plaas 'n unieke kenmerk van Swartland op produkte vir identifikasie en kwaliteitskontrole. - Bevorder ontwikkeling van nisprodukte wat toerisme sal versterk binne die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor langs die N7 en in die Tierfontein kleinboewe gebied. - Bevorder die vervaardiging van produkte wat werk skep in die Swartland landelike areas byvoorbeeld die oes van riete, veldblomme en die maak van meubels en handgemaakte produkte van die hout. - Bevorder landbou meganisasie deur herstel- en ontwerpdiens.
Gebied:	Koring	Ander Wintergraan	Lupiëne (droëland)	Lusern	Aartappels	Wyndruwe	Tafeldruwe	Perskes	Voererte & Groenerte	Triticale & Medics	Wol en Vleis Skape	Friesbeeste	
16: Swart-land saai	X		X	X	X	X		X			X	X	
17: Malmesbury boerdery	X	X Hawer		X		X			X	X	X	X	
18: Rie-beek Vallei gemengde boerdery	X	X Hawer	X			X	X	X			X	X	

Produk Ontwikkeling	Voorstelle
Nuwe produkte	• Bevorder nisprodukte wat komplimenterend is tot die kommersiële landbou en toerisme. • Bevorder die vervaardiging van bier en aal van gars. • Ondersteun die vervaardiging van bio-brandstof.
Mark Ontwikkeling	Voorstelle
Nuwe markte	• Moedig kommersiële boere aan om kleinboere te bemagtig. • Bevorder instandhouding- en skoonmaakdienste wat werkskepping bevorder bv. die skoonmaak van indringerplante langs rivierlope.
Diversifisering	Voorstelle
Nuwe produkte en nuwe markte Swartland het 'n baie gematigde Mediterreense klimaat, met warm, droë somers en gematigde nat, winters (Mei tot Augustus). Die gemiddelde nagtemperatuur in die somer is 30°C en 20°C in die Winter.	• Bevorder die gematigde Mediterreense klimaat met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus) as 'n toerisme aanloklikheid. • Bevorder die toerismebedryf in die landelike areas as addisionele ekonomiese bron. • Bevorder die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor, wat deur diversifisering van landbou, insluitend verskeie ondersteunende landelike residensiële en kommersiële gebruike meer geleenthede aanliggend aan die N7 sal bied.
Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling	
Ondersteun mynbougeleenthede	Voorstelle
Grondstowwe en minerale: <i>Graniet:</i> Dit kom in die graniet plutons van Paardeberg en die Darlingheuwels voor. Daar word tans aansoek gedoen vir die bedryf van die Elsana granietmyn. <i>Bousand:</i> word ontgin langs die R315 en langs die Malmesbury Bitterfontein treinspoor. <i>Lateriet:</i> Dit is 'n relatief sagte ysteroksied verbinding wat in die rooi, oer-landoppervlakte- gronde, met die hoogste landboupotensiaal, rondom Malmesbury en Mamreweg-Darling omgewing voorkom. Hierdie materiaal is hoogs gesog om die basis van paaie te stabiliseer.	• Ondersteun geleenthede vir die ontginning van die volgende natuurlike hulpbronne wat bestaan in Wyk 4: - Ontginning van graniet in die plutons van die Darlingheuwels. - Ontginning van bousand langs die R315. • Beperk die ontginning van lateriet vir die maak van paaie en bevorder die gebruik van graniet.
Toekenning van grondgebruiksparameters:	• Ondersteun aansoeke om grondgebruiksveranderings nodig vir die ontginning van alle natuurlike hulpbronne.

Ondersteun Volhoubare Mynbou	Voorstelle
Rehabilitering:	- Vereis rehabilitasie programme wat goedgekeur is deur Departement Minerale en Energiesake. - Kontroleer rehabilitasie aktiwiteite om mynlisensiehouers verantwoordelik te hou. - Bevorder die rehabilitasie van die Elsana granietmyn gedurende en na funksionering soos bv. die aanplant van boomlanings.
Alternatiewe vervoer: Padvervoer word oorwegend gebruik in die Swartland Munisipale area:	Ondersoek en gebruik alternatiewe, effektiewe vervoertipes en roetes bv. spoorvervoer vanaf Bitterfontein na Kaapstad deur Malmesbury.
Volhoubaarheidsnorme: Balanseer die ekonomiese-, omgewings- en sosiale impakte.	Bepaal volhoubaarheid- en omgewingsvriendelike norme vir Swartland, bo en behalwe bestaande norme vir die Departement Minerale en Energiesake. Een so 'n norm sou wees die gebruik van spoorvervoer. 'n Ander norm sou wees om tot die ontwikkeling van alternatiewe vervoer (spoor) tussen die Bitterfontein Kaapstad en Kalbaskraal Vredenburg by te dra.
Versagting van bestaande graniet- en sandmyn impakte:	Vereis dat die natuur- en landbou omgewing gedurende die funksionering en rehabilitasie van die graniet- en sandmyne beskerm moet word.
Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme	
Versterk Toerismebestemmings	Voorstelle
Agritoerisme: Beperkte agritoerisme bestaan op Swartland plase in Wyk 4.	- Bevorder agritoerisme in die area geoormerk as die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor langs die N7, soortgelyk aan die "Midland Meander" in Kwazulu Natalse Middellande. - Bevorder die Malmesbury Skou en Ploegdag. - Ondersteun vakansie akkommodasie binne die Landelike Ontwikkelingskorridor. - Verbind prominente agritoerisme areas en plaas akkommodasie met bestaande toerismoetes. - Ondersteun padstalle om plaaslike verwerkte landbou- en handwerkprodukte van die gebied uit te stal en te verkoop. - Fasiliteer die deelname van laer-inkomste huishoudings in toerisme bv. die maak en verkoop van handwerk- en landbouprodukte. - Bevorder die oes van veldblomme in die Riverlands Natuurresewaat en as 'n toerisme aktiwiteit.
Erfenis bestemmings: Natuurbeheringslandskap en verbintenis met gelooflandskap.	Bevorder die Riverlands-Chatsworth gebied as toerisme bestemming en versterk die verbinding van die gebied met Mamre as sendingstasie.

Ontwikkel Toerismebestemmings	Voorstelle
Riverlands Natuurreservaat en Swartland Slingerpad	• Riverlands en die Riverlands Natuurreservaat, asook die skakel met Pella Natuurreservaat, bied ontspanningsgeleenthede byvoorbeeld bergfiets-, stap-, voëlkyk- en perdry roetes. • Ontwikkel die Swartland Slingerpad in die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor wat soortgelyke geleenthede as die “<i>Midland Meander</i>” in die Kwazulu-Natale Middelande bied. Ontwikkeling moet sensitief wees vir steil hellings en sensitiewe habitats.
Versterk Toerismeroetes	Voorstelle
Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor	• Bevorder die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor as ‘n intensiewe landbouproduksie- en verwerkingsgebied wat diversifisering en toerisme ondersteun. • Bevorder die bewarenswaardige areas om die Groenerivier as toerisme bestemming. • Toerismeroetes moet die bestaande gasvryheidsbedryf en toerisme industrieë binne die gebiede ondersteun. • Erken en versterk die geleenthede wat die bestaande staproetes in die Swartland vir die toerismebedryf bied.
Ontwikkel Toerismeroetes	Voorstelle
	• Versterk eers bestaande aantreklikhede en ontwikkel dan ‘n nuwe roete.
Groei Swartland as deel van Weskusstreek se toerisme strategie	Voorstelle
Koring- en Wynroete	• Ontwikkel infrastruktuur wat toerisme kan bevorder soos die opgradering van paaie en veral die ondergeskikte paaie binne Wyk 4 en die bevordering van beligting. • Bevorder uniforme toerisme naamborde, duidelike informasiepunte wat die uniekheid van elke dorp en sy omliggende landelike omgewing beklemtoon. • Die koring- en wynroete wat Bergrivier Munisipaliteit en Swartland verbind vorm deel van Wyk 4. Karteer die Swartland plase en bemark die geleenthede wat hul bied.
Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling	
Versterk Streekspaaie	Voorstelle
Die Wyk het ‘n goed ontwikkelde hoof- en streekspadnetwerk wat die hoofsentras soos Malmesbury , Moorreesburg en Riebeek Vallei met die groter Weskusstreek	• Ondersteun die opgradering van die N7 tussen die Kaapse Metropol en Malmesbury as dubbelbaanpad om meer ekonomiese geleenthede in die

verbind asook met die aangrensende munisipaliteite soos Drakenstein, Bergrivier, en die Kaapse Metropool.	hele Swartland te ontsluit. Die N7 is in 'n goeie toestand. • Identifiseer voorgestelde toegangspunte na die N7 dubbelpad. • Ondersteun die ontwikkeling van vervoernodusse langs die N7 wat met die landboulandskap saamsmelt en fokus op landbou en toerisme. • Let op advertensies langs die N7 om nie afbreek te doen aan die landboulandskap of die Landelike Ontwikkelingskorridor nie. • Verfraai areas langs die N7 veral naby stedelike gebiede. • Beveilig oorgange oor die N7 veral by kruisings in Malmesbury en Abbotsdale.
Versterk toegange en ekonomiese skakels	Voorstelle
Die R315 verbinding tussen Darling en Malmesbury is 'n plaaslike skakel wat die Swartland en die Weskus verbind en vorm deel van die hoof toerisme roete tussen die Riebeek Vallei en die Weskus. R45 verbind Malmesbury en Hopefield en sluit aan by die R27 wat die Saldanha area met Malmesbury verbind.	• Die R315 moet opgegradeer word om toerisme potensiaal te ontsluit, funksionele stedelike en landelike integrasie te kan laat plaasvind en inter-munisipale toeganklikheid te kan bevorder. • Ondersteun die ontwikkeling van vervoernodusse op die R315 met 'n toerisme fokus. • Die R45 is in 'n goeie toestand en kan ondersteun word met pad infrastruktuur en vervoernodusse met 'n landbou en toerisme fokus.
Versterk Spoorweglyne en dienste	Voorstelle
Kalbaskraal-Saldanha en Kalbaskraal Malmesbury spoorlyn deur Wyk 4.	• Gradeer die spoorlyn op om die landbou- en toerismebedryf te versterk met gepaardgaande geassosieerde infrastruktuur soos die stoor van graan en toerisme aktiwiteite. • Spoorlyn bied verskeie toerisme geleenthede in die Wyk en naasliggende streke soos Saldanha, veral vir die besigtiging van veldblomme. • Gradeer die bestaande stasiegeboue en graanstoorfasiliteite op.

4.10.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing

Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplanningsinisiatiewe	
Bepaal Kern Areas	Voorstelle
Die Kanon-, Kasteel-, Porselein en Paardeberg en die Darlingheuwels en Dassenberg asook die Riverlands Natuurreservaat en Pella Reservaat, direk wes van Riverlands, en Chatsworth in Wyk 4.	- Kritiese bedreigde habitatareas soos die gebied om Dassenberg, Darlingheuwels, en die Kanon- en Kasteelberg moet as Kern 1&2 Area verklaar word. Bevorder bewaringskorridors vanaf die Darlingheuwels tot by die Dassenberge asook vanaf Kanonkop tot by die Paardeberg wat Kasteel- en Porseleinberg insluit. - Bepaal 'n ontwikkelingslyn op die hange van die bergareas en koppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm. - Omheinings moet beperk word en verskillende kadastrale eenhede moet as 'n gebied bestuur word en nie met omheinings geskei word nie. - Bepaal 'n 30m ontwikkelingsterugsetlyn langs die Groen- en Soutrivier in die sentrale gedeeltes van Wyk 4 en die Swarttrivier in Riverlands. - Enige Renosterveld moet as Kern 1&2 Areas bepaal word. - Bevorder die Riverlands Natuurreservaat wat as Kern 1&2 Area geklassifiseer is.
Bepaal Buffer Areas	
Sandsteenfynbos, die laer gedeelte bestaan uit Swartland Skalie (Leiklip) Renosterveld, wat krities bedreig is, en die Paardeberg is bedek met Boland Granietfynbos. Vele seldsame en bedreigde spesies kom voor in die area, wat moeilik oorleef as gevolg van tuisteverliese.	- Bepaal 'n klimaatveranderingskorridor vir die Dassenberg en Darling heuwels en baken dit af. - Hervestig die Dassenberg en Darlingheuwels bewarea om verantwoordelike rentmeesterskap te bevorder, geleenthede te skep vir verbeterde grondbestuur asook plaaslike kommunikasie te bevorder. - Bepaal 'n ontwikkelingslyn op die hange van die bergareas en koppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm. - Brei die bestaande Riverlands Natuurreservaat uit sodat die reservaat en die klimaatveranderingskorridor in die Dassenberg by mekaar aansluit sodat spesies in die Kaapse Blommestreek lewensvatbare populasies kan behou. - Bevorder bewaring en landbou byvoorbeeld die Biodiversiteit- en Wyn Inisiatief regoor die Weskaapse Wynindustrie, ingeslote die Spekulasie, Klein Rondeboschje (Eenboom) en ander plase. - Vestig 'n buffer en intensiewe landbou area tussen Chatsworth en

	Riverland en oos van die Groenrivier.
Bepaal Intensiewe Landbou gebiede	Voorstelle
	Die grootste suidelike gedeelte van Wyk 4 is geïdentifiseer as die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor langs die N7 in die Chatsworth Riverlands area en sluit Groenrivier en Tierfontein landelike areas in.
Bepaal ligging en omvang van Menslike Nedersettings	Voorstelle
	Chatsworth en Riverlands is die twee landelike nedersettings binne Wyk 4 en is binne die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor geleë. - Die N7 Landelike Ontwikkelingskorridor vorm ook 'n deel van die Wyk waar hoër digtheid ontwikkeling en menslike nedersettings binne die landelike omgewing ondersteun word, weens die ligging van die gebied ten opsigte van die N7, die afstand vanaf die Kaapse Metropool en moontlike landbou industrieë. Hier bestaan ook dan spesifiek in die korridor geleenthede vir kleinhoewe vestiging.. - Die nedersettingspatrone om die Dassenberg en in die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor behoort deur 'n ontwerp- en ontwikkelkode ingelig te word.
Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap	
Beskerm die kulturele landskap	Voorstelle
Feeste en vieringe	- Bevorder die Champhill markdag - Bevorder die Musiek op die Landefees - Bevorder die Malmesbury Landbouskoudag - Bevorder die Veteraan Trekkerklub Ploeg Dag.
Beskerm en bevorder die erfenis landskap	Voorstelle
Die volgende erfenis landskappe word erken: 1. Die Ongerepte natuurlikelandskap 2. Landskap van Koloniale-Inheemsehandel en -kontak 3. Landskap van geskiedkundigeroetes 4. Die Landbou Verbouingslandskap 5. Die Slawernylandskap 6. Die Geloofslandskap 7. Die landskap van verplasing en skeiding (apartheid) 8. Die Besienswaardige landskap 9. Die Geskiedkundige dorpslandskap	- Stig klimaatsveranderingskorridors en bewarea wat die Riebeek-, Porselein- en Paardebergkorridor en die Darlingheuwelskorridor insluit. - Vestig 'n graanroete wat die dorpe met meule en silo's insluit soos Malmesbury. - Ontwikkel 'n slawebevryding- en sendingstasieroete wat die plase Vogelgezag (vryheid van 1808 slawe en Khoi rebellie), Abbotsdale (Anglikaans), Mamre (Morawies), Wittewater en Goedverwacht en Hermon (Nederduits Gereformeerde) insluit. - Bevorder 'n fonteineroete in die Swartland en spesifiek in die Swartlandse dorpe.

	• Bevorder ruimtelike integrasie in alle Swartland dorpe. • Bewaar die geskiedkundige roosteruitleg van die strate en bevorder die straatrooster en geassosieerde oopruimtes in verdere ontwikkelings in dorpe in die Wyk.
Klassifisering van erfenis bronne en die toepassing van erfeniswetgewing.	• Brei die Erfenisondersoek, geskoei op <i>Sisteem vir die Gradering van Belang (A4)</i>, van die stedelike area binne die Swartland Munisipaliteit, uit tot alle Wyke. • Neem met elke aansoek binne die landelike omgewing die ouderdom van geboue en hul verhouding met die landskap en die historiese agtergrond van die Swartland in ag. • Argeologiese studies behoort op 'n Swartland Erfenis databasis saamgevat te word om te help met toekomstige aansoeke en oorwegings van aansoeke in omliggende areas.
Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap	
Koring en kanola lande, golwende heuwels, wyndruiwe, mega melkerye, intensiewe kleiner landbou eenhede en die trein na Vredenburg en Bitterfontein.	• Die versterking van die vervoerkorridor (N7, R45 en R315) moet die landboulandskap ondersteun. • Enige infrastruktuur of fasiliteite moet saamsmelt met die omgewing (nie kontrasterend wees met die omgewing nie) en die gevoel van 'n ongerepte landboulandskap voortdra. • Bevorder alternatiewe gebruike op kritiese bewaringsgebiede wat volgehoue bewaring van die natuurlike gebiede ondersteun. • Bevorder die onafhanklikheid van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder maar ook alternatiewe inkomste geleenthede vir die boere bied soos geleenthede vir ontspanningsverblyf en oorde.
Die Swartland val binne 'n winterreënvalstreek met 80% reën wat vanaf April tot September val. Wyk 3, en spesifiek die Malmesbury omgewing het 'n gemiddelde reënval van 400mm per jaar.	• Bewaar en bevorder die landboulandskap deur geskikte gewasse te verbou: wintergewasse onder droëlandtoestande en somergewasse kan alleenlik verbou word waar besproeiingswater beskikbaar is.
Die heersende winde is die suidooste winde wat in die somermaande waai en noordweste winde in die winter. Wind erosie kom veral in boerderystreek 14 voor (mees suidwestelike punt van Wyk 4).	• Bekamp winderosie deur bewerkingsmetodes of deur windbreke aan te plant. • Moet nie lande met sandgrond in die somer kaal laat nie (Gebied 14).
Golwende topografie maak lande kwesbaar vir watererosie.	• Bekamp watererosie deur bewaringbewerkingsmetodes, die aanplant van meerjarige peulgewasse en die oprigting en onderhoud van kontoerwalle, apleibane (Gebied 15 & 16) en oop dreineringsvore (Gebied 17).

4.10.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing

Strategie 9: Verseker voedselsekureit	
In die Wyk word grond met 'n lae, en hoë tot medium en hoë potensiaal om graan te plant, aangetref. Die plase se gemiddelde grootte is $\pm 514 - 780$ha in Gebied 16, ± 680ha in Gebied 17 en ± 445ha in Gebied 18. Koring en wyndruiwe saam met graan en vee ingesluit friesbeeste word hoofsaak in die area geboer. Ander wintergraan gewasse soos: hawer (Gebied 17 & 18), droëland lupiene (Gebied 16), voererte & groenerte, tritcale, medics en droëland lusern (Gebied 17) word ook verbou.	• Ontwikkel 'n strategie dat die 14% plase in Gebied 16 en 10% plase in Gebied 17 wat kleiner is as 300ha diversifiseer en nie graan afhanklik is nie of saam met groter graanplase geboer word. • Implementeer 'n strategie om te verseker dat plaaslik geproduseerde landbouprodukte (op groot- of kleinskaal) verkeer geniet in aankope en verkope. • Bevorder die oprigting van kontoerwalle, onderhoud van kontoerwalle en afleibane en biologiese beheer in landbougebiede 17 en 18. • Moet nie lande met sandgrond in die somer kaal, maar bedek dit met voergewasse. (Gebied 16 & 17) • Bevorder, op dupleksgronde, oopvoor dreinerings in Gebied 17. • Bevorder die nie-afhanklikheid van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike, wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder maar ook alternatiewe inkomste geleenthede vir die boere bied soos geleenthede vir toerisme akkommodasie.
Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede	
Waterbronne binne Wyk 4: • Sout-, Diep- en Groenrivier • Ondergrondse akwafur in die Riverlands area. • Die Diepriver met sy oorsprong in Kasteelberg en opvangsgebied die Paardeberg, waarvan meer as 90% van die area verbou is.	• Hou waterbronne skoon van indringerplante. • Skep bewegingsnetwerke langs die Diepriver en Groenrivier.
Stormwaterstelsels is ontoereikend in Wesbank, Malmesbury middedorp en gruispaddorpe soos Abbotsdale Wes, Riverlands en Chatsworth.	• Bestuur stormwater sodat die water herwin kan word vir gemeenskapstuine. • Lei die uitloop van die watersuiweringswerke in die Diepriver weg en hergebruik vir besproeiingsdoeleindes.
Strategie 11: Voorsien behuising	
Voorsiening vir plaaswerkerbhuising word in Malmesbury gemaak wat naasliggend aan die Wyk geleë is.	• Geen

Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede	
Identifiseer Grondhervormingsgeleenthede	Voorstelle
Plase in Wyk 4 het hoofsaaklik ekstensiewe droëland boerderypraktyke wat gemiddelde hoë grondwaardes het en in privaat besit is. Goed ontwikkelde plase met 'n tendens dat plaaseenhede groter word, veral in die noorde van die Wyk, om groter opbrengste te verseker om so die groeiende insetkoste te dek. Wyk 4 het hoofsaaklik landboupotensiaal met beperkte geleenthede vir toerismepotensiaal om bestaande stedelike areas.	- Formalisering van bestaande kleinboervestiging in die groter Chatsworth area en veral tussen Riverlands en Chatsworth asook om die Swartrivier noord van Riverlands - Moontlike aankoop van staatsgrond tussen Riverlands en Chatsworth vir onder andere die formalisering en vestiging van kleinboere. - Beperkte grondwater vir besproeiing vir wynbou en groenteproduksie suid van Malmesbury op die N7 Landelike Ontwikkelingskorridor - Intensiewe boerderygeleenthede bestaan in die N7 Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor met verskeie bestaande formele en informele kleinboervestiging in die gebiede wat verder uitgebou kan word. - Moontlikheid om van die plaasdamme binne besproeiingsareas vir aqua-kultuur boerdery te gebruik. - Die Langgewens Proefplaas van die Wes-Kaap Departement van Landbou, wat in die gebied geleë is, bied geleenthede vir opleiding en ondersteuning vir voornemende kleinboere.
Opgradering van nedersetting, dienste en sosiale investering.	- Voorsien gesubsidieerde behuising in hoof sentras wat Malmesbury, Moorreesburg en Darling insluit. - Fokus op sosiale dienste en die aanspreek van armoede in Riverlands en Chatsworth.
Landbouprosessering.	Fokus hoofsaaklik op Malmesbury en op die N7 Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor vir landbouprosessering.
Grondhervorming in ekstensiewe droëland boerderygebiede .	- Plase in Wyk 4 bestaan uit ekstensiewe droëland boerderypraktyke, ± 500ha - ± 680ha in grootte, en het gemiddelde hoë grondwaardes, vereis hoë insetkoste en is afhanklik van uitgebreide meganisasie wat groot kapitale uitlegte vereis. Grondhervormingsprojekte moet met die nodige omsigtigheid hanteer word ten einde volhoubare projekte te verseker. - Ondersteuning in terme van kennis, plaastoerusting ens. sal aanvanklik aan die opkomende boere aangebied moet word in die streek.
Grondhervorming in die kleinskaalse verbouing van produkte .	- Beperkte ondergrondse water in die noordelike gedeelte van Wyk 4. - Sterk ondergrondse water in die suidelike gedeelte van Wyk 4 wat intensiewe verbouing van landbouprodukte moontlike maak. Terselfdertyd kom sensitiewe natuurlike gebiede ook in die suidelike gedeelte van Wyk 4 voor. - Beperkte besproeiingsgeleenthede bestaan wel langs die N7 korridor.

	Fokus op kleinskaalse groentetuine binne stedelike gebiede (meentgrond) vir voedsel produksie.
Grondhervorming in klein of medium intensiewe besproeiing boerderygebiede.	- Beperkte geleenthede vir besproeiing in die noordelike en noordwestelike dele van Wyk 4. - Geleentheid vir kleiner eenhede besproeiingsgrond is beskikbaar met grondpryse wat gemiddeld hoog is vir die areas. - Die besproeiing gaan ook gepaard met meganisasie wat hoë kapitale uitlegte benodig. - Alle intensiewe ontwikkelings in die area moet bestaande grondwater bronne beskerm om volhoubare toekomstige produsering in die gebied te verseker.
Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	
Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	Voorstelle
Reservoirs, riolsuiweringswerke, transformators en stortingsterreine.	Die prioriteite vir die voorsiening van dienste in die landelike areas behoort as volg te wees: - Die gebiede in en om die stedelike nedersetting in Wyk 4 is prioriteit vir die eliminasië van die emmerstelsel in terme van riooldienste asook die grootste behoefte aan die voorsiening van sanitasie dienste aangesien die area van die hoogste persentasie huishoudings het wat nie toegang tot behoorlike sanitasie fasiliteite het nie. Dit kan met tyd ook 'n verhoogde impak hê op die kwaliteit van grondwater in die areas, en moet daarom dringend aandag geniet. - Opgradering van die rioolwerke in Riverlands & Chatsworth sodat afloop aan vereiste van Departement van Waterwese en Bosbou kan voldoen. - Skenk veral aandag aan die formalisering van sanitasie en water dienste vir die informele nedersettings van kleinboere tussen Chatsworth en Riverlands asook noord van Riverlands langs die Swartrivier, om die impakte op natuurlike omgewing te beperk. - Moedig vullisverwydering na punte in naaste dorp aan, veral op plase, bv. om Riverlands en Chatsworth en in Tierfontein area.

Voorsien en onderhou veeldoelige gemeenskapsdienste	Voorstelle
Veeldoelige gemeenskapsdienssentrum.	Ondersteun die voorsiening van veeldoelige gemeenskapsdienssentrum in die landelike area tussen Chatsworth en Riverlands om beide die nedersettings asook die omliggende landelike gemeenskap te dien.
Verdere Onderrig en Opleiding.	Bevorder Weskus Kollege kampus hoofkantoor op Malmesbury.
Malmesbury Volwassene Onderrig en Opleiding Sentrum (MAVOS) met dienspunte in Chatsworth en Riverlands.	- Bevorder familie geletterdheid deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak. - Maak verdere onderrig en opleiding toeganklik deur publieke vervoer te versterk of lokale beskikbaar te maak om deeltydse klasse aan te bied. - Bevorder die ontwikkeling van sosiale en ekonomiese aktiwiteite in die nedersettings om ook die landelike gemeenskap te ondersteun. - Bevorder opgradering en hernuwing van sosiale infrastruktuur en dienste.

Voorsien en onderhou openbare publieke vervoerinfrastruktuur en vervoermodaliteite	Voorstelle
Slegs private vervoer is beskikbaar.	- Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke padvervoer langs die N7 tussen Malmesbury en die Riverlands-Chatsworth Kalbaskraalkruising en van Riverlands & Chatsworth tot by die N7. - Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke spoorvervoer op die Kalbaskraal-Darling spoorlyn wat aandoen by Riverlands (Wyk 4) en Darling (Wyk 5).
Ondersteunende Infrastruktuur	Bevorder padstalle en toerisme geleenthede op N7 suid van Malmesbury, op liggings wat met afdraai punte vanaf die voorgestelde N7 dubbelbane sal ooreenstem. Geen direkte toegang tot N7 suid van Malmesbury.


Wyk 5:

Yzerfontein, gedeelte van Darling, Jakkalsfontein, Grottobaai, Ganzekraal, Tygerfontein, Dasseneiland en Landelike Area

Oorsig van Wyk 5

Ligging

Wyke 5 verteenwoordig die westelike gedeelte van die munisipale regsgebied van Munisipaliteit Swartland. Wyk 5 bestaan uit die stedelike areas van Yzerfontein en 'n gedeelte van Darling stedelike gebied, asook ander nedersettings wat Jakkalsfontein, Tygerfontein, Ganzekraal, Grottobaai insluit. Dasseneiland word ook by Wyk 5 ingesluit. Die kusgebied wat in die wyk voorkom is 'n belangrike toerisme bron vir die Swartland en bied verskeie geleenthede.



Die omliggende landelike area in die wyke bestaan grotendeels uit intensiewe sowel as ekstensiewe landbou gebruike met verskeie areas soos die Darling heuwels wat as bewarenswaardige areas geïdentifiseer is. 'n Gedeelte van Darling se stedelike struktuur val onder Wyk 5, maar sal as deel van die res van die dorp onder Wyk 6 hanteer word omdat dit een stedelike kern vorm.

Demografie

Die geprojekteerde bevolking groei vir die dorpe in die wyke sien as volg daaruit.

DORPE in WYKE 5 en 6	GROEI %	2007	2012	2017	2022	2027
Yzerfontein	3%	9592	10736	11912	13216	14663
Darling	3%	9268	10374	11509	12770	14168

Tabel 16: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyke 5 en 6

Oorsig van Stedelike Areas

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Beplanning Kategorieë	ROR Klassifisering
Yzerfontein	See toerisme en Residensieel	Kus ontspanning	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Toerisme en kUSDorp
Darling	Toerisme/ Residensieel	Kaleidoskoop van landbou, kuns en blomme	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Ondersteunend tot Hoofdorp

Tabel 17: Ruimtelike klassifisering van Yzerfontein en Darling

Wyk 5 - Kern Stedelike Gebiede

4.11 YZERFONTEIN

4.11.1 Historiese oorsig

Die area om Yzerfontein was op 'n seisoenbasis deur die Khoi bewoon, sodat hul vee in die areas kon wei. Die noordelike area, wat bekend was as Groenekloof, is in 1700 deur die politieke Raad aan Henning Huising as weivelde verhuur op voorwaarde dat hy die Kompanjie met skape voorsien. Groenekloof het gestrek vanaf Koeberg in die suide tot by Saldanha in die noorde. In 1739 het die Kompanjie besluit om 'n aantal veeposte vir die VOC te behou en die res as weiding te verhuur. Die res van die gedeelte bekend as Groenekloof is toe in 46 plase verdeel waarvan Yzerfontein een was. Na meerjarige huurooreenkomste met Cornelis Heufke word die plaas van 2000 morge deur die regering aan Jacobus Blankenberg verkoop. Historiese inligting toon dat met die ingang van die 20ste eeu die omliggende boere reeds jaarliks met hul ossewaens op Yzerfontein kom uitspan het. Die oorspronklike Yzerfontein dorp is in 1935 gestig toe 'n gedeelte van die Plaas Yzerfontein No. 560 in ongeveer 330 erwe verdeel is. Die ontwikkeling van die erwe was hoofsaaklik gerig op die vakansiemark, maar het aanvanklik stadig plaasgevind as gevolg van die toegangpad wat 'n diep sandsloot was.

Tussen 1970's en 1990's het daar 'n verdere sewe uitbreidings gevolg, wat deur die Katz familie gedoen is, met 'n verdere 1523 erwe wat geproklameer is. Die dorp het in die laaste jare dan ook dienooreenkomstig gegroei tot die gesogte vakansiedorp wat dit vandag is. Yzerfontein is veral gewildheid onder afgetredenes, vakansiegangers en toeriste. Die permanente inwonertal bestaan slegs uit 60% van die totale bevolking. Hoewel baie van die permanente inwoners afgetredenes is, is daar ook 'n groot aantal van die inwoners wat in Kaapstad en ander omliggende sentras werk en daaglik pendel.

4.11.2 Dorpsiërargie en Ekonomiese Basis

Ligging

Yzerfontein is geleë teen die see op die Weskus van die Swartland. Die ligging van die dorp sowat 80 km buite die Kaapse Metropool op die R27 dra by tot sy gewildheid en groei oor die laaste aantal jare. Die ligging stel baie mense in staat om in Yzerfontein te bly en in omliggende sentras te werk deur daaglik te pendel.

Ekonomiese basis

Yzerfontein word op die Ruimtelike Plan vir die Weskus Streek (Weskus Distriksmunisipaliteit, November 2000) aangetoon binne die Kategorie D.c. of Plaaslike Dorp.

Die kUSDorp met sport en ontspanning as basis bestaan hoofsaaklik uit 'n residensiële gebruike met 'n onderontwikkelde besigheidsgebruike wat algemene handelaars, restaurante, kafees, geskenkwinkels, gastehuse, en professionele spreekkamers insluit. Omliggende sentras soos Darling, Vredenburg en die Metropool bevredig verbruiker se vraag na verbruikbare en andere goedere en dienste.

Die dorp beskik oor beperkte hawefasiliteite wat deur kommersiële en sport vissermanne en watersportliefhebbers gebruik word. Die vismark wat by die ingang van die dorp voorsien die nodige spasie vir vissers om hul produk van die hand te sit. Hoewel die visbedryf en gepaardgaande industrieë volgens die GOP groot potensiaal vir Yzerfontein inhou, is daar ook die moontlikheid dat dit met die ontspanning en toerisme aktiwiteite wat in Yzerfontein beoefen word, kan bots. Die ontwikkeling van industrieë op Yzerfontein moet met die nodige omsigtigheid beplan en bestuur moet word. Toekomstige groei in Yzerfontein moet veral gerig word op see-georiënteerde ontspanning, aftreeoord en alternatiewe behuising tipes vir veral die afgetredenes.

Ontwikkelingspotensiaal

Die besondere natuurskoon, matige klimaat en rustige leef omgewing maak van Yzerfontein 'n gesogte toerisme en vakansie bestemming wat dan ook 'n groot bate vir die Swartland streek inhou.

Die belangrikheid van Yzerfontein in die toerisme bedryf hou ook verband met residensiële ontwikkeling in die gebied om die bedryf te ondersteun. Die moontlikheid van voorsiening van verskeie tipes behuising/residensiële opsies, wat veral aftree geleenthede insluit, moet ook verder ondersteun word.

Twee addisionele toekomstige kommersiële nodusse is geïdentifiseer waarvan een in Pearl Bay aanliggend tot 'n voorgestelde medium digtheid residensiële ontwikkeling geleë is en die ander aanliggend tot die ingangspad na Yzerfontein, net noord van die bestaande vismark.

Omdat die mark in Yzerfontein hoofsaaklik op die toerisme en die vakansiegangers gerig is, is ontwikkeling residensieel van aard met die fokus op die medium en hoë digtheid residensiële mark. Verskeie groepsbehuising sowel as woonstel ontwikkelings, wat ook gemengde gebruike soos kommersiële gebruike insluit, is in die laaste aantal jare goedgekeur.

Verdigting kan bevorder word deur invulontwikkeling langs die aktiwiteitstrate, deeltitel eienaarskap en aftreeoorde en behuising vir afgetredenes.

4.11.3 Ruimtelike Elemente

Topografie

Die dorpsarea word gefokus deur prominent 84m hoë kop (berg) wat direk oos van die dorpsgebied geleë is en 'n 50m hoë plato wat in 'n noordwes suidoos oriëntasie parallel met die kusgebied op die suidelike gedeelte van die dorp voorkom. Die landskap daal geleidelik vanaf die landmerke kuswaarts in 'n westelike en noordelike rigting na Yzerfontein se twee prominente strande. Die hellings is redelik gelykmatig met die dreinerings wat hoofsaaklik kuswaarts plaasvind. Yzerfontein word omring deur 'n duine landskap met prominente soutpanne in die noorde en met 'n landskap wat geleidelik styg in 'n oostelike rigting.

Plantegroei

Yzerfontein is geleë binne die Langebaan Saldanha fynbosbroom waar Saldanha Flats Strandveld fynbos bevat (Mucina & Rutherford 2003), verteenwoordig. Hierdie plantegroei tipe is gelys as bedreig in die Suid-Afrikaanse Nasionale Ruimtelike Biodiversiteitsassessering (Rouget *et al* 2004). Van die oorspronklike 76 023ha wat voorgekom het, is daar slegs 34 311ha (45%) oor. In botaniese studies in die area gedoen (Helm, 2007) is gemerk dat van die 713 spesies (8% van Kaapse Blommeryk in totaal) voorkom tussen Bokbaai in die suide en Yzerfontein, waarvan 5.9% as Rooi Data spesies gelys is. Alle oopruimtes in Yzerfontein is derhalwe verklaar as natuurreservate.

Die omgewing rondom Yzerfontein is hoogs gediversifiseer, met verskeie habitatgebiede, ekosisteme en plantegroei tipes wat spesifiek aangepas is vir die klimaat en grondtipes van hierdie gebied. Die gebied noord van Yzerfontein word beslaan deur die Weskus Nasionale Park terwyl die gebied onmiddellik noord van Yzerfontein die ook sensitief en bewarenswaardig is omdat dit die kus- en die marienebeskermingsone huisves.

Daar is vier tipes plantegroei geïdentifiseer in die Yzerfontein omgewing wat as bedreig geklassifiseer is naamlik:



- Langebaan Duine Sandveld: die plantegroei kom voor in die alkaliese duine en sand areas naaste aan die see.
- Saldanha Strandveld: die tipe plantegroei kom voor op neutrale sand en is soms die oorgangplantegroei tipe tussen die Duine Strandveld en die Sand Fynbos.
- Kaapse Binnelandse Soutpanne: die vlei landskap plantegroei kom algemeen langs die Weskus voor.
- Hopefield Sand Fynbos: die plantegroei tipe kom voor in suur sandgronde verder in die binneland en noord van Yzerfontein tot by die Bergrivier.

Verskeie sensitiewe vleilande, talle panne en sout moerasse kom in die gebied noord van Yzerfontein voor.



Skets 2: Plantegroei kaart van Yzerfontein

Die studie beveel aan dat geen verdere ontwikkeling moet toegelaat word in hierdie hoë bewarenswaardige area nie met die gedeeltes wat dan ook uitgesluit is uit die stedelike randgebied.


Klimaat

Yzerfontein beskik oor 'n matige Mediterreense klimaat, met lae maksimum temperature van 18°C en 'n gemiddelde hoë minimum temperatuur van 12°C. Die reën kom hoofsaaklik gedurende die wintermaande voor met 'n gemiddeld van 405mm per jaar. Die heersende windrigting is suid en suidoos met mediaansnelhede van tussen 5 en 10 m/s.

4.11.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

- Die kuslyn en natuurlike veld wat bewaar moet word bepaal die dorpsuitleg.
- In die suide is dorpsuitleg liniêr langs die kuslyn, met kenmerkende hoofroetes.
- Toekomstige uitbreidings moet aansluit by bestaande natuurlike plantegroei korridors ten einde kontinuïteit in die uitleg te behou asook skakeling tussen die verskillende bewaringsgebiede te bevorder.
- Drie onderskeibare dorpsgebiede:
 - o Die ouer gedeelte om die hoofstrand. Die area is parallel aan die kusgebied uitgelê, met die strate wat parallel aan die kus ontwikkel is. Die gebied het 'n hoër bewoningsdigtheid, met kommersiële en sosiale infrastruktuur wat in die area voorkom.
 - o Die middelgedeelte is op die hoër liggende Yzerfontein punt geleë met strate wat parallel aan die kusgebied loop.
 - o Die nuwe uitbreiding op die suidwestelike plato en kusgebied het 'n lae bewoning digtheid omdat groot gedeeltes natuurlike plantegroei onaangeraak gelaat was.



(ii) Digtheid

Bestaande digtheid is 6.8 eenhede per hektaar. Die lae digtheid kan toegeskryf word aan die nodigheid om oopruimte korridors te skep en beperkende titelvoorwaardes in Yzerfontein.

Die digtheidsnorm wat teen 2022 bereik moet word binne Yzerfontein is 7.8 eenhede per hektaar, dus 'n verdigtingskoers van 0.05%. Daar bestaan 'n behoefte in Yzerfontein om bestaande huise oor te skakel na deeltiteleienaarskap sodat meer families op een erf kan vestig. Verdigting is onderhewig aan gewilligheid van eienaars om te onderverdeel, bestaande sonerings, karakter van die onmiddellike omliggende omgewing en die unieke sin van plek en historiese konteks van sekere gebiede.

(iii) Beboude vorm

Die meerderheid van die beboude area word beslaan deur residensiële ontwikkeling, met 'n beperkte kommersiële en sosiale nodus. Laer digtheid enkel residensiële erwe, met medium en hoër digtheid geleentheids (groepsbehuising en woonstelle) kom verspreid in die dorp voor. Die


ouer gedeelte van die dorp verteenwoordig definitiewe styl eras terwyl die nuwe uitbreidings geen definitiewe boustyl verteenwoordig nie. Die boustyl wissel van “Beach Bungalo” styl, wat nou baie gewild is, tot moderne minimalisties style. Daar bestaan gesubsidieerde behuising in Yzerfontein nie.

(iv) **Funksionaliteit**

Die liniêre vorm van die dorp wat die kuslyn volg het groter afstande tussen areas en nodusse tot gevolg. Daar is drie kommersiële nodusse in Yzerfontein. Die eerste nodus is by die ingang van die dorp, suid en wes van die vier rigting stop, waar kommersiële gebruike bedryf word. Die tweede nodus oos van die karavaanpark, waar kommersiële gebruike bedryf word, bedien hoofsaaklik die karavaanpark en omliggende area. Hoë digtheid residensiële gebruike versterk die tweede nodus. Die derde nodus by die Villa Fontana woonstel kompleks op die skiereiland gebied vervat ook kommersiële gebruike. Hierdie nodusse is almal binne loopafstand van die omliggende residensiële gebiede.

(v) **Groei Potensiaal**

Yzerfontein se gemiddelde groeikoers van 3% (“*Delineation of Swartland Urban Edges 2007*”) bepaal hoeveel addisionele grond in Yzerfontein benodig word om die toekomstige groei van die gewilde kUSDorp in Swartland te akkommodeer. Die volgende tabel verteenwoordig die voorgestelde grond wat benodig word ten einde die groei van Yzerfontein te akkommodeer.



Addisionele Grond benodig vir uitbreiding in Yzerfontein 2011-2022	
Jaar	Ha
2012	46
2017	48.9
2022	36.9

Tabel 18: Addisionele grond benodig vir Yzerfontein.

4.11.5 **Bewegingsnetwerk**

Die volgende **Primêre Verkeersroete** kom in Yzerfontein voor:

- Die **hooftoegangsroete** na Yzerfontein is die **R315** wat aansluit by die **R27** (Weskuspad). Die **R27** bied skakeling met Kaapstad in die suide (± 80 km) sowel as met Vredenburg/Saldanha/Langebaan/Veldrif in die noorde. Die R315 verleen op sy beurt weer direkte skakeling met Darling, wat ongeveer 27km oos van Yzerfontein geleë is, asook met Malmesbury ongeveer 60km verder oos.

- Die **Hoofverkeersroetes** binne Yzerfontein is **Hoofstraat**, wat aansluit by die R315, wat die enigste toegangspad na Yzerfontein is.
- Die volgende **aktiwiteitstrate** is in Yzerfontein geïdentifiseer: **Park-** en **Buitekantstraat** wat die area noord van die R315 bedien, **Buitekant-** en **Hoofstraat** wat die hoofasse van sentrale dorp uitmaak en **Dasseneilandlaan** wat die Pearl Bay en Yzerfontein punt area bedien.
- Die **verbindingsroetes** na Pearl Bay en die area om Yzerfontein punt sluit die volgende strate in: **Lutie Katz-, Versfeld- en Dasseneilandlaan**.

4.11.6 Dienste en Infrastruktuur

Swartland Munisipaliteit lewer die volgende munisipale dienste in Yzerfontein:

Water

Yzerfontein is afhanklik van die Voëlvleiskema met twee reservoirs (5000kl) waar die water gestoor word voor dit intern deur middel van gravitasie versprei word na die verbruikers.

Die volgende probleme bestaan ten opsigte van die bestaande waternetwerk van Yzerfontein:

- Geen chlorinering;
- Beveiliging van reservoirs;
- Waterpype onder woonhuise en private erwe, wat tot toekomstige skade aan privaat eiendom kan lei;
- Voorsien kapasiteitstekort in toekomstige voorsiening.

Volgens die GOP is daar voldoende kapasiteit en onderhoud van die waternetwerk in Yzerfontein. Die "*Water Services Development Plan (2008)*" gee die aantal residensiële verbruikers van water as 1013, met die toekomstige vraag na water (Ml/jaar) as volg:

	Toekomstige vraag na Water (Ml/jaar)				
	2012	2017	2022	2027	2032
Yzerfontein	251,764	268,216	285,785	304,549	324,594

Tabel 19: Yzerfontein se vooruitgeskatte vraag na water.

Uitbreiding van die reservoirs sal op die bestaande perseel waarop die reservoir geleë is gedoen word. Verder word 'n ontsoutingsaanleg, moontlik by die hawe, oorweeg.

Riool

Yzerfontein beskik oor geen rioolsuiweringswerke nie en het geen spoelrioolstelsel in plek nie. Die verbruikers maak gebruik van riooltenke op individuele persele wat op versoek deur die munisipaliteit se vragmotors leeg gepomp word. Riool sisteme word geïnstalleer as deel van huidige ontwikkelings om aan te sluit by toekomstige munisipale rioolinfrastruktuur wat beplan word om buite Yzerfontein stedelike gebied, aanliggend aan die toegangspad op gerig te word. Die Swartland Water Dienste Ontwikkelingsplan (2008/2009) toon aan dat daar volgens die Swartland Tesourie Afdeling daar 1013 verbruikers in Yzerfontein is wat van septiese tenks of ander op-terreinrioolfasiliteite gebruik maak wat deur die munisipaliteit op versoek geledig word.

Die huidige rioolzuigtenkvragsmotor kan egter nie meer riooltenke diens nie en 'n addisionele voertuig wat benodig word om nuwe ontwikkelings te akkommodeer.

Elektrisiteit

Die Swartland munisipaliteit voorsien elektrisiteit aan Yzerfontein. Daar kom 'n Eskom 66/11kV 5MVA substasie voor. Daar word huidige beplan vir die uitbreiding van die diens met die oprigting van 'n addisionele substasie.

Die diens sien tans as volg daar uit:

- Verklaarde maksimumaanvraag 2.5MVA, met die netwerk kapasiteit van 4MVA wat beskikbaar is.
- Die werklike maksimumvraag is 2.8MVA.
- Daar is een 11kV toevoerlyn.
- 1150 residensiële verbruikers kom voor in Yzerfontein.
- 70 kommersiële en industriële verbruikers.

Die elektrisiteitsnetwerk beskik oor 'n ondergrondse kabelnetwerk sowel as bopgrondse toevoeryne. Alle formele erwe beskik oor elektrisiteit.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit verwyder. Swartland Munisipaliteit het tans net een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartlandstreek bedien.

Die gemeenskap van Yzerfontein is gesluit vir inname van huishoudelike vullis en neem slegs tuinvullis en bourommel in. Die gebrek aan 'n oorlaastasie op Yzerfontein, veroorsaak onwettige storting van bourommel en tuinvullis op leë erwe. Die onwettige storting van bourommel verg optrede deur die munisipaliteit. Skubbakke kan aangewend word ten einde die onwettige storting te bekamp.

Paaie & verkeer

Volgens die Swartland GOP is 95% van Yzerfontein se strate geteer, met die algemene toestand van die strate wat as goed beskryf word. Yzerfontein word deur 'n enkele toegangspad vanaf Darling, naamlik die R315 (MR 215), bedien wat met die R27 (Weskus pad) kruis.

Veiligheid

Yzerfontein het 'n brandweerdienst wat die dorp en die omliggende area bedien. Die Nasionale See Reddingsinstituut het Stasie 34A te Yzerfontein Hawe wat die kusgebied en omgewing bedien.

4.11.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Yzerfontein het die rol van 'n vakansiekusdorp met 'n sterk residensiële basis en met residensiële en toerisme ontwikkelingsmoontlikhede. Die area word omring deur natuurlike gebiede wat aanliggende tot die kusstrook voorkom. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp:

Toekomstige Ontwikkeling
Ekonomiese Ontwikkeling: • Ondersteun die ontwikkeling van diensnywerhede. • Ondersteun die ontwikkeling van 'n landelike bewoningsgebied langs die bestaande toegangspad na Yzerfontein vanaf die nodus by die kruising van die R27.. • Ondersteun die kommersiële uitbreiding in Yzerfontein.
Industriële Ontwikkeling: Beperkte diensnywerhede en ontgin visbedryf.

Behuising/ Residensiële Ontwikkeling:
• Uitbouing van die residensiële geleentheid met die voorsiening van groter verskeidenheid behuising tipes veral in terme van die aftree mark. • Bevorder verdigting binne die stedelike area
• Gesubsidieerde Behuising - Geen ontwikkeling van toekomstige gesubsidieerde behuising in Yzerfontein nie met die tekorte wat in Darling aangespreek moet word. • Behuising waglys – 7. • Groei potensiaal van residensiële ontwikkeling het 'n medium prioriteit.
Openbare Oopruimtes/Bewaring:
• Behou die karakter van die dorp deur die bewaring van die kuselemente en die uitbouing van die bestaande oopruimte korridors deur die dorp wat ook aansluit met die omliggende natuurlike areas. • Ondersteun die uitbreiding van die bewaringsarea in die omliggende landelike area om aan te sluit by die Weskus Nasionale Park, wat die vestiging van 'n bewaringskorridor van die Weskus Nasionale Park in die noorde tot by Blaauberg Natuurreservaat in die suide sal bevorder, ten einde die bewaring en toerisme ontginnig van die unieke kusstrook te verseker.
Infrastruktuur en Dienste:
• Optimaliseer gebruik van infrastruktuur.
Toerisme.
• Prioritiseer toerisme ontwikkeling in Yzerfontein - ondersteun die natuurlike aantreklikheid van die kUSDorp – dit is belangrik dat projekte bestaande toerisme aantreklikheid moet bevorder en moet skakel met ander verwante toerisme bedrywe. • Ontwikkel en onderhou toerisme verwante infrastruktuur soos toerisme buro's, padtekens en toerisme fasiliteite. • Kusverwante ontspanning ontwikkeling - voorsien toerisme georiënteerde munisipale infrastruktuur, bemaking infrastruktuur en ondersteun BBBEE toerisme projekte
Sosiale Ontwikkeling
• Voorgestelde satelliet biblioteekdiens om inwoners te bedien.

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Yzerfontein ten einde die bestaande geleentheid binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone voorstelle en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Yzerfontein Sone Voorstelle

Verwys na Yzerfontein Sone Kaart: Ten einde veral die residensiële karakter van Yzerfontein verder uit te bou en te ondersteun en voorstelle in ooreenstemming met bestaande karakters trekke binne die dorpsgebied te doen is die dorp in sewe (7) sonas ingedeel. Die individuele sonas sluit areas in met gemeenskaplike kenmerke waarvolgens grondgebruike voorgestel kan word. Die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sonas van Yzerfontein is soos volg:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Afreesoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A wat op die punt geleë is, het grotendeels 'n residensiële karakter met groter erwe met 'n klein sake nodus wat gemengde gebruike soos hoë digtheid residensiële gebruike en 'n vakante skool perseel insluit.	X	X	Slegs op aktiwiteitsas Langs aktiwiteitsas X	X	Op bestaande skool perseel X		X	By bestaande nodus X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X	Veral by Hawe X	
B	Sone B, Pearl Bay area, bestaan tans uit hoofsaaklik lae digtheid residensiële gebruike met 'n voorgestelde nodus langs die aktiwiteitsas asook 'n area vir medium en hoë digtheid behuising geleenthede.	X	X	Langs aktiwiteitsas en op bestaande persele X	X	X	By bestaande nodus X	X	Langs aktiwiteitsas en in bestaande nodus X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X	X	
C	Sone C is die ouer area wat 'n residensiële karakter het asook die primêre sake nodus bevat.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X	Langs aktiwiteit straat X	By bestaande nodus X	X	Langs aktiwiteit straat en by bestaande nodus X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X	X	
D	Sone D is die residensiële area om die hoofstrand met gemeenskaps-fasiliteite en 'n sekondêre sakenodus.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X			X	By bestaande nodus X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X	X	
E	In Sone E is 'n voorgestelde uitbreidingsarea geoormerk vir sport, residensiële, sake, professionele en diensnywerhede.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	By bestaande nodus X	X	By bestaande nodus X	X	X	X	X	X	Sport fasiliteit X	Slegs Diens- nywerhede X
F	In Sone F is 'n uitbreidingsarea suid van die toegangspad, waar residensiële en diensnywerheid funksies om die bestaande vismark voorgestel word. Daar kan ook ander ondersteunende funksies soos toerisme funksies aangemoedig word.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	By bestaande nodus X	X	By bestaande nodus X	X	X	X	X	X	X	Slegs Diens- nywerhede X
G	Sone G bied hoofsaaklik geleenthede vir die uitbreiding van die residensiële gebruike en die voortsetting van die groen korridors om verbinding met die aanliggende hoë bewarenswaardige area om die koppie te verseker.	X	X	X	X					Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X	Toerisme fasiliteite X	

Yzerfontein Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Yzerfontein Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie • Verseker dat ontwikkeling en opgradering van roetes tred hou met uitbreiding en ontwikkeling in Yzerfontein (Sien Bewegingsnetwerkkarta). • Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerde aktiwiteitsasse en aktiwiteitsstrate binne Yzerfontein. • Bevorder gemengde gebruike langs die aktiwiteitsasse vir beter ruimtelike integrasie. • Verfraai die ingangspad en interne aktiwiteitstrate deur bome aan te plant. • Ontwikkel voorgestelde verbindingspad tussen Dasseneilandrylaan en Geyvanpittiusstraat met die ingangspad oos van Fishermans Haven.	Paaie • Verfraai hoofingangspoort deur boomaanplanting en straat meublement. • Seël parkeerareas by die strandfront en langs die kusgebied. • Voorsien voldoende parkering, ook vir gestremdes, by nodusse en strandfront. Gestremde parkering moet aan erkende standaarde voldoen. • Voorsien die nodige toegang na sypaadjies vir gestremdes.
Aktiwiteitsasse • Bevorder gemengde gebruike langs die aktiwiteitstrate.	
Voetpaaie • Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes. • Ontwikkel voorgestelde fietsroete aanliggend aan die ingangspad tot by die R27.	Voetpaaie • Verbeter en formaliseer voetgangerroetes deur die dorp langs paaie. • Ondersteun en formaliseer die voorgestelde wandelpaaie langs die kusgebied en in natuurlike korridors.
Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke Nodusse • Ondersteun en onderhou die bestaande gemeenskapsnodus by die gemeenskapsaal en sportgeriewe. • Ontwikkel die parkeerarea of Erf 495 as 'n meer formele publieke nodus met die nodige geriewe ter ondersteuning van toerisme funksies. • Skep hiërargie van oop ruimtes vir publieke gebruik. • Ondersoek geleenthede om die hawe uit te bou as 'n belangrike toerisme nodus.	Publieke Nodusse • Bou die hawe funksie uit as gemeenskapsnodus en maak voorsiening vir beperkte toerisme en 'n plaaslike mark. • Formaliseer moontlike dagkampeerplekke by parkeerareas.

Gemeenskapsfasiliteite • Ondersteun die area rondom die gemeenskapsaal as gemeenskaps- en sportnodus.. • Ondersteun die hoofstrand se funksie as gemeenskap nodus en bou ondersteunende fasiliteite soos toiletgeriewe uit en verbeter toegang. • Ondersteun en onderhou bestaande wandelpaaie langs die kusgebied as belangrike toerisme attraksie en ontspanningsfasiliteite. • Onderzoek moontlikheid van dagkampeerplekke by parkeerareas. • Onderzoek die voorsiening van dienssentrum vir bejaarde inwoners met verwante mediese dienste. Opvoedkundige fasiliteite • Maak voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite veral crèches binne residensiële areas om die gemeenskap beter te bedien. • Behou bestaande vakante skool perseel in sekondêre nodus vir toekomstige gemeenskap behoeftes. Sportfasiliteite • Ondersteun die bestaande sport nodus by die gemeenskapsaal. • Onderzoek die voorsiening van addisionele sport area by die ingang van die dorp.	
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Tree op teen die beskadiging en vernietiging van natuurlike korridors en die kuslyn. • Stel 'n bestuursplan vir die bewaring van die area saam. • Identifiseer bewaringsgebiede binne en om die stedelike gebied. • Verbeter die benutting van natuurlike gebiede binne die stedelike area deur formele staproetes en fietspaaie te ontwikkel. • Voorsien omgewings vriendelike toegang oor duine na die strandgebiede vanaf publieke parkeerareas, met die aanbring van hout loopvlakke oor die duine. • Ondersteun die voorsiening van 'n aaneenlopende oopruimte sisteem deur die stedelike gebied en skakel die gebiede met voetgangerroetes.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Identifiseer en baken oorhoofse bewaringsones af; dui verskillende grade van omgewingsensitiwiteit en voorgestelde gebruike aan. • Identifiseer potensiële argeologiese terreine en nodige bestuursplan vir die areas. • Gee formele status aan bewaringsgebiede deur formele hersonering van areas na Oopruimte Sone III. • Rehabileer bewaringsgebiede met aanplant van Weskus plantipes wat in omliggende omgewing voorkom. • Stel bestuursplan op vir die bewaringsgebiede wat kan deel vorm van 'n Omgewingsbestuursplan vir die Swartland. • Onderzoek die uitbreiding en formalisering van wandelpaaie binne die oopruimte korridors. • Oordrag van alle publieke oopruimtes se eienaarskap na die Munisipaliteit.

• Voorsien wandelpaaie in die oopruimte sisteme.	
Historiese Bewaringsgebiede • Oefen streng kontrole uit oor die aanbouing en slopinge by geboue met erfenis belang.	Historiese Bewaringsgebiede • Stel estetiese riglyne en beheermaatreëls ter bevordering en ondersteuning van die aantreklikheid van Yzerfontein op en implementeer die maatreëls. • Ondersteun die etiese riglyne deur dorpsgebied te verfraai, ingesluit straatbeligting in ooreenstemming met die riglyne.
Toerisme • Ondersteun Yzerfontein as een van die hoof toerisme dorpe in die Swartland, deur toerisme gerigte ontwikkelings te prioritiseer. • Ondersteun en verbeter toerisme gerigte infrastruktuur soos plaaslike toerisme buro, toerisme tekens en standaard van toerisme fasiliteite soos gastehuse en restaurante. • Ondersteun kusverwante ontspanning geriewe. • Ondersoek moontlike ontwikkeling van kiosk by die hawe vir uitbouing van hawe as toerisme attraksie punt. • Ondersoek die uitbouing van kommersiele dienste(verkoop van vis en verwante produkte) by die vismark om die plaaslike seeprodukte beskikbaar te stel vir die toeriste. • Formalisering van parkeerareas langs kusgebied ten einde kapasiteit te verhoog en omliggende omgewing te beskerm. • Ondersoek die formalisering van areas om parkeerplekke vir dagkampeerders deur die nodige infrastruktuur te voorsien. • Onderhou en verbeter die bestaande karavaanpark. • Ondersoek die ondersteuning van beperkte oord ontwikkeling op die noord westelike periferie van die dorp. • Ondersteun die ontwikkeling van toerisme nodus op die noordelike periferie langs die noordelike kuslyn gebied.	Toerisme • Moedig die ontwikkeling van hoë standaard verblyfgeleenthede aan in die stedelike sowel as landelike gebiede. • Stel 'n toerisme beleid op vir Yzerfontein waarin spesifieke riglyne en fokusareas geïdentifiseer word wat toerisme verder kan uitbou. • Ontwikkel opvoedkundige wandelpaaie in die bewaringsgebiede (natuurlik en beboude omgewing). • Verbeter voetgangerpaaie en fietspaaie binne die dorpsgebied vir veilige beweging van voetgangers.
Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensieel • Maak ruimtelik voorsiening vir 'n groter verskeidenheid van behuisingstipes ingesluit kleiner eenhede. • Ondersteun hoë digtheid residensiële ontwikkeling langs aktiwiteitsstrate. • Verseker dat nuwe residensiële areas voorsiening maak vir die voortsetting van die oopruimte areas om die	Residensieel • Identifisering van vakante areas binne die stedelike gebied wat vir residensiële invul ontwikkeling aangewend kan word. • Ondersteun vernouing en hoër digtheid geleenthede binne die nodusse. • Beplanning vir die voorsiening van grootmaat dienste moet in oorleg met die voorgestelde uitbreiding gedoen word.

- aaneenskakeling van korridors te verseker. - Voorsien in die Yzerfontein behoefte vir gesubsidieerde behuising in Darling. - Ondersteun uitbreiding van landelike bewoningsgeleenthede langs die ingangspad en rondom die nodus by die kruising met die R27.	
Verdigting - Verdig deur middel van - o onderverdeling (deeltitel), - o invul ontwikkeling en - o hernuwing. - Ondersteun invul ontwikkeling en stedelike hernuwing en skep geïntegreerde ontwikkelings veral om bestaande nodusse. - Verdig in ooreenstemming met sone voorstelle, met hoër digtheid residensiële ontwikkelings in gebiede langs aktiwiteitsstrate. (Sien voorstelle kaart). - Ondersteun deeltitel onderverdelings van bestaande huise op enkel residensiële erwe as vorm van verdigting binne Yzerfontein. - Neem die konteks van die omliggende omgewing in ag en wees sensitief ten opsigte van die karakter van die bestaande beboude area wanneer onderverdeling en/of hernuwing plaasvind. - Bevorder interne verdigting deur onderverdelings te ondersteun, met enkel residensiële erfgrotes van 500m² of erfgrouttes wat sensitief is tot die karakter van die area of bestaande gebruike formaliseer.	- Identifiseer invulgeleenthede vir residensiële ontwikkeling. - Ondersteun onderverdeling en deeltitel ontwikkelings as vorme van verdigting binne die stedelike gebied van Yzerfontein.
Ruimtelike Integrasie - Ondersteun die voorsiening van 'n groter verskeidenheid van residensiële tipes om gemeenskappe beter te integreer. - Verdig deur deeltitel onderverdelings van bestaande beboude areas op enkel residensiële erwe.	
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersiële Nodus - Versterk die bestaande en voorgestelde sake nodusse - o by die kruising van Buitekant- en Hoofstraat asook	Kommersiële Nodus Ondersoek die moontlikheid van kleinskaalse sakegebruik by die hawe ter ondersteuning van toerisme bedryf.

- o langs Buitekantstraat; - o by die hoek van Park- en Volstruisstraat oos van die karavaanpark; - o by Lutie Katz-, Hoof- en De Jongstraat se kruising, - o by die ingang van die dorp direk noord van die vismark waar die nuwe nodus voorgestel word, en - o in Pearl Bay by die geïdentifiseerde nodus om Dennis Katz Plein langs Dasseneilandrylaan. • Ondersteun kleiner ondersteunende sake gebruike langs aktiwiteitstrate. • Ondersteun huiswinkels en professionele dienste langs aktiwiteitstrate.	• Onderzoek die vestiging van verwante kommersiële gebruike by die vismark om toerisme en die visbedryf te versterk.
Industriële Nodus • Ondersteun die ontwikkeling van diensnywerhede rondom die vismark.	Industriële Nodus • Identifiseer grond en beplan dienstekapasiteit vooruit om toekomstige industriële ontwikkeling te ondersteun.
Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
• Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpylyne insluit. • Beplan die plasing van dienste sodat dit toekomstige ontwikkelings en bewaringsgebiede minimaal beïnvloed.	• Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan in ooreenstemming met ruimtelike voorstelle (Raad se Raadgewende Ingenieurs). • Stel Meesterplan op vir die voorsiening en onderhoud van alle grootmaat infrastruktuur. • Stel infrastruktuur begroting in lyn met die toekomstige ontwikkelings voorstelle op. • Onderzoek die moontlikheid van die konstruksie van ontsoutingsaanleg by die hawe om in die stygende vraag na water te voorsien. Riool • Identifiseer area vir die plasing van die rioolwerke. Parkering • Formaliseer publieke parkeerareas: die addisionele parkeerarea by die hoofstrand, by Schaapeiland, by Yzerfonteinpunt en die twee geïdentifiseerde publieke parkeerareas in Pearl Bay teen die kuslyn om strande se drakrag verhoog en impak op die omliggende omgewing beperk. • Voorsien plankpaaie vanaf die parkeerareas oor die duine na die strand en herinner voetgangers deur inligtingsborde om slegs op plankpaaie te bly.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Yzerfontein

4.12 TYGERFONTEIN

Die plaas Tygerfontein, direk suid van Yzerfontein, verteenwoordig 'n landelike bewoningsnodusse met 24 Oord II eenhede langs die kusgebied en die res van die plaas gesoneer as Oopruimte III. Die oopruimte area sal aansluit by die voorgestelde Weskus korridor wat sal aansluit by die Weskus Nasionale Park in die noorde en by Blaauberg Natuurreservaat in die suide.

4.13 JAKKALSFONTEIN

Jakkalsfontein Kuslandgoed is direk suid van Tygerfontein geleë, met 'n totaal van 150 Oord II residensiële erwe wat hier uitgelê is in bepaalde nodusse langs die kusgebied, terwyl die res van die plaas Oopruimte III gesoneer is. Die oopruimte area word as private wildreservaat bestuur deur die huiseienaarsvereniging van die landgoed. Die reservaat sal ook deel uitmaak van die voorgestelde Weskus korridor wat sal aansluit by die Weskus Nasionale Park in die noorde en by Blaauberg Natuurreservaat in die suide. Daar word geen verdere uitbreiding van die Jakkalsfonteinnodus voorgestel nie.

4.14 GROTTOBAAI

Grottobaai is ontwikkel as nedersetting met 220 residensiële erwe langs die Weskus met Oord II sonering en die res van die plaas is gesoneer as Oopruimte III. Die oopruimte area word bestuur deur die huiseienaarsvereniging van die nedersetting. Daar word geen verdere uitbreiding van die Grottobaainodus voorgestel nie.

4.15 GANZEKRAAL

Ganzekraal kampeerterrein is 'n publieke oord langs die Weskus wat deur die Weskus Streeksdiensteraad bestuur word. Die terrein beskik oor dagkampeerplekke, tydelike oornag kamperplekke asook eenhede vir tydelike verhuring. Daar word geen verdere uitbreiding van die Ganzekraal oord voorgestel nie.

4.16 DASSENEILAND

Dasseneiland val binne die regsgebied van die Swartland Munisipaliteit en is ongeveer 10km suidwes van die kus van Yzerfontein, in die Atlantiese Oseaan geleë. Die eiland is een van die ondergrondse berge wat langs die Weskus voorkom waarvan die spits bo the watervlak uitsteek. Die eiland is 4.5 km lank, 2 km breed en beslaan 'n totale oppervlak van ongeveer 222 ha met die hoogste punt wat 10 meter bo seevlak is. Die eiland het sy naam gekry na aanleiding van die groot getalle dassies wat oorspronklik daar voorgekom het. Groot getalle robbe het ook op die eiland voorgekom, maar is deur jagters uitgeroei. Die eiland is vandag die grootste broeiplek van Kaapse pikkewyne met ongeveer 68 000 pikkewyne wat op die eiland voorkom.

Die 28 meter hoë wit en rooi gietyster vuurtoring wat op die eiland voorkom is sedert 1893 aktief en word gesien as een van die belangrikste vuurtorings op die Kaapse seeroete. Die riewe en kelpbeddings om die eiland asook digte mis wat gereeld uit die koue Atlantiese Oseaan opkom en die eiland versteek, maak die seevaart gebied om die eiland baie gevaarlik.

Cape Nature is tans in die proses om 'n Natuurreservaat Bestuursplan vir Dasseneiland op te stel vir die daarstel en formalisering van die eiland as 'n Beskermd gebied asook die waters om die eiland as 'n Marine Beskermd gebied.

Ruimtelike Kaarte: Wyk 5 Landelike Nedersettings

Wyk 5 – Landelike Area

4.17 Wyk 5: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

(Verwys na Wyk 5 Landelike Voorstellingskaart)

4.17.1 Voorgestelde Landskappe

Die volgende **prominente ruimtelike landskappe** kom in **Wyk 5** voor:

Wildernislandskap: Kus, Berge en ander habitats

- Behalwe Yzerfontein wat die residensiële area uitmaak teen die kus, kom die privaat natuurreservate (wat formele woongebiede insluit), naamlik: Tygerfontein, Jakkalsfontein, Rondeberg en Grottobaai langs die kus voor.
- Geïdentifiseerde vleigebiede kom in die noordelike gedeelte, noordoos van Yzerfontein en in die Rondeberg Privaat Natuurreservaat voor.
- Wyk 5 huisves die Darlingheuwels bergreeks wat Bonteberg, Kapokberg en Contreberg insluit en aansluit by Dassenberg verder suid-oos in Wyk 4.
- Dasseneiland, ongeveer 10 km suid wes van Yzerfontein in die Atlantiese Oseaan, wat as 'n Beskermde gebied en Marine Beskermde gebied binne die wyk voorkom.

Waterweë en verbindings:

- Die Modder- en Dwarsrivier is die twee waterweë wat in Wyk 5 voorkom.

Verbindingsweë en gordels:

- Die R27, wat parallel langs die kus loop, vorm die hoof verbindingsweg tussen die Weskus en die Kaapse Metropool. Die verbindingsweg maak deel uit van die toerismegordel langs die Weskus.

Landboulandskap:

- Landbouproduksie maak 'n groot gedeelte van Wyk 5 se landboulandskap uit en word beïnvloed deur lae potensiaal landbougrond en sensitiewe natuurlike areas met hoë bewaringspotensiaal.

Sosiale foci en Gemeenskaplandskap:

- Wyk 5 word ondersteun deur die kusdorpe van Yzerfontein en Grottobaai, met verskeie nedersettingsgebiede binne bewaringsareas wat Tygerfontein, Jakkalsfontein en Ganzekraal insluit.

Kultuur-historiese landskap:

- Wyk 5 spog met Jakkalsfontein en Tygerfontein en Rondeberg privaat natuurreservate, Dasseneiland as beskermde gebied asook verskeie kunsfeeste.

4.17.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede

Strategie 1 : Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal	
Landelike areas met ekonomiese potensiaal en ontwikkelingsgeleenthede	Voorstelle
Streeksdienssentrum: Darling in Wyk 6	• Versterk Darling as landboudienssentrum van die omliggende Wyke 5 en 6.
Landbou-industriële sone: 'n Industriële sone tussen Kaapstad en Saldanha word voorgestel gegewe die besige diepwater hawe by Saldanha, die nabyheid tot die Kaapse Metropool en die ekonomiese ontwikkeling in die streek. Saldanha-Vredenburg beskik oor een van die grootste natuurlike hawens in die wêreld, 'n ystererts terminaal, verskeie	• Laat die Swartland maksimaal baat by die Provinsiale inisiatief deur die voorsiening van geassosieerde vervoerinfrastruktuur, veral op die R27 en spesifiek op die R311 en R27 kruising. • Ontwikkel strategieë om die dorpe wat op die subroetes geleë is, soos

staalprosesseringsaanlegte met aansienlike potensiaal vir verwante industrieë. Die potensiaal word versterk deur die ontdekking van gas en olie langs die kus van Suid-Afrika wat op land in Saldanha in ontvangs geneem sal word.	Darling, Mamre en Atlantis, te laat baat by die provinsiale industriële-ontwikkelingsinisiatief. • Versterk die Kaapstad na Saldanha-Vredenburg spoorlyn verby Darling en Hopefield as deel van die geassosieerde infrastruktuur van die industriëlesone. • Doen sensitiewe en deurdagte beplanning om bewaring en industrialisasie te balanseer. Die industriëlesone inisiatief is geleë in 'n internasionaal belangrike moeras (en natuurreserveat) om die uiters sensitiewe ekologie, marine- en kuslewe nie verder te degradeer nie.
Vervoerkorridor: Die R27 verbind Kaapstad en Saldanha-Vredenburg en dien as die hoofverbindingsroete van die industriëlesone in Saldanha-Vredenburg en die Kaapse Metropool. Die roete word versterk deur die spoorlynroete vanaf Kaapstad verby Darling en Hopefield wat eindig in Vredenburg. Die R315 is 'n belangrike verbindingsroete tussen Wyk 5 en Malmesbury, as die hoof streeksdienssentrum, en Riebeek Vallei, as toerisme bestemming. Die R27 bied ook toegang tot die Weskus Nasionale park en sal ook in die toekoms 'n belangrike roete na die voorgestelde Bewarings korridor wees wat voorgestel word tussen Weskus Nasionale Park en die Blaauwberg Natuurreserveat.	• Skep geleenthede vir die verdere ontwikkeling van veral die toerismebedryf in die Wyk en groter omliggende gebiede gegewe die ligging van Wyk 5, aanliggend tot die R27, as hoof vervoer- en ontwikkelingskorridor langs die Weskus. • Ontwikkeling en opgradering van die R315, as belangrike verbindingsroete tussen Wyk 5 en Malmesbury, as die hoof streeksdienssentrum, en Riebeek Vallei, as toerisme bestemming. • Bepaal die nasionale- en hoofpaaie as vervoersone en maak voorsiening vir geassosieerde infrastruktuur. • Realiseer die ontwikkeling van 'n internasionale vraglughawe in die Swartland. • Laat die R27 en R315 as streeksskakels funksioneer en fokus op die verhoging van mobiliteit binne die streek en as belangrike toerisme roetes. • Bevorder spoorvervoer vir die vervoer van vrag en passasiers.
Toerisme gebiede en nodusse: Die Darlingomgewing wat !Khwa Ttu Sankultuursentrum en Groote Post, as geskiedkundige plaas, in die Swartland en die "Rocking the Daisies" musiekfees huisves. Yzerfontein wat die tuiste is van die kalkoende, Yzerfontein Kreef Bonanza en die Yzerfontein Tuna Hengel en Snoekvang kompetisie.	Sien Strategie 4. • Bevorder toerisme-ontwikkeling langs die kusontwikkelingskorridor soos bestaande privaat kusoord: Jakkalsfontein, Tygerfontein, Jakkalsfontein en Grottoabaai. • Ontwikkeling binne die kusgebied moet onderhewig wees aan die nodige omgewingsregulasies.
Kommunikasiekorridors en -sones	• Inligting onbekend. Bevorder toegang tot inligting in landelike gemeenskappe
Energiesones: Darling Windplaas is langs die R315 gevestig en was die eerste in Suid-Afrika.	• Bepaal 'n energiesone (wind en/of son) wes van Darling waar die bestaande windplaas geleë is noord van die R311.
Kern Stedelike gebiede:	• Yzerfontein, 'n plaaslike dorp, het hoofsaaklik 'n residensiële funksie en word as 'n kusoord geïdentifiseer. Yzerfontein is ook die enigste kusdorp in die Swartland. Ander kusnedersettingsgebiede soos Tygerfontein, Jakkalsfontein, Grottoabaai en Ganzekraal kom ook langs die kusgebiede van Wyk 5 voor.

Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte

Mark penetrasie														Voorstelle					
Huidige produkte en huidige markte														• Produseer, verpak an versprei landbouprodukte onder unieke Swartland landbouprodukte. Plaas 'n unieke kenmerk van Swartland op produkte vir identifikasie en kwaliteitskontrole. • Versterk die voorsieningsketting van primêre landbouprodukte deur waardetoevoeging van landbouprodukte te ondersteun. • Bevorder die vervaardiging van produkte wat werk skep in die Swartland landelike areas byvoorbeeld die oes van riete, veldblomme en die maak van meubels en handgemaakte produkte van die hout.					
Gebied:	Koring	Ander Wintergraan	Lupiene	Lusern (droëland)	Wyndruiwe	Tafeldruiwe	Perskes	Aartappels & moere	Spanspek	Waatlemoen & ander rank gewasse	Voererte en groenerte	Kanola & rooibostee	Triticale & Medics				Skaap & Vleisbeeste	Wol & Vleisskape	Friesbeeste
14: Sand-veld saai	X	X	X					X	X	X	X groente	X					X		
17: Malmesbury boerdery	X	X hawer		X	X						X		X					X	X
18: Riebeek Vallei gemeng	X	X hawer	X		X	X	X								X	X			
Produk ontwikkeling												Voorstelle							
Nuwe produkte Graan, Lupiene, Lusern, Aartappels, Spanspek, Waatlemoen, Voer en Groenerte, Druiwe, Wol, Vleis, Melk												• Bevorder nisprodukte wat komplimenterend is tot die kommersiële landbou en toerisme bedrywe. • Bevorder die vervaardiging van bier en aal van gars. • Ondersteun die vervaardiging van bio-brandstof. • Ondersteun die generering van 'n alternatiewe energie bronne (wind en son plase). • Ondersteun die meganisasie van landbou deur ontwerp- en hersteldienste.							
Mark Ontwikkeling												Voorstelle							
Nuwe markte Plaaslik (Jeug, Staat ens.), Streek, Nasionaal, Internasionaal												• Moedig kommersiële boere aan om kultuur-historiese en natuurbewaring inisiatiewe te bevorder soos !Kwa ttu. • Bevorder instandhouding- en skoonmaakdienste wat werkskepping bevorder bv. die skoonmaak van indringerplante langs rivierlope.							
Diversifisering												Voorstelle							
Nuwe produkte en nuwe markte Swartland het 'n baie gematigde Mediterreense klimaat, met warm, droë somers en gematigde nat, winters (Mei tot Augustus). Die gemiddelde dagtemperatuur in die somer is in die omgewing van 28°C.												• Bevorder die gematigde Mediterreense klimaat met warm, droë somers en gematigde nat, winters (Mei tot Augustus) as 'n toerisme aanloklikheid. • Bevorder die toerisme bedryf in die unieke landelike area as addisionele ekonomiese bron. • Fokus die diversifisering in die landbou in Wyk 5 op alternatiewe gebruike op die grond, wat insluit reservate vir bewaring.							
Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling																			
Ondersteun mynbougeleenthede												Voorstelle							
Grondstowwe en minerale:												• Ondersteun die geleenthede vir die ontginning van die volgende							

<i>Gips:</i> Gips, gevorm van kalsiumsulfaat, word direk noord van Yzerfontein ontgin. Die kalsiumsulfaat konsentreer in die vleipanne gedurende die somer terwyl die vleipanne gedurende die wintermaande gevul is met water. <i>Sout:</i> Sout word in die natuurlike soutpanne noordoos van Yzerfontein ontgin. <i>Koper:</i> neerslae kom voor by Yzerfontein en Grotto. <i>Bousand:</i> word langs die R315 ontgin.	natuurlike hulpbronne in Wyk 5: - Gipsmyn buite Yzerfontein. - Beperkte neerslae van koper by Darling, Yzerfontein en Grottoabaai. - Uranium en fosfor langs die Weskus. - Bousand langs die R315. - Sout noord van Yzerfontein. • Versterk die geleentheid om sout te ontgin.
Toekenning van grondgebruiksparameters:	• Ondersteun grondgebruiksveranderingsaansoeke nodig vir die ontginning van alle natuurlike hulpbronne.
Ondersteun Volhoubare mynbou	Voorstelle
Rehabilitering:	• Vereis rehabilitasie programme wat goedgekeur is deur Departement Minerale en Energiesake. • Kontroleer rehabilitasie aktiwiteite om myn-lisensiehouers verantwoordelik te hou. • Bevorder die rehabilitasie van die gips- en sandmyne gedurende en na funksionering van die myn.
Alternatiewe vervoer: Padvervoer word oorwegend gebruik in die Swartland Munisipale area	• Ondersoek en gebruik alternatiewe, effektiewe vervoertipes en roetes bv. die treinspoor vanaf Vredenburg na Darling en Kaapstad in Wyk 6.
Volhoubaarheidsnorme: Balanseer die ekonomiese-, omgewings- en sosiale impakte.	• Bepaal volhoubaarheid- en omgewingsvriendelike norme vir Swartland bo en behalwe bestaande norme vir die Departement Minerale en Energiesake. Een so 'n norm sou wees die gebruik van spoorvervoer. 'n Ander sou wees om die myn van sand te beperk tot areas wat nie botanies sensitief is nie of wat toekomstige Buffer Areas kan uitmaak nie.
Versagting van bestaande gips-, sout- en sandmyn impakte:	• Vereis dat die natuur- en landbou omgewing en landskap gedurende die funksionering en rehabilitasie van die sandmyn beskerm word.

Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme

Versterk Toerismebestemmings	Voorstelle
Agritoerisme:	• Versterk die agritoerisme geleenthede veral in die blomtyd, soos die Orgideëskou in die gebied om Darling asook veldblomme langs die Weskus. • Versterk die feeste soos die Kreefbonanza, die Tuna Hengel- en Snoekvangkompetisie, die “Rocking the Daisies” musiekfees. • Verbind die prominente agritoerisme area om Darling met die hoof toerismoete tussen die Weskus(Yzerfontein) en Riebeek Vallei. • Ondersteun padstalle en skoue binne die gebied om plaaslike verwerkte landbou- en handwerkprodukte uit te stal en te bemark. • Fasiliteer die deelname van laer-inkomste huishoudings in toerisme bv. die maak en verkoop van handwerk- en landbouprodukte by padstalletjies of plaaslike winkels. • Bevorder die stigting van 'n natuurreservaat korridor langs die weskus en bevorder die bewaring en herbekendstelling van streeksfauna. • Bevorder die besigtiging van Walvisse teen die Kus en te Yzerfontein.
Veldblomme:	• Bevorder internasionaal bekende veldblomreservate en bewaringsgebiede soos die Tienie Versveld Veldblomreservaat buite Darling asook die Darling Renosterveld reservaat bo die Darling Primêre Skool en die Groenekloof Natuurreservaat by die noordelike ingang na die dorp op die R 315. • Bevorder geleentheid vir uitbreiding van die veldblomreservate en bewaringsgebiede.
Erfenisbestemmings:	• Versterk Yzerfontein and kUSDorp. • Bekragtig die Erfenisoorlegsone. • Ontgin die Weskus area vir kultuurhistoriese toerismegeleenthede binne die landelike gebiede, bv. die !Kwa ttu San Kultuur Sentrum op die R27 buite Yzerfontein asook die bekende historiese kalkoonde buite Yzerfontein. • Bevorder die ryk argeologiese fondse wat belangrike historiese opgrawings, fossiele en rotskuns insluit, as deel van die toerismoete. • Bevorder 'n moontlike kultureleroete langs die R307 wat Darling met Mamre verbind om ook die ryk historiese erfenis van die sendingsdorp met die Swartland verbind.

	• Bevorder die “Rocking the Daisies” musiek- en die Voorkamerfees in die landelike gebiede in Wyk 5.
Watersport en ontspanning:	• Bevorder ontspanning en sportgeleenthede bv. Visvang en watersport teen die Weskus. • Bevorder oordnodusse langs die kus.
Ontwikkel Toerismebestemmings	Voorstelle
Fauna: 'n Verskeidenheid van privaat wildreservate verteenwoordig die dierelewe in die Swartland. Dasseneiland herberg groot kolonies seevoëls wat kunsmis (ghwano) produseer. Die Darlingheuwels herberg bedreigde botaniese spesies.	• Bevorder, versterk en hervestig die diere- en marinelewe in die voorgestelde natuurreservaatstrook teen die Weskus. Die kusgebiede skep die geleentheid om 'n ononderbroke bewaringsgebied langs die kuslyn vanaf die Weskus Nasionale Park in die noorde tot by die grens van die Kaapse Metropool in die suide, by die Blaauberg Natuurreservaat, te skep, wat ook kan koppel met die Munisipale Oopruimte Sisteem van stad Kaapstad verder suid. Die bewaringsgebied moet bewaring van diere en plante en landskap bevorder en voorsiening maak vir voldoende verblyf en ontspanningsoorde. Die kusstrook sluit ook 'n bufferstrook in teen die noordelike grens van Wyk 5. (Sien Strategie 6) • Bevorder Yzerfontein as sport-, ontspannings- en bewaringstoerisme bestemming • Bemark Dasseneiland as 'n moontlike toerismebestemming binne streng riglyne. • Bevorder 'n aaneenlopende bewaringsstrook wat die bergreeks insluit en moontlikhede bied vir ekotoerisme. • Bevorder staproetes, oornag akkommodasie en die landskap. Derhalwe moet ontwikkeling sensitief wees vir steil hellings en sensitiewe habitats.
Versterk Toerismoeroetes	Voorstelle
Die Weskusroete en die veldblomroete	• Bevorder die verskeie toerisme verbindings wat Roete 27 (R27) aaneenskakel. Ondersteun oordontwikkelings en ontspanningsverblyf langs die roete weens die nabyheid aan die Kaapse Metropool en die behoefte van stedelinge om in die unieke landskap tyd te spandeer. • Versterk toerismoeroetes deur die bestaande gasvryheidsbedryf en toerisme-industrieë binne die gebied deel van die roete te maak. • Bevorder die toerismoeroete tydens veldblomtyd vanaf Julie tot September in Wyke 5 en 6.
Ontwikkel Toerismoeroetes	Voorstelle
	• Bevorder 'n toerismoeroete wat die verskillende wildplase en reservate asook die wynplase in die omgewing verbind.
Groei Swartland as deel van Weskusstreek se toerisme strategie	Voorstelle
Die Weskusroete en die veldblomroete	• Ontwikkel infrastruktuur wat toerisme kan bevorder soos die opgradering van paaie, veral roete R315 tussen die Weskus en Riebeeck Vallei en soos die opgradering van beligting langs die toerismoeroetes.

	• Bevorder uniforme toerisme naamborde, duidelike informasiepunte wat die uniekheid van elke dorp en sy omliggende landelike omgewing beklemtoon. • Die R27 toerismoeroete verbind die Kaapse Metropool en Saldanha Munisipaliteit met die Swartland. Die Swartland toerismebebestemmings op die roete behoort duidelik gekarteer te word en die toerismegeleenthede wat hulle bied behoort bemark te word.
Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling	
Versterk Streekspaaie	Voorstelle
Die Wyk het 'n goed ontwikkelde hoof- en streekspadnetwerk wat verbindings skep met hoofsentras soos Malmesbury, Moorreesburg, Darling en Riebeek Vallei met die groter Weskusstreek asook met die aangrensende munisipaliteite soos Drakenstein, Berggrivier en die Kaapse Metropool. R27 deurkruis Wyk 5 en verbind die Swartland met Saldanhabaai en die Kaapse Metropool.	• Volgehoue onderhoud van die R27 asook die volgehoue beveiliging van die roete veral die kruising van R27 en die R315. Die kruising behoort meer sigbaar gemaak te word deur die diskrete gebruik en uitbouing van die infrastruktuur en die skep van 'n vervoernodus op die kruising. • Onderhoud en opgradering van die R 315 as belangrike verbindingspad binne Wyke 5 en 6. • Ondersoek die moontlikheid om by die publieke vervoerstelsel wat by Atlantis op die R27 eindig vanaf die Swartland oor Dassenbergpad aan te sluit.
Versterk toegange en ekonomiese skakels	Voorstelle
Die R315 verbinding tussen Yzerfontein, Darling, Malmesbury en Riebeek Vallei is 'n plaaslike skakel wat die Swartland en die Weskus verbind en vorm deel van die hoof toerismoeroete tussen die Riebeek Vallei en die Weskus.	• Paaie en veral die R315 moet opgegradeer word om: - Toerisme potensiaal te ontsluit; - Funksionele stedelike en landelike integrasie te kan laat plaasvind; - Intra-munisipale toeganklikheid te kan bevorder. • Ontwikkel die R315 tussen Darling en die R27 kruising as deel van die Swartland Slingepad.
Versterk Spoorweglyne en dienste	Voorstelle
Kalbaskraal-Saldanha spoorlyn kruis Darling in Wyk 5.	• Die stasiegebou kan opgegradeer word as deel van die opgradering van die spoorlyn om die landbou- en toerismebedryf verder te ondersteun.



4.17.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing

Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplanningsinisiatiewe	
Bepaal Kern Areas	Voorstelle
Die Darlingheuwels en Dassenberge asook die Weskuskorridor (Natuurlike veld oos van R27 tot by die Kus)	- Die Klipberg, Kapokberg en Contreberg wat deel uitmaak van die Darlingheuwels, moet as Kern 1&2 Areas geklassifiseer word. - Bepaal 'n ontwikkelingslyn op die hange van die bergareas en koppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm. - Omheinings moet beperk word en verskillende kadastrale eenhede moet as 'n gebied bestuur word en nie met omheinings geskei word nie. - Bepaal 'n 30m ontwikkelingsterugsetlyn langs die Dwars- en Modderrivier geleë in die middel en in die suide van Wyk 5. - Renosterveld is prioriteite gebiede.
	Identifiseer en bevorder 'n klimaatveranderingskorridor en bewaringswaardige areas vanaf die Dassenberg en Darlingheuwels ooswaarts tot by die kus en die Nasionale Park, in die noorde tot by die Kaapse Metropool in die suide.
Bepaal Buffer Areas	
	Verskeie minder kwesbare en bedreigde spesies kom langs die kusgebied voor en kan as Buffer 2 geklassifiseer word.
Bepaal Intensiewe Landbou Areas	Voorstelle
	- Beperkte intensiewe landbougebiede kom rondom die Darlingheuwels in Wyk 5 voor en sluit wingerd, melkerye en intensiewe pluimvee produksie-eenhede rondom Darling in. - Bevorder verder die Darling Wyn area wat as loods area vir die implementering van die Biodiversiteit en Wyn Inisiatief gedien het wat kelders soos Groote Post en Cloof/Burgherspost, Darling kelders, Tukululu en Alexanderfontein insluit.
Bepaal ligging en omvang van Menslike Nedersetting	Voorstelle
	Yzerfontein is 'n plaaslike dorp binne Wyk 5 met verskeie ander kleiner nedersetting areas langs die kusgebied binne bewaringsgebiede wat Tygerfontein, Jakkalsfontein, Grottebaai en Ganzekraal insluit. - Die nedersettingspatrone in die Weskusfynbosarea en langs die kus behoort deur 'n ontwerp- en ontwikkelingskode ingelig te word.

Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap

Beskerm kulturele landskap	Voorstelle
Feeste en Vieringe	• Bevorder die Yzerfontein Kreef Bonanza • Bevorder die Yzerfontein Tuna Hengel en Snoekvang kompetisie • Bevorder die "Rocking the Daisies" musiekfees buite Darling • Bevorder Darling se Veldblommeskou
Beskerm en bevorder erfenis landskap	Voorstelle
Die volgende veertien erfenis landskappe word erken: 1. Die Ongerepte natuurlikelandskap 2. Die Fossiellandskap 3. Tradisionele jag- en weidinggebiede 4. Landskap van Koloniale Inheemse handel en kontak 5. Landskap van geskiedkundige roetes 6. Die Landbou Verbouingslandskap 7. Die see en minerale bronne ontgunningslandskap 8. Die Slawernylandskap (Net buite streek: Mamre) 9. Die Geloofslandskap 10. Die Waterlandskap 11. Die landskap van konflik 12. Die landskap van verplasing en skeiding (apartheid) 13. Die Besienswaardige landskap 14. Die Geskiedkundige dorpslandskap.	• Stig klimaatsveranderingkorridors en bewareas wat die Darlingheuwels en Dassenberg insluit. • Bevorder en bewaar die argeologiese landskap van die Weskus. • Bevorder die kalkoonde buite Yzerfontein. • Bevorder die twee onderskeibare streekskulturele landskappe, die Weskus en Swartland. • Versterk die blommeroute tussen Darling en Yzerfontein (veldblommeskou sedert 1917). • Skakel Yzerfontein en Dasseneiland in as deel van die fossiellandskap van die Weskus. • Skakel veeroetes in as bergfiets of ontspanningsroetes, om VOC buiteposte by Yzerfontein en Darling, deel te laat uitmaak van die roete. • Vestig 'n geskiedkundige plaasroete wat Groote Post insluit. • Bevorder 'n Weskussone wat die soutpanne, visbedryf en Yzerfonteinhawer versterk. • Ontwikkel 'n slawe bevryding en sendingstasie roete wat Mamre (Morawies) insluit. • Bevorder 'n sakramente roete wat Darling c1853, die derde oudste kerkdorp, insluit. • Bevorder 'n fonteineroete in die Swartland en spesifiek in die Swartland se dorpe. • Vestig 'n slagveldroete wat die militêre Nederlandse Oos Indiese Kompanjie buiteposte te Groote Post en Groene Kloof (wat geleë is net buite die munisipale area – nou Mamre) en die mees fatale en suidelikste skermutseling van die Anglo-Boere Oorlog op die plaas Kraalbosdam noord van Darling insluit. • Bevorder ruimtelike integrasie in alle Swartland dorpe. • Bewaar en bevorder die geskiedkundige middedorpe. Bevorder die straatrooster en geassosieerde oopruimtes in verdere ontwikkelings in dorpe. Die plasing en uitleg van die rooster patroon is hoofsaaklik bepaal deur die posisie tot water (rivierloop en berge aan weerskante)

	- en die ligging en oriëntering van die kerk. • Bevorder die Victoriaanse museum en die Hildebrand Monument. • Bemerk die !Khwa Ttu San kultuursentrum. • Bevorder die Chelsea on 34 as kunsgallery
Klassifisering van erfenis bronne en die toepassing van erfeniswetgewing.	• Brei die Erfenisondersoek, geskoei op <i>Sisteen vir die Gradering van Belang (A4)</i>, van die stedelike area binne die Swartland Munisipaliteit, uit tot die Wyke. • Neem met elke aansoek binne die landelike omgewing die ouderdom van geboue en hul verhouding met die landskap en die historiese agtergrond van die Swartland in ag. • Argeologiese studies behoort op 'n Swartland Erfenis databasis saamgevat te word om te help met toekomstige aansoeke en oorwegings van aansoeke in omliggende areas.
Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap	
Heuwelagtige topografie met prominente kleiner losstaande berge (Darlingheuwels) en kusvlaktes bedek met fynbos.	• Die versterking van die vervoer korridor (R27 en R315) moet die landboulandskap ondersteun. • Enige infrastruktuur of fasiliteite moet saamsmelt met die omgewing (nie kontrasterend wees met die omgewing nie) en die gevoel van 'n ongerepte landboulandskap voort dra. • Bevorder alternatiewe gebruike op kritiese bewaringsgebiede wat volgehoue bewaring van die natuurlike gebiede ondersteun.
Die Swartland val binne 'n winterreënvalstreek met 80% reën wat vanaf April tot September val. Die kusgebied het gemiddeld 'n hoër reënval as die binneland, tot so hoog as 600mm in Yzerfontein.	• Bewaar en bevorder die landboulandskap deur geskikte gewasse te verbou: wintergewasse onder droëlandtoestande en somergewasse kan alleenlik verbou word waar besproeiingswater beskikbaar is.
Die heersende winde is die suidooste winde wat in die somermaande waai en noordweste winde in die winter. Wind erosie kom veral in Gebied 14 voor en in die duine by Yzerfontein.	• Bekamp en bestuur winderosie deur die Yzerfontein duine af te kamp en aan beweiding te onttrek.
Golwende topografie maak lande kwesbaar vir watererosie.	• Bekamp watererosie deur bewaringbewerkingsmetodes, die aanplant van meerjarige peulgewasse gewasse en oop dreineringsvore te bevorder (Gebied 17).



4.17.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiwige sosiale omgewing

Strategie 9: Verseker voedselsekureit	
Die Wyk bestaan uit kussand met Kaapse fynbos en lae en medium potensiaal grond. Die plase se gemiddelde grootte is $\pm 1153\text{ha}$ in Gebied 14, $\pm 680\text{ha}$ in Gebied 17 en $\pm 445\text{ha}$ in Gebied 18. Koring en wyndruiwe word bevorder asook wol & vleisskape en friesbeeste. Ander wintergraan gewasse word in die volgende gebiede verbou: Hawer (Gebied 17 & 18), Voererte & groenerte, Triticale, Medics en Droëland lusern (Gebied 17) en Lupiene (Gebied 18).	• Ontwikkel 'n strategie dat die 20% plase in Gebied 14 en die 14% plase in Gebied 16 wat kleiner is as 500ha, asook die 10% plase in Gebied 17 wat kleiner is as 300ha diversifiseer en nie graan afhanklik is nie of saam met groter graanplase geboer word. • Implementeer 'n strategie om te verseker dat plaaslik geproduseerde landbouprodukte (op groot- of kleinskaal) voorkeur geniet in aankope en verkope. • Bevorder die oprigting van kontoerwalle, onderhoud van kontoerwalle en afleibane en biologiese beheer in Gebied 15, 17 & 18. • Bevorder die aanplant van meerjarige peulgewasse om erosie teen te werk. (Gebied 15) • Moet nie lande met sandgrond in die somer kaal, maar bedek dit met voergewasse. (Gebied 16 & 17) • Bevorder, op dupeksgronde, oopvoordreinerig in Gebied 17.
Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede	
Waterbronne binne Wyk 5: • Dwars- en Modderrivier • Waterstroom of -aflope deur Darling • Ondergrondse Grootwater akwafur suid van Yzerfontein.	• Hou waterbronne skoon van indringerplante. • Bewaar Grootwater Akwafur as belangrike ondergrondse waterbron van die Weskus gebied wat reeds drinkwater aan Tygerfontein, Jakkalsfontein, Grotto en Ganzekraal en plase voorsien en moontlik ondersoek kan word as addisionele waterbron vir die dorp van Yzerfontein.
Onderhou Stormwaterstelsel en ondersoek die herwinning van die bron.	• Bestuur stormwater sodat die water herwin kan word.
Strategie 11: Voorsien Behuising	
Beskikbaarstelling vna behuiging vir plaaswerkers in Darling in Wyk 6.	• Ondersteun verskeie tipes behuisingsgeleenthede in die stedelike gebied van Yzerfontein. • Ondersteun ook ontspanningsverblyf geleenthede in nodusse binne die Weskus bewaringskorridor.
Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede	
Identifiseer Grondhervormingsgeleenthede	Voorstelle
Plase in Wyk 5 word veral beïnvloed deur groot areas in die gebied wat geïdentifiseer is as krities bedreigde areas asook ekologiese korridors wat die gebiede met mekaar verbind en het daarom beperkte geleenthede vir grondhervorming.	• Bewaringsinisiatiewe en marginale grond langs die kusgebied in Wyk 5 beïnvloed ekstensiewe droëland gemengde boerderyareas. • Moontlikheid vir marine- en aqua-kultuur produksie langs die kusgebied asook in damme in die binneland om Yzerfontein. • Moontlikheid om van die plaasdamme binne besproeiingsareas vir

	aqua-kultuur boerdery te gebruik.
Opgradering van nedersetting, dienste en sosiale investering	Voorsien gesubsidieerde behuising in hoof sentras wat Malmesbury, Moorreesburg en Darling insluit.
Landbouprosessering.	Fokus op Darling om landbouprosessering te bevorder.
Grondhervorming in ekstensiewe droëland boerderygebiede.	- Plase in Wyk 5 is hoofsaaklik ekstensiewe droëland boerderypraktyke, 445ha - 1200ha in grootte, en het gemiddelde hoë grondwaardes, vereis hoë insetkoste en is afhanklik van uitgebreide meganisasie wat groot kapitale uitlegte vereis. Grondhervormingsprojekte moet met die nodige omsigtigheid hanteer word ten einde volhoubare projekte te verseker. - Groot areas binne Wyk 5 word ook beïnvloed deur geïdentifiseerde bedreigde gebiede asook ekologiese korridors wat die produksie geleenthede beperk.
Grondhervorming in die kleinskaalse verbouing van produkte.	Beperkte grondwater vir besproeiing vir die verbouing van wingerd en groente is om Darling beskikbaar.
Grondhervorming in die klein en medium intensiewe besproeiings-boerderygebied.	Geen lewensvatbare geleenthede bestaan nie.

Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	
Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	Voorstelle
Reservoirs, rioolsuiweringwerke, transformators en stortingsterreine.	Die prioriteite vir die voorsiening van dienste in die landelike areas behoort as volg te wees: - Voorsien voldoende straatbeligting in Yzerfontein en Darling. - Voorsien addisionele stoorkapasiteit vir drinkwater in Yzerfontein. - Opgradering van rioolsuiweringwerke in Darling. - Moedig vullisverwydering na punte in die naaste dorp aan veral op digbevolkte plase. Brei die voorsiening van afval oorlaastasies uit na punte langs hoofpaaie vir die wegdoen van afvalverbranding en storting op plase, veral op digbevolkte plase.
Alternatiewe energie	Bevorder die ontwikkeling van alternatiewe energiesone.
Voorsien en onderhou veeldoelige gemeenskapsdienste	Voorstelle
Malmesbury Volwassene Onderrig en Opleiding Sentrum (MAVOS) met dienspunte in iKhwa Ttu, Oude Post en drie dienspunte in Darling.	- Bevorder familie geletterdheid deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak. - Maak verdere onderrig en opleiding toeganklik deur publieke vervoer te versterk of lokale beskikbaar te maak om deeltydse klasse aan te bied. - Bevorder die ontwikkeling van sosiale en ekonomiese aktiwiteite in die nedersettings om ook die landelike gemeenskap te ondersteun.


	• Bevorder opgradering en hernuwing van sosiale infrastruktuur en dienste.
Voorsien en onderhou openbare publieke vervoerinfrastruktuur en vervoermodaliteite	Voorstelle
Slegs private vervoer is beskikbaar.	• Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke padvervoer langs die R27 tussen Swartwater en Yzerfontein wat deur Wyk 5 loop en langs die R315 tussen Yzerfontein en Malmesbury, wat verby digbevolkte plase soos bv. Rheboksfontein, Groote Post, Evening Star, Morning Star, Contreberg en Oranjefontein loop. • Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke spoorvervoer op die Kalbaskraal-Saldanha spoorlyn wat ook aansluit by stasie op Darling.
Ondersteunende Infrastruktuur	• Bevorder padstal en diensstasie by R27 & R315 kruising.

Wyk 6 - Darling, Ruststasie en Landelike Area

Oorsig van Wyk 6

Ligging

Die stedelike areas van Darling en Ruststasie is geleë in die noordwestelike gedeelte van die Swartland regsgebied en vorm deel van Wyk 6. Hoewel die westelike gedeelte van Darling stedelike gebied binne Wyk 5 geleë is, word dit saam met die gedeelte hanteer om Darling as een stedelike kern aan te spreek. Die grootste gedeelte van Wyk 6 bestaan hoofsaaklik uit landelike gedeeltes waar daar intensiewe en ekstensiewe landbou gebruik plaasvind.



Demografie

Die geprojekteerde bevolking groei vir die dorpe in die wyk, soos bepaal deur die groeimodel, sien as volg daaruit.

DORPE in WYK 6	GROEI %	2007	2012	2017	2022	2027
Darling	3%	9268	10374	11509	12770	14168

Tabel 20: Geprojekteerde bevolkingsgroei vir Darling

Oorsig van Stedelike Gebiede

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Beplanning Kategorieë	ROR Klassifisering
Darling	Toerisme/ Residensieel	Kaleidoskoop van landbou, kuns en blomme	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Ondersteunend tot Hoofdorp
Ruststasie	Residensieel	Landelike slaapdorp			Landelike nedersetting

Tabel 21: Ruimtelike klassifisering van Stedelike areas in Wyk 6

Wyk 6 – Kern Stedelike Gebiede

4.18 Darling

4.18.1 Historiese oorsig

Die area waarin Darling geleë is, naamlik Groenekloof, dateer terug na 1682 toe Oloff Bergh die pionier ontdekker, 'n reis na die Weskus onderneem het. Darling is in 1853 op die plaas Langfontein gestig. Die dorp is vernoem na Charles Henry Darling wat in 1851 as Luitenant Goewerneur na die Kaap gekom het. Die eerste erwe op Darling (tussen 300 en 400 erwe) is per publieke veiling verkoop op 5 Oktober 1853, met die eerste Nederduitse Gereformeerde Kerk wat in 1857 gebou is en gevolg is deur die pastorie in 1865, die skool in 1896 en die Stadsaal in 1899. Ander kerke soos die Presbiteriaanse kerk het gevolg in 1915 en die Sendingkerk aan die bopunt van Langstraat in 1927. Baie van die historiese plase en opstalle in die omliggende omgewing dateer terug na hierdie tyd. Die seinkanon wat 'n ereplek voor die munisipale gebou ingeneem het is ook gedurende die tyd op Kliprug opgerig om die inwoners teen moontlike gevaar te waarsku. Die totstandkoming van die dorp was dan ook veral as landbou dienssentrum vir die omliggende landbou gemeenskap.

4.18.2 Dorpsleë en Ekonomiese Basis

Ligging

Darling is geleë in 'n landelike gebied van Wyk 6 van die Swartland Munisipaliteit, naby die Kaapse Metropool (80km) en die Weskus Industriële Korridor. Darling verkry toegang vanaf die R315 via Malmesbury (N7) asook via die R315 vanaf die R27, ook bekend as die Weskuspad.

Ekonomiese basis

Darling is 'n landboudienssentrum, toerisme en aftree dorp wat potensiaal bied vir industriële vervaardiging wat verband hou met landbou volgens die Groei Potensiaal Studie, Wes-Kaap 2004. Die dorp is geleë in 'n landelike gebied naby die see en is omring deur plase, waarop daar intensief met druiwe, koring, suiwel- en vee, groente (ertjies en aartappels) en blomme geboer word.

Darling is veral bekend en gewild vanweë Evita se Perron en die veldblomme in die omliggende area, twee van vele toerisme bedrywighede. Verskeie feeste en vierings kom reg deur die jaar voor en sluit die jaarlikse Veldblomme en Orgidee skou, kunsuitstallings in toegewyde galerye, Darling Voorkamer konserte en die jaarlikse "Rocking the Daisies" musiek fees. Ander plekke wat besoekers lok is die antikware winkels, Groote Post privaat natuurreservaat, wynkelders en olyf verkope en restaurante op plase.

Verskeie industriële gebruike, waarvan vele landbou industrieë is, kom op die dorp voor wat werkgeleenthede aan die plaaslike bevolking bied.

Ontwikkelingspotensiaal

Darling, met 'n medium tot hoë groeipotensiaal, is geoormerk vir is die opgradering van infrastruktuur, die voorsiening van gesubsidieerde behuising, verdere ondersteuning en uitbreiding van die toerisme bedryf, verdere ligte industriële ontwikkeling, opgradering van die R315 tussen Malmesbury en Darling en die opgradering van Hoofpad 26, die roete tussen Darling en Moorreesburg. Die opgradering van Hoofpad 26 het ten doel om langtermyn ekonomiese groei in die landbousektor te stimuleer. Darling is geïdentifiseer as een van die hoofdorpe in die Swartland en is geoormerk vir harde en sagte investering.

Werkseleenthede is dus maklik toeganklik vanaf Darling en die dorp is goed geleë as afsetpunt vir plaaslike produkte en is bereikbaar vanaf ander ekonomiese markte.


4.18.3 Ruimtelike Elemente Natuurlike Sisteme

Darling is omring met golwende heuwels en bergkoppies wat bewarenswaardige ruimtelike elemente uitmaak.

Darling is bekend vir sy botaniese diversiteit (Helme, 2009), maar ongelukkig is baie groot areas reeds verlore as gevolg van die verbouing van koring en meer onlangs wingerd en olywe. Trouens, meer as 80% van die habitat van die Swartland Graniet Renosterveld, wat kenmerkend is van die gebied, is verlore en die plantegroei derhalwe Krities Bedreig (Rouget *et al.* 2004). Slegs 2% van die krities bedreigde gebiede word amptelik beskerm. Die gebied ondersteun baie plaaslike inheemse spesies, d.w.s. spesies wat net in hierdie gebied voorkom, asook baie Rooi Data boek gelyste spesies.

Daar is verskeie sensitiewe natuurgebiede binne en rondom Darling geïdentifiseer (Helme, 2009) wat insluit:

- o Twee Renosterveld reserwate binne die stedelike omgewing van Darling wat verklaar is as plaaslike owerheid natuur reserwate,
- o Twee bestaande seisoenale vleilande met die toepaslike buffer areas beskerm is en wat hoogs bewarenswaardig is. (Sien Darling Voorstelle kaart, die Renosterveldreservaat en Groenekloofreservaat is buite die stedelike randgebied geleë).



4.18.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

Darling word gekenmerk deur karaktervolle geboue van historiese waarde. Baie van die geboue in die Hoofstraat het egter deur onsensitiewe aanbouing en uitbreiding hul karakter verloor. Darling is uitgelê in 'n kenmerkende ruitpatroon aan beide kante van die spoorlyn wat deur die dorp in 'n oos wes rigting loop. Die dorp word gekenmerk deur drie residensiële nodusse wat bestaan uit:

- Ouer middedorp met residensiële gebruike wat om die kommersiële kern ontwikkel het met afwisselende lae en medium digtheid.
- Die nuwer, hoofsaaklik lae en afwisselend medium digtheid, residensiële uitbreiding aan die suidelike kant van die dorp.
- Die noordelike medium tot hoër digtheid residensiële en gesubsidieerde behuising gebied deur die spoorlyn van die sentrale sakekern geskei word.

Die sentrale sakekern het gevestig rondom Hoofstraat, en uitgebreid in 'n noordelike rigting tot by die spoorlyn asook in 'n westelike rigting.

Die industriële nodus kom aanliggend tot die sentrale sake kern voor maar die spoorlyn skeid die twee areas.

Die spoorlyn en bestaande natuurlike gebiede binne Darling, het 'n dorp met definitiewe areas tot gevolg wat integrasie stem.

(ii) Digtheid

Die bestaande digtheid in Darling is 8.3 eenhede per hektaar. Die digtheidsnorm vir Darling is 10 eenhede per hektaar vir die volgende 10 tot 15 jaar. Verdigting in die stedelike konteks is afhanklik van

- die gewilligheid van privaat eienaars om te verdig,
- die behoud van die karakter van die omliggende omgewing,
- die behoud van die unieke sin van plek
- die historiese konteks waarin die erf geleë is
- en die bestaande sonering van die erf/gebied.


Derhalwe moet verdigting in die volgende areas gefokus word:

- Naby die sentrale sakekern,
- Langs die aktiwiteitskorridors,
- Waar die ligging van woonhuise op individuele erwe dit toelaat, en
- Nuwe uitbreidings.

(iii) Beboude vorm

Die beboude vorm van Darling verteenwoordig 'n kompakte stedelike gebied om die ou kern waar die ekonomiese en sosiale gebruike gevestig het. Die ouer deel om die sentrale sakekern bevat dan ook steeds verskeie ouer geboue uit die vroeë era, met van die geboue wat me t sorg gerestoureer is. Baie van die nuwer huise in die area reflekteer dan ook die ouer style van huise wat in die dorp voorkom. Residensiële gebruike maak dan ook die grootse gedeelte van die grondgebruik in die dorp uit.

Die kompakte stedelike vorm word behou met beperkte uitbreidings moontlikhede op die westelike, oostelike en noord oostelike periferie. Moontlikhede vir invul ontwikkeling en verdigting in die bestaande stedelike kern moet ondersoek word met nuwe ontwikkelings wat meer geïntegreerde geleenthede en groter verskeidenheid behuising tipes moet voorsien. Toekomstige ontwikkeling van gesubsidieerde behuising vir die omliggende area sal ook in Darling aangespreek word met 'n projek wat tans gefinaliseer is waarin 'n totaal van 540 behuising geleenthede voorsien word. Die sentrale stedelike kern kan verder versterk word langs bestaande asse, met alternatiewe nodusse wat ook in die hoër digtheid woongebiede



noord van die spoorlyn voorgestel word. Die voorsiening van sosiale infrastruktuur wat maklik toeganklik is vir die gemeenskap moet veral aandag geniet.

Die opgradering van die bestaande industriële gebied en ondersteunende infrastruktuur word voorgestel. Toerisme ontwikkeling in Darling moet verder bevorder en uitgebou word met bemaking en toerisme projekte.

(iv) **Funksionaliteit**

Vanweë die grootte van Darling is sosiale en ekonomiese geleenthede wat in die middedorp suid van die spoorlyn voorkom geredelik bereikbaar vir alle inwoners behalwe die woonagtig in die mees noordelike area van die dorp. Gevolglik kom huiswinkels in die area voor. Daar bestaan ook verskeie sosiale en industriële funksies naby die armer gemeenskappe in die noorde om in hul werk en sosiale behoeftes te voorsien. Darling beskik oor twee publieke laerskole en 'n privaatskool wat onderskeidelik noord en suid en oos geleë is.

(v) **Groei Potensiaal**

Verdigting binne die stedelike struktuur voorsien gedeeltelik vir toekomstige groei, maar daar moet ook na ander nuwe areas van uitbreiding en groei gekyk word. Derhalwe is 'n groeimodel vir Darling saamgestel wat die verdigtingskoers, huidige vakante grond en geprojekteerde bevolkingsgroei gebruik om die vraag na addisionele grond in Darling te voorsien. Die geprojekteerde groeikoers van Darling is 3% (*Delineation of Swartland Urban Edges, 2007*) en addisionele grond benodig binne die volgende 10 -15 jaar is soos volg:

Addisionele Grond benodig vir uitbreiding in Koringberg: 2011-2022	
Jaar	ha
2012	25.8
2017	46.6
2022	68.6

Tabel 22: Addisionele grond benodig vir Darling

Vanweë Darling se ligging in terme van die Kaapse Metropool en die Weskus streek en sy toenemende gewildheid as aftree en leefstyl dorp, is die ontwikkeling in Darling hoofsaaklik gerig op die residensiële mark. Die karakter en leefstyl van die dorp nood dat residensiële ontwikkeling hoofsaaklik enkel residensiële van aard is met beperkte medium en hoër digtheid residensiële geleenthede.

Die ligging van die spoorlyn, deurgangstroete en vleigebiede in die sentrale gedeelte van die dorp bied sekere beperkinge vir ontwikkeling en integrasie van die stedelike gebied. Nuwe uitbreidings vir residensiële erwe is in 'n oostelike rigting aanliggend aan die Golfbaan met geleenthede wat ook op die westelike en noordelike periferie bestaan.

Darling is geïdentifiseer as een van die hoofdorpe in die Swartland met groeipotensiaal en geoormerk vir die ontwikkeling van ondersteunende dienste wat die rol verder moet uitbou.

4.18.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroetes** kom in Darling voor:

- Die **hoofverkeersroete** – Darling is op die **R315** geleë wat die hoof verbindingsroete tussen Malmesbury (N7) en die R27 is en ook die ou verbindingsroete tussen die Kaap en die Weskus, via Mamre, was. Die roete loop deur die dorp en vorm dan ook die hoof aktiwiteitsas van Darling naamlik **Hoofstraat**.
- **Verbindingsroetes** – **Hoofpad 26** wat Darling met die Hopefield pad en ook met Moorreesburg verbind en ook toegang na verskeie plase noord van Darling voorsien.

Die Darling Mamre pad wat ook verbinding met Atlantis en alternatiewe roete na die Kaap bied.

- **Hoofstraat** asook **Hoofpad 26** is die **hoof aktiwiteitsas** van Darling. Dit vorm nie alleen die kern van die sentrale sake gebied nie maar bied ook toegang na die Darling industriële gebied noord van die spoorlyn.
- Verskeie ander **aktiwiteitstrate** beweeg uit die hoof aktiwiteitsas uit. Dit sluit in Prospect-, Lang-, Pastorie-, Kerk-, Stasie-, Voortrekker- en Acaciastraat.

4.18.6 Dienste en Infrastruktuur

Swartland Munisipaliteit lewer tans munisipale dienste op Darling:

Water

Darling bekom water vanaf die Voëlvlei Skema. Die water word per pypleiding na Darling gevoer en gepomp na twee reservoirs waar dit gestoor word vir verspreiding. Die reservoirs het 'n totale kapasiteit van 2 500 kl en 'n stoor faktor van 1.04 [1x PDD (24 uur stoor kapasiteit)]. Alle toekomstige uitbreiding van die reservoirs sal op die bestaande perseel voorkom.

Die bestaande waternetwerk van Darling het die volgende beperkinge:

- Veroudering.
- Geen chlorinering nie.
- Onveilige reservoirs.

Die verspreidingsnetwerk asook die onderhoud van netwerk in Darling is voldoende.

Volgens die Swartland Munisipaliteit se Finansiële Afdeling bestaan daar tans 1685 residensiële verbruikers in Darling, waarvan 18,3%(308) behoeftige gesinne is. Die "*Water Services Development Plan*" gee die aantal residensiële verbruikers van water as 1685 aan, met die toekomstige vraag na water (Ml/jaar) as volg:

	Toekomstige vraag na Water (Ml/jaar)				
	2012	2017	2022	2027	2032
Darling	476,170	507,451	540,863	576,553	614,685

Tabel 23: Darling se vooruitgeskatte vraag na water

Riool

Darling beskik oor 'n nuwe formele suiweringsaanleg met voldoende kapasiteit (Swartland GOP, 2010/11). Volgens die '*Western Cape Sanitation Backlog Study*' van Januarie 2007 bestaan daar tans 'n agterstand van ongeveer 750 huishoudings in Darling wat in agterplase woonagtig is en nie rioolaansluiting het nie. Die aansluiting van die erwe sal die oorlading van die grootmaat pypleidings tot gevolg hê en sal in die toekoms aandag moet geniet.

Die huidige rioolstelsel in Darling bestaan hoofsaaklik uit spoel riool asook in 'n mindere mate op-perseel septiese tenks. Volgens die Munisipale Tesourie, is daar 10 verbruikers met septiese tenks en 2086 verbruikers wat aan die riool uitvalwerke gekoppel is.

Elektrisiteit

Swartland Munisipaliteit voorsien elektrisiteit op Darling. Eskom het 'n 66/11kV 10MVA tydelike substasie op Darling wat tans opgradeer word na 20MVA. Twee 11kV toevoerlyne bedien die dorp. Daar bestaan tans 'n verklaarde maksimumvraag van 4.5MVA wat ook die werklike maksimumvraag is.

Elektriesiteitsverbruikers in Darling bestaan uit

- 2300 huishoudings en .
- 150 kommersiële en industriële verbruikers.

Alle formele erwe beskik oor elektrisiteit aansluitings. Daar is 'n plaaslike elektrisiteit depot op die dorp vir die bedryf en instandhouding van die diens.

Vullisverwydering

Swartland munisipaliteit verwyder vullis by alle formele erwe op 'n weeklikse basis. Die huishoudelike afval word gestort by die munisipale gelisensieerde stortings terrein, Highlands, wat die Swartland streek bedien. Die stortingsterrein is wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury geleë.

Die stortingsterrein op Darling neem slegs tuinvullis en bourommel in. Onwettige storting van huishoudelike vullis vind egter plaas. Darling benodig skubbakke om onwettige storting van huishoudelike vullis te bekamp omdat Darling geen oorlaastasie het nie.

Paaie & verkeer

Volgens die Swartland GOP is 50% van Darling se padnetwerk geteer met die res wat uit gruispaaie bestaan. Die meerderheid van die paaie is in 'n goeie toestand.

Die hoof deurgangstroete deur Darling, tussen Malmesbury en Yzerfontein, is die R315 en vorm deel van Hoofstraat in Darling. Die sakekern van Darling kom langs die hoofroete voor, met verskeie interne verbindingspaaie wat die res van die dorp met die hoofpad verbind. Die deurgangstroete deur Darling vorm deel van die voorgestelde toerisme roete na Yzerfontein, met die opgradering van die pad wat die verbinding tussen die twee vername toerisme attraksies in die Swartland sal verbeter en meer toeganklik sal maak vir toeriste.

Veiligheid

Darling het 'n munisipale polisiestasie en brandweerstasie wat die omliggende area bedien.

4.18.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Darling is een van die hoofdorpe binne die Swartland met die fokus wat hoofsaaklik op toerisme en residensiële ontwikkeling sal wees. Die dorp word omring deur landbougerigte bedrywighede asook verskeie natuurlike areas wat die Darling heuwels insluit. Die Swartland GOP Makro Strategie oormerk Darling vir die Harde (infrastruktuur) investering. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp:

Toekomstige Ontwikkeling
<u>Grondhervorming:</u> Grondhervorming – Swartland Munisipaliteit ondersteun die proses van grondhervorming • Projek vir grondhervorming is in Darling geïdentifiseer
Industriële Ontwikkeling: • Medium prioriteit - Industriële Ontwikkeling – Opgradering en diens van bestaande Industriële erwe. • Lae prioriteit - Ontwikkeling van nuwe persele. • Lae prioriteit - Opgradering van infrastruktuur om nuwe persele te akkommodeer. • Medium prioriteit - Fokus op ligte landbou georiënteerde Industriële ontwikkeling.
Behuising/ Residensiële Ontwikkeling: • Gesubsidieerde behuising - Toekomstige ontwikkeling van gesubsidieerde

behuising moet in Darling plaasvind met die dorp wat ook dien as opvanggebied vir Yzerfontein se moontlike gesubsidieerde behuising tekorte. • Bestaande behuising agterstand - 1646 - Maart 2011. • Gesubsidieerde behuisingsprojek wat 540 eenhede voorsien word tans ontwikkel om die huidige agterstand aan te spreek. • Groei potensiaal van residensiële ontwikkeling – Lae prioriteit. • Uitbouing van die residensiële geleenthede met die voorsiening van groter verskeidenheid behuising tipes om meer behuising geleenthede vir die gemeenskap beskikbaar te stel. • Behou die karakter van die dorp deur die bewaring van bestaande historiese karakter wat steeds in gedeeltes van die dorp voorkom. • Bevorder verdigting binne die stedelike area.
Openbare Oopruimtes/Bewaring: Ondersteun die uitbreiding van die bewaringsareas in die omliggende landelike areas
Infrastruktuur en Dienste: • . Optimaliseer gebruik van infrastruktuur.
Toerisme • Ondersteun die toerisme bedryf in die dorp asook verdere uitbreiding van die kommersiële en industriële sektore. • Prioritiseer toerisme ontwikkeling in Darling - bou sosio-kulturele aantreklikheid uit - belangrik dat projekte bestaande toerisme aantreklikheid moet bevorder en moet skakel met ander verwante toerisme bedrywe. • Ontwikkel en onderhou toerisme verwante infrastruktuur soos toerisme buro's, padtekens en toerisme fasiliteite. • Ondersteun landbou, kuns en blomme gerigte toerisme deur die voorsiening van bemarking infrastruktuur en BBBEE Toerisme projekte.
Ekonomiese Ontwikkeling • Opleiding gefokus op agritoerisme, kuns en entrepreneurs.

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Darling ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Darling Sone Voorstelle

Verwys na Darling Sone Kaart: Ten einde veral die residensiële karakter van Darling verder uit te bou en te ondersteun en voorstelle in ooreenstemming met bestaande karaktertrekke binne die dorpsgebied te doen is die dorp in agt (8) sonas ingedeel. Die individuele sonas sluit areas in met gemeenskaplike kenmerke waarvolgens grondgebruik voorgestel kan word. Die grondgebruik soos aanbeveel vir die onderskeie sonas van Darling is soos volg:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderwysplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A is die kommersiële kern van die dorp met ondersteunende sosiale en residensiële gebruike.	X	X	Langs aktiviteitstrate X	X	X	X	X	Slegs binne sakekern X	Langs aktiviteitstrate X	X	X	X	X	X	Slegs diens nywerhede X
B	Sone B bestaan hoofsaaklik uit lae en medium digtheid residensiële gebruike met ondersteunende gemeenskap dienste asook 'n toerisme nodus. Bied beperkte uitbreidings moontlikhede.	X	X	Langs aktiviteitstrate X	X	X	By bestaande nodus X	X		Langs aktiviteitstrate X	X	X	X	X	Toerisme nodus X	
C	Sone C is 'n nuwe enkel en medium residensiële area en sluit ook institusionele funksies, en ontspanning fasiliteite soos die Golfbaan en sportgronde in. Bied ook uitbreidings moontlikhede.	X	X	Langs aktiviteitstrate X	X	X	X	X		Langs aktiviteitstrate X	X	X	X	X	X	
D	Sone D is hoofsaaklik die nywerheidsgebied van Darling met ondersteunende sosiale infrastruktuur.							X	X	X				X	Swembad Publieke plein X	X
E	In Sone E is die hoë digtheid residensiële gebied met ondersteunende sosiale en kommersiële infrastruktuur.	X	X	X	X	X	Langs aktiviteitstrate X	X	By nodusse X	Langs aktiviteitstrate X	X	X	X	X	X	
F	In Sone F is 'n medium tot hoë digtheid residensiële area met ondersteunende sosiale infrastruktuur.	X	X	X	X	X	Langs aktiviteitstrate X	X	By nodusse X	Langs aktiviteitstrate X	X	X	X	X	X	
G	Sone G is 'n area wat aangewys is vir residensiële invol ontwikkeling en herstrukturering naby die dorpskern.	X	X	Langs aktiviteitstrate X	X			X	X	Langs aktiviteitstrate X	X	X	X	X		
H	Sone H is 'n voorgestelde area vir nywerheid en gemengde gebruike, soos diensnywerhede, op die noordelike periferie. Die area geïdentifiseer vir die nuwe begraafplaas is ook in die gedeelte geleë.		X	X	X	X		X	Langs aktiviteitstrate X	X	X			Begraafplaas X	X	X

Darling Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Darling Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerde aktiwiteitsasse en aktiwiteitstrate binne Darling. - Bevorder gemengde gebruike langs die aktiwiteitsasse vir beter ruimtelike integrasie. - Verfraai ingangspad en interne aktiwiteitstrate deur bome aan te plant. - Voorsien parkering vir gestremdes binne die sentrale dorpsgebied. Verseker dat die afmetings en helling van die parkering binne die voorgeskrewe standarde is.	Paaie - Verfraai hoofingangspoort deur boomaanplanting en straatmeublement wat ook voldoende vullis dromme insluit. - Voorsien voldoende parkering in ontwikkelings ingesluit parkering vir gestremdes volgens die erkende standarde. Parkering vir gestremdes moet die nodige toegang tot sypaadjies insluit.
Integrasie - Ondersteun die voorsiening van 'n groter verskeidenheid van residensiële tipes om 'n meer geïntegreerde gemeenskap daar te stel. - Ondersteun die verdigting van bestaande beboude areas deur veral gemengde gebruike binne sakekern te bevorder en onderverdeling en hernuwing van areas aan te moedig. - Bevorder gemengde gebruike langs die aktiwiteitsasse wat residensiële en kommersiële gebruike insluit.	Integrasie - Verfraai en verbeter voetgangerpad langs die roete wat Darling Noord en Suid verbind ten einde die ontwikkeling van gemengde gebruike aan te moedig. - Skep geïntegreerde residensiële ontwikkelings in geïdentifiseerde vakante areas. - Herstruktureer die sentrale nodus van Darling deur gemengde gebruike, en veral die kombinasie van residensiële en kommersiële gebruike, te bevorder.
Voetpaaie - Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes om voetgangerverkeer aan te moedig en te beveilig. Voetgangervriendelik bewegingsnetwerke sal die toerisme attraksie van die dorp verhoog. - Verbeter beweeglikheid vir gestremdes deur publieke areas, sypaadjies en voetgangeroorgange toeganklik te maak.	Voetpaaie Verbeter en formaliseer voetgangerroetes langs paaie deur die dorp om veilige beweging te bevorder, veral ook tussen Darling Noord en Suid. Belig roetes in die aand.
Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke nodusse - Ondersteun en onderhou die bestaande gemeenskapsnodus by die sport-, skouterrein en golfbaan asook om Evita se Perron. - Skep 'n nuwe openbare plein noord van die spoorlyne en	Publieke nodusse - Formaliseer die area noord van die stasie langs die roete na Darling Noord om 'n geïntegreerde publieke nodus en park te skep. - Formaliseer 'n ontspanningsnodus op die oopruimte wes van die toegangspad na Darling-Noord as deel van die publieke nodus om die

Evita se Perron wat ontspanningsgeriewe insluit. Skep funksionele oopruimtes vir openbare gebruik.	stasie.
Gemeenskapsfasiliteite - Ondersteun gemeenskap gerigte ondersteunende gebruike binne die woongebiede wat toeganklik is vir inwoners. - Ontwikkel nuwe begraafplaas op noord oostelike periferie van dorp langs die Hoofpad 26. Opvoedkundig - Maak voldoende voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite veral crèches binne residensiële areas om die gemeenskap beter te bedien. - Ondersteun die gemeenskap inisiatiewe vir vestiging van ondersteunende sosiale dienste binne die armer woonbuurtes wat nasorg sentrum en sokkombuise insluit. - Voorsien voldoende opvoedkundige persele (crèche, primêr en sekondêre skool persele) vir toekomstige ontwikkelings. Sportfasiliteite - Brei bestaande sportgronde in Darling Noord uit. - Ondersteun en onderhou die bestaande skou/sportterrein aanliggend aan die Golfbaan om die hele gemeenskap te bedien.	Gemeenskapsfasiliteite Ontwikkel 'n nuwe begraafplaasperseel op die geïdentifiseerde area.
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte Netwerk en Korridors - Ondersteun die bestaande natuurlike gebiede in en om die stedelike gebied van Darling. - Stel bestuursplan op vir die area om die bewaring van die gebiede te verseker. - Identifiseer bewaringsgebiede binne en om die stedelike areas vir verdere uitbouing van die toerisme basis van die dorp. - Bevorder boomaanplanting langs die roetes wat oopruimte gebiede met mekaar verbind ten einde 'n groen "web/netwerk" deur die dorp te skep. - Verbeter die eentonige visuele karakter van hoë digtheid residensiële ontwikkelings, veral gesubsidieerde behuising areas, deur aanplant van bome langs strate, wat dan ook die skakels tussen oopruimtes verbeter. Betrek plaaslike gemeenskappe en organisasies/besighede in die projek vir boomaanplanting asook die onderhoud van die bome. Die bome kan ook in private erwe langs die paaie geplant word.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte Netwerk en Korridors - Gee formele status aan bewaringsgebiede deur hersonering na Oopruimte Sone III. - Stel 'n bestuursplan op vir die bewaringsgebiede wat Groenekloof en Renosterveld Reservate insluit. - Verbeter toegang na die bewaringsgebiede deur die ontwikkeling van openbare fasiliteite soos bv. piekniek areas en staproetes. - Ondersteun die vestiging van Darling Veldblommevereniging Sentrum op Groenekloof Reservaat by die noordelike ingang van Darling. - Ondersoek die uitbreiding en formalisering van wandelpaie binne die oopruimte gebiede en die skep van formele piekniekareas. - Formaliseer die area aan weerskante van die toegangspad na Noord Darling (gedeelte van Restant van Erf 551) as openbare park en nodus.

- om eienaarskap te verleen aan die projek. - Benut natuurlike gebiede volhoubaar deur formele staproetes en fietspaaie daarin te ontwikkel. - Ontwikkel en benut oopruimte sisteme beter deur voorsiening van wandelpaaie binne die areas asook die formalisering van gedeeltes van die gebied as parke en piekniek fasiliteite.	
Historiese Bewaringsgebiede - Hou streng kontrole oor die aanbouing en slopings by geboue met erfenis belang. - Beskerm die bestaande historiese karakter van die dorp deur sensitief te wees met nuwe ontwikkelings in areas aanliggend tot bestaande bewarenswaardig geboue.	Historiese Bewaringsgebiede - Stig estetiese komitee om die karakter van die Darling (geboue en ander elemente) te monitor en te bevorder - Stel estetiese riglyne en maatreëls op en implementeer riglyne om die estetiese karakter van Darling te bevorder. - Verfraai die dorpsgebied met straatbeligting en ander elemente dienooreenkomstig die estetiese riglyne.
Toerisme - Ondersteun Darling as een van die toerisme dorpe in die Swartland, deur toerisme gerigte ontwikkelings (residensieel en kommersieel) te prioritiseer. - Ondersteun en verbeter toerisme gerigte infrastruktuur soos plaaslike toerisme buro, toerisme tekens en standaard van toerisme fasiliteite soos gastehuse en restaurante. - Onderzoek die ontwikkeling van 'n karavaanpark in Darling om die toerisme bedryf te ondersteun. - Ondersteun landbou, kuns en blomme gerigte toerisme bedrywe in Darling met skep van opleiding geleenthede asook afset punte vir die toerisme verwante produkte. - Ondersteun die uitbouing van die bestaande toerisme fasiliteit op die suid oostelike periferie van die dorp rondom die bestaande wynkelder. - Ondersteun verdere ontwikkeling van ondersteunende fasiliteite vir die toerisme bedryf soos veldblomme skou ens. - Verskaf opleiding geleenthede in die agritoerisme bedryf aan die plaaslike bevolking om hul ekonomies beter voor te berei om 'n bydrae tot die bedryf te kan lewer. - Ondersteun die Darling Veldblommevereniging Sentrum wat op die noordwestelike periferie van die dorp voorgestel word, onmiddelik noord van die begraaftplaas.	Toerisme - Moedig vestiging van hoë standaard verblyfgeleenthede in die stedelike sowel as landelike gebiede aan. - Ontwikkel opvoedkundige wandelpaaie in die bewaringsgebiede (natuurlik en beboude omgewing). - Formaliseer die sentrale openbare parkgebied gebied tussen Darling Noord en Suid aan weerskante van die toegangspad.

Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensiëel • Maak ruimtelik voorsiening vir 'n groter verskeidenheid van behuising ten einde groter behoefte aan te spreek, veral in die mark vir kleiner eenhede. • Ondersteun hoë digtheid residensiële ontwikkeling langs aktiwiteitstrate wat sensitief is ten opsigte van bestaande karakter. • Ondersteun die voorsiening van GAP erwe ten einde behuising geleenthede meer toeganklik te maak vir groter gedeelte van die bevolking. • Spreek toekomstige gesubsidieerde behuising agterstande van Darling en ook ander omliggende gebiede soos Yzerfontein en die landelike gebiede in Darling aan.	Residensiëel • Identifiseer vakante areas binne die stedelike gebied wat vir residensiële ontwikkeling aangewend kan word en fokus veral op die voorsiening van GAP erwe wat ook verskillende behuising vorme en digtheid insluit. • Voorsien behuising vir plaaswerker in Darling. • Beplan vir die voorsiening van grootmaatsdienste in oorleg met toekomstige uitbreidings.
Verdigting • Verdig in Darling moet deur middel van - o Onderverdeling (ook deeltitel) - o Invul ontwikkeling en - o Hernuwing, aangemoedig word • Ondersteun invul ontwikkeling en stedelike hernuwing en die skep van 'n geïntegreerde ontwikkelings veral om die nodusse en langs aktiwiteitstrate. Dit kan ook bydra tot die herstrukturering van die dorp. • Verdig volgens die voorstelle in die sones met hoër digtheid residensiële ontwikkelings in gebied langs die aktiwiteitsas soos aangetoon op die voorstelle kaart. • Onderverdelings en hernuwing van areas moet binne die konteks van die omliggende omgewing toegelaat word en sensitief met die karakter van bestaande beboude gebied geskiet. • Ondersteun interne onderverdeling binne die stedelike gebiede met minimum grote enkel residensiële erwe van 500m².	Verdigting
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersiëel • Versterk die bestaande primêre sentrale sake kern langs	Kommersiëel • Vervreem die sake erwe in gesubsidieerde behuisingarea sodat die

Hoofstraat asook sekondêre nodusse binne die woongebiede. Ondersteun huiswinkels en professionele dienste langs aktiwiteitstrate.	gemeenskap geleentheid kry om besighede te bedryf.
Industrieel - Ondersteun die ontwikkeling van nywerhede binne bestaande nywerheidsgebied. - Gradeer dienste op om die bestaande industriële erwe te bedien. - Ondersteun veral landbou georiënteerde industriële ontwikkeling wat deur die omliggende landbou gebruike ondersteun kan word. - Skep ruimte vir addisionele ligte industriële gebruike op die noordelike periferie van die dorp aanliggend aan Hoofpad 26. - Ondersteun die rehabilitasie van die ou stortingsterrein en hernuwing van die area vir industriële ontwikkeling.	Industrieel
Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle - Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpyplyne insluit. - Wees bedag op die plasing van dienste en in watter mate dit toekomstige ontwikkelings en bewaringsgebiede kan beïnvloed.	Aksieplanne - Toon toekomstige behoeftes van grootmaatsdienste ruimtelik aan (Raad se Raadgewende Ingenieurs) en maak seker dat die voorstelle versoenbaar is met ruimtelike voorstelle. - Stel Meesterplan op vir die voorsiening en onderhoud van alle Grootmaatinfrastruktuur. - Stel infrastruktuur begroting saam in ooreenstemming met toekomstige ontwikkelingsvoorstelle.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Darling

4.19 RUSTSTASIE

4.19.1 Historiese oorsig

Ruststasie, 'n spoorwegstasie en graandepot, was ontwikkel op die Kraaifontein-Bitterfontein trajek op grond wat G.W.D. Rust, eienaar van die plaas Witklei, aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë geskenk het. 'n Serwituut is oor die eiendom geregistreer om sodoende te verseker dat die grond die eiendom van die Rust familie bly. Ruststasie was vroeër jare bekend as Vogelfontein en 'n nedersetting met slegs 'n paar woonhuise, wat deur die kinders van die Rust familie bewoon is, het rondom die silos en spoorwegstasie gevestig.

Oor die jare heen, het inwoners wat nie verwant is aan die Rust familie, in die landelike nedersetting kom vestig.

4.19.2 Dorpsleëring en Ekonomiese Basis

Ligging

Ruststasie is ongeveer 16 kilometer suid van Moorreesburg, amper halfpad tussen Moorreesburg en Malmesbury wes van die N7 geleë. Die dorp is gevestig rondom die stasie en die Kaap Agri graansilo's. Toegang na die nedersetting is via 'n grondpad vanaf die N7, wat ook as verbindingspad tussen die N7 en die R45, Hopefield pad, dien.

Ekonomiese basis

Die dorp bestaan uit groot landelike erwe waarop die eienaars tuin maak en sommige ook kleinvee en pluimvee aanhou. Die stasie wat in 'n groot mate in onbruik verval met die trein wat ongereeld in die rigting van Bitterfontein verby ry.

Ruststasie vervul 'n belangrike funksie as graandepot in die omliggende graanproduserende omgewing. Die landbouindustrie is dan ook die grootste werkverskaffer in die nedersetting. Die Ruststasie Laerskool bied toegang tot 'n primêre skool vir kinders van die omliggende plase. Daar is ook 'n gemeenskapsaal wat deur die omliggende landelike gemeenskap gebruik word.

4.19.3 Ruimtelike Elemente

Natuurlike Sisteme

Die graan silo's binne die heuwellandskap van die Swartland, met sy grondstrate, kenmerk die ruimtelike landelike karakter van Ruststasie. Die nedersetting word deur saaiplase omring. Oop ruimtes binne Ruststasie bestaan hoofsaaklik uit tuine met verwante landbou gebruike en die bos Bloekombome, wat in die sentrale gedeelte van die dorp op die J. A. Rust Laerskool perseel voorkom.

4.19.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

Ruststasie het 'n spesifieke nedersettings patroon met groot landelike residensiële erwe wat aanliggend aan die spoorlyn op die oostelike grens gevestig het. Die primêre gebruike, wat bestaan uit die skool, gemeenskapsaal, veilingskrale, stasie en silo's, is onmiddelik wes van die spoorlyn gevestig gevolg deur residensiële gebruike wat verder wes voorkom.

Die area oos van die J. A. Rust Skoolgebou, waarop die bloekombos voorkom, vorm nog deel van die oorspronklike plaas, Restant van die Plaas 525. Die dorp bied beperkte uitbreidingsmoontlikhede en moet deur verdigting binne die stedelike randgebied plaasvind. Dog moet die onderverdeling van erwe aansluit by die omliggende landelike karakter van die nedersetting.

(ii) Digtheid

Die bestaande digtheid van die nedersetting is laag met groot enkel residensiële erwe.

(iii) Beboude vorm

Die mees prominente gebou binne die stedelike gebied is die Kaap Agri graansilos op die oostelike grens. Die residensiële karakter van die beboude area is enkel woonhuise op groot landelike erwe. Die J. A. Rust skoolgebou wat in onbruik as skool is word ook vir residensiële doeleindes gebruik. Die grond strate wat die nedersetting bedien dra by tot die landelike karakter van die gebied. Die verbindingspad tussen die N7 en die R45 na Hopefield loop ook deur Ruststasie. Die Ruststasie Laerskool wat nog in gebruik is kom ook op die noordelike periferie van die dorp op die Restant van die Plaas 525 voor.

(iv) Funksionaliteit

Die dorp vervul 'n baie spesifieke historiese funksie met die berging van graan en die stasie asook die voorsiening van 'n opvoedkundige fasiliteit vir omliggende plaaskinders. Daar kom ook 'n plaaslike gemeenskapsaal op die graansilo gronde voor wat hoofsaaklik deur die omliggende landelike gemeenskap gebruik word. Plaaslike veiling krale in die sentrale gedeelte van die dorp bedien ook die omliggende landbou gemeenskap. Die funksies is spesifiek en beperk en gerig op die onmiddellike omliggende landelike gemeenskap.

(v) Groei Potensiaal

Kommersiële geleenthede in Ruststasie is beperk tot een huiswinkel wat voorsien in die gemeenskap en omliggende landelike bevolking se mees basiese behoeftes. Die gemeenskap wat in die dorp woon werk elders of op die omliggende plase.

Volgens die Ruimtelike Beplanningskategorieë (RBK) word Ruststasie deur 'n landbou (Kategorie C) intensiewe (C.b) area omring. Die hoë potensiaal landbougrond moet ten alle koste beskerm word vir landboudeleindes.

4.19.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroete** kom in Ruststasie voor:

- Die **hoofverkeersroete** – die toegangspad vanaf die N7, wat ook as verbindingspad tussen die N7 en die Hopefield Pad (R45) dien, dien as die primêre toegangsroete na die nedersetting. Die toegangspad vanaf die N7 is 'n breë grondpad wat in goeie toestand gehou word en veral met die oestyd vanaf Oktober tot Desember baie besig is met trekkers en sleepwaens sowel as trokke wat graan na die silos vervoer. Die kinders van omliggende plase word ook daagliks per bus na die Laerskool op Ruststasie vervoer.
- **Ander verbindingsroetes** – verbind plase in die omliggende omgewing met Ruststasie verbind en bied toegang tot N7 met die R45.

4.19.6 Dienste en Infrastruktuur

Swartland Munisipaliteit voorsien tans geen dienste aan Ruststasie nie. Die huidige vlak van dienste is voldoende om in die bestaande behoeftes van die nedersetting te voorsien.

Water

Ruststasie word direk vanaf die Voëlveidam bedien deur 'n waterpypleiding.

Riool

Huise beskik oor syfelriole. Indien verdere onderverdelings gedoen word vereis die Departement van Waterwese en Bosbou dat uitsuigtenke geïnstalleer word ten einde die impak op die natuurlike omgewing te verminder.

Paaie en Verkeer

Die dorp verkry toegang vanaf 'n verbindingspad vanaf die N7. Die interne paaie is grondpaaie wat in 'n goeie toestand is. Die lae inwonertal regverdig nie die opgradering van die paaie nie. Daar bestaan ook 'n verbindingsroete vanaf Ruststasie na die Hopefield Pad (R45).

4.19.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ontwikkelingsones

Die Swartland Geïntegreerde Ontwikkelingsplan 2007-2011 (GOP) sien Ruststasie as 'n landelike nedersetting met geen spesifieke voorstelle vir groei en dorpsuitbreiding nie. Die stedelike randgebied van die dorp bevorder geen verdere uitbreiding van die dorp nie en sluit slegs die bestaande gebruike binne die nedersetting in. Derhalwe word die grondgebruike versterk en verhoed enige impak op die omliggende landelike gebiede.

Die nedersetting is oor die algemeen baie mooi versorg en boomryk en dit bly 'n uitdaging om dit in hierdie toestand te behou. Dele van die dorp kan verfraai word deur verdere boomaanplanting. Vanweë die dorp se unieke landelike karakter moet daar gepoog word om dit wat vir die inwoners belangrik is te behou, maar om ook deur die toepassing van sekere beplanningsbeginsels die lewenskwaliteit van almal te verbeter.

Hoewel daar nie 'n onmiddellike vraag na uitbreiding of die vestiging van ander gebruike bestaan nie, moet daar gekyk word na die interne verdigting van die dorp eerder as uitbreiding daarvan op omliggende landbougroud. Die bestaande woonerwe op Ruststasie is oor die algemeen groot, met die moontlikheid van onderverdeling om verdigting binne die bestaande area te verseker.

Die volgende beplanningsriglyne moet uitgebou word:

- Behou die landelike karakter van die dorp.
- Ondersteun eerder verdere invul ontwikkeling as uitbreiding van die stedelike area binne die ekstensiewe omliggende landbou area.
- Optimaliseer gebruik van infrastruktuur.

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsvoorstelle word voorgestel vir Ruststasie ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Ruststasie Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Ruststasie Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Konsentreer en ondersteun ontwikkeling langs die aktiviteitsstraat. - Verfraai die deurgangroete.	Paaie
Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke Nodusse Skep 'n sentrale plein oorkant die veilingkrale en langs die gemeenskapsaal.	Publieke Nodusse
Gemeenskapsfasiliteite - Ondersteun die gebruik van die gemeenskapsaal as sentrale gemeenskapfasiliteit aan. Opvoedkundig - Ondersteun die Ruststasie Laerskool se opvoedkundige rol aan veral die kinders van die omliggende plaaswerkers.	Gemeenskapsfasiliteite Opvoedkundig
Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensieel - Bevorder invul residensiële ontwikkeling, met lae tot medium digtheid, ten einde die dorpsgebied te verdig en moontlike uitbreiding op omliggende landbou areas te beperk. - Voorsien in die vraag na gesubsidieerde behuising deur omliggende plaaswerkers in Moorreesburg en Malmesbury .	Residensieel
Verdigting - Verdig Ruststasie deur middel van a) onderverdeling en b) invul ontwikkeling; - Onderverdeel sensitief binne die konteks van die omliggende omgewing en die karakter van bestaande gebied.	Verdigting
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersieel Ondersteun die beperkte uitbreiding van bestaande sakefunksies om in alledaagse behoeftes van plaaslike gemeenskap te voorsien.	Kommersieel

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Ruststasie

WYK 6 – Landelike Area

4.20 Wyk 6: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

(Verwys na Wyk 6 Landelike Voorstellingskaart)

4.20.1 Voorgestelde Landskappe

Die volgende **prominente ruimtelike landskappe** kom in **Wyk 6** voor:

Wildernislandskap: Kus, Berge en ander habitats

- Die Klipberg noord en Katkop wes van Darling in Wyk 6 vorm deel van die Darlingheuwels wat hoofsaaklik in Wyk 5 voorkom. Die bergreeks vorm 'n aaneenlopende strook wat krities is vir bewaring asook moontlikhede bied vir ekotoerisme. In die noordweste van die wyk is Neulfontein se Berg, wat deel uitmaak van die Koringberg, Swartberg en Kanonberg reeks.

Waterweë en verbindings:

- Die Groen- en Soutrivier deurkruis Wyk 6.

Verbindingsweë en verbindings:

- Die R311 vorm die noordelike grens van Wyk 6.

Landboulandskap:

- Ekstensiewe landbouproduksiegebied in 'n groot gedeelte van die Wyk met gedeeltes oos van Groenrivier wat beïnvloed word deur lae potensiaal sensitiewe natuurlike areas.

Sosiale Foci en Gemeenskapslandskap:

- Wyk 6 word ondersteun deur Darling as landelike dorp en die klein landelike nedersetting van Russtasie op die noordoostelike periferie.

Kultuurhistoriese landskap:

- Darling is die tuiste van onder andere Evita se Peron, die Victoriaanse Museum en verskeie kultuur en musiekfeeste soos die Darling Voorkamerfees en die jaarlikse Orgideëskou.

4.20.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede

Strategie 1 : Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal	
Landelike areas met ekonomiese potensiaal en ontwikkelingsgeleenthede	Voorstelle
Streeksdiensentrum:	Moorreesburg (in Wyk 1) en Darling dien as landboudienssentrum vir die Wyk.
Vervoerkorridor:	Versterk die R315 oor Darling (as belangrike verbindingsroete en streeksskakel tussen die Weskus) en Malmesbury (as hoof streeksdienssentrum) en Riebeeck Vallei (as toerisme bestemmings) om mobiliteit tussen landelike gebiede en stedelike sentrums te verbeter.
Toerisme gebiede en nodusse: Veldblomme en wyn is die aanloklikhede van die Wyk.	Sien Strategie 4.



Kommunikasiekorridors en -sones													Inligting onbekend. Bevorder toegang tot inligting in landelike gemeenskappe
Energiesones: Geen													Bepaal 'n energiesone (wind en/of son). Tans dien daar 'n aansoek om 'n foto voltariese ontwikkeling op te rig op plaas Eenboom (noord van Darling in die R307 omgewing).
Kern Stedelike gebiede:													Versterk Darling, 'n plaaslike dorp binne Wyk 6, as een van die groeipunte in Swartland. Darling is geleë binne 'n ryk veldblom area wat reeds die dorp baie gewild gemaak het onder toeriste, veral die jaarlikse Veldblomme skou. Die dorp bied ook verskeie kulturele, kuns en kultuur geleenthede wat die toerisme bedryf verder ondersteun. Versterk Darling se rol as landboudienssentrum wat sekere dienste aan die omliggende landbousektor bied en ook 'n belangrike residensiële funksie bied.
Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte													
Mark penetrasie													Voorstelle
Huidige produkte en huidige markte													- Produseer, verpak en versprei landbouprodukte as Swartland landbouprodukte. Plaas 'n unieke kenmerk van Swartland op produkte vir identifikasie en kwaliteitskontrole. - Bevorder ontwikkeling van nisprodukte soos melkprodukte in Darling. - Versterk die voorsieningsketting van primêre landbouprodukte vir hoofmarkte deur waardetoevoeging van landbouprodukte te ondersteun. - Bevorder die vervaardiging van produkte wat werk skep in die Swartland landelike areas byvoorbeeld die oes van riete, veldblomme en die maak van meubels en handgemaakte produkte van die hout.
Gebied:	Koring	Ander Wintergraan	Lupiene (droëland)	Lusern	Wyndruiwe	Tafeldruiwe	Perskes	Aartappels	Voererte & Groenerte	Triticale & Medics	Wol & Vleisskape	Friesbeeste	
16: Swartland saai	X		X	X Bergvr	X		X	X Bergvr			X	X	
17: Malmesbury boerdery	X	X hawer		X	X				X	X	X	X	
18: Riebeek Vallei gemengde boerdery	X	X hawer	X		X	X	X				X	X	
Produk Ontwikkeling													Voorstelle
Nuwe produkte Graan, Lupiene, Lusern, Aartappels, Druie, Perskes, Wol, Vleis, Melk													- Bevorder nisprodukte wat komplimenterend is tot die kommersiële landbou en toerisme. - Bevorder die vervaardiging van bier en aal van gars. - Ondersteun die vervaardiging van bio-brandstof. - Ondersteun die generering van 'n alternatiewe energie bron (wind en son plase). - Ondersteun die meganisasie van landbou deur ontwerp- en

	hersteldienste.
Mark Ontwikkeling	Voorstelle
Nuwe markte Plaaslik (Jeug, Staat ens.), Streek, Nasionaal, Internasionaal	• Moedig kommersiële boere aan om kleinboere te bemagtig. • Bevorder instandhouding- en skoonmaakdienste wat werkskepping bevorder bv. die skoonmaak van indringerplante langs rivierlope.
Diversifisering	Voorstelle
Nuwe produkte en nuwe markte Swartland het 'n baie gematigde Mediterreense klimaat, met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus). Die gemiddelde dagtemperatuur in die somer is 30°C en 20°C in die Winter.	• Bevorder die gematigde Mediterreense klimaat met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus) as 'n toerisme aanloklikheid. • Bevorder die toerismebedryf in die landelike areas as 'n addisionele ekonomiese bron.
Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling	
Ondersteun mynbougeleenthede	Voorstelle
Grondstowwe en minerale: <i>Sout:</i> neerslae kom voor naby die noordelike grens van Wyk 6. <i>Bousand:</i> word langs die R315 ontgin. <i>Koper:</i> neerslae kom voor noord van Darling.	• Ondersteun die geleenthede vir ontginning van die volgende natuurlike hulpbronne in Wyk 6: - Soutneerslae noord van Darling. - Bousand langs die R315.
Toekenning van grondgebruiksparemeters:	• Onderwerp die ontginning van alle natuurlike hulpbronne aan landelike grondgebruiksbeheer.
Ondersteun Volhoubare mynbou	Voorstelle
Rehabilitering:	• Vereis rehabilitasie programme wat goedgekeur is deur Departement Minerale en Energiesake. • Kontroleer rehabilitasie aktiwiteite om mynlisensiehouers verantwoordelik te hou. • Bevorder die rehabilitasie van die sandmyn gedurende en na funksionering.
Alternatiewe vervoer: Padvervoer word oorwegend gebruik in die Swartland Munisipale area.	• Ondersoek en gebruik alternatiewe, effektiewe vervoertipes en – roetes, bv. die treinspoor vanaf Vredenburg na Kaapstad oor Darling.
Volhoubaarheidsnorme: Balanseer die ekonomiese-, omgewings- en sosiale impakte.	• Bepaal volhoubaarheid- en omgewingsvriendelike norme vir Swartland bo en behalwe bestaande norme vir die Departement Minerale en Energiesake. Een so 'n norm sou wees die gebruik van spoorvervoer. 'n Ander sou wees om die myn van sand te beperk tot areas wat nie botanies sensitief is nie of wat toekomstige Buffer Areas kan uitmaak nie.
Versagting van die bestaande sandmyn impakte:	• Vereis dat die natuur- en landbou omgewing en landskap

	gedurende die funksionering en rehabilitasie van die sandmyn beskerm word.
Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme	
Versterk Toerismebestemmings	Voorstelle
Agritoerisme:	• Versterk die agritoerismegeleenthede in die gebied om Darling asook langs die Weskus en veral in die blomtyd vanaf Junie tot Oktober. • Versterk die agritoerismegeleenthede veral in die blomtyd, soos die Orgideëskou in die gebied om Darling asook veldblomme langs die Weskus. • Ondersteun die ontwikkeling van ontspanningsverblyf op plase. • Bevorder sport en ontspanningsgeleenthede soos stap-, bergfiets- en voëlkykroetes. • Versterk die feeste soos die Voorkamerfees en “<i>Rocking the Daisies</i>” • Verbind die prominente agritoerisme area om Darling met die hoof toerismeroete tussen die Weskus en Riebeeck Vallei. • Ondersteun padstalle en skoue binne die gebied om plaaslike verwerkte landbou- en handwerkprodukte uit te stal en te bemark. • Fasiliteer die deelname van laer-inkomste huishoudings in toerisme bv. die maak en verkoop van handwerk- en landboupprodukte by padstalletjies of plaaslike winkels.
Veldblomme:	• Bevorder die internasionaal bekende veldblomreservate buite Darling. • Bevorder die uitbreiding van die veldblomreservate en bewaringsgebiede. • Ondersteun die vestiging van die Darling Veldblomme Vereeniging Sentrum wat beoog word by die noordelike ingang na Darling langs die huidige SPCA binne Groenekloof Natuurreservaat, as belangrike toerisme sentrum.
Erfenisbestemmings:	• Versterk Darling as toerisme kern. • Bekragtig die erfenisoorlegsone. • Bevorder die Voorkamerfees in die landelike gebiede in Wyk 6. • Bevorder die Evita se Peron en spesifiek om plaaslike talent te bevorder en te ontwikkel.

Ontwikkel Toerismebestemmings	Voorstelle
Darling huisves die volgende historiese- en kultuuraktiwiteite: die Victoriaanse museum, die Hildebrand Monument, Chelsea on 34 Kunstgalerie, Evita se Peron, die Darling Voorkamerfees en die jaarlikse Orgideëskou.	• Ontwikkel Wyk 6 as 'n stap-, bergfiets- en voëlkykroete bestemming. • Bevorder die Biodiversiteit en Wyn Inisiatief op die plaaslike toerismoeroetes.
Versterk Toerismoeroetes	Voorstelle
Swartland-Bergrivier Wyn- en Koringroete Veldbomroete	• Versterk toerismegeleenthede op die Swartland Bergrivier wynroete wat strek vanaf die Bergrivier in die noorde tot Paardeberg in die suide en koppel naasliggende toerismegeleenthede tot die roete. • Bevorder die bewaringswaardige areas om die Groenrivier as toerismebestemmings. • Toerismoeroetes moet die bestaande gasvryheidsbedryf en toerisme-industrieë binne die gebiede ondersteun. • Bevorder die toerismoeroete tydens veldblomtyd vanaf Julie tot September in Wyke 5 en 6. • Bevorder toerismetreinritte tussen Darling en Kalbaskraal en tussen Darling en Hopefield (Saldanha Munisipaliteit)
Groei Swartland as deel van Weskusstreek se toerisme strategie	Voorstelle
Swartland-Bergrivier Wyn- en Koringroete Veldblomroete	• Ontwikkel infrastruktuur wat toerisme kan bevorder soos die opgradering van paaie, veral die R315 en ondergeskikte paaie binne Wyk 6 en bevorder die beligting van die genoemde roetes. • Bevorder uniforme toerisme naamborde, duidelike informasiepunte wat die uniekheid van elke dorp en sy omliggende landelike omgewing beklemtoon. • Die koring en wynroete wat die Bergrivier Munisipaliteit en Swartland plase verbind vorm deel van die Wyk. Karteer die Swartland plase en bemark die toerisme aktiwiteite wat hulle aanbied. • Bevorder die Veldblomroete in Wyk 6 wat aansluit by Wyk 5.
Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling	
Versterk Streekspaaie	Voorstelle
Die Wyk area het 'n goed ontwikkelde hoof- en streekspadnetwerk wat die hoofsentras soos Darling, Malmesbury, Moorreesburg en Riebeek Vallei met die groter Weskusstreek verbind asook met die aangrensende munisipaliteite soos Drakenstein, Bergrivier, en die Kaapse Metropool. Die N7 wat die westelike grens van die Wyk uitmaak. R45 wat Malmesbury en Hopefield asook die R27 en Saldanha area met	• Verbetering en die volgehoue onderhoud van die N7 en R45, wat Malmesbury met die noorde en Weskus verbind, deur SANRAL en die Departement van Vervoer en Openbare Werke. • Ondersteun die ontwikkeling van vervoernodusse langs die R45 wat met die landboulandskap saamsmelt en fokus op landbou en toerisme. • Onderhoud en opgradering van die R315 as belangrike verbindingspad binne Wyke 5 en 6.

Malmesbury verbind is in 'n goeie toestand.	
Versterk toegange en ekonomiese skakels	Voorstelle
Die R315 verbinding tussen Yzerfontein, Darling, Malmesbury en Riebeek Vallei is 'n plaaslike skakel wat die Swartland en die Weskus verbind en vorm deel van die hoof toerismoeroute tussen die Riebeek Vallei en die Weskus. Die R311 verbind Moorreesburg met die R45 na Hopefield, en is in 'n relatiewe goeie toestand maar benodig volgehoue onderhoud.	- Gradeer die R307 op om: - Die toerisme potensiaal te ontsluit; - Funksionele stedelike en landelike integrasie te kan laat plaasvind; - Inter en Intra munisipale toeganklikheid te kan bevorder. Die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke is verantwoordelik vir die opgradering en onderhoud van die provinsiale en landelike padnetwerk. - Ontwikkel en opgradering van die R315 as die Swartland Slingerpad. - Bevorder skakeling tussen die N7 en R45 oor Moorreesburg verbind deur die R311.



Versterk Spoorweglyne en dienste	Voorstelle
Kalbaskraal-Saldanha spoorlyn op die oostelike grens van Wyk 6.	- Die Spoorlyn kan opgegradeer en onderhou word om die landbou- en toerismebedryf verder te ondersteun. - Ondersteun en versterk die gebruik van die spoorlyn vir toerisme tydens die blommetyd om toeriste tussen Hopefield en Darling te vervoer. - Versterk toerismegeleenthede in Wyk 6 wat gekoppel is aan geleenthede in die Saldanhabaai Munisipaliteit. - Verhoog passasierfasiliteite en opsies tussen Kalbaskraal en Darling. Privaat operateurs kan help om betroubare dienste te lewer. - Opgradering van die bestaande stasiegeboue.

4.20.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude Omgewing

Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplanningsinisiatiewe	
Bepaal Kern Areas	Voorstelle
Klipberg, Katkop as deel van Darlingheuwels en Neulfontein se berg.	- Die Klipberg, Katkop, as deel van Darlingheuwels, en Neulfontein se berg, as deel van die Swart- en Koringberg, moet as Kern 1&2 Areas geklassifiseer word. - Bepaal 'n ontwikkelingslyn op die hange van die bergareas en -koppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm. - Bepaal 'n 30m ontwikkelingsterugsetlyn langs die Groen- en Soutriviere. - Enige Renosterveld moet as Kern 1&2 Areas bepaal word.
Bepaal Buffer Areas	Voorstelle
	- Baken 'n klimaatveranderingskorridor wat sterk vanaf die Darlingheuwels tot by die Dassenberg af. - Identifiseer en bevorder 'n bewarenswaardige area en klimaatveranderingskorridor van ten minste 300 hektaar tussen Koring- en Swartberg, Tontel en Goudmyn se Berg asook Neulfontein se Berg, sodat spesies in die Kaapse Blommestreek lewensvatbare populasies kan behou en vestig.

	Beskerm die omgewingsensitiewe areas langs die Groenrivier en verbreed die 30m ontwikkelingsterugsetlyn as 'n bewaringsarea veral op die oostelike kant van die Groenrivier.
Bepaal Intensiewe Landbou Areas	Voorstelle
	Beperkte intensiewe landbougebiede kom in Wyk 6 voor, dit sluit wingerd, melkerye en intensiewe pluimvee produksie eenhede rondom Darling in. Ongeveer die helfte van die Wyk word opgemaak deur ekstensiewe droëland produksiegebiede.
Bepaal ligging en omvang van Menslike Nedersetting	Voorstelle
	Darling, 'n plaaslike dorp, is die menslike nedersettingskern binne Wyk 6 met die kleiner landelike nedersettings van Ruststasie op die noordelike periferie van die Wyk. Darling word as een van die groeipunte in die Swartland gesien. Daar word egter geen verdere uitbreiding vir Ruststasie voorgestel nie. - Die nedersettingspatrone om die Darlingheuwels behoort deur 'n ontwerp- en ontwikkelkode ingelig te word.

Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap	
Beskerm die kulturele landskap	Voorstelle
Feeste en Vieringe	• Bevorder die Darling Voorkamerfees • Bevorder die "Rocking the Daisies" musiekfees • Bevorder Evita se Peron • Bevorder die jaarlikse Orgideëskou • Bevorder Darling se Veldblommeskou
Beskerm die erfenis landskap	Voorstelle
Die volgende vier erfenis landskappe word erken: 1. Die Ongerepte natuurlikelandskap 2. Tradisionele jag- en weidinggebiede 3. Die Landbou Verbouingslandskap 4. Die Besienswaardige landskap. 5. Die Gelooflandskap	• Stig klimaatsveranderingkorridors en bawaria wat die Darlingheuwels (Katkop en Klipberg) asook die Swart- , Kanon- en Kasteelbergkorridor, wat Neulfontein se koppie insluit, insluit. • Versterk die blommeroete tussen Darling en Yzerfontein (veldblommeskou sedert 1917). • Skakel veeroetes om in bergfiets- of ontspanningsroetes waar die VOC buiteposte by Darling deel uitmaak van die roete. • Ontwikkel 'n toerismetreinroete wat die klein spoorwegstasies wat in Wyk 6 aangetref word te laat herleef. • Bevorder 'n sakramente roete wat Darling c1853, die derde oudste kerkdorp, insluit.
Klassifisering van erfenis bronne en die toepassing van erfeniswetgewing.	• Brei die Erfenisondersoek, geskoei op <i>Sisteem vir die Gradering van Belang (A4)</i>, van die stedelike area binne die Swartland Munisipaliteit, uit tot die Wyke. • Neem met elke aansoek binne die landelike omgewing die ouderdom van geboue en hul verhouding met die landskap en die historiese agtergrond van die Swartland in ag. • Argeologiese studies behoort op 'n Swartland Erfenis databasis saamgevat te word om te help met toekomstige aansoeke en oorwegings van aansoeke in omliggende areas.
Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap	
Koring en kanolalande, golwende heuwels, die trein na Vredenburg.	• Die versterking van die vervoerkorridor (R45, R315 en R311) moet die landboulandskap ondersteun. • Enige infrastruktuur of fasiliteite moet saamsmelt met die omgewing (nie kontrasterend wees met die omgewing nie) en die gevoel van 'n ongerepte landboulandskap voortdra.
Die Swartland val binne 'n winterreënvalstreek met 80% reën wat vanaf April tot September val. Die binneland het 'n gemiddelde reënval in die omgewing van 400mm-500mm per jaar.	• Bewaar en bevorder die landboulandskap deur die geskikte gewasse te verbou: wintergewasse onder droëlandtoestande en somergewasse kan alleenlik verbou word waar besproeiingswater beskikbaar is.
Golwende topografie maak lande kwesbaar vir watererosie.	• Bekamp watererosie deur bewaringbewerkingsmetodes, die aanplant van meerjarige peulgewasse en die oprigting en onderhoud van kontoerwalle, afleibane (Gebied 16) en oop dreineringsvore (Gebied 17).

4.20.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiwe sosiale omgewing

Strategie 9: Verserker voedselsekureit	
In die Wyk word grond met 'n lae, medium en hoë potensiaal om graan te plant, aangetref. Die plase se gemiddelde grootte is $\pm 514 - 780\text{ha}$ in Gebied 16 en $\pm 680\text{ha}$ in Gebied 17. Koring en wyndruiwe saam met graan en vee ingesluit friesbeeste word hoofsaak in die area geboer. Ander wintergraan gewasse soos: Hawer (Gebied 17 & 18), Droëland lupiene (Gebied 16), Voererte & groenerte, Triticale, Medics en Droëland lusern (Gebied 17) word ook verbou.	• Ontwikkel 'n strategie dat die 14% plase in Gebied 16 en 10% plase in Gebied 17 wat kleiner is as 300ha diversifiseer en nie graan afhanklik is nie of saam met groter graanplase geboer word. • Implementeer 'n strategie om te verseker dat plaaslik geproduseerde landbouprodukte (op groot- of kleinskaal) voorkeur geniet in aankope en verkope. • Bevorder die oprigting van kontoerwalle, onderhoud van kontoerwalle en afleibane en biologiese beheer in Gebied 17 & 18. • Moet nie lande met sandgrond in die somer kaal laat nie, maar bedek dit met voergewasse. (Gebied 16 & 17) • Bevorder, op dupleksgrond, e oopvoordreinerig. (Gebied 17)
Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede	
Die waterbron binne Wyk 6 is: • die Groen- en die Soutrivier.	• Hou waterbronne skoon van indringerplante • Vestig 'n bewegingsnetwerk langs die Groen- en Soutrivier.
Die Stormwaterstelsel is ontoereikend in gruispaddorpe soos Darling en Ruststasie.	• Bestuur stormwater sodat die water herwin kan word vir gemeenskapstuine
Strategie 11: Voorsien behuising	
Om plaaswerkerbhuising te voorsien in Darling.	• Oormerk 25% van behuisingprojekte behuising vir plaaswerkers.
Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede	
Identifiseer Grondhervormingsgeleenthede	Voorstelle
Ekstensiewe droëland gemengdeboerdery produksieareas kom in die suidelike gedeelte van Wyk 6 voor terwyl droëland graanboerdery produksiearea in die noordelike gedeeltes van Wyk 6 voorkom. Daar is beperkte ondergrondse waterbronne wat voorkom. Plase in die suide van Wyk 6 word verder beïnvloed deur areas in die gebied wat geïdentifiseer word as bewaringswaardige areas om ekologiese korridors langs die Groenrivier te skep, en het daarom beperkte geleenthede vir grondhervorming. Beskikbare grond in Wyk 6 hoofsaaklik in privaat besit.	• Beperkte grondwater vir besproeiing vir wynbou en groente produksie om Darling. • Moontlikheid vir aqua-kultuur produksie in damme in die binneland om Darling. • Moontlikheid om van die plaasdamme binne besproeiing areas vir aqua-kultuur boerdery te gebruik.

Opgradering van nedersetting, dienste en sosiale investering.	• Voorsien gesubsidieerde behuising in hoof sentras wat Malmesbury, Moorreesburg en Darling insluit.
Landbou prosessering.	• Fokus op Darling om landbouprosessering te bevorder.
Grondhervorming in ekstensiewe droëland boerderygebiede .	• Plase in Wyk 6 is hoofsaaklik ekstensiewe droëland boerderypraktyke, is ±600 - 800ha in grootte, en het gemiddelde hoë grondwaardes, vereis hoë insetkoste en is afhanklik van uitgebreide meganisasie wat groot kapitale uitlegte vereis. Grondhervormings projekte moet met die nodige omsigtigheid hanteer word ten einde volhoubare projekte te verseker. • Groot areas in die suidelike gedeelte van Wyk 6 word ook beïnvloed deur geïdentifiseerde sensitiewe natuurgebiede asook ekologiese korridors wat die produksiegeleenthede beperk.
Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	
Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	Voorstelle
Reservoirs, rioolsuiweringwerke, transformators en stortingsterreine.	Die prioriteite vir die voorsiening van dienste in die landelike areas behoort as volg te wees: • Voorsien voldoende straatbeligting in Darling. • Voorsien stoorkapasiteit vir drinkwater in Darling. • Opgradering van rioolsuiweringwerke in Darling. • Moedig vullisverwydering na punte in naaste dorp aan veral op digbevolkte plase. Brei die voorsiening van afval oorlaaistaties uit na punte langs hoofpaaie vir die wegdoen van afvalverbranding en storting op plase, veral op digbevolkte plase.
Alternatiewe energie	• Bevorder die ontwikkeling van alternatiewe energiesone.
Voorsien en onderhou veeldoelige gemeenskapsdienste	Voorstelle
Bestaande begraafplaas het 'n tekort aan grafte.	• Ondersteun die uitbreiding of ontwikkeling van 'n nuwe begraafplaas in Darling.
Malmesbury Volwassene Onderrig en Opleiding Sentrum (MAVOS) met drie dienspunte in Darling en Morningstar (Darling).	• Bevorder familie geletterdheid deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak. • Maak verdere onderrig en opleiding toeganklik deur publieke vervoer te versterk of lokale beskikbaar te maak om deelydse klasse aan te bied. • Bevorder die ontwikkeling van sosiale en ekonomiese aktiwiteite in die nedersettings om ook die landelike gemeenskap te ondersteun. • Bevorder opgradering en hernuwing van sosiale infrastruktuur en dienste.


Voorsien en onderhou openbare publieke vervoerinfrastruktuur en vervoermodaliteite	Voorstelle
Slegs private vervoer is beskikbaar.	• Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke padvervoer langs die R315 tussen Darling en Malmesbury (veral mobiliteit op die R315 tussen Yzerfontein en Malmesbury oor Darling) en die R307 tussen Darling en Moorreesburg. • Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke spoorvervoer op die Kalbaskraal-Saldanha spoorlyn wat ook aansluit by stasie op Darling en by die Kaapstad-Bitterfontein spoorlyn.
Ondersteunende Infrastruktuur	• Bevorder padstal en diensstasie langs die N7 in die omgewing van Ruststasie. • Ondersteun padstalle langs die R315 as een van die hoof toeristeroetes in die Swartland.

Wyk 7: Kalbaskraal en Landelike Area

Oorsig van Wyk 7

Ligging

Wyk 7 maak die mees suidelike gedeelte van Swartland Munisipale area uit en bestaan uit die stedelike areas van Kalbaskraal en Abbotsdale asook omliggende plase. Abbotsdale vorm ruimtelik deel van Malmesbury en word daarom as deel van Wyke 8, 9, 10 en 11 wat Malmesbury hanteer. Tradisioneel bestaan die grootse agterstand ten opsigte van dienste en infrastruktuur in die suidelike wyke van die Swartland. Die ekonomiese basis van die areas is swak met meestal slaapdorpe wat in Wyk 7 voorkom.



Demografie

Die geprojekeerde bevolking groei vir die dorpe in die wyk, soos bepaal deur die groeimodel, sien as volg daar uit.

DORPE in Wyk 7	GROEI %	2007	2012	2017	2022	2027
Kalbaskraal	2.1%	1548	1718	1906	2114	2346
Abbotsdale	3%	4240	4915	5698	6606	7658

Tabel 24: Geprojekeerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyk 7

Oorsig van Stedelike Areas

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Beplanning Kategorieë	ROR Klassifisering
Kalbaskraal	Residensieel	Simbiotiese metropolitaanse landelike leefstyl	Grootskaalse sosiale Investerings	Dd. Landelike nedersetting	Landelike Nedersetting

Tabel 25: Ruimtelike klassifisering van Kalbaskraal in Wyk 7

4.21. KALBASKRAAL

4.21.1 Historiese Oorsig

Kalbaskraal het in 1898 ontstaan as spoorwegkruising tussen Kaapstad, Darling en Malmesbury op die plaas Spes Bona. Kalbaskraal het 'n eiesoortige landelike karakter en is in gewig tussen die spoorlyn en 'n draai in die Dieprivier. Die gebied met groter erwe langs die rivier is gewild as landelike bewoningsgebied en beperkte landbou gebruik word op van die erwe beoefen.

Die afname in die gebruik van spoorvervoer het plaaslike ekonomiese gestrem en armoede en stygende werkloosheid in Kalbaskraal tot gevolg gehad. Die bestaande spoorwegkruising bied goeie verbindingsgeleenthede met die Kaapse Metropool en die noorde van die land.

4.21.2 Dorpsleërganie en Ekonomiese Basis

Ligging

Kalbaskraal is die mees suidelike nedersetting (so geklassifiseer volgens die Ruimtelike Beplanningskategorieë) binne die regsgebied van Munisipaliteit Swartland.

Alhoewel geïsoleer van Malmesbury, die hoofsentrum van die Swartland, bekom Kalbaskraal direkte toegang tot die N7 wat Malmesbury en die Kaapse Metropool verbind.

Ekonomiese basis

Kalbaskraal het 'n residensiële funksie met baie beperkte ander ondersteunende dienste. Baie inwoners woon slegs in Kalbaskraal maar werk elders in die Swartland of in die Kaapse Metropool gebied. Die swak ekonomiese basis wat verder benadeel is met die afname in gebruik van spoorvervoer. Die dorp beskik oor 'n baie lae groei potensiaal, met die ligging van die gebied aanliggend aan die Kaapse Metropool en voorstede wat veroorsaak dat interaksie (slaapdorp/residensiële funksie) met die gebied plaasvind eerder as met Malmesbury. Die tendens bestaan dus dat baie inwoners op 'n daaglikse basis na Atlantis en die Metropool pendel vir werk. Met die grootskaalse armoede in Kalbaskraal beveel die Swartland GOP grootskaalse sosiale kapitale investering aan. Die verdere uitbouing van die residensiële mark met groter landgoed erwe veral langs die Dieprivier sal ook verder die karakter van die dorp uitbou en ondersteun en in 'n spesifieke vraag na die tipe geleenthede voorsien veral vir mense van die metropool wat 'n leefstyl verandering wil maak.

Ontwikkelingspotensiaal

Kalbaskraal word volgens die Ruimtelike Plan vir die Weskus Streek (Weskus Distriksmunisipaliteit, November 2000) geklassifiseer as 'n Kategorie D.d of Landelike Nedersetting.

Kalbaskraal val binne 'n dominante landbouproduksie area omring deur uitgebreide landbou-ondernemings. Die groei potensiaal van Kalbaskraal is laag met beperkte huidige ekonomiese geleenthede. Die dorp se ligging ten opsigte van die N7, die bestaande spoorlyne asook die moontlikheid van die vestiging van 'n lughawe oos van die dorp kan die potensiaal van die dorp aansienlik verbeter.

Die Swartland GPO identifiseer Kalbaskraal as 'n dorp met 'n beperkte groei potensiaal as gevolg van 'n residensiële ekonomiese basis. Die vraag na residensiële ontwikkeling is hoofsaaklik vir lae digtheid residensiële landgoed erwe in die landelike milieu. Die noordwestelike rand van Kalbaskraal bied ontwikkelingsmoontlikhede om aan die vraag te voorsien.

Kalbaskraal het vanweë sy ligging in die Swartland, aanliggend aan die N7 en naby die Kaapse Metropool, 'as nywerheidsnodus te ontwikkel. Die dorp word ook deur 'n spoorlyn bedien wat die Kaapse Metropool en die noorde en weste (Weskus) verbind. Die ligging van Kalbaskraal ten opsigte van die Dieprivier en die voorgestelde korridor tussen Malmesbury en Kalbaskraal langs die N7 en Dieprivier, bied ook geleentheid vir toekomstige landbounywerheids- en agri-toerisme ontwikkeling in die gebied.

4.21.3 Ruimtelike Elemente

Waterweë

Die Dieprivier is 'n baie belangrike natuurlike sisteem wat die westelike rand van die dorp vorm met groot landelike woonerwe wat op die oewer voorkom. Die een in honderd jaar vloed vlak langs die oostelike grens van die rivier beperk die ontwikkelingspotensiaal van 'n groot gebied binne die stedelike struktuur.

Enige toekomstige ontwikkeling en verdigting binne die stedelike gebied moet die vloedlyn en dienooreenkomstig erken. Die Dieprivier vorm 'n baie belangrike ekologiese korridor deur die dorp en landelike area met die korridor wat tot in Malmesbury strek.

4.21.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg


- Die sterk geometriese dorpspatroon om die stasie omgewing verbreek en gaan oor in groter erwe soos die ontwikkeling weg van die stasie plaasgevind het, veral in die rigting van die Dieprivier se oewer.
- Die stedelike vorm van Kalbaskraal is 'n ruitpatroon met hoë digtheid residensiële ontwikkeling rondom die sentrale sakekern en lae digtheid residensiële erwe langs die Dieprivier en aan die suidelike grens.
- Die Dieprivier vorm die westelike grens van die dorp.
- Die spoorlyn verdeel die dorp, met lyne wat in 'n noord suid rigting asook in 'n oos wes rigting loop.
- Verskeie invul geleenthede op bestaande residensiële erwe op die suidelike gedeelte bestaan asook in die area oos van die spoorlyn waar heelwat erwe onder benut is.
- Sosiale dienste kom verspreid in die dorp voor met die sportveld wat suid van die sentrale sakekern voorkom en die skool wat oos van die spoorlyn voorkom. Die sentrale sake kern kom wes van die stasie voor met die stasie gebou wat dan ook vir sekere toerisme geleenthede benut kan word.



By die kruising van die twee hoof paaie kan 'n sentrale nodus verder ontwikkel. Verder word die beboude gebied aan die westekant van die spoorlyn word met die oostekant verbind deur 'n voetgangerbrug. Die brug vorm 'n belangrike publieke verbinding wat gevestigde publieke en besigheidsnodusse aan weerskante van die spoorlyn ondersteun.

4.21.5 Bewegingsnetwerk

- Twee **hoofroetes** deurkruis die gebied: Afdelings pad 1138 (oos-wes), wat toegang tot die N7 bied en voorsien en Afdelingspad 1111 (noord-suid) wat Kalbaskraal met Malmesbury in die noorde en met Philadelphia in die suide verbind.



Skets 3: Hoof verkeersroetes in Kalbaskraal

4.21.6 Dienste en Infrastruktuur

Volgens die Swartland GOP het die Wyk tans die grootste dienste agterstand en moet die voorsiening van basiese dienste in die gebied as 'n hoë prioriteit gesien word. Vanweë die lae ontwikkelingspotensiaal van die area ondersteun die GOP sosiale ontwikkeling op die langtermyn. Die voorgestelde ontwikkeling van die N7 korridor kan bydra om die aard van die Wyk en sy nedersettings aansienlik te verander met die skep van meer ekonomiese geleenthede in die langtermyn. In die medium termyn moet die dorp van die basiese vlak van dienste voorsien word.

Die lewering van dienste in die landelike gebiede van gedeeltes van Wyk 7 en Wyk 4 is 'n groot uitdaging aangesien daar geen akkurate en betroubare inligting oor dienste agterstande in die gebied bestaan nie. Swartland Munisipaliteit is tans besig, in samewerking met konsultante, om die nodige data te korreleer om die presiese stand van dienstevoorsiening in die landelike area van Wyke 4 en 7 vas te stel ten einde die behoefte te kan bepaal en daadwerklik te kan optree.

Swartland Munisipaliteit lewer tans munisipale dienste op Kalbaskraal met die volgende beskrywing vir elkeen van die dienste:

Water

Kalbaskraal is afhanklik van die Voëlvlei Skema wat deur pypleidings via Malmesbury na Kalbaskraal, Chatsworth en Riverlands water aan die nedersettings voorsien. Daar is 'n totaal van 207 verbruikers met 61,2% van die wat as behoeftige verbruikers aangegee word. Die bestaande waternetwerk van Kalbaskraal het beperkte grootmaat voorsiening met 'n komplekse grootmaat voorsieningstelsel en derhalwe moet waterverliese wat in die area ondervind word en die voorsiening van aansluitings op bestaande onbeboude erwe gemonitor word.

Die pypleiding tussen Malmesbury en die nedersettings is onlangs opgegradeer vir. Daar is ook 'n boorgat wat Kalbaskraal bedien. Die reservoir in Kalbaskraal het 'n totale kapasiteit van 250kl. Daar word ook aanliggend aan die bestaande reservoir 'n area voorsien om 'n addisionele reservoir te bou om in stygende vraag na water te voorsien (*Swartland Water Services Development Plan*).

Riool

Die rioolstelsel in Kalbaskraal is beperk tot die gesubsidieerde behuising ontwikkeling in die dorp met die res van die dorp wat deur riooltenke op persele bedien word. Die Swartland Water Dienste Verslag van 2008/2009 toon aan dat daar 7 gebruikers in die dorpsgebied is wat nog van die emmerstelsel gebruik maak met 317 verbruikers wat aan die bestaande rioolwerke gekoppel is.

Aldus die GOP kan die rioolzuigtenkvrugmotor nie addisionele riooltenke akkommodeer nie. Die spoelrioolstelsels is beperk terwyl die suiweringswerke beperkte kapasiteit het. Ander uitdagings sluit in:

- Werklike kapasiteit is onbekend
- Geen vloeiometer wat die volume kan bepaal en
- Onderhoud aan damwalle en inlaatwerke word verlang

Elektrisiteit

Eskom voorsien elektrisiteit in Kalbaskraal. Straatbeligting is onvoldoende.

Vullisverwydering

Alle formele erwe in Kalbaskraal word deur Swartland Munisipaliteit op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens bedien. Alle huishoudelike vullis word by die Swartland streekstortingsterrein, Highlands wes van Abbotsdale, gelewer.

Die gemeenskap van Kalbaskraal het die gebruik van publieke 'aflaai' punte waar vullis wat nie opgelaaie word nie (soos bv. tuin vullis) gestort kan word. Die diens is beperk.

Paaie & verkeer

Kalbaskraal word deurkruis deur twee hoofroetes: Afdelingsraad pad nr. 1138 in 'n oos-westlike rigting en Kalbaskraal met die N7 verbind met 'n brug oor die Dieprivier. Afdelingsraadpad nr 111 of die ou Kalbaskraal Malmesbury verbindingspad, deurkruis die dorp in 'n noord suid rigting. Laasgenoemde het ook die potensiaal om as toeriste roete ontgin te word.

Die kruising van die twee paaie bied die moontlikheid om as 'n sentrale nodus ontwikkel te word. 'n Bestaande spoorlyn vorm ook deel van die noordelike en oostelike gedeelte van die dorp.

Veiligheid

Geen polisie of brandweerstasie bedien die area en die vestiging van veiligheidsdienste (satelliet polisie- en brandweerstasie) wat die Groter Chatsworth area kan bedien, word ten doel gestel.

4.21.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Kalbaskraal, as die mees suidelike nedersetting in die Swartland Munisipale gebied, het 'n residensiële ekonomiese basis. Die Swartland GOP Makro Strategie oormerk Kalbaskraal vir sagte (sosiale infrastruktuur) investering. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp:

Toekomstige Ontwikkeling
Verbinding & Mobiliteit:
Ondersteun die verdere ontwikkeling van die N7 as 'n dubbel pad tussen die Metropool en Malmesbury.
Vervoer
Ontwikkeling van busroete in Wyk 7 (nou Wyk 4 en 7) ten einde inwoners die geleentheid te gee om in omliggende groei punte te gaan werk.
Ekonomiese Ontwikkeling: Uitbou van Nywerheidsektor
Grondhervorming:
Industriële Ontwikkeling:
Ondersteun die uitbou van die nywerheidsnodus vir werkskepping en skakeling met markte in die Metropool via die N7 en die spoorlyn.
Behuising/ Residensiële Ontwikkeling:
- Bevorder verdigting binne die stedelike area. - Uitbouing van die residensiële geleenthede met die voorsiening van groter verskeidenheid behuising tipes om meer behuising geleenthede vir die gemeenskap beskikbaar te stel. - Gesubsidieerde Behuising - Geen ontwikkeling van toekomstige gesubsidieerde behuising word in Kalbaskraal voorgestel nie – toekomstige tekorte van gesubsidieerde behuising moet in Malmesbury aangespreek word. - Bestaande Behuising agterstand – 351. - Groei potensiaal van residensiële ontwikkeling - Lae Prioriteit.
Openbare Oopruimtes/Bewaring: Dieprivier area
Infrastruktuur en Dienste:
Optimaliseer gebruik van infrastruktuur.
Veiligheid
Benodig satelliet brandweerstasie en satelliet polisiestasie in Wyk 7.
Toerisme
Ondersteun die toerisme en ontspanningsgeleenthede wat die Dieprivier kan bied veral met die fokus op rivier korridor langs die rivier na Abbotsdale en Malmesbury.
Sosiale Ontwikkeling
- Ontwikkeling van gemeenskapfasiliteite – Veeldoelige gemeenskapsentrum (Thusong sentrum) word vir die area voorgestel wat tot die algemene opheffing en opleiding van gemeenskap kan bydrae. - Vroeë kinder ontwikkeling. - Voorsien basiese vlak van dienste – wis die dienste agterstand uit in stedelike sowel as omliggende landelike area van Wyk 7 waar dienslewering beperk is.
Sosiale dienste
- Benodig veeldoelige gemeenskapsentrum. - Voorgestelde satelliet biblioteekdiens. - Verhoging van mobiliteit van inwoners. - Vroeë kinderontwikkeling.

Ekonomiese ontwikkeling van bevolking

- Diverse opleiding gemik op die verbetering van die plaaslike inwoners se mobiliteit.

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsone en voorstelle word voorgestel vir Kalbaskraal ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Kalbaskraal Sone Voorstelle

Verwys na Kalbaskraal Sone Kaart: Die dorpsgebied van Kalbaskraal is in nege (9) sones (areas met gemeenskaplike kenmerke) ingedeel en die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones volg in die onderstaande tabel:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE	SONE	Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuisse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A is geïdentifiseer as die nywerheidsnodus vir Kalbaskraal								X	X				X		X
B	Sone B bestaan hoofsaaklik lae en medium digtheid residensiële gebuie met ondersteunende gemeenskap dienste.	X	X		X	X		X		X	X	X	X	X	X	
C	Sone C het grotendeels 'n lae digtheid residensiële karakter langs die Dieprivier	X			X					Tuis-nywerhede X	X	X	X	X	X	Kwekerye,
D	Sone D is 'n lae digtheid residensiële area wat moontlikhede bied vir verdigting. Voorgestelde minimum erf groter van 1000m².	X			X			X		Tuis-nywerhede X	X	X	X	X	X	Kwekerye,
E	In Sone E is 'n voorgestelde uitbreidings area geoormerk vir lae digtheid residensiële ontwikkeling. Minimum voorgestelde erf groter van 1000m²	X			X			X		X	X	X	X	X	Sport X	Slegs diens nywerhede by nodus X
F	In Sone F is 'n hoë digtheid residensiële area (gesubsidieerd behuising).	X	X	Langs aktiwiteitsas X	X			X		X	X	X	X	X	X	
G	Sone G bestaan uit die sentrale sakekern waar veral gemengde gebuie aangemoedig moet word.	X	X	Langs aktiwiteitsas X	X	X	X	X	X	X	X		X	X	Toerisme fasiliteite X	
H	Sone H is 'n hoë digtheid residensiële area (gesubsidieerde behuising).		X	Langs aktiwiteitsas X	X		X			X	X					
I	Sone I het hoofsaaklik 'n residensiële karakter rondom die sentrale sakekern wat verdigtings geleentheid bied.	X	X	Langs aktiwiteitsas X	X	X		X		X	X		X	X	Sport grond e X	

Kalbaskraal Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Kalbaskraal Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerde aktiwiteitsasse en aktiwiteitstrate in Kalbaskraal. - Bevorder ruimtelike integrasie deur gemengde gebruike langs die aktiwiteitsasse te bevorder. - Verfraai die ingangspad vanaf die N7 en die hoof roetes deur die dorp.	Paaie - Verfraai die hoofingangspoort na die dorp met bome en straatmeublement. - Voorsien voldoende vullisdromme langs hoofstraat.
Aktiewiteitsas (Ruimtelike Integrasie) Bevorder gemengde residensiële en kommersiële gebruike langs die aktiwiteitsas om verdigting en integrasie te bevorder.	
Voetpaaie - Voorsien toeganklike en veilige voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes om voetganger verkeer aan te moedig en te beveilig. - Onderhou bestaande voetgangerbrug by stasie vir veilige en vinnige toegang na sentrale sakekern.	Voetpaaie - Verbeter en formaliseer voetgangerroetes om veilige beweging van voetgangers te verseker. - Bevorder die benutting van die Dieprivier as ontspanningsbron deur wandelpaaie langs die rivier te ontwikkel.
Publieke Ruimtes.	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke nodusse - Ondersteun voorgestelde gemeenskapsnodus by sentrale sakekern. - Ondersteun die skep van openbare ontspanningsgeleenthede langs die Dieprivier. - Skep van moontlik Ontspanningsnodus (bergfiets/motorfiets baan) binne in Sone A.	Publieke nodusse
Gemeenskapsfasiliteite - Bevorder gemeenskapsfasiliteite binne woongebiede sodat dit toeganklik is vir inwoners. - Ontwikkeling die nuwe begraafplaasperseel op die suidoostelike periferie van die dorp. - Ontwikkeling gemeenskapsopleidingsentrums sodat plaaslike gemeenskappe hul vaardighede kan ontwikkel.	Gemeenskapsfasiliteite Ontwikkel nuwe begraafplaasperseel op suidoostelike periferie van dorp.

Opvoedkundige • Maak voldoende voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite veral crèches binne residensiële areas. • Skep geleenthede vir volwassene opleiding. • Ondersteun die ontwikkeling van 'n skool op padkamp perseel in die noorde van dorp. Sportfasiliteite • Brei bestaande sportgronde suid van sakekern uit en gradeer fasiliteite op.	
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Ontwikkeling die gebied om die Dieprivier as 'n natuurlike korridor en ontwikkel voetganger- en fietspaaie wat met Malmesbury en Abbotsdale skakel. • Straat boomaanplanting langs sekondêre vervoer roetes omdat die roetes die primêre plaaslike voetganger roetes vorm. • Straat boomaanplanting langs hoof roetes as deel van die skepping van die groen “web/raamwerk” deur die dorp wat ook met die Dieprivier skakel. Betrek plaaslike gemeenskappe en organisasies/besighede in die projek vir boomaanplanting asook die onderhoud van die bome. Die bome kan ook in private erwe langs die paaie geplant word om eienaarskap te verleen aan die projek. • Verbeter die eentonige visuele karakter van hoë digtheid residensiële ontwikkelings, veral gesubsidieerde behuising areas, deur die aanplant van bome langs strate.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors • Formaliseer en brei wandelpaaie binne die Dieprivierkorridor uit wat Kalbaskraal, Abbotsdale en Malmesbury verbind. • Formalisering van Oopruimte netwerk deur skakeling met voetgangerpaaie.
Historiese Bewaringsgebiede • Hou streng kontrole oor die aanbouing en slopings van geboue met erfenis belang. • Stel 'n estetiese komitee saam om ontwikkelingsriglyne vir Kalbaskraal op te stel. • Verfraai dorp met straatbeligting en -meubelment wat die estetika van die van die dorp versterk en ontwikkeling die stasiegebou as toerisme nodus.	Historiese Bewaringsgebiede
Toerisme • Verbeter infrastruktuur om toerisme te bevorder byvoorbeeld toerismes tekens, ontspanningsfasiliteite, akkommodasie en inligtingspunte.	Toerisme • Ontwikkel 'n wandelpad langs die Dieprivier wat Abbotsdale met Malmesbury verbind. • Ontwikkeling die stasiegebou as belangrike toerisme nodus.

• Ontwikkel stasiegebou as toerisme fasiliteit. • Ondersteun toerisme vriendelike ontwikkeling langs die Dieprivier soos voetganger- en fietspaaie.	
Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Residensieel • Maak ruimtelike voorsiening vir alle vorme van behuising sodat die totale behuisingsbehoefte aangespreek kan word, veral kleiner eenhede binne die areas wat vir verdigting geoormerk is. • Ondersteun die ontwikkeling van laer digtheid residensiële erwe langs die Dieprivier en in ander geïdentifiseerde areas om die bestaande landelike karakter te beskerm en aan die behoefte te voorsien. Laat beperkte verdigting op die suidelike en noordelike periferie toe met erfgrottes van ongeveer 1000m². • Toekomstige gesubsidieerde behuising agterstande in Kalbaskraal en omliggende gebiede in die Groter Chatsworth gebied word in Malmesbury voorsien. Integrasie • Bevorder integrasie deur die voorsiening van 'n groter verskeidenheid residensiële tipes. • Ondersteun die verdigting van bestaande beboude areas om die sentrale sakekern en oos van die spoorlyn.	Residensieel • Beplan die voorsiening van grootmaatdienste in oorleg met toekomstige uitbreidings.
Verdigting • Verdig Kalbaskraal deur middel van a) onderverdeling (ook deeltitel), b) invul ontwikkeling en c) hernuwing. • Ondersteun invul ontwikkeling, stedelike hernuwing en die skep van geïntegreerde ontwikkelings veral om bestaande nodusse en langs aktiviteitsstrate. • Verdig in ooreenstemming met die sone voorstelle met hoër digtheid residensiële ontwikkelings naby die kern en invul en verdigting deur onderverdeling in omliggende gebiede. • Onderverdelings en hernuwing van areas moet binne die konteks van die omliggende omgewing toegelaat word en sensitief teenoor die karakter van bestaande beboude gebied geskiet.	Verdigting • Identifiseer invulgeleenthede vir residensiële ontwikkeling.

Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersieel • Versterk die bestaande primêre sentrale sakenodus. • Ondersteun huiswinkels en professionele dienste langs aktiwiteitstrate.	Kommersieel
Industrieel • Ondersteun die ontwikkeling van nywerhede binne die voorgestelde nywerheidsgebied. • Gradeer dienste op om die industriële gebied te bedien.	Industrieel
Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
• Voorsien voldoende ruimte vir grootmaatsdienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpyplyne insluit. • Wees bedag op die plasing van dienste en in watter mate dit toekomstige ontwikkelings en bewaringsgebiede kan beïnvloed.	• Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan (Raad se Raadgewende Ingenieurs) wat versoenbaar is met ruimtelike voorstelle. • Stel 'n meesterplan vir die voorsiening en onderhoud van alle grootmaatinfrastruktuur saam. • Stel infrastruktuur begroting op in lyn met die toekomstige ontwikkelingsvoorstelle.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Kalbaskraal

WYK 7 – Landelike Area

4.22 Wyk 7: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

(Verwys na Wyk 7 Landelike Voorstellingskaart)

4.22.1 Voorgestelde Ruimtelike Landskappe

Die volgende **prominente ruimtelike landskappe** kom in **Wyk 7** voor:

Wildernislandskap: Kus, Berge en ander habitats

- Die Perdeberg in die suidoostelike gedeelte van Wyk 7 vorm deel van die Paarde-, Porselein-, Kasteel-, Kanon-, Swart- en Koringbergkorridor. Die bergreekskorridor vorm 'n aaneenlopende strook wat krities is vir bewaring asook moontlikhede bied vir ekotoerisme.

Waterweë en verbindings:

- Die Dieprivier wat Wyk 7 deurkruis en parallel met die spoorlyn en N7 loop.

Verbindingsweë en gordels:

- Die suidwestelike gedeelte van Wyk 7, tussen die N7 en Dieprivier, vorm saam met 'n gedeelte in Wyk 4 deel van die voorgestelde **Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor** waar daar nie net meer intensiewe landbou gebruike nie, maar ook groter diversifisering voorgestel word wat aansluit by die landelike areas en landbou gebruike verder ondersteun.
- Die R304, of Ou Kaapse Weg vorm die ruggraat van Wyk 7.

Landboulandskap:

- Ekstensiewe sowel as intensiewe landbouproduksie gebiede kom in Wyk 7 voor met formele bewaringareas om die Perdeberggebied.

Sosiale Foci en Gemeenskapslandskap:

- Wyk 7 word ondersteun deur Malmesbury as die hoof dienssentrum in die Swartland asook die landelike dorpie Abbotsdale en Kalbaskraal in die suidweste van Wyk 7 aanliggend tot die N7.

Kultuurhistoriese landskap:

- Wyk 7 is die tuiste van die Paardeberg as erfenis bestemming en spog met verskeie feeste wat gedeel word met Wyke 3, 4 en 12.

4.22.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede



Strategie 1 : Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal	
Landelike areas met ekonomiese potensiaal en ontwikkelingsgeleenthede	Voorstelle
Streeksdienssentrum:	Ondersteun groei in Malmesbury, streeksdienssentrum van die Swartland en aanliggend tot Wyk 7, as stedelike groeipunt binne die groter Weskus area.
Landbou-industriële sone:	- Ontwikkel geleenthede wat geskep word deur die ligging van Wyk 7 aanliggend tot die N7, as hoof vervoerkorridor, en aanliggend tot Malmesbury, as hoof dienssentrum, vir die groter Swartland streek. - Skep binne die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor geleenthede vir kleinskaalse landbou gerigte industrieë en verwerking wat nie alleen werkskepping bevorder nie, maar ook bepaalde toerisme waarde het. - Bevorder industriële, kommersiële en intensiewe landbou, landbouprosessering en landbou-industrieë langs die N7 korridor in Wyk 7.

	• Ondersteun verskeie kleinskaalse landbougerigte verwerkingsaanlegte in Tierfontein, in Wyk 4. • Versterk die uitbreiding van landbouproduksie suidwaarts langs die N7 vanaf Malmesbury, Abbotsdale na Kalbaskraal en verder suid, ingesluit die gedeelte wes van die N7 in Wyk 4 asook oos van die N7 in Wyk 7. • Bevorder industriële-ontwikkeling en ander verwante en ondersteunende gebruike in Wyk 7 deur die ontwikkeling van 'n voorgestelde vraglughawe naby Kalbaskraal. • Bevorder intensiewe boerdery geleenthede in omliggende areas om Malmesbury ingesluit landbouprosessering.
Vervoerkorridor:	• Bepaal die nasionale en hoofpaaie as vervoersones en maak voorsiening vir geassosieerde infrastruktuur, sodat die verbinding van die area na die markte in die Kaapse Metropool asook na die noorde versterk kan word. • Versterk die N7, as hoof streeksskakel, en die R305 om die mobiliteit tussen landelike gebiede en stedelike sentrums asook verbinding met die Kaapse Metropool en markte in die Durbanville area te bevorder. • Ontwikkel die N7 korridor op die suidwestelike grens van Wyk 7, as 'n belangrike landbou ontwikkelingsgebaseerde area met die potensiaal van die gebied wat deur die beskikbaarheid van water, sanderige grond asook bestaande stedelike gebiede ondersteun word. • Gebruik die Bellville-Malmesbury spoorweglyn om die ontwikkeling van die Intensiewe Landbou Ontwikkelingskorridor in Wyk 7 te versterk.
Toerisme gebiede en nodusse: Ou Kaapse Weg vanaf Malmesbury tot by Philadelphia en die Paardeberg Natuurreservaat en erfenis gebied.	Sien Strategie 4.
Kommunikasiekorridors en -sones	• Inligting onbekend. Bevorder toegang tot inligting in landelike gemeenskappe
Energiesones: Geen	• Bepaal 'n energieseone (wind en/of son) naby die Swartland grens naby Klipheuwel op R304.
Kern Stedelike gebiede:	• Malmesbury is die plaaslike hoofdorp wat Wyk 7 bedien met Kalbaskraal as 'n landelike dorp wat in die suidelike gedeelte van Wyk 7 voorkom. Skakeling van die gebied vir stedelike dienste is hoofsaaklik met Malmesbury as die streekslandboudienssentrum. • Bevorder geleenthede vir residensiële ontwikkeling, asook kleinhoewes op die periferie van Kalbaskraal. • Bevorder geleenthede vir hoër digtheid residensiële ontwikkeling wat kleinhoewes insluit in die Intensiewe Landbou Ontwikkelingskorridor langs die N7.

Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte



Mark penetrasie												Voorstelle
Huidige produkte en huidige markte												• Produseer, verpak en versprei landbouprodukte as Swartland landbouprodukte. Plaas 'n unieke kenmerk van Swartland op produkte vir identifikasie en kwaliteitskontrole • Bevorder ontwikkeling van nisprodukte soos meeltipes, fyn gebak, brode en konfyte (druie en perskes) in Koringberg. • Versterk die voorsieningsketting van primêre landbouprodukte vir hoofmarkte deur waardetoevoeging van landbouprodukte te ondersteun. • Bevorder die vervaardiging van produkte wat werk skep in die Swartland landelike areas, bv. die oes van riete, veldblomme en die maak van meubels en handgemaakte produkte van hout.
Gebied:	Koring	Ander Wintergraan	Lupiene	Lusern (droëland)	Wyndruie	Tafeldruie	Perskes	Voererte & Groenerte	Triticale & Medics	Wol & Vleisskape	Friesbeeste	
17: Malmesbury boerdery	X	X (hawer)		X	X			X	X	X	X	
18: Riebeek Vallei gemengde boerdery	X	X (hawer)	X		X	X	X			X	X	
Produk Ontwikkeling												Voorstelle
Nuwe produkte Graan, Lupiene, Lusern, Druie, Groente, Wol, Vleis, Melk												• Bevorder nisprodukte wat komplimenterend is tot die kommersiële landbou en toerisme. • Bevorder die vervaardiging van bier en aal van gars. • Ondersteun die vervaardiging van bio-brandstof. • Ondersteun die generering van 'n alternatiewe energie bron (wind en son plase). • Ondersteun die meganisasie van landbou deur ontwerp- en hersteldienste.
Mark ontwikkeling												Voorstelle
Nuwe markte: Plaaslik (Jeug, Staat ens.), Streek, Nasionaal, Internasionaal												• Ondersteun veral kleinboere in die gebied te om nismarkte vir hul produkte te skep. • Moedig kommersiële boere aan om kleinboere te bemagtig. • Bevorder instandhouding- en skoonmaakdienste wat werkskepping bevorder bv. die skoonmaak van indringerplante langs rivierlope.
Diversifisering												Voorstelle
Nuwe produkte en nuwe markte Swartland het 'n baie gematigde Mediterreense klimaat, met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus). Die gemiddelde dagtemperatuur in die somer is 30°C en 20°C in die Winter.												• Bevorder die gematigde Mediterreense klimaat met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus) as 'n toerisme aanloklikheid. • Bevorder die toerismebedryf in die landelike areas as 'n addisionele ekonomiese bron. • Bevorder die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor wat geleenthede vir diversifisering en die voorsiening van ondersteunende funksies langs die N7 suid van Malmesbury bied.

Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling	
Ondersteun mynbougeleenthede	Voorstelle
Grondstowwe en minerale: <i>Sand:</i> Growwe sand van graniet-oorsprong word rondom die Paardeberg ontgin, maar bronne is tot 'n groot mate reeds benut. Hierdie sand het die ideale partikelgrootte vir die betonbedryf wat die fyner kus sand nie het nie. <i>Klei:</i> Klei word gebruik vir die vervaardiging van bakstene en kan afkomstig wees van skalie-verwante gesteentes of graniet.	- Ondersteun die geleenthede vir ontginning van die volgende natuurlike hulpbronne in Wyk 7: - Klei vir bakstene. Tans kom twee fabriek in die omgewing van Kalbaskraal voor wat nou in onbruik is. - Bousand langs die Ou Kaapse weg.
Toekenning van grondgebruiksparameters:	Ondersteun grondgebruiksveranderingsaansoeke nodig vir die ontginning van alle natuurlike hulpbronne.
Ondersteun Volhoubare mynbou	Voorstelle
Rehabilitering:	- Vereis rehabilitasie programme wat goedgekeur is deur Departement Minerale en Energieasake. - Kontroleer rehabilitasie aktiwiteite om mynlisensiehouers verantwoordelik te hou. - Bevorder die rehabilitasie van die sandmyn gedurende en na funksionering van die myne.
Alternatiewe vervoer: Padvervoer word oorwegend gebruik in die Swartland Munisipale area	Ondersoek en gebruik alternatiewe, effektiewe vervoertipes en roetes, bv. die treinspoor vanaf Kaapstad oor Kalbaskraal na Vredenburg en Bitterfontein.
Volhoubaarheidsnorme: Balanseer die ekonomiese-, omgewings- en sosiale impakte	Bepaal volhoubaarheids- en omgewingsvriendelike norme vir Swartland bo en behalwe bestaande norme vir die Departement Minerale en Energiesake. Een so 'n norm sou wees die gebruik van spoorvervoer. 'n Ander norm sou wees om tot die ontwikkeling en opgradering van alternatiewe vervoer (spoor) tussen Malmesbury en Kalbaskraal en Malmesbury en Kaapstad by te dra. 'n Ander sou wees om die myn van sand te beperk tot areas wat nie botanies sensitief is nie of wat toekomstige Buffer Areas kan uitmaak nie.
Versagting van bestaande sand- en kleimyn impakte:	Vereis dat die natuur- en landbou omgewing en landskap gedurende die funksionering en rehabilitasie van die sandmyn beskerm word.



Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme	
Versterk Toerisme Bestemmings	Voorstelle
Agritoerisme:	• Versterk agritoerisme binne die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor (Swartland Slingerpad) langs die N7, met soortgelyke geleenthede wat die “Midland Meander” in die Kwazulu Natalse Middelande skep gegewe die ligging van die korridor tot die Kaapse Metropool. • Bevorder die Malmesbury Skou en Ploegdag. • Ondersteun die ontwikkeling van vakansie akkommodasie binne die Landelike Ontwikkelingskorridor • Verbind die prominente agritoerisme areas met bekende toerismoetes. • Ondersteun die ontwikkeling van stap- en fiestroetes en oornag akkommodasie in die golwende Swartlandlandskap. Derhalwe moet ontwikkeling sensitief plaasvind teen steil hellings en sensitiewe habitats moet nie ontwikkel word nie. • Ondersteun padstalle binne die gebied om plaaslike verwerkte landbou- en handwerkprodukte uit te stal en te bemark. • Fasiliteer die deelname van laer-inkomste huishoudings in toerisme bv. Die maak van en verkoop van handwerk- en landbouprodukte by padstalletjies of plaaslike winkels.
Erfenisbestemmings:	• Bewaar en bevorder die verskeie plekke van kulturele en historiese belang in Wyk 7 byvoorbeeld Joodse Sinagoge en begraafplaas.
Ontwikkel Toerismebestemmings	Voorstelle
Paardeberg, die Ou Kaapse Weg (Groene Rivier) en Kalbaskraal.	• Bevorder die Paardeberg as ‘n sport- en ontspanningsbestemming waar bergfiets, staproetes, voëlkyk en perdry beoefen word. • Ontwikkel die Groenrivierkorridor as ‘n ontspanningstoerismebestemming wat bergfiets, stap, draf en perdry bevorder. • Ontwikkel Kalsbaskraal as ‘n toerismebestemming wat kuns en kultuur bevorder.
Versterk Toerismoetes	Voorstelle
Die Weskusroete en veldblomroete	• Bevorder Wyk 7 as deel van die Swartland koring- en wynroete wat strek vanaf die Bergrivier in die noorde tot Paardeberg in die suide. • Bevorder die toerismegeleenthede wat die Swartland koring- en wynroete in die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor bied. • Bevorder diversifisering en toerisme in die Intensiewe Landelike

	Ontwikkelingskorridor. • Toerismoeroetes moet die bestaande gasvryheidsbedryf en toerisme-industrieë binne die gebied ondersteun. • Verbind en versterk die prominente agritoerisme areas met toerismoeroetes. • Erken en versterk die geleenthede wat die bestaande sportroetes in die Swartland vir die toerismebedryf bied.
Ontwikkel Toerismoeroetes	Voorstelle
	• Versterk eers bestaande aantreklikhede en ontwikkel dan 'n nuwe roete.
Groei Swartland as deel van die Weskusstreek se toerisme strategie	Voorstelle
Die veldblomroete	• Ontwikkel infrastruktuur wat toerisme kan bevorder soos die opgradering van paaie, veral die ondergeskikte paaie binne Wyk 7 en die opgradering van beligting van die sodanige paaie. R302 en R304 is so pas opgegradeer en verbind Durbanville en Stellenbosch met die Swartland. • Bevorder uniforme toerisme naamborde, duidelike informasiepunte wat die uniekheid van elke dorp en sy omliggende landelike omgewing beklemtoon.
Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling	
Versterk Streekspaaie	Voorstelle
Die Wyk het 'n goed ontwikkelde streekspadnetwerk wat die hoofsentras soos Malmesbury, Moorreesburg en Riebeek Vallei met die groter Weskusstreek verbind asook met die aangrensende munisipaliteite soos Drakenstein, Bergrivier, en die Kaapse Metropool. Die N7 is in 'n goeie toestand, maar te nou tussen die Kaapse Metropool en Malmesbury. Die R45 en R46 verbind Malmesbury en Wyk 7 met aangrensende Wyke en munisipaliteite soos Drakenstein (Paarl, Wellington) en Witzenberg (Ceres, Gouda, Tulbagh).	• Ondersteun die opgradering van die N7 tussen die Kaapse Metropool en Malmesbury as dubbelbaanpad om meer ekonomiese geleenthede in die hele Swartland te bied veral binne die Landelike Ontwikkelingskorridor. • Sien toe dat advertensies langs die N7 nie afbreek doen aan die landboulandskap nie. • Verfraaiing van areas langs die N7 veral naby stedelike gebiede. • Beveilig oorgange oor die N7 veral by kruisings en in stedelike gebiede. • Ontwikkel die R45 as deel van die Swartland Slingepad.



Versterk toegange en ekonomiese skakels	Voorstelle
Die R304 verbind Malmesbury en die Durbanville area en gee toegang na Stellenbosch wat verder suidoos geleë is.	• Volgehoue onderhoud en opgradering van die plaaslike padnetwerk verseker goeie skakeling met omliggende gebiede. • Die ou Malmesbury-Kalbaskraal pad bied geleentheid as toerismoeroute en moet ontwikkel word as deel van die Swartland Slingerpad.
Versterk Spoorweglyne en dienste	Voorstelle
Belville-Malmesbury-Bitterfontein en Kalbaskraal-Darling spoorlyn.	• Gradeer die Spoorlyn op om die landbou-, toerisme- en passiersvervoerbedryf te versterk. Spoorlyn bied verskeie geleenthede as publieke vervoermiddel in die Wyk asook na groter sentras soos Malmesbury, Piketberg in die noorde asook na die Kaapse Metropool in die suide. • Verhoog die passasierfasiliteite op Metrorail tussen Kaapstad en Malmesbury om verhoogde publieke mobiliteit te verseker na die Metropool. • Verhoog passasierfasiliteite tussen Malmesbury, Kalbaskraal en Darling om mobiliteite en toerisme te verbeter. • Ondersteun die opgradering van die bestaande stasie in Kalbaskraal.

4.22.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing

Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling aan die hand van biostreekbeplanningsinisiatiewe	
Bepaal Kern Areas	Voorstelle
Die Paardeberg suidoos van Malmesbury.	• Die Paardeberg, wat aansluit by die Porselein- en Kasteelberg verder noord, moet as Kern 1&2 Area geklassifiseer word. Die gedeeltes van die Paardeberg wat reeds tot Natuurreseervaat verklaar is, moet versterk en uitgebrei word. • Bepaal 'n ontwikkelingslyn op die hange van die bergareas en -koppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm. • Bepaal 'n 30m ontwikkelingsterugsetlyn langs die Dieprivier en waar nodig verbreed die ontwikkelingsterugsetlyn. • Enige Renosterveld moet as Kern 1&2 Area bepaal word. • Verskeie geïdentifiseerde kritiese bedreigde habitats kom in die

	Wyk voor en behoort geklassifiseer te word as Kern Areas. • Maak staat op die verantwoordelikheid van Wyk 1 se gemeenskappe om hul omgewing te bewaar en te verhoog en 'n gesonde ekosisteem te bevorder. • Bevorder alternatiewe gebruike op kritiese bewaringsgebiede wat volgehoue bewaring van die natuurlike gebiede ondersteun. • Bevorder die nie-afhanklikheid van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike, wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder maar ook alternatiewe inkomste geleenthede vir die boere bied soos geleenthede vir ontspanningsverblyf en -oorde.
Bepaal Buffer Areas	Voorstelle
	• Identifiseer en bevorder 'n bewaringswaardige area en klimaatveranderingskorridor van ten minste 300 hektaar wat die Kasteel-, Porselein- en Paardeberg insluit, sodat spesies in die Kaapse Blommestreek lewensvatbare populasies kan behou en vestig. • Beskerm die omgewingsensitiewe areas langs die Dieprivier en verbreed die 30m ontwikkelingsterugsetlyn as 'n bewaringsarea langs die rivier waar nodig. • Stig 'n Bewarea/ biodiversiteitskorridor wat vanaf die suidelike punt van die Porseleinberg en die Kasteelberg tot by die Paardeberg strek. • Moedig inisiatiewe soos die Paardeberg Volhoubaarheidsinisiatief (PSI) aan en ondersteun dit. Verbeter die samewerking tussen landbou en natuurbewaring. • Hervestig die Kasteelberg Bewarea om verantwoordelike rentmeesterskap te bevorder, geleenthede te skep vir verbeterde grondbestuur asook plaaslike kommunikasie te bevorder. • Sluit Kaapse Natuurbewaring, wat die Waterval (Kasteelberg) Natuurreservaat bedryf en besit, in as 'n lid van die Bewarea.
Bepaal Intensiewe Landbou Areas	Voorstelle
	• Intensiewe landbougebiede sluit wingerd en melkerye, wat reg oor Wyk 7 versprei is, en intensiewe groente produksie eenhede, wat oos en wes van die N7 geleë is, in. Droë landproduksie verteenwoordig die res van die landbouproduksie in die Wyk..
Bepaal ligging en omvang van Menslike Nedersetting	Voorstelle
	• Alhoewel Malmesbury in 'n ander stedelike wyk geleë is, is dit

	die plaaslike hoofdorp wat Wyk 7 ondersteun met die kleiner landelike nedersettings van Kalbaskraal in die suid weste, wat direk oos van die N7 voorkom. - Die N7 Landelike Ontwikkelingskorridor vorm ook deel van die Wyk waar hoër digtheid ontwikkeling en menslike nedersetting binne die landelike omgewing ondersteun word weens die ligging van die gebied ten opsigte van die N7, die afstand vanaf die Kaapse Metropool en moontlike landbou industrieë. Hier bestaan ook dan spesifiek in die korridor geleenthede vir kleinboere vestiging. - Die nedersettingspatrone om die Paardeberg en in die Landelike Ontwikkelingskorridor behoort deur 'n ontwerp- en ontwikkelingskode ingelig te word.
Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap	
Beskerm die kulturele landskap	Voorstelle
Feeste en vierings	- Bevorder die Musiek op die Lande (MOL) Fees - Bevorder die Malmesbury Landbouskoudag
Beskerm die erfenis landskap	Voorstelle
Die volgende erfenis landskappe word erken: 1. Die Ongerepte natuurlikelandskap 2. Tradisionele jag- en weidinggebiede 3. Landskap van Koloniale-Inheemsehandel en -kontak 4. Landskap van geskiedkundigeroetes 5. Die Landbou Verbouingslandskap 6. Die Slawernylandskap 7. Die Geloofslandskap 8. Die Waterlandskap 9. Die landskap van verplasing en skeiding (apartheid) 10. Die Besienswaardige landskap	- Stig klimaatsveranderingkorridors en Bewarea wat die Riebeek-, Porselein- en Paardebergkorridor en die Darlingheuwelskorridor insluit. - Skakel veeroetes om in bergfiets- of ontspanningsroetes. - Ontwikkel 'n toerismetreinroete wat Kalbaskraal en Koringberg bevorder wat as spoorwegstasies ontstaan het, insluitend Malmesbury wat as 'n spoorwegstasie strategies langs die meule en graansilo's geplaas was. - Ontwikkel 'n slawebevryding- en sendingstasieroete wat Abbotsdale (Anglikaans), Mamre (Morawies) insluit. - Bevorder 'n sakramente roete wat Malmesbury, waar die kerk die sentrale kern van die dorp uitmaak asook rye 'tuishuise' of 'nagmaalhuisies' wat kleinskaalse residensiële areas naby die kerk gevorm het, insluit. Malmesbury c1743, die oudste kerkdorp, gevolg deur Abbotsdale c1856, heelwat later en Kalbaskraal 1898. - Bevorder 'n fonteineroete in die Swartland en spesifiek in die Swartlandse dorpe. - Bevorder ruimtelike integrasie in alle Swartland dorpe.

11. Die Geskiedkundige dorpslandskap.	
Klassifisering van erfenis bronne en die toepassing van erfeniswetgewing.	- Brei die Erfenisondersoek, geskoei op <i>Sisteen vir die Gradering van Belang (A4)</i>, van die stedelike area binne die Swartland Munisipaliteit, uit tot die Wyke. - Neem met elke aansoek binne die landelike omgewing die ouderdom van geboue en hul verhouding met die landskap en die historiese agtergrond van die Swartland in ag. - Argeologiese studies behoort op 'n Swartland Erfenis databasis saamgevat te word om te help met toekomstige aansoeke en oorwegings van aansoeke in omliggende areas.
Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap	
Koring en kanolalande, golwende heuwels en die trein na Kaapstad.	- Die versterking van die vervoerkorridor (N7 en R302 & 304) moet die landboulandskap ondersteun. - Enige infrastruktuur of fasiliteite moet saamsmelt met die omgewing (nie kontrasterend wees met die omgewing nie) en die gevoel van 'n ongerepte landboulandskap voort dra. - Bevorder alternatiewe gebruike op kritiese bewaringsgebiede wat volgehoue bewaring van die natuurlike gebiede ondersteun. - Bevorder die onafhanklikheid van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder, maar ook alternatiewe inkomste geleenthede vir die boere bied soos geleenthede vir ontspanningsverblyf en oorde.
Die Swartland val binne 'n winterreënvalstreek met 80% reën wat vanaf April tot September val. Die binneland het gemiddelde reënval in Malmesbury omgewing van 400mm per jaar.	Bewaar en bevorder die landboulandskap deur die geskikte gewasse te verbou: wintergewasse onder droëlandtoestande en somergewasse kan alleenlik verbou word waar besproeiingswater beskikbaar is.
Golwende topografie maak lande kwesbaar vir watererosie.	Bekamp watererosie deur bewaringbewerkingsmetodes, die aanplant van meerjarige peulgewasse en die oprigting en van oop dreineringsvore (Gebied 17).

4.22.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing

Strategie 9: Verseker voedselsekureit	
Die Wyk se grond bestaan uit lae potensiaal grond en spesifieke gronde om Wyndruiwe te plant. Die plase se gemiddelde grootte is $\pm 680\text{ha}$ in Gebied 17 en $\pm 445\text{ha}$ in Gebied 18. Wyndruiwe saam met graan en vee word bevorder asook groente. Ander wintergraan gewasses word in die volgende gebiede verbou: Hawer (Gebied 17 & 18), Voererte & groenerte, Triticale, Medics en Droëland lusern (Gebied 17) en dessertperskes & lupiene (Gebied 18).	• Ontwikkel 'n strategie dat die 10% plase in Gebied 17 wat kleiner is as 300ha diversifiseer en nie graan afhanklik is nie of saam met groter graanplase geboer word. • Implementeer 'n strategie om te verseker dat plaaslik geproduseerde landbouprodukte (op groot- of kleinskaal) verkeer geniet in aankope en verkope. • Bevorder die oprigting van kontoerwalle, onderhoud van kontoerwalle en afleibane en biologiese beheer in Gebied 17 & 18. • Moet nie lande met sandgrond in die somer kaal laat ni, maar bedek dit met voergewasse. (Gebied 16 & 17) • Bevorder, op dupeksgronde, oopvoordreiner in Gebied 17. • Bevorder die nie-afhanklikheid van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike, wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder maar ook alternatiewe inkomste geleenthede vir die boere bied soos geleenthede vir toerisme akkommodasie.
Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede	
Waterbronne binne die Swartland gebied: • Diepriver vloei deur Malmesbury suidwaarts en mond uit by Milnerton in die Kaapse Metropool. • Die ondergrondse akwafur in die Groenrivieromgewing. • Die Diepriver se oorsprong is die Kasteelberg en die opvangsgebied, waarvan meer as 90% van die area verbou is, is die Paardeberg wat suidwaarts tot by die Atlantiese Oseaan strek. Die Paardeberg is bedek met Boland Granietyfynbos. Vele seldsame en bedreigde spesies kom voor in die area, wat moeilik oorleef as gevolg van tuisteverliese.	• Hou waterbronne skoon van indringerplante en verminder die risiko van vloed langs die riviere. • Vestig 'n bewegingsnetwerk langs die Diepriver deur Malmesbury tot by Kalbaskraal en tot so ver as Philadelphia. • Bestuur en bewaar die opvangsgebied. • Beskerm omgewings sensitiewe areas langs die riviere. • Bied besproeiingsgeleenthede. • Lei die uitloop van die watersuiweringswerke in die Diepriver weg en hergebruik vir besproeiingsdoeleindes.
Die Stormwaterstelsel is ontoereikend in Wesbank, middedorp Malmesbury en gruispaddorpe soos Abbotsdale en Kalbaskraal.	• Bestuur stormwater sodat die water herwin kan word vir gemeenskapstuine.
Strategie 11: Voorsien behuisng	
Om plaaswerkerbehuising te voorsien in Abbotsdale.	• Om 296 huise in Abbotsdale te voorsien in Fase I waarvan 25% geoormerk is vir plaaswerkers.
Om plaaswerkerbehuising te voorsien in Saamstaan en Ilinge Lethu.	• Om 1553 huise in Saamstaan en Ilinge Lethu te voorsien in Fase I waarvan 25% geoormerk is vir plaaswerkers.

Om plaaswerkerbehuising te voorsien in Kalbaskraal.	Om 189 huise in Kalbaskraal te voorsien in Fase I waarvan 25% geoormerk is vir plaaswerkers gevolg deur 83 huise in Fase II.
Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede	
Identifiseer Grondhervormingsgeleenthede	Voorstelle
Geleenthede bestaan in die gebied, veral in die N7 Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor, asook ander streke waar daar bestaande bronne van grondwater beskikbaar is vir besproeiing om intensiewe boerderygeleenthede te bevorder. Beskikbare grond in Wyk 7 is hoofsaaklik in privaat besit.	- Voldoende grondwater vir besproeiing vir die verbouing van wyn, groente en voer kom in Wyk 7 en spesifiek in die N7 Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor en oos van die R302 voor. - Moontlikheid vir aqua-kultuur produksie in damme langs die N7 korridor. - Moontlikheid om van die plaasdamme binne besproeiing areas vir aqua-kultuur boerdery te gebruik.
Opgradering van nedersetting, dienste en sosiale investering.	Voorsien gesubsidieerde behuising in Wyk 7 in hoof sentras soos Malmesbury.
Landbouprosessering.	Hoofsaaklik in Malmesbury en langs die N7 Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor.
Grondhervorming in ekstensiewe droëland boerderygebiede.	- Plase in Wyk 7 bestaan uit groot (600ha - 800ha) en kleiner kadastrale eenhede naby die markgebiede met hoë grondwaardes. Die ligging van die gebied en die nabyheid van die mark moet ontgin word. - Grondhervormings projekte moet met die nodige omsigtigheid hanteer word ten einde volhoubare projekte te verseker.
Grondhervorming in kleinskaalse verbouing van produkte en in klein of medium intensiewe besproeiing boerderygebiede.	Geleenthede bestaan in die gebied, veral in die N7 Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor, asook ander streke waar daar bestaande bronne van grondwater beskikbaar is vir besproeiing om intensiewe boerderygeleenthede te bevorder.
Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	
Voorsien en onderhou volhoubare landbou infrastruktuur en dienste	Voorstelle
Reservoirs, rioolsuiweringwerke, transformators en stortingsterreine.	Die prioriteite vir die voorsiening van dienste in die landelike areas behoort as volg te wees: - Voorsien voldoende straatbeligting in Kalbaskraal. - Ondersteun die voorsiening van elektrisiteit aan huishoudings in die landelike gemeenskap in Wyk 7 en veral die korridor geoormerk vir Intensiewe Landelike Ontwikkeling. - Opgradering van rioolsuiweringwerke in Kalbaskraal. - Moedig vullisverwydering na punte in die naaste dorp aan, veral op digbevolkte plase. Brei die voorsiening van afvaloorlaastiasies uit na punte langs hoofpaaie vir die wegdoen van afvalverbranding en storting op plase, veral op digbevolkte plase.


Voorsien en onderhou veeldoelige gemeenskapsdienste	Voorstelle
Bestaande begraafplaas het 'n tekort aan grafte en is op private grond.	• Ondersteun die skep van 'n nuwe begraafplaas in Kalbaskraal.
Verdere Onderrig en Opleiding	• Bevorder Weskus Kollege kampus hoofkantoor op Malmesbury.
Malmesbury Volwassene Onderrig en Opleiding Sentrum (MAVOS) met dienspunte in Kalbaskraal, Abbotsdale, Ilingu Lethu en Schoonspruit.	• Bevorder familie geletterdheid deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak. • Maak verdere onderrig en opleiding toeganklik deur publieke vervoer te versterk of lok beskikbaar te maak om deelydse klasse aan te bied. • Bevorder die ontwikkeling van sosiale en ekonomiese aktiwiteite in die nedersettings om ook die landelike gemeenskap te ondersteun. • Bevorder opgradering en hernuwing van sosiale infrastruktuur en dienste.
Voorsien en onderhou openbare publieke vervoerinfrastruktuur en vervoermodaliteite	Voorstelle
Slegs private vervoer is beskikbaar.	• Bepaal die lewensvatbaarheid van verhoogde publieke padvervoer geleenthede op die N7 om die skakeling tussen Malmesbury en die Kaapse Metropool te verbeter om die landelike en stedelike gemeenskappe binne die gebiede beter toegang tot ekonomiese geleenthede te bied. • Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke spoorvervoer op die Kalbaskraal-Darling spoorlyn asook die Bellville -Malmesbury-en Bellville-Kalbaskraal spoorlyn. Die bestaande spoorlyne bied nie net geleenthede vir publieke vervoer nie maar ook geleenthede vir verdere uitbreiding, sou die Intensiewe Landelike Ontwikkelingskorridor langs die N7 tussen Kaapstad en Malmesbury realiseer asook die voorgestelde vraglughawe buite Kalbaskraal en industriële geleenthede by kruisings met die N7 .
Ondersteunende Infrastruktuur	• Bevorder padstal en diensstasie buite Malmesbury op M302. • Bevorder padstal buite Malmesbury op R46 (naby Swartland Wynkelder).

Wyke 8, 9, 10, 11 en 12: Malmesbury, Abbotsdale & Riebeeck Kasteel en Landelike Area

Oorsig van Area

Ligging

Wyke 8, 9, 10, 11 en 12 maak hoofsaaklik die suidoostelike gedeelte van die munisipale regsgebied van die Swartland Munisipaliteit uit met die stedelike areas van Malmesbury en Riebeeck Kasteel ingesluit. Wyke 8, 9, 10, en 11 bestaan net uit die stedelike areas van Malmesbury. Alhoewel Abbotsdale in Wyk 7 geleë is word Malmesbury en Abbotsdale vir die doel van die Swartland ROR hanteer as 'n geïntegreerde stedelike area en een stedelike struktuur. Malmesbury/Abbotsdale is dan ook die hoofdorp van die Swartland en dien as die dienssentra van die groter omliggende Swartland gebied. Die omliggende landelike areas in die gebied bestaan uit ekstensiewe graan- en intensiewe gewas verbouing byvoorbeeld groente boerdery, melkerye en hoenderboerderye.



Demografie

Die geproekteerde bevolking groei vir die dorpe in die wyke sien as volg daar uit.

DORPE in WYK 8, 9, 10, 11 en 12	GROEI %	2007	2012	2017	2022	2027
Abbotsdale	3%	4240	4915	5698	6606	7658
Malmesbury	4.5%	41088	51203	63808	79517	99093
Riebeeck Kasteel	3%	4928	5516	6120	6790	7534

Tabel 26: Geproekteerde bevolkingsgroei vir dorpe in Wyke 8, 9, 10, 11 en 12

Oorsig van Stedelike Gebiede

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Beplanning Kategorie	ROR Klassifisering
Malmesbury/Abbotsdale	Streekdienssentrum	Broodmandjie van die Wes-Kaap	Grootskaalse Infrastruktuur	Db. Hoof plaaslike dorp	Hoofdorp
Riebeeck Kasteel	Agritoerisme	Kulturele erfenis en mooi omgewing	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Toerisme dorp/landbou

Tabel 27: Ruimtelike klassifikasie van stedelike gebiede in Wyke 8, 9, 10, 11 en 12

alternatiewe roete tussen Malmesbury en Kalbaskraal oos van die Dieprivier met die roete wat deel vorm van die ou pad na Kaapstad en as toerisme roete na Philadelphia dien.

Malmesbury is geleë waar vier hoofvervoerroetes bymekaar kom, naamlik die N7 wat Kaapstad met die noorde en noord weste (Noordkaap en Namibië) verbind, die Hoofpad 25/1 wat Ceres en die Paarl met die N7 verbind, die R302 (Hoofpad 174) wat Stellenbosch en Durbanville met Malmesbury verbind en die Hoofpad 21/1 wat Durbanville en Stellenbosch met die Weskus verbind. Malmesbury se ligging ten opsigte van toegang- en verbindingsroetes en sy nabyheid aan ander gebiede en dorpe soos Riebeeck Vallei, Darling, Yzerfontein, Moorreesburg, Vredenburg, Langebaan en Piketberg bied die ideale ligging as 'n streekdienssentrum.

Ekonomiese basis

Malmesbury word gesien as die “leierdorp” van die Swartland met 'n stedelike streeksentrum rol binne die streek sowel as die provinsie. Die administratiewe, institusionele, vervaardiging en kommersiele dienste wat die dorp bied, sowel as die dorp se markpotensiaal as gevolg van sy ligging aangrensend tot die Kaapse Metropool area het die rol aan die dorp besorg.

Ekonomiese geleenthede in Abbotsdale is baie beperk., gegewe Abbotsdale se ligging tot Malmesbury. Malmesbury en Abbotsdale sal as een entiteit ontwikkel word in die toekoms. Derhalwe moet moontlikhede ondersoek word wat die vereniging van Abbotsdale en Malmesbury kan ondersteun en bydra dat Abbotsdale sy karakter behou. Toerisme en ekotoerisme, bewaring en werkskepping met behulp van plaaslike hulpbronne (bv marktuine of gemeenskaplike tuine) is voorbeelde van die sulke moontlikhede. Terwyl Abbotsdale sy landelike woongebied karakter behou, sal ekonomiese en sosiale nodusse geskep moet word om die gemeenskap te bedien. Ontwikkeling word ook voorgestel in die areas tussen die twee dorpe.

Malmesbury se ligging ten opsigte van

- Die Kaapse Metropool tesame met die rustige landelike omgewing lei tot 'n toenemende vraag na behuising. 'n Toenemende aantal inwoners pendel op 'n daaglikse basis na Kaapstad.
- Die N7, 'n provinsiale ontwikkelingsas wat ook as die Kaap Namibië roete bekend staan, en tot R27 Weskus ontwikkelingsas, versterk die groeipotensiaal van Malmesbury binne die Swartland streek en die Wes Kaap.

Ontwikkelingspotensiaal

Volgens die Swartland GOP beskik Malmesbury oor 'n goeie gebalanseerde en positiewe ontwikkelingsprofiel vir volhoubare stedelike groei.

Weens die volgende redes beskik Malmesbury oor 'n hoë ontwikkelings potensiaal as dorp en binne die streek:

- Malmesbury toon die hoogste bevolkingsgroei in die Swartland, met veral groei in die ouderdomsgroep tussen vyf en twintig (25) en nege en twintig (29), wat moontlik dui op immigrasie van jongmense wat na hul ouerhuise terugkeer op soek na werk.
- As ontwikkelingsfokuspunt van die Swartland is Malmesbury bevoorreg om die tuiste te word van heelwat huishoudings in die hoër inkomste wat die dorp as alternatiewe tuiste tot die Kaapse metropool beskou.
- Die verdubbeling van die N7 tussen Atlantis en Malmesbury versterk Malmesbury se funksie as alternatiewe tuiste.


- Malmesbury se rol as streeksentrum en administratiewe setel sowel as industriële nodus van die Swartland stimuleer groei.
- As gevolg van sy gediversifiseerde ekonomiese basis,
- As gevolg van sy toeganklikheid vanaf die N7 en spoorlyne en ondersteunende infrastruktuur dra by tot die hoë groei potensiaal van die dorp in in die konteks van die streek. Die bestaande padnetwerk bepaal baie van voorgestelde uitbreidings wat aanliggende tot hoofroetes beplan word.

Die bestaande stedelike randgebied van Malmesbury voorsien geleenthede vir groei. Die integrasie van Malmesbury met Abbotsdale is een geleentheid, terwyl ander geleenthede (areas) geskep is deur hul ligging en toeganklikheid.

4.23.3 Ruimtelike Elemente

Waterweë

Die Plattekliprivier ontspring vanuit die heuwels net noord van Malmesbury, en vloei oor 'n kort afstand voordat dit by die Dieprivier in Malmesbury aansluit. Groot gedeeltes van die bolume van die rivier is verander as gevolg van die aanplant van wingerde. Die Mount Royal Golf Landgoed strek oor die middellope, terwyl die benede Plattekliprivierlope by die N7 gekanaliseer word en deur die industriële area van Malmesbury loop. Baie van die natuurlike plantegroei, Swartland Skalie Renosterveld, is al verloor. Die grootste gedeelte van die rivier is omring deur 'n wye groen strook wat nog in 'n relatiewe goeie kondisie is behalwe die benede loop wat ietwat gedegradeer is. Die Rivier vloei deur 'n vallei met relatiewe styl walle wat verhoed het dat ontwikkelingsaktiwiteite tot teenaan die rivierrand versprei behalwe binne die dorpsgrens waar inheemse oewerplantegroei verwyder is en slegs uitheemse grasse, biesies (*Typha capensis*) en party inheemse uittjies en riete bestaan nog voorkom.



Die Dieprivier ontspring in die Kasteel Berge oos van Malmesbury en vloei vir ongeveer 65 km in 'n suidwestelike rigting voordat dit by die Atlantiese oseaan uitmond naby Milnerton. Die opvanggebied het 'n relatiewe lae gradiënt wat al grotendeels deur landbou aktiwiteite en gedeeltelik deur stedelike ontwikkeling verander is. Die geologie van die opvanggebied is oorwegend Malmesbury Skalie Renosterveld. Malmesbury is die enigste groot dorp en is geleë langs die bo- en middellope van die rivier. Die rivierloop is aansienlik verander deur die ontwikkeling van Malmesbury dorp en bestaan grotendeels uit 'n kanaal waarin stormwater invloei en rommel onwettig gestort word.

Uitheemse bome soos rivierbloekom (*Eucalyptus camaldulensis*) en Port Jackson (*Acacia saligna*) kom in groot getalle op die rivierbank voor. Die rivierkanaal is in sommige plekke oorgroei deur fluitjiesriet (*Phragmites australis*). Stroomaf van die dorp is die rivier verander deur landbou- en stedelike aktiwiteite en indringerplantegroei teenwoordig is omdat natuurlike plantegroei verwyder is.

Die Dieprivier kan gerehabiliteer word sou waterskeidingbestuur, rivier rehabilitasie en instandhouding toegepas word. 'n Omgewingsgoedkeuring is in plek en 'n omgewingsbestuursplan is opgestel om die Diep- en Platteklipriviere te bestuur. Die gebied rondom die Dieprivierstelsel word voorgestel as 'n uitgebreide lineêre publieke oop ruimte stelsel wat gebruik kan word vir publieke ontspanningsaktiwiteite.

Die Platteklip- en Diepriviere dien as ekologiese stroke om die Klipkoppie, Driehoek en Mount Royal Golf Landgoed oopruimtes met mekaar te verbind. Voorstelle om hierdie hoë potensiaal bewaringsgebiede bestaande uit die Klipkoppie, Driehoek Area, Mount Royal Golf Landgoed, Diep- en Plattekliprivier op 'n omgewingsvriendelike manier te gebruik sluit in, die skepping van:

- stap-, draf en fietsry roetes;
- publieke speelparke en ontspanning fasiliteite bv. sitplekke en tafels langs die rivieroewers; en
- 'n konferensiesaal op die Klipkoppie wat uitverhuur kan word vir funksies of gemeenskapbyeenkomste.

Malmesbury beskik oor 'n warmwaterbron in privaat besit wat as toeriste aanloklikheid ontwikkel kan word en ondersteunend tot die bewaringsgebiede bedryf kan word. Verskeie bewarenswaardige areas kom in die stedelike area voor wat met die oopruimte netwerk wat die Klipkoppie en driehoekspad verbind gekoppel kan word.

Plantegroei

Die mees getransformeerde en degradeerde Fynbos areas kom in die wyke 8, 9, 10 en 11 voor en derhalwe word al die plantegroei tipes in die streek beskou as Krities Bedreigde. Krities Bedreigde beteken dat daar so min van hierdie plantegroei tipes se oorspronklike verspreiding bestaan dat die nasionale bewaringsdoelwit (gewoonlik tussen 20-30% van die oorspronklike verspreiding) nie bereik kan word nie. Vir hierdie plantegroei tipes is alle oorblywende areas van natuurlike plantegroei in 'n goeie toestand dus 'n nasionale bewaring prioriteit. Die hoof areas wat vir bewaring geoormerk is in Malmesbury is die Driehoek area, die Klipkoppie, die natuurlike areas wat as oopruimtes gesoneer is in die Mount Royal Golf Landgoed en die Diep- en Platteklipriviere.

4.23.4 Stedelike Struktuur

(i) Dorpsuitleg

Malmesbury het om sy historiese kern, wat aanliggend aan die Dieprivier geleë is, ontwikkel. Residensiële areas omring die historiese kern en word gekenmerk deur lae digtheid ruitpatrone, veral in die ouer gedeeltes om die Hoërskool, die Hospitaal en Laerskool. Wes van die N7 het Wesbank ontwikkel gekenmerk deur medium en hoë digtheid residensiële ontwikkeling terwyl llinge Lethu heelwat later suidwes van Malmesbury ontwikkel het. Terwyl die sakekern aan die suidpunt en langs Voortrekkerstraat uitgebrei het, het industriële ontwikkeling langs Bokomoweg plaasgevind. Terwyl die ouer dele van die dorp en die sakekern redelik kompak is, is nuwer uitbreidings soos Tafelsig minder kompak ontwikkel en derhalwe bestaan daar beperkte geleenthede vir invul ontwikkeling.

Abbotsdale het op die walle van die Dieprivier ontwikkel, wat dan ook die dorp se liniêre ontwikkelingspatroon bepaal het. Die bestaande ruim landelike karakter moet behoue bly desnieteenstaande die verhoogde koste in dienste. Daar moet gepoog word om dienste en grondgebruik te optimalisering. 'n Hoë digtheid gesubsidieerde ontwikkeling is kom in die mees suidwestelike hoek van die dorp voor. Oor die jare heen het 'n aantal erwe wes van die N7 gevestig in 'n area bekend as Abbotsdale-wes. Die toegang van Abbotsdale-wes op die N7 voldoen nie aan vereiste standaarde en sigafstande nie en moet aandag geniet.

(ii) Digtheid

Die bestaande bewoningsdigtheid in Malmesbury en Abbotsdale is 10.8 en 6.8 eenhede per hektaar onderskeidelik. Verdigting word aangemoedig, met die volgende wat in gedagte gehou moet word: meeste eiendomme is in privaat besit en eienaars moet toestem om te verdig, bestaande sonering, karakter van die onmiddellike omliggende omgewing, die unieke sin van plek en historiese konteks van sekere gebiede soos Malmesbury se middedorp.

Nuwe ontwikkelingsareas moet integrasie van verskeie residensiële digtheid bevorder sodat 'n gemiddelde digtheid 16 en meer eenhede per hektaar in Malmesbury gehandhaaf kan word terwyl Malmesbury se digtheidsnorm 18 eenhede per hektaar is wat binne die volgende 20 jaar bereik moet word.



Verdigting word veral in die volgende areas aangemoedig:

- Die sentrale sakekern en onmiddellike omgewing
- Langs die aktiwiteitskorridors,
- Waar die ligging van woonhuise op individuele erwe dit toelaat.

Die verdigtingsnorm vir Abbotsdale met sy landelike karakter wat beïnvloed word deur die ligging van die Dieprivier, is 8.5 eenhede per hektaar. Verdigting binne Abbotsdale kan deur onderverdeling van groot residensiële erwe gedoen word met die nodige sensitiviteit teenoor die omliggende omgewing.

(iii) Beboede vorm

Die karakter van Malmesbury wissel vanaf die kompakte historiese nedersetting met die N. G. Moederkerk as fokuspunt en verskeie bewarenswaardige geboue tot ontwikkelingsareas wat ruim ontwikkel is waar die dorp in die landelike gebied oorgaan. 'n Erfenis studie deur Graham

Jacobs identifiseer alle geboue en gebiede wat van historiese waarde is en bewaar moet word. Verdigting en invul ontwikkeling naby die geïdentifiseerde geboue moet sensitief hanteer word ten einde die impak te beperk.

(iv) **Funksionaliteit**

Die gemengde gebruike wat binne die sentrale sakekern voorkom, is goed gebalanseer terwyl die omliggende woongebiede hoofsaaklik 'n residensiële rol vervul met baie beperkte ander ondersteunende gebruike. Die woonbuurte in die oostelike kant van die dorp bevat baie beperkte kommersiële gebruike met hoofsaaklik sosiale gebruike wat binne die woongebiede voorkom soos die hospitaal, skool, crèches en gastehuse. Die woongebiede in die weste (Wesbank en linge Lethu) bevat klein sentrale kommersiële nodusse, met meer diverse gemengde gebruike wat in die woongebiede voorkom soos huiswinkels ens. Die beperkte kommersiële geleenthede in die westelike woongebiede van Malmesbury verhoog die gebruik van die sentrale sakekern. Die sentrale sakekern en westelike woongebied word deur Darlingweg verbind wat verskeie ontwikkelingsmoontlikhede bied 'n sterk ontwikkelingskorridor. Abbotsdale beskik oor beperkte dienste en inwoners moet Malmesbury se middedorp gebruik om besigheid te bedryf. Beperkte sosiale fasiliteite, soos die laerskool en 'n paar kommersiële gebruike, kom in Abbotsdale voor.

(v) **Groei Potensiaal**

Gegewe die ligging van Malmesbury ten opsigte van die Kaapse Metropool en sy funksie as streeksentrum binne die Swartland en groter streek fokus ontwikkeling in die Swartland op Malmesbury. Met 'n 4.5% groeikoers soos bepaal deur die Malmesbury Groeimodel, wat opgestel is te einde vir toekomstige investering van grootmaat dienste te beplan, was die volgende areas ingesluit in die bepaling van die stedelike rand:

Addisionele Grond benodig vir uitbreiding in Malmesbury/Abbotsdale: 2011-2022			
<i>Jaar</i>	<i>Abbotsdale (ha)</i>	<i>Malmesbury (ha)</i>	<i>Gesamentlike areas (ha)</i>
2012	16.1	186	202.1
2017	33.9	337	370.9
2022	53.6	386	439.6
2027	75.3	437	512.3
TOTAAL	178.9	1346	1524.9

Tabel 28: Addisionele Grond benodig vir Abbotsdale en Malmesbury

As leierdorp in die Swartland fokus investering in infrastruktuur en die integrasie van Abbotsdale en Malmesbury as een geïntegreerde stedelike gebied. Die stedelike gebied van Malmesbury is redelik ontwikkel en kompakt met enkele vakante erwe wat in Tafelsig uitbreiding voorkom. Daar bestaan veral drie rigtings van uitbreiding in Malmesbury naamlik in die omgewing om die Durbanville pad op die gebied bekend as Rosenberg, op die noordelike periferie op die gebied bekend as Klipfontein en aanliggend aan Wesbank, op die gebied bekend as De Hoop. Die gebied tussen Abbotsdale en Malmesbury noord van die N7 word vir residensiële sowel as industriële ontwikkeling geoormerk.

4.23.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroetes** kom in Malmesbury voor:

- Die **Hooftoegangsroetes en verbindingsroetes** – daar bestaan veral vyf hooftoegangsroetes na Malmesbury en Abbotsdale wat belangrike verbindingsweë met omliggende dorpe vorm;
 - i) **N7** – belangrike ontwikkelings- en verbindingroete; verbind die Kaapse Metropool en die streek na die noorde sover as Namibië.

- ii) **Hoofpad 224** na Darling wat ook verbinding met Yzerfontein en die R27 (Weskuspad) bied,
 - iii) **Afdelingspad 24/1** na Paarl en die Riebeeck Vallei,
 - iv) **Hoofpad 174** na Stellenbosch en Durbanville.
 - v) **Hoofpad 21/1** na Hopefield en die Langebaan, Saldanha en Vredenburg areas aan die Weskus.
- Die belangrikste **aktiwiteitsasse** in die dorp wat aansluit by verbindingsroete is **Bokomoweg** wat aansluit by **Darlingweg, Voortrekkerstraat en Piet Retiefstraat** (na Paarl),
 - Interne **aktiwiteitstrate/korridors** in die sentrale gedeelte van Malmesbury sluit in **Langstraat, Vredestraat, Lowry Colesstraat, P.G. Nel Straat en Du Toitstraat**. In Wesbank maak **Darlingweg, Palboomstraat, Alfastraat, Jasmynstraat en Jakarandastraat** die aktiwiteitstrate uit. In Ilinge Lethu bied **Alfastraat, Jakarandastraat** en **Holomisastraat** die interne aktiwiteitstrate. Aktiwiteitstrate wat in Abbotsdale geïdentifiseer is, is **Darlingweg, Kerkstraat, Langstraat en Skoolstraat**.
 - **Aktiwiteitskorridor** wat nodusse binne die dorp verbind sluit in **Voortrekkerstraat, Bokomoweg en Darlingweg**.
 - Die **N7** en die **Spoorweglyn** vorm die hoof infrastruktuurasse in die dorp.

Die volgende **Primêre Verkeersroetes** kom in Abbotsdale voor:

- Die **hoofingangsroete** na Abbotsdale vanaf die **N7** is **Darlingweg**, met die ingang wat opgradeer is vir veiliger toegang.
- **Darlingweg** is die **hoofaktiwiteitsas** wat deur die dorp loop en die westelike en oostelike gedeeltes van die dorp met mekaar verbind en aansluit by die ou Kaapse weg wat Malmesbury en Kalbaskraal verbind.
- By die westelike ingang om **Skoolstraat** en **Kerkstraat**, die twee **aktiwiteitstrate**, kom 'n bepaalde nodus voor met kommersiele en sosiale aktiwiteite.

4.23.6 Dienste en Infrastruktuur

Swartland Munisipaliteit lewer tans die volgende munisipale dienste op Malmesbury en Abbotsdale:

Water

Malmesbury bekom water vir huishoudelike gebruik vanaf die Paardebergdam en die Voëlklei waterskema met die water wat in verskeie reservoirs, hieronder gelys, gestoor word:

- Korrektiewe Dienste Reservoir – 2 500 kl
- Wesbank Reservoirs x3 – 9 000kl
- Mount Royal Reservoir – 2 500 kl
- Panorama Reservoir – 2 500 kl
- Ou Golfbaan Reservoir – 4 000 kl.

Dit bring die huidige totale stoorkapasiteit in Malmesbury op 20 500 kl te staan. Die Wesbank en Panorama Reservoirs se water word deur pompe na die verbruikers versprei, terwyl die ander reservoirs se water deur gravitasie versprei word. Addisionele reservoirs is reeds voltooi op Klipfontein op die noordelike periferie van die dorp met uitbreiding ook van die bestaande Wesbank reservoirs. Abbotsdale verkry hul water vanaf die Paardeberg Waterskema, wat in twee reservoirs naamlik die Klipkop Reservoir (3 000 kl) en Nuwe Reservoir (2 000 kl) gestoor word. Water word ook vanaf die reservoirs na Kalbaskraal en Riverlands en Chatsworth versprei. Daar word vir die uitbreiding van reservoirs beplan met ligging van nuwe voorgestelde reservoir wat aanliggend aan bestaande sal voorkom.

Die tabel hieronder is vervat in die Water Meester Plan, September 2007, en beskryf die huidige kapasiteit sowel as die verhoogde kapasiteit en nuwe reservoirs wat benodig sal word om in die toekomstige behoeftes te voorsien..

Water Distrik Reservoir	Bestaande kapasiteit (kl)	Toekomstige kapasiteit benodig (kl)	Toekomstige Spaar Kapasiteit (kl)	Kommentaar
Abbotsdale	250	410	-160	Monitering van situasie
Kleindam	250	1 831	-1 581	Nuwe 2MI reservoir is gebou
Old Golf Baan	5 200	2 247	2 953	
Panorama Booster	2 500	3 210	-710	Bou van nuwe 0.7MI reservoir
Panorama Korrektiewe Dienste				
	2 400	1 615	785	
Wesbank	9 000	12 177	-3 177	Bou nuwe 4 MI reservoir om die toekomstige voorsiening aan Kalbaskraal, Riverlands en Chatsworth te akkommodeer.
Wesbank Toring	150	141	9	
Voorgestelde Glen Lily		3 192	-3 192	Bou nuwe 3.2MI reservoir
Voorgestelde Wesbank HL		1 809	-1 809	Bou nuwe 1.8MI reservoir

Tabel 29: Malmesbury/Abbotsdale Watervoorsiening

Die volgende opgradering en verhoging van die watervoorsieningskapasiteit projekte, is aangedui in die Water Meester Plan van September 2007:

- Die bou van 'n voorgestelde 3.2 MI reservoir by bestaande Glen Lily reservoir (Klipfontein) ten einde toekomstige ontwikkeling van Glen Lily te akkommodeer – die voorgestelde reservoir is tans onder konstruksie.
- Ten einde toekomstige uitbreiding in Wesbank area te akkommodeer word die konstruksie van 'n 4.4MI reservoir voorgestel. 'n Nuwe pompstasie word ook voorgestel ten einde die hoër liggende dele te bedien. Een van die grootste veranderinge wat beoog word is om die bestaande operasionele sisteem te verander sodat Abbotsdale, Kalbaskraal, Riverlands en Chatsworth deur die Wesbank reservoir gevoed sal word en nie meer deur die Kleindam reservoir soos dit tans gebeur nie. 'n Nuwe reservoir in Wesbank word tans beplan.
- Voorstel om die Panorama Reservoir distrikgrense te verander sodat die suidelike deel van Panorama Distrik wat die industriële gebied insluit, in die Kleindam Reservoir distrik in gesluit word sodat voldoende kapasiteit vir die gebied in die toekoms te verseker.
- 'n Nuwe 200mm voorsieningspyp en 'n 1.8MI reservoir word voorgestel om vir die voorgestelde uitbreiding wes van Wesbank, op die plaas De Hoop, te voorsien. Daar word voorgestel dat die area direk uit die grootmaat voorsieningspype bedien sal word.

Volgens die 'Swartland Munisipaliteit Water Dienste Ontwikkelings Plan van 2008/2009' word Malmesbury se totale grootmaat water aanvraag op 2 909 520 Kl/a geraam.

Die “Water Services Development Plan, 2007” gee die aantal residensiële verbruikers van water in Malmesbury en Abbotsdale aan as 7436 , met die toekomstige vraag na water (Ml/jaar) wat as volg aangegee is:

	Toekomstige vraag na Water (Ml/jaar)				
	2012	2017	2022	2027	2032
Malmesbury	2887,201	3183,378	3516,080	3890,277	4311,645

Tabel 30: Malmesbury/Abbotsdale se vooruitgeskatte vraag na Water

Riool

Die huidige rioolstelsel in Malmesbury en Abbotsdale bestaan uit spoelriool asook op-perseel septiese tenks. Volgens Swartland Tesourie maak 88 verbruikers van die emmerstelsel, 171 wat septiese tenks en 439 van die riooluitvalwerke (gekoppel) in Abbotsdale gebruik. In Malmesbury is daar 6736 verbruikers wat aan die riooluitvalwerke gekoppel is.

Malmesbury beskik oor 'n formele suiweringsaanleg wat tans opgradeer word, oor die volgende vyf (5) jaar periode, om die kapasiteit te verhoog.

Elektrisiteit

Swartland Munisipaliteit voorsien Malmesbury van elektrisiteit. Eksom het 'n 132/11kV 40MVA substasie vir Malmesbury terwyl 'n tweede substasie van 132/11kV 20MVA tans beplan word.

Die GOP dui aan dat daar opgradering van verouderde en oorbelaste netwerke moet plaasvind in dele van Wesbank en Malmesbury sentraal, met die opgradering van die netwerk wat voorgestel word vir die verhoogde gebruik in Illinge Lethu area. Verskeie uitbreidings van die netwerk word voorgestel wat die oprigting van twee substasies insluit om in die toekomstige uitbreidings op De Hoop en Klipfontein te voorsien.

Die verklaarde maksimumaanvraag is 23MVA met die werklike maksimumaanvraag van 22MVA. Vier 11kV toevoerlyne bedien Malmesbury met 'n interne ondergrondse kabelnetwerk en bogrondse lyne. Alle formele erwe beskik oor 'n elektrisiteitaansluiting wat deur die volgende tipe verbruikers benut word:

- 7100 Residensiële verbruikers
- 740 kommersiële en industriële verbruikers.

Straatverligting in Malmesbury is oorwegend voldoende.

Die plaaslike beplanning-en-ontwerp kantoor en elektrisiteitsdepot vir die bedryf en instandhouding van elektrisiteit is in Malmesbury gesetel.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit bedien.

Swartland Munisipaliteit het tans net een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartland streek bedien. Die stortingsterrein word deur 'n privaat operateur bestuur wat deur openbare tender aangestel word. Die stortingsterrein beslaan 21ha met slegs 6ha wat tans gebruik word. Malmesbury en Abbotsdale genereer volgens die 'Swartland Integrated Waste Management Plan October 2005' die grootste hoeveelheid afval (ongeveer 55%).

Swartland Munisipaliteit het in ooreenstemming met die 2001 Polokwane Verklaring, onderteken deur regering, homself verbind om 'n 50% afname in die generering en 'n 25% afname in die storting van vullis te bewerkstellig.

As deel van die Highlands Stortings Terrein word 'n suksesvolle herwinningsaanleg bedryf wat 'n omgewingsprys gewen het. Daar word beraam dat die op-perseel herwinning 'n afname van tussen 10% en 15% van die totale massa van vullis wat gestort word tot gevolg het.

Huidige uitdagings en voorstelle wat in die Swartland GOP gelys is, sluit in:

- Uitbreiding van die diens in die sentrale area van Malmesbury.
- Onwettige storting in Wesbank.
- Smal paaie in Ilinge Lethu bemoeilik verskaffing van diens.
- Ilinge Lethu benodig meer gereelde 2 maal per week diens.

Tuinvullis van Malmesbury en omgewing word by 'n privaat komposaanleg (wat nie gelisensieer is nie) gelewer. Die behoefte aan 'n formele gelisensieerde komposaanleg geleë naby Moorreesburg of Malmesbury bestaan aangesien dit die dorpe is wat die meeste tuinvullis in die Swartland genereer.

Paaie & verkeer

Die vervoernetwerk in en deur Malmesbury is goed ontwikkel omdat Malmesbury nie net deur die padnetwerk nie, maar ook deur die spoornetwerk verbind is, met Kaapstad. Die belangrikste ontwikkelingsroetes is die N7 (wat die dorp van Noord en Suid in twee deel), Hoofpad 224 (R315) na Darling, Afdelingspad 24/1 (R45 en R46) na Paarl en Riebeek Kasteel en Hoofpad 174 (R302 en R304) na Stellenbosch en Durbanville. Malmesbury is in direkte verbinding met die Kaapse Metropool asook dorpe noord daarvan via die N7 en lê ook op die kruising tussen die oostelike binnelandse dorpe en die westelike kusdorpe. Die N7 en Dieprivier vorm aansienlike versperrings binne die dorp.

Die volgende prioriteit infrastruktuurprojekte is reeds geïdentifiseer in die Swartland GOP:

- Ontwikkel die N7 as dubbelpad vanaf die Kaap tot in Malmesbury.
- Moontlikheid van 'n verbindingsroete aan die noordelike kant van Malmesbury, vanaf die Hopefield pad na die Paarl pad (R45) in die lig van die ontwikkeling van die Industriële Ontwikkelings sone op Saldanha/Vredenburg, word tans ondersoek.
- Rivierverbindingspad - 'beter aansluiting tussen Bokomoweg en Piet Retiefstraat, by die Voortrekkerstraat interseksie, word voorgestel.

Die aansluiting sal die volgende tot gevolg hê:

- o 'n Beter en veiliger aansluiting van paaie.
- o Swaar voertuie hoef nie deur so 'n groot deel van Malmesbury se middedorp asook teen steil hellings te beweeg nie.
- o Moontlikhede vir die vestiging van nuwe besighede bestaan lang die nuwe vervoerroetes.
- o Tans ondervind Malmesbury 'n tekort aan kommersiële persele en die uitbreiding van die sakesone van Rainierstraat waar dit Piet Retiefstraat kruis suidwaarts tot teen die Dieprivier sal momentum kry met die bou van 'n rivierpad.
- o Boere wat graan lewer in die oesseisoen en wingerd lewer in die parsseisoen ondervind probleme met vrag in Rainierstraat en Loedolfstraat.

- o Die toeganklikheid tot die Dieprivier, wat 'n bate vir die dorp is, sal verhoog word deur die bou van 'n pad. Landskapering sal tussen die pad en rivier gedoen word, om dit te verfraai.
- Verbinding tussen Saamstaan en Abbotsdale – hierdie pad sal nie net verbeterde toegang tussen Abbotsdale en Saamstaan bewerkstellig nie, maar sal ook alternatiewe toegang na die N7 bewerkstellig. Hierdie roete sal talle voordele inhou, nl.:
 - o Verbeterde toegang vir Abbotsdale na Malmesbury se hoërskole, met geriefliker en veiliger busroete.
 - o Die pad vergemaklik die oplaai en aflaai van mense (taxi's en plaaswerkers)
 - o Dit is 'n veiliger roete na die stortingsterrein
 - o Dit verwyder die groot hoeveelheid publieke vervoer (taxi's en busse) vanaf die N7.
 - o Dit bewerkstellig beter integrasie tussen Abbotsdale en Malmesbury.
 - o Die residensiële gedeelte noord van Abbotsdale kan vanuit hierdie pad van toegang voorsien word wat dit baie veiliger vir inwoners sal maak as die bestaande toegang op die N7.
- Fietsryroete langs Piet Retiefstraat - Piet Retiefstraat is 'n toeriste roete wat besoekers vanaf Malmesbury na die Riebeek Vallei en gepaardgaande besienswaardighede neem. Ten einde die aantreklikheid van die roete tussen Malmesbury en Riebeek Wes te verbeter word 'n fietsrylaan op die skouer van die pad voorgestel wat uit Piet Retiefstraat oorgaan in die Afdelingspad 24/1 na die Paarl.
- Voetganger roete langs/onder die N7 - Ten einde toegang en integrasie van mense in die Saamstaan area met die industriële gebied suid van die N7 te verbeter word 'n voetgangerroete langs die N7 sowel as 'n voetgangerduikweg onder die N7 voorgestel om die veiligheid van voetgangers te verbeter.
- 'n Groot aantal kinders maak van fietse gebruik as vervoermiddel. Veilige fietsryroetes behoort ondersoek en ontwikkel te word wat ook deur gestremdes in rolstoele gebruik kan word.
- Versoek SANRAL om geen-stop-sone langs die N7 aanliggend aan Ilinge Lethu, af te dwing.
- Verbeterde toegang oor die noordelike gedeelte van die N7 tussen Wesbank en die industriële area bo Bokomoweg.
- Met die ontwikkeling van die bloekombos noordoos van die skool sal daar 'n merkbare toename in verkeer in die gebied wees met alternatiewe moet ondersoek word om die verkeer deur die bestaande woongebied na die sentrale kern te herlei. Hier kan die instelling van eenrigtingstrate moontlik verkeer op veilige en doeltreffende maniere deur die bestaande woonbuurt reguleer.
- Verfraaiing van die hoofdeurgangsroetes deur Malmesbury, met die aanplant van bome langs die roetes, definieer die roetes.
- Beter benutting van natuurlike gebiede binne die stedelike konteks met ontwikkeling van die gedeeltes met staproetes en fietsry roetes - klipkoppie, driehoek, langs rivier tussen Golfbaan en Wesbank, gedeeltes langs Dieprivier.
- Bergsight en Lowry Cole Straat as aktiwiteitstrate binne die woongebied, beter toegang na publieke fasiliteite soos die hospitaal, bied geleenthede vir ondersteunende dienste op die roetes.

Die voorgestelde padnetwerk vir die toekomstige ontwikkeling van Malmesbury word breedvoerig in die 'Transportation Infrastructure Needs and Development Contributions Plan' van November 2007, wat deur ITS Engineers vir die Swartland Munisipaliteit opgestel is, uiteengesit. Daar word voorgestel dat alle nuwe ontwikkelingsvoorstelle die plan sal raadpleeg ten einde te bepaal hoe die toekomstige padnetwerk die ontwikkelings mag beïnvloed. Die voorgestelde padnetwerk vir Malmesbury word in die Bewegingsnetwerkkartaar uiteengesit.

Veiligheid

Malmesbury beskik oor 'n Swartland Munisipale polisie- en brandweerstasie op die dorp wat die omliggende area bedien.

4.23.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Malmesbury se rol kleinskaalse landbou dienssentrum asook sy bydra as 'n toerisme dorp binne die Riebeek Vallei moet verder versterk en uitgebou word. Die Swartland GOP Makro Strategie oormerk Riebeek Wes vir Harde (infrastruktuur) en Sagte (mense & sosiale infrastruktuur) investering. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp:

Toekomstige Ontwikkeling
Verbinding & Mobiliteit:
Ekonomiese Ontwikkeling:
Ondersteun Malmesbury as hoofdorp en Streeksdienssentrum van die Swartland.
Versterk Malmesbury as basis waarvan die streek verken kan word.
Versterk die kommersiële nodusse binne Malmesbury
Ondersteun ontwikkeling langs aktiwiteitsasse en strate.
Ondersteun ruimtelike integrasie deur gemengde gebruik ontwikkeling op aktiwiteitskorridors tussen Malmesbury sentrale gebied en Wesbank te fokus.
Kommersieel
Ontwikkeling van Malmesbury as kommersiële kern van die gebied – uitbouing tot 'n volwaardige streeksentrum – verhoog aantreklikheid van dorp in terme van residensiële investering, plaaslike besteding deur besighede na dorp te lok.
Voldoende dienste lewering en onderhoud in sakekern ten einde aantreklikheid te bevorder – sluit in onderhou sindelikheid veral in publieke gebiede, onderhoud van pad infrastruktuur, voorsien en onderhou beligting, voorsien voldoende polisiëring ten einde areas te beveilig, voorsien voetganger vriendelike en veilige omgewing met stedelike ontwerp en voorsien gestruktureerde areas vir informele handel.
Grondhervorming:
Projek vir grondhervorming is in Malmesbury geïdentifiseer.
Industriële Ontwikkeling:
Hoë Prioriteit - Industriële Ontwikkeling - Ontwikkel dorp as primêre industriële kern van Swartland.
Uitbreiding van bestaande industriële gebiede - Ontwikkeling van nuwe persele.
Opgradering van infrastruktuur om nuwe persele te akkommodeer.
Vestiging en Ontwikkeling van nuwe industriële gebiede.
Swaar gediversifiseerd industriële ontwikkeling moet fokus in Malmesbury.
Ontwikkel Malmesbury as Primêre Industriële Kern van die streek.
Industrieel
Hoë Prioriteit - Industriële Ontwikkeling - Ontwikkel dorp as primêre industriële kern.
Uitbreiding van bestaande industriële gebiede - Ontwikkeling van nuwe persele.
Opgradering van infrastruktuur om nuwe persele te akkommodeer.
Vestiging en Ontwikkeling van nuwe industriële gebiede.
Swaar gediversifiseerd industriële ontwikkeling moet fokus in Malmesbury.

Behuising/ Residensiële Ontwikkeling:
Ondersteun die voorsiening van geïntegreerde residensiële ontwikkeling.
Bevorder verdigting binne die stedelike areas.
Ondersteun gesubsidieerde behuisingsprojekte om bestaande agterstande uit te wis.
Integrasie van residensiële gebiede deur invul ontwikkeling.
Residensiëel
Toekomstige ontwikkeling van gesubsidieerde behuising moet in Malmesbury as een van die hoofsentra van die Swartland plaasvind ten einde volhoubare voorsiening van behuising te verseker – dien ook as opvanggebied vir die gesubsidieerde behuising tekorte in Riebeek Wes, Riebeek Kasteel, Chatsworth, Riverlands en Kalbaskraal.
Behuising agterstand – Ilinge Lethu en Wesbank - 3 730 en Abbotsdale – 910
Beplande gesubsidieerde behuisingsprojekte in Abbotsdale om huidige agterstand aan te spreek – beplande ontwikkeling van ongeveer 350 erwe in tydperk 2012/2013.
Groei potensiaal van residensiële ontwikkeling - Hoë Prioriteit
Openbare Oopruimtes/Bewaring:
Infrastruktuur en Dienste:
Optimaliseer gebruik van infrastruktuur.
Veiligheid
As deel van die bevordering van Swartland as aantreklike residensiële alternatief moet veiligheid in gebied bevorder word.
Onderhou van bestaande brandweerstasie.
Onderhou van bestaande polisiestasie.
Sosiale Ontwikkeling
Bestaande veeldoelige fasiliteit in Ilinge Lethu benodig uitbreiding.
Die bestaande biblioteek diens benodig uitbreiding weens stedelike groei.
Ekonomiese Ontwikkeling
Opleiding moet fokus op besigheid ontwikkeling – behoeftes van plaaslike besighede en industrieë.

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Malmesbury en Abbotsdale ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Malmesbury Sone Voorstelle

Verwys na Malmesbury Sone Kaart: Die dorpsgebied van Malmesbury is in ses-en-dertig (36) sones (areas met gemeenskaplike kenmerke) ingedeel en die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones volg in die onderstaande tabel:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuse	Overheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A het grotendeels 'n lae digtheid residensiële karakter.	X	X		X	X				by bestaande nodus X	X	X	X			
B	Sone B bestaan hoofsaaklik uit owerheid gebruike asook medium en lae digtheid residensiële gebruike.	X	X	Langs Voortrek kerstr as aktiwiteitsas X	X	X	By bestaande nodus X	Langs aktiwiteitsas & in bestaande nodus X	Langs Voortrek kerstr as aktiwiteitsas X	X	X	X	X	X	X	
C	Sone C het 'n gemengde grondgebruik karakter bestaande uit lae en medium residensiële en ondersteunende sosiale funksies bv. crèches, skole, koshuise en hospitaal.	X	X	Langs Aktiwiteitstraat X	X	X		Langs aktiwiteitstrate X		X	X	X	Boetiek hotelle langs aktiwiteitstr X	X	X	
D	Sone D bestaan hoofsaaklik uit die sentrale sakekern met 'n kommersiële karakter.	X	X	Slegs woonstelle X	X	X	X	X	By nodus X	X	X	X	X	X	X	
E	In Sone E is 'n residensiële area met gemengde digtheid asook verskeie ondersteunende sosiale en institusionele gebruike asook sake gebruike aangrensend aan die sakekern.	X	X	Slegs woonstelle X	X	X	Aan liggend aan sake nodus X	X	Aan liggend aan sake nodus X	X	X	X	X		Sport fasiliteit X	
F	In Sone F is 'n voorgestelde geïntegreerde residensiële gebied wat ook ondersteunende sosiale en klein sake nodusse kan insluit.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	By nodus X	Langs aktiwiteitstrate X		Woonbuurt sentrum X	X	X	X		X	
G1	Sone G1 is 'n voorgestelde geïntegreerde residensiële gebied wat ook ondersteunende sosiale en klein sake nodusse kan insluit.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	By nodus X	Langs aktiwiteitstraat X		Woonbuurt sentrum X	X	X	X		X	

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderligplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
G2	In Sone G2 is 'n voorgestelde geïntegreerde residensiële gebied wat ook ondersteunende sosiale en sake nodusse insluit.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X	By nodus X	Langs aktiwiteitstraat X		Woonbuurt sentrum X	X	X	X		Sportfasiliteit X	
G3	In Sone G3 is die voorgestelde streeks winkelsentrum met verwante gebuie wat residensiële en diensbedrywe insluit		X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	Diens-bedrywe X
G4	In Sone G4 bestaan hoofsaaklik uit residensiële gebuie om die voorgestelde golfbaan uitbreiding.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X					X		X	X			
H	In Sone H het hoofsaaklik 'n lae digtheid residensiële karakter met ondersteunende sosiale infrastruktuur.	X	X		X			Langs aktiwiteitstraat X			X		X			
I	In Sone I is grotendeels 'n gemengde digtheid residensiële karakter wat ook ander gemengde gebuie soos sakefunksies en owerheid insluit. Daar kom ook beperkte nywerheid funksies voor.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X	X	X		Langs aktiwiteitstraat X	X	X	X	X	X	
J	In Sone J is 'n area waar medium en hoë residensiële ontwikkeling voorgestel word.	X	X	Langs aktiwiteitstraat X	X	X		X		X	X	X	X		X	
K	In Sone K is 'n area waar medium en hoë residensiële ontwikkeling voorgestel word.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X		X	X	X	X		X	
L	In Sone L het 'n medium digtheid residensiële karakter wat ook die korrektiewe dienste fasiliteit insluit.	X	X		X	X								X	X	
M	In Sone M word 'n medium tot hoë digtheid residensiële ontwikkeling voorgestel asook die uitbreiding van die begraafplaas.		X	X	X					X	X	X	X	X		

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderligplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftrekoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
SONE																
N1	In Sone N1 word 'n geïntegreerde woongebied voorgestel met wat bestaan uit hoofsaaklik medium en hoë digtheid residensiële funksies asook alle ondersteunende dienste tot die woongebied wat sosiale en 'n sekondêre sakenodus insluit.	X	X	Langs aktiviteitsstrate X	X	Primêre skool X		Langs aktiviteits-straat X	Woonbuurt sentrum X	X	X	X	X	X	Gemeenskap-fasiliteite X	
N2	In Sone N2 bestaan grotendeels uit nywerheid, sake en owerheid funksies met uitbreiding van nywerheid gebied wat voorgestel word suid van die N7. Swaar nywerhede moet slegs suid van Bokomoweg toegelaat word.							X		X				X		X
N3	In Sone N3 is 'n voorgestelde diensnywerheid gebied wat gebruike soos warehuise en kwekerye kan insluit. Ontwikkeling moet sensitief vir rivierlope wees. Die dorp se sportgronde kom ook binne die sone voor.							X		X				X	X	Diens-nywerhede en ware huise X
N4	In die noordelike gedeelte van Sone N4 word gemengde gebruike soos ligte en diensnywerhede, kommersieel en groothandel gebruike voorgestel. Die suidelike gedeelte van die sone word vir lae en medium digtheid residensiële ontwikkeling geoormerk.	X	X	Langs aktiviteitsstrate X	X	X		X	X	X	X	X	X	X	X	Diens nywerhede X
O	Sone O het 'n hoë digtheid residensiële karakter.		X	X	X	X		X	Langs aktiviteitsstrate en in bestaande nodusse X	X	X		X	X	X	

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderligplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreesoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiiteite	Nywerheid
P	In Sone P bevat 'n sekondêre sakenodus asook 'n gemeenskapsnodus met opvoedkundige en sport gebruike.		X	X	X	X		X	X		X				X	
Q	In Sone Q het grotendeels 'n hoë digtheid residensiële karakter.		X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X		X	X	X	X		X	
R	Sone R is 'n medium digtheid residensiële area met voorgestelde Tersiere opvoeding nodus langs Darlingweg.		X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X		X	X	X	X		X	
S1	Sone S1 is 'n area waar hoë digtheid residensiële asook sportgronde en owerheidsgebruike voorkom.			X	X	X		X		X	X			X	Sportgronde X	
S2	In Sone S2 is 'n voorgestelde geïntegreerde woonbuurt wat residensiële opvoedkundige en sake funksies insluit.	X	X	Langs aktiwiteit strate X	X	X	X	X	By nodus X	X	X	X	X	X	X	
S3	Sone S3 is vir geïntegreerde residensiële ontwikkeling geoormerk met ondersteunende sosiale gebruike.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X		X	X	X	X		X	
S4	In Sone S4 word 'n geïntegreerde woongebied voorgestel vir die uitbreiding van gesubsidieerde behuising geleenthede met ander ondersteunende funksies.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X	By nodus X	X	X	X	X	X	X	
S5	In Sone S5 word 'n geïntegreerde residensiële uitbreiding vir gesubsidieerde behuising voorgestel.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X		X	X		X	X	X	
T	In Sone T het grotendeels 'n lae en medium digtheid residensiële karakter.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X	X	X	Langs aktiwiteitstrate om nodus X	X	X	X	X	X	X	

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderligplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreesoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiiteite	Nywerheid
U	In Sone U kom die primêre sakenodus van Wesbank voor met geleenthede vir uitbreiding.			Langs aktiwiteitsstrate X	X	X	X	X	X	X	X	X		X	X	
V	Sone V is 'n area waar lae en medium digtheid residensiële ontwikkeling voorkom. Daar kom ook 'n bestaande begraafplaas voor in die gebied waar uitbreiding voorgestel word	X	X		X	X		X		X	X		X	X	Uit brei van Begraafplaas s X	
W	Sone W bied invul geleenthede medium residensiële gebruike.	X	X		X	X				X	X	X	X		Piekniek area langs Platteklip rivier X	
X	Sone X het grotendeels 'n lae en medium digtheid residensiële karakter met opvoedkundige ondersteunende gebruike.	X	X		X	X		X		X	X		X	X	X	
Y	Sone Y kom op die hoof aktiwiteitsas voor en is geoormerk vir geïntegreerde sake gebruike om die verbinding tussen Malmesbury en Wesbank te versterk.		X	X	X		X	X	X	X				X	Piekniek area langs Platteklip rivier X	
Z	In Sone Z is 'n lae digtheid residensiële area.	X	X		X			X				X	X		Parke X	

Abbotsdale Sone Voorstelle

Verwys na Abbotsdale Sone Kaart: Die dorpsgebied van Malmesbury is in dertien (13) sones (areas met gemeenskaplike kenmerke) ingedeel en die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones volg in die onderstaande tabel:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuise	Overheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A het grotendeels 'n lae digtheid residensiële karakter met uitbreidings moontlikhede vir residensiële ontwikkeling na die weste tot by die N7.	X	X	X	X			X		Langs aktiwiteit straat X	X		X	Voor-gesteldebegraaf-plaas X	X	
B	Sone B maak deel uit van die aktiwiteit korridor deur die dorp waar veral handel en ander versoenbare funksies ondersteun moet word om nodus te versterk		X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	Uitbreiding van Begraafplaas X	X	
C	Sone C het 'n lae digtheid residensiële karakter wat invul geleenthede bied	X	X		X			Langs aktiwiteitsstrate X		X	X	X	X		Ontspanning areas langs rivier X	
D	Sone D het 'n hoë digtheid residensiële karakter wat bestaande en voorgestelde toekomstige gesubsidieerde behuising ontwikkeling insluit		X	X	X	X	X	X	By nodus X	X	X			X		
E	Sone E het 'n lae digtheid residensiële karakter langs die Dieprivier.	X	X		X			X		X	X		X	X	Sportfasiliteit X	
F	In Sone F is 'n nodus op die oostelike oewer van die Dieprivier wat sport en kommersiele gebruike ondersteun, asook hoër digtheid residensiële gebruike..		X	X	X		By nodus X	Langs aktiwiteitsas X	X	X	X	X	X		Sportvelde & ontspanning funksies X	
G	Sone G het 'n lae digtheid residensiële karakter met invul geleenthede op die noordelike periferie.	X	X	X	X			Langs aktiwiteitsas X		Langs aktiwiteitsas X	X	X	X		X	
H	Sone H bied geleenthede vir nywerheid ontwikkeling.									X						Ligte & Diensnywerhede X
I	Sone I bied geleenthede vir nywerheid ontwikkeling.	X	X		X					By nodus X	X	X	X	X	X	
J	In Sone J word nywerheid gebruike voorgestel as deel van die groter uitgebreide industriële area van Malmesbury.									X				X		X

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiiliteite	Nywerheid
K	Sone K bestaan uit 'n lae digtheid residensiële area. Uitbreiding van gebied is beperk met 'n alternatiewe toegang vanaf voorgestelde verbindingspad tussen Darlingweg en N7.	X	X		X			Langs aktiwiteit- straat X		X	X		X	X		
L	Sone L beslaan die omliggende oopruimte om Dieprivier asook ontwikkelbare gedeelte langs rivier tussen Malmesbury & Abbotdale waar lae digtheid landgoed erwe voorgestel word. Ontwikkeling van publieke area om Dieprivier kan aandag geniet met skep van piekniekplekke, wandelpaie en fietsroetes.	X	X		X					Langs aktiwiteitstrate X	X		X	X	Langs Dieprivier X	
M	In Sone M is 'n area waar medium en hoë residensiële ontwikkeling voorgestel word.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X		X	X	X	X		X	

Malmesbury en Abbotsdale Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Malmesbury en Abbotsdale Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding.	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Skep nuwe verbindingsroetes wat tred hou met die uitbreiding van Malmesbury soos voorgestel op Bewegingsnetwerkkarta. - Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerde aktiwiteitsasse en -strate binne alle woongebiede van Malmesbury soos op die kaart aangeteken. - Bevorder gemengde gebruike langs die aktiwiteitsasse vir beter integrasie tussen gebiede. - Verfraai hoofdeurgangsroetes deur Malmesbury en Abbotsdale met die aanplant van bome wat die roetes definieer. - Finaliseer die belyning van die N7 dubbelweg deur Malmesbury en bepaal die ligging van toegange na die dorp vanaf die N7. - Brûe oor die Dieprivier vorm unieke elemente in die landskap en moet veilige voertuig en voetganger verkeer fasiliteer.	Paaie - Stel realistiese bewegingsnetwerkplan vir nuwe ontwikkelings op. - Reguleer eenrigtingbeweging in Heuwelstraat (suidwaarts) en Rainierstraat (Noordwaarts) om verkeer uit die voorgestelde Bloekomposontwikkeling te akkommodeer. - Verleng Baroccastraat na Piketbergweg om verkeer van die ontwikkeling noordwaarts op die ou golfbaan, Klipfontein en area tussenin te versprei. - Bou van sirkels in Voortrekkerweg. - Finaliseer die opgradering van Piet Retiefstraat en die gedeelte van die Afdelingspad 24/1 tot by die Riebeek Vallei afdraai. Versterk die pad se doel as toerisme roete en toegangspad na die Swartland Wynkelder. - Verbind Bokomoweg en Piet Retiefstraat deur verkeer in eenrigting te reguleer in Rainierstraat (noordwaarts) en Ludolfstraat (suidwaarts). Gradeer Ludolfstraat op met 'n glybaan uit Piet Retiefstraat in 'n suidelike rigting wat toegang vergemaklik en beweging van swaer voertuie deur Malmesbury na Paarl en die Riebeek Vallei fasiliteer. - Verfraai hoof ingangspoorte deur boomaanplantings en straatmeublement veral langs Voortrekkerstraat en Bokomoweg. - Voortrekker- en Bokomoweg, as belangrike verbindingsroete, en aktiwiteitsas, moet ook voetgangervriendelik gemaak word. - Ondersoek die verbinding tussen die Nywerheidsgebied en Voortrekkerstraat oor die Dieprivier, suid van die sportgronde. - Versterk Langstraat as aktiwiteitstraat en voetgangerdeurgang na die Hospitaal. - Voorsien die area wes van Abbotsdale met alternatiewe toegang vanaf die deurpad wanneer die deurpad vanaf Darlingweg na N7 gebou word. - Reguleer verkeer in Duthiestraat in eenrigting noordwaarts en voorsien meer parkering in die straat.
Aktiwiteitsas (Ruimtelike Integrasie) - Maak Wesbank en Malmesbury se verbindingsroete verbruikersvriendelik deur landskapering en beveiliging. - Bevorder gemengde gebruike langs verbindingsroetes om	Ruimtelike Integrasie - Maak Wesbank en Malmesbury se verbindingsroete verbruikersvriendelik deur landskapering en beveiliging. - Bevorder gemengde gebruike langs verbindingsroetes om sosiale en

sosiale en ekonomiese integrasie te bevorder.	ekonomiese integrasie te bevorder.
Voetpaaie - Voorsien toeganklike voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes om voetganger verkeer aan te moedig en te beveilig - Skep en onderhou voetgangervriendelike omgewing veral in kommersiele kern en langs aktiwiteitsasse wat verskillende gebiede met mekaar verbind. - Bevorder die ontwikkeling van 'n toerisme fietsroete langs die Malmesbury Kalbaskraal pad , wat ook by Abbotsdale verby loop.	Voetpaaie - Verbeter en formaliseer voetgangerroetes deur die dorp en veral tussen Ilinge Lethu en Wesbank en die sentrale gedeelte van Malmesbury en omliggende woongebiede. - Verbind Barocca Straat met wandelpad deur die ou golfbaan na die driehoekspad oor die kruin van Klipfontein na Piketbergweg. - Voorsien veilige voetganger verbinding (duikweg of voetgangerbrug) tussen Saamstaan en die Industriële gebied. - Formaliseer bestaande voetpad noord van die N7 om toegang tot Bokomowegdeurgang en voorgestelde N7 oorgang na nywerheidsgebied te bekom. - Ondersteun die voorgestelde wandelpaaie langs die Dieprivier en binne die groenkorridor. - Voorsien fietsbane langs toeriste roetes soos Piet Retiefstraat en Voortrekkerstraat. - Versoek SANRAL om geen-stop -sone langs die N7 tussen Malmesbury en Abbotsdale in te stel ten einde ongelukke te voorkom en veiligheid van voetgangers en padgebruikers so te verbeter.
Publieke Ruimte	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke nodusse - Gradeer Malmesbury middedorp op en identifiseer informele bymekaarkom plekke. - Skep funksionele oop ruimtes netwerk vir publieke gebruik. - Ondersteun bestaande nodusse ingesluit: - Die kompleks rondom NG Moederkerk en die Munisipale kantore, - Die kruising tussen Voortrekkerstraat oor Dieprivier en Bokomoweg wat museum insluit. - Die bestaande sportgronde langs Dieprivier. - Die muurbalbane, munisipale swembad en naasliggende openbare park. - Die kommersiele nodus van Wesbank. - Ilinge Lethu winkelkompleks. - Die area rondom die voorgestelde sportkompleks langs Dieprivier in Abbotsdale.	Publieke nodusse Stel ontwikkelingstrategie vir die opgradering en herlewing van Malmesbury se sakekern en die herlewing van publieke nodusse saam.

Gemeenskapsfasiliteite - Brei begraafplase in die groter Malmesbury area uit. - Voorsien formele ontspanningsarea langs Dieprivier. - Voorsiening primêre gesondheidsfasiliteite binne gemeenskap. - Ondersteun gemeenskapgerigte toeganklike projekte binne die woongebiede. Opvoedkundige fasiliteite - Maak voldoende voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite om in die bevolkingsgroei van Malmesbury te akkommodeer. - Voorsien 'n skool op geoormerkte persele in Illinge Lethu. Sportfasiliteite - Brei sportnodus in Abbotsdale uit. - Onderhou en behou bestaande sportfasiliteite langs Dieprivier en in Wesbank. - Gradeer bestaande sport fasiliteite in Malmesbury op om sportgebeurtelikhede na Malmesbury te lok. - Ondersoek die moontlikheid van gedeelste sport infrastruktuur tussen skole om die gronde meer koste effektief te bedryf. - Ondersteun die ontwikkeling van die Munisipale swembad in Malmesbury as belangrike streeksfasiliteit en as gemeenskapsnodus.	Gemeenskapsfasiliteite - Doen behoeftebepaling vir voorsiening van en ligging van gemeenskapfasiliteit (moet naby gemeenskap wat dit bedien gevestig word). - Brei begraafplaas in Rosenburgweg, Malmesbury, uit. - Brei begraafplaas in Wesbank uit. - Skep nuwe begraafplaas in Abbotsdale aanliggend aan N7 op gedeelte van meent bekend as Restant van Erf 301. - Brei bestaande begraafplaas in Abbotsdale uit. - Beplan die voorsiening van formele ontspanningsareas langs die Dieprivier om die rivier korridor beter te benut as gemeenskap fasiliteit. Opvoedkundige fasiliteite - Voorsien addisionele skoolpersele binne die residensiële uitbreiding op noordelike en noord oostelike gedeelte van Malmesbury - Voorsien opvoedkundige nodus op kruin van Darlingweg, Wesbank, by die ingang van De Hoop wat sekondêre asook tersiêre opvoeding kan huisves en die groter Swartland gemeenskap kan bedien. Sportfasiliteite - Gradeer bestaande sportgronde op Wesbankskoolgronde op.
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors - Identifiseer bewaring gebiede binne die stedelike areas soos: - Die Klipkoppie, - Dieprivier vloedvlakte, - Plattekliprivier vloedvlakte; - Driehoekspad area; - Bewaringsgebied direk wes van die N7 en Abbotsdale en oos van Highlands stortingsterrein.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte netwerk en Korridors - Gee formele status aan bewaringsgebiede deur hersonering na Oopruimte Sone III. - Stel bestuursplan op vir die bewaringsgebiede wat kan deel uitmaak van die omgewingsbestuursplan. - Dra alle publieke oopruimtes en paaie aan Munisipaliteit oor. - Maak die rivier korridor skoon en verwyder uitheemse plantegroei en

- Benut natuurlike gebiede binne die stedelike gebiede beter deur die ontwikkeling van staproetes, fietspaaie en alternatiewe gebruike soos onthaal en geleentheidsfasiliteite wat sensitief tot natuurlike omgewing is.
- Klipkoppie bied unieke geleenthede vir aktiwiteite wat piekniek areas, natuurlike amfiteater ens. kan insluit.
- Voorsiening van aaneenlopende oopruimte sisteem deur die stedelike gebied met verbinding tussen van die verskillende areas met voetgangerpaaie. Straat boomaanplanting langs strate as deel van die skepping van die groen “web/raamwerk” deur die dorp. Betrek plaaslike gemeenskappe en organisasies/besighede in die projek vir boomaanplanting asook die onderhoud van die bome. Die bome kan ook in private erwe langs die paaie geplant word om eienaarskap te verleen aan die projek.
- Dieprivier – die ontwikkeling van die area om die rivier oewer kan soos volg hanteer word:
 - o Skeidings tussen rivier en aangrensende dorpsgebiede moet deursigtig wees – ondersteun fronte van huise na die rivier – die ligging bied geleenthede vir uitsigte.
 - o Behandeling van brûe oor die rivier is belangrike in die skepping van belangrike aanloop na die dorp asook toegang tot die oopruimte sisteme – gebruik van straatligte en vaandels in die verfraaiing van brûe.
 - o Geleenthede vir ontwikkeling van restaurante en ander kommersiele gebruike wat front op die rivier en dan aktief deel vorm van oopruimte netwerk en die gebruik en formalisering van die areas ondersteun.
- Ondersteun die Dieprivier as ‘n natuurlike groen sisteem deur Malmesbury en Abbotsdale wat ‘n geïntegreerde oopruimte sisteem fasiliteer.
- Onderzoek laer onderhoud publieke oopruimtes, of gee “eienaarskap” aan omliggende inwoners om die areas te verfraai en in stand te hou.
- Verbeter die eentonige visuele karakter van hoë digtheid residensiële ontwikkelings, veral gesubsidieerde behuising

voorkom erosie (pak klippe in lope).

- Benut natuurlike oopruimte sisteme deur voetgangerpaaie en piekniek areas te voorsien en gebied meer toeganklik te maak vir die publiek.
- Skep ‘n hiërargie van aaneengeskakelde oopruimte sisteme wat die Klipkoppie met die driehoekspad verbind.
- Beskerm die Dieprivier korridor en maak dit meer toeganklik deur wandel-, fietsry- en perdryroetes te ontwikkel langs die rivier.

areas, deur die aanplant van bome langs strate, wat dan ook die skakels tussen oopruimtes sal verbeter. • Verfraai voetgangerpaaie deur formele oppervlaktes, straat meublement wat bankies insluit en boomaanplanting en beligting langs die roetes. Die voetgangernetwerk sal dan deel uitmaak van die aktiewe oopruimte sisteem deur die dorp.	
Riviere • Beskerm die Dieprivier en voedingsriviere binne die stedelike konteks. • Ondersteun die ontwikkeling van die riviere as ontspanning areas. • Handhaaf die terugsettings lyne van 32 m. • Moedig ontwikkelings aan wat die rivier komplimenteer bv. aansigte van wonings na rivier.	Riviere • Bepaal vloedlyne van Dieprivier en sy lope. • Skep wandelpaaie langs die rivier. • Bevorder gereelde onderhoud en skoonmaak van die rivierlope om indringerplantegroei wat die vloei van die rivier belemmer en sporadiese vloede in laagliggende gebiede kan veroorsaak, te verwyder. • Skep wandelpad en fietspad langs die Dieprivier wat Malmesbury, Abbotsdale en Kalbaskraal met mekaar verbind. • Skep formele ontspanningsgebiede langs rivier en rivierlope in die volgende stedelike areas: - o Area langs die Dieprivier oos van Ludolfstraat by laagwaterbruggie; - o Area langs die Plattekliprivier in Wesbank suid van die Mount Royal Golf klub; - o Area op suidelike periferie van Abbotsdale langs die Dieprivier.
Historiese Bewaring gebiede • Oefen streng kontrole oor die aanbouing en slopinge van geboue met erfenis belang uit. • Identifiseer spesifieke strate in dorp vir bewaring.	Historiese Bewaring gebiede • Pas Graham Jacobs se erfenisstudie toe wanneer grondgebruik aansoeke oorweeg word. • Stel 'n estetiese komitee saam om die estetiese karakter van Malmesbury te bewaar. Die komitee kan 'n adviserende tot die Raad optree wanneer aansoeke oorweeg word wat in die erfenis sones voorkom of waar bewarenswaardige geboue betrokke is. • Stel estetiese riglyne vir Malmesbury op en pas dit toe. Die riglyne moet spesifiek aandag gee aan die hernuwing van die sentrale sakekern ten opsigte van beligting, advertensie borde, gestremde toegang na winkels en sypaadjies, ens.
Toerisme • Ontwikkel Malmesbury as toerisme sentra waarvandaan omliggende areas verken kan word. Malmesbury is ideaal geleë om as basis te dien vanwaar die Swartland, Weskus en Metropool verken kan word.	Toerisme • Moedig vestiging van verblyfgeleenthede van hoë standaard aan. • Moedig Agritoerisme aan-. • Ontwikkel van die warmwaterbron as historiese en toerisme.

	• Maak die ondergrondse kanaal wat die bronwater en die Sytak van die Dieprivier vanaf Klipfontein oop om 'n estetiese waterkananaal te skem. • Ontwikkel opvoedkundige wandelpaie in die bewaringsgebiede (renosterbos en klipkoppie). • Ontwikkel die driehoekspad as formele staproete vir ontspanning en sport. • Ontwikkel 'n sentrum/toerisme fasiliteit naby die Klipkoppie wat as konferensiefasiliteit gebruik kan word en vir vermaaklikheidsop tredes. • Ontwikkel 'n wandelpad langs die Dieprivier. • Verfraai die dorp deur die implementering van landskaperingsvoorstelle soos deur OVP opgestel.
Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Behuising • Maak ruimtelik voorsiening vir alle vlakke van behuising. • Ontwikkel erwe in ooreenstemming met die beskikbaarheid van grootmaatsdienste en bewegingsnetwerk soos voorgestel. • Integreer nuwe residensiële uitbreidings deur die uitbreidings naby werkgeleenthede te ontwikkel en 'n verskeidenheid behuisingstipes te voorsien. • Nooi ontwikkelaars om die tekort aan behuising vir bejaardes aan te spreek. • Toekomstige gesubsidieerde behuisingsagterstande van die Riebeek Vallei, Groter Chatsworth gebied en Kalbaskraal moet in Malmesbury voorsien word.	Behuising • Beplan die voorsiening van grootmaat dienste in oorleg met voorgestelde uitbreidings. • Identifiseer geskikte grond vir die toekomstige gesubsidieerde behuisingsontwikkeling. • Hou behuisingswaglyste op datum. • Ondersteun die voorsiening van GAP behuising deur grond te identifiseer en samewerkingsooreenkomste met regerings instansies en privaat ontwikkelaars aan te gaan. • Onderzoek ook die voorsiening van verhuringseenhede as alternatiewe vorm van behuising.
Verdigting • Verdigting in Malmesbury moet deur middel van - o Onderverdeling (deeltitel) - o Invul ontwikkeling en - o Hernuwingaangemoedig word • Handhaaf die beginsel van “cupcake” deur middel van invul en stedelike hernuwing en die skep van 'n geïntegreerde middedorp moet ondersteun word. • Verdigting sal plaasvind volgens die voorstelle in die sones in Malmesbury. • Ondersteun invul ontwikkeling in Malmesbury en Wesbank. • Onderverdelings moet binne die konteks van die omliggende	Verdigting • Identifiseer invulgeleenthede in Wesbank en Abbotsdale en voorsien geïntegreerde behuising in die gebiede. • Sluit verskillende behuisingstipes in gesubsidieerde behuisingsprojekte sodat gesubsidieerde behuising slegs 'n gedeelte van projekte uitmaak.

omgewing toegelaat word. • Ondersteun veral hernuwing binne die stedelike kern deur die ontwikkeling van meer gemengde gebruike wat ook residensiële komponente insluit. • Bevorder interne verdigting deur onderverdelings te ondersteun, met minimum enkel residensiële erfgrotes van 500m² of binne die konteks van die omliggende omgewing en terrein.	
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersiëel • Maak Malmesbury se middedorp meer verbruikersvriendelik. • Ondersteun die ontwikkeling van gemengde grondgebruike in die middedorp om die sentrale sakekern en veral die ontwikkeling van wooneenhede bo besigheidspersonele. • Ondersteun huiswinkels langs aktiwiteitstrate. • Verstek die bestaande twee besigheidsnodusse in Abbotsdale. • Brei die besigheidnodus langs Voortrekkerweg uit om meer geleenthede te skep en besigheidsnodusse te verbind.	Kommersiëel • Stel 'n stedelike ontwerpplan vir Malmesbury middedorp op wat die gebruik van oopruimtes, spoedbeheermaatreëls en voetgangerveiligheid, voetgangervriendelikheid, estetika, bewaring van erfenisbronne en boomaanplanting en straatmeublement verfraaiing aanspreek. • Verstek Darling-, Bokomo- en Voortrekkerweg se kommersiële asse met straatmeublement, padkafes en voetgangerweë.
Industrieel • Verstek Malmesbury as industriële nodus van die Swartland deur voldoen grond vir industriële ontwikkeling te voorsien.	Industrieel • Identifiseer grond en beplan dienste kapasiteit vooruit om industriële ontwikkeling te ondersteun • Beplan vir die ontwikkeling van voorgestelde nywerheidsgebied wes van N7 en die nodige sonerings in plek te kry. • Skep beleggings inisiatiewe om bestaande nywerhede te behou en nuwe nywerhede te lok om in Malmesbury te vestig.
Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
Infrastruktuur • Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoors, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpylyne insluit.	• Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan (Raad se Raadgewende Ingenieurs) en verseker dat dit versoenbaar is met ruimtelike voorstelle. • Stel Meesterplan op vir die voorsiening en onderhoud van alle grootmaat infrastruktuur. • Stel infrastruktuur begroting saam in lyn met die toekomstige ontwikkelings voorstelle.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Malmesbury en Abbotsdale

Wyk 12 – Kern Stedelike Gebiede

4.24 RIEBEEK KASTEEL

4.24.1 *Historiese oorsig*

Die Riebeek Vallei is in 1661 deur 'n groep Europeërs, gelei deur Korporaas Pieter Cruythoff en sy deputaat Pieter Meerhoff, verken op soek na goud in die noorde. Die ekspedisies noem die berg aan die noorde van die pas Botmaskloofpas, Riebeek Kasteel. Die ekspedisie dagboek dat hulle kwaggas, renosters, leeus en duisende hartebeeste in die vallei waargeneem het. Die area was bewoon deur die Sonquas en Khoi-Khoi, wat jagters en veeboere was.

'n Tweede ekspedisie deur Simon van der Stel, wat opsoek was na koper en naby Riebeek Kasteel gekamp het, volg.

Willem, seun van Simon van der Stel, en Goewerneur van die Kaap in 1766, het die eerste vryburgers in die Riebeek Vallei en Tulbagh areas laat vestig. Met die vestiging van Hollandse vryburgerboere om die Kaap en in "Die Land van Waveren", was daar toenemende konflik tussen die Sonquas, Khoi-Khoi en die vryburgers. Verskeie faktore, wat die verlies aan grond en vee, droogtes en die pokke epidemie insluit, het veroorsaak dat die Khoi-Khoi, teen 1720 heeltemal uitgesterf het.

Riebeek Kasteel het 'n Kompanjie buiteposte geword en was beman deur 'n Korporaas en agt (8) man. 'n Kanon, wat op Kasteelberg gemonteer was en vandag in die Voortrekkeruin in Riebeek Kasteel staan, het kommunikasie tussen die Kaap en die hinterland moontlik gemaak.

Histories plase soos Kloovenburg, Allesverloren, Sonquasdrift en Vlysbank (nou Du Vlei) was gevestig deur die Hugenate boere wat begin het met die aanplant van wingerd teen die voetheuwels van Kasteelberg. Ander ambagte ondersteunend tot die landbou, soos wamakers, het in Riebeek Kasteel gevestig.

Afgetrede boere het hoofsaaklik in Riebeek Wes gevestig en die welvarendheid van die gemeenskap toe, kan steeds waargeneem word in die Victoriaanse boustyl en '*grandeur*' van die ouer huise, veral in Riebeek Wes. Die eerste kerk in die Riebeek Vallei is in die 1855's gestig en die De Oude Kerk in Riebeek Kasteel is gebou. Halfpad deur die bou van De Oude Kerk het die welvarende gemeenskap van Riebeek Wes van die projek in Riebeek Kasteel onttrek en besluit om hul eie kerk in Riebeek Wes te bou en 'n voltydse predikant aan te stel. Dit het destyds 'n skeuring in die gemeenskappe van die twee dorpe veroorsaak, met vriendelike wedywing wat tot vandag toe nog bestaan.

In 1929 het die spoorlyn uitgebrei vanaf Wellington na Porterville met stasies beide op Riebeek Kasteel en Riebeek Wes. Die vallei was nou meer toeganklik en boere kon hul produkte met gemak na die markte vervoer terwyl mense tussen die Kaap en die vallei kon pendel.

4.24.2 Dorpsleierargie en Ekonomiese Basis

Ligging

Riebeek Kasteel is ongeveer 20 kilometer noordoos van Malmesbury geleë en verkry toegang via die Paarl pad (afdelingspad 24/1) na die R45 wat Malmesbury met Hermon verbind. Die R45 word gekoppel aan die N1 deur die R311, die hoof verkeersroete deur die Riebeek Vallei, wat Riebeek Kasteel in twee verdeel. Die roetes na die dorp word beklemtoon deur 'n poort wat gevorm word deur die berg en vallei landskap.

Riebeek Kasteel is geleë teen die hange van Kasteelberg en word omring deur van die oudste historiese wynplase in Suid Afrika. Die reghoekige ruit patroon van die dorp word versterk deur die aangrensende wingerde en omliggende intensiewe landbou gebruike word tot teenaan die stedelike randgebied bedryf.

Ekonomiese basis

Vandag bly landbou, en veral die intensiewe landbou sektor wat wingerd en boorde insluit, steeds die belangrikste ekonomiese sektor van die dorp en omliggende omgewing. Die grond rondom Kasteelberg is baie vrugbaar as gevolg van die hoë reënval van die omgewing en verhoogde afloop van die berg af. Die dorpe wat ontstaan het om die omliggende landbou gemeenskap te bedien, dien steeds vandag die doel in die vallei.

Die Riebeek vallei, met sy pragtige vistas en die Kasteelberg as agtergrond, se meer onlangse bekendheid as toerisme nodus het toenemende ontwikkeling in veral Riebeek Kasteel tot gevolg gehad. Die dorpe het ook die tuiste vir afgetredenes en inwoners op soek na 'n alternatiewe leefstyl in die platteland geword. Baie mense bly vandag in die vallei terwyl hul in die Kaap en ander dorpe in die area werk.


Ontwikkelingspotensiaal

As gevolg van die toenemende gewildheid van Riebeek Kasteel as residensiële bestemming vir afgetredenes en verskeie persone wat in die Kaap en ander omliggende dorpe werk, het die vraag na residensiële ontwikkelings toegeneem. Verskeie nuwe en invul residensiële ontwikkelings vind in die dorp plaas. Die ontwikkeling van toekomstige gesubsidieerde behuisingsprojekte in Riebeek Kasteel word nie deur die GOP ondersteun nie. Derhalwe sal vir die bestaande agterstand nog binne die vallei voorsien word, maar die toekomstige vraag na gesubsidieerde behuising in die Riebeek Vallei sal eerder in Malmesbury voorsien word.

Riebeek Kasteel vorm deel van die toerisme korridor in die Riebeek Vallei. Riebeek Kasteel is nie as een van die groeipunte in die Swartland geïdentifiseer nie, maar vanweë sy unieke plek identiteit en natuurlike estetiese hulpbronne bied die dorp tog unieke toerisme en residensiële komponente wat verder uitgebou en ondersteun kan word. Die rigting van uitbreiding van die dorp bevorder die integrasie tussen die kern en Esterhof ten einde 'n meer funksionele en geïntegreerde stedelike struktuur daar te stel.

4.24.3 Ruimtelike Elemente Grondgebruike, Berge & Heuwels

Riebeek Kasteel word begrens deur natuurlike plantegroei van Kasteelberg op die westelike grens terwyl hoë potensiale landbougrond, waarop wingerde, sagte vrugte boorde en verskeie plaasdamme voorkom, die noordelike, suidelike en oostelike grense vorm. 'n Belangrike oorweging in die



bepaling van die stedelike randgebied in Riebeek Kasteel was die omvang van ontwikkeling teen Kasteelberg se hange en die voorkoms van hoë potensiaal landbougrond onmiddellik aanliggend aan die dorp.

Waterweë

Verskeie rivieraflope aan die voet van die Kasteelberg, wat deur die dorpe loop, is bewarenswaardig terwyl meeste van hierdie rivieraflope se natuurlike roetes reeds verander is.

4.24.4 Stedelike Struktuur

Riebeek Kasteel is op die oostelike grens van die Swartland in die Riebeek Vallei geleë. Riebeek Kasteel en Riebeek Wes, wat 6 kilometer van mekaar geleë is, het noue interaksie op ekonomiese, sosiale en funksionele vlakke. Die dorp bied steeds beperkte diens aan die omliggende landbou gemeenskap met die landelike karakter, mooi omliggende omgewing en kulturele erfenis wat verskeie geleenthede vir toerisme bied.

Hoewel die dorp se ontwikkelings potensiaal as “laag” geklassifiseer is, bied die unieke plek identiteit verskeie geleenthede vir residensiële en toerisme ontwikkeling. Die voorgestelde investering in bykomende en kleinskaalse infrastruktuur sal die geleenthede verder ondersteun.

Dorp	Ekonomiese Basis	Plek Identiteit	Beleggings Prioriteite	Ruimtelike Beplanning Kategorieë	ROR Klassifisering
Riebeek Kasteel	Agritoerisme	Kulturele erfenis en mooi omgewing	Kleinskaalse Infrastruktuur	Dc. Plaaslike dorp	Toerisme dorp/Landbou

Tabel 31: Ruimtelike klassifisering van Riebeek Kasteel

(i) Dorpsuitleg

Die sentrale dorp van Riebeek Kasteel is as ‘n kompakte ruitpatroon om die bestaande markplein uitgelê. Uitbreiding het weswaarts teen die hange van Kasteelberg en ooswaarts in die residensiële gebied van Esterhof geskied en derhalwe bestaan daar vier areas in Riebeek Kasteel wat soos volg beskryf kan word:


- die gedeelte aan die voet van Kasteelberg, oos van Kerkstraat, wat uit laer en medium digtheid residensiële en beperkte toerisme verwante kommersiële funksies bestaan;
- die area om die middedorp wat ‘n kombinasie van medium en hoër digtheid residensiële en kommersiële gebruike bevat;
- gedeelte rondom die wynkelder tussen Esterhof en die sentrale dorp waar daar bestaande laer digtheid ontwikkelings gevestig is en die moontlikheid vir residensiële uitbreiding voorkom, en;
- Esterhof op die oostelike grens wat hoofsaaklik ‘n hoër digtheid residensiële ontwikkeling met beperkte ondersteunend kommersiële en sosiale dienste bevat.

(ii) Beboude vorm

Die historiese kern van die dorp spog met verskeie erfenis bronne en geboue, meestal twee verdiepings hoog, wat in goeie toestand onderhou word. Die bestaande hoogtes in en om die kern is betreklik laag met geboue wat nie hoër as twee verdiepings vertoon nie. Nuwe ontwikkelings binne die stedelike kern asook in die voorgestelde ontwikkelings gebied moet simpatiek met die bestaande beboude vorm geskied en hierby aanpas. Die omliggende landelike omgewing en Kasteelberg as belangrike landskap fokus kan ook deur slim ontwerp by die vistas van nuwe ontwikkelings geïnkorporeer word.

Nodusse:

- Riebeek Kasteel het goed gedefinieerde **ingangspoorte** langs Kerkstraat en Hoofstraat. Die breedte van Hoofpad 227 (Kerkstraat of R311) doen afbreek aan die dorp se klein en kompakte skaal. Voertuie wat spoed veroorsaak geraas en 'n onveilige toegang vir voertuie en voetgangers. Die Hoof- en Kerkstraatkruising is onlangs opgradeer om groter veiligheid te verseker. Die vernouing van R311 deur die skep van syaadjies en aanplanting van bome kan groter veiligheid aan voetgangers te verleen en die karakter van die dorp versterk.
- Riebeek Kasteel bestaan hoofsaaklik uit vier (4) **residensiële nodusse** – die gedeelte aan die voet van Kasteelberg oos van Kerkstraat wat uit laer en medium digtheid residensiële ontwikkelings bestaan, die area om die middedorp wat 'n kombinasie van medium en hoër digtheid residensiële gebruike verteenwoordig, die gedeelte langs die wynkelder tussen Esterhof en die sentrale dorp waar daar bestaande laer digtheid ontwikkelings voorkom en Esterhof op die oostelike grens wat hoofsaaklik hoër digtheid residensiële ontwikkeling bevat.




Skets 4: Riebeek Kasteel se ruimtelike struktuur

- **Besighidsnodus** is gekonsentreer om die sentrale plein van die dorp en ook langs Kerk-, Hoof-, Piet Retief en Hermonstraat.
- **Nywerheidsnodus** is geleë aan die oostelike kant van die dorp langs Kloofstraat.
- **Oopruimtes** kom verspreid deur die dorp voor en geen definitiewe netwerk bestaan nie. Die dorp het vanweë die hoë intensiewe landbou gebruike in die omliggende omgewing 'n baie kompakte vorm met Kasteelberg wat nie net 'n belangrike visuele agtergrond vir die dorp skep nie, maar ook deel van oopruimte netwerk uitmaak.
- **Publieke nodusse** wat vergaderplekke, pleine en informele handelsareas insluit kom verspreid deur die dorp voor. Die pleinarea wat omring word deur Hoof-, Sarel Cillier-, Royal- en Piet Retiefstraat vorm 'n belangrike fokuspunt in die dorp wat verder uitgebou kan word.

(iii) Digtheid

Bestaande bewoningsdigtheid binne Riebeek Kasteel is 8.2 eenhede per hektaar. 'n Bewoningsdigtheid norm van 8.5 eenhede per hektaar moet oor die volgende 20 jaar bereik word. Die lae verdigtingskoers help om die bestaande karakter van Riebeek Kasteel te behou.

Hoer digtheid residensiële ontwikkelings moet langs aktiwiteitstrate aangemoedig word waar dit deel kan uitmaak van gemengde gebruike.



(iv) Funksionaliteit

Gemengde gebruike en dienste kom in en om die dorpskern voor met beperkte dienste en fasiliteite in Esterhof, wat relatief ver van die kern geleë is. Kloofstraat verbind die residensiële gebied en die sentrale kern van Riebeeek Kasteel en speel 'n toenemende belangrike rol in die integrasie van die gemeenskappe.

(v) Groei Potensiaal

Die groei potensiaal van Riebeeek Kasteel is gerig op interne verdigting en die integrasie van die sentrale gedeelte van Riebeeek Kasteel en die Esterhof residensiële area. Die meerderheid van die ontwikkelingsgeleenthede kom dan aanliggend aan die aktiwiteitskorridor tussen die twee gedeeltes voor. Daar bestaan ook gedeeltes van die grond geïdentifiseer wat behou kan word vir landbou gebruike te midde van die voorgestelde invul ontwikkeling en die bestaande karakter van Riebeeek Kasteel ondersteun. Die industriële area voorgestel op die noordoostelike periferie van Riebeeek Kasteel moet ondersteunend wees tot die landbou.

Die addisionele grond wat benodig word is soos volg:


Addisionele Grond benodig vir uitbreiding 2011-2022	
Jaar	Ha
2012	25.8
2017	41.3
2022	62.2
2027	85.4

Tabel 32 : Addisionele Grond benodig vir Riebeeek Kasteel

4.24.5 Bewegingsnetwerk

Die volgende **Primêre Verkeersroetes** kom in Riebeek Wes voor:

- Die **hoofverkeersroete** – Kerkstraat (Pad 227) is 'n primêre vervoer-, toegangsroete en verbindingweg na Riebeek Vallei en die omliggende dorpe.
- Ander **verbindingsoetes** is die **R315-R311**. Die R315 verbind Moorreesburg met Hopefield in die weste en die **R311** verbind Moorreesburg en die Riebeek Vallei (onlangs opgradeer en in 'n goeie toestand) sowel as grondpaaie na die noorde, wat insluit verbinding deur Moorreesburg met Koringberg en Darling.



Skets 5: Hoof bewegingsroetes in Riebeek Kasteel.

- **Aktiwiteitsasse** binne die dorp is Hoof-, Sarel Cilliers-, Piet Retief-, Hermon-, Van Riebeek-, Kloof- en Leliestraat. Die aktiwiteitsasse versprei voertuie deur die dorp en dien as verbindingsoetes met Esterhof.
- Die handelsaktiwiteite in Riebeek Kasteel kom rondom die volgende **aktiwiteitstrate** voor naamlik Hoof-, Sarel Cilliers-, Royal-, Piet Retief- Van Riebeek-, Lelie- en Kloofstraat, met handelsaktiwiteite wat om die sentrale pleinarea voorkom. Die strate het ten doel om toeganklikheid te vergemaklik en ontwikkelingsgeleenthede vir plaaslike entrepreneurs te fasiliteer.
- **Sekondêre asse** bestaan langs Kloofstraat na die winkelder en Esterhof in die oostelike deel van die dorp.
- **Infrastruktuur as** - die treinspoor op die oostelike grens van die dorp vorm 'n belangrike infrastruktuur as tesame met Kerkstraat (R311) as hoof toegangsroete na Riebeek Kasteel.

4.24.6 Dienste en Infrastruktuur

Die volgehoue groei van Riebeek Kasteel het toenemende druk op die grootmaat infrastruktuur geplaas en die nodige uitbreiding van infrastruktuur ten einde volgehoue volhoubare groei te ondersteun, het reeds 'n aanvang geneem. Swartland Munisipaliteit lewer tans die volgende munisipale dienste op Riebeek Kasteel:

Water

Riebeek Kasteel is afhanklik van die Voëlvlei Skema, met water wat in twee (2) reservoirs gestoor word (totale kapasiteit van 1500 kl) voordat dit na die verbruikers versprei word. Toekomstige uitbreiding van die reservoirs sal op die bestaande perseel plaasvind.

Die bestaande waternetwerk van Riebeek Kasteel is verouderd en beperk. Die volgende kwessies moet aandag geniet:

- Beperkte uitbreiding;
- Geen chlorinering;
- Beveiliging van reservoirs;
- Swak druk in sekere gebiede gedurende veral piektye vanwee die ligging van die dorp teen die voetheuwels van Kasteelberg.

Onderhoud van waternetwerk in Riebeek Wes is voldoende.

Die “*Water Services Development Plan*” gee die aantal residensiële verbruikers van water as 592, met die toekomstige vraag na water (Ml/jaar) wat as volg aangegee is:

	Toekomstige vraag na Water (Ml/jaar)				
	2012	2017	2022	2027	2032
Riebeek Kasteel	232,047	245,438	259,607	274,601	290,467

Tabel 33: Riebeek Kasteel vooruitgeskatte vraag na water.

Riool

Die huidige rioolstelsel in Riebeek Kasteel bestaan uit spoelrioel en op-perseel septiese tenks. Die Tesourie Afdeling van die Munisipaliteit toon aan dat daar 222 verbruikers septiese tenks gebruik en 440 verbruikers is aan die riooluitvalwerke gekoppel. Die riooluitvalwerke bestaan uit oksidasie damme met beperkte kapasiteit wat nie toekomstige uitbreiding kan akkommodeer nie. Die rioolafloop voldoen nie aan die standaard van die Departement van Waterwese en Bosbou nie. Ander uitdagings wat geïdentifiseer is, sluit in:

- Werklike kapasiteit is onbekend;
- Geen vloeiometer wat die volume kan bepaal ; en
- Onderhoud aan damwalle en inlaatwerke is nodig.

Die uitbreiding en opgradering van die rioolwerke in die Riebeek Vallei ten einde toekomstige ontwikkeling van die gebied te ondersteun word op Riebeek Kasteel beplan. Die nuwe rioolwerke sal op 'n perseel buite die stedelike gebied op die oostelike rand van die dorp gebou word. Die rioolwerke sal al die dorpe in die Riebeek Vallei, wat Riebeek Kasteel, Riebeek Wes en Ongegund insluit, bedien. Daar word voorsien dat die rioolwerke teen 2013 gebou sal wees met die beplanning en prosesse wat reeds 'n aanvang geneem het. Die bestaande rioolwerke in Riebeek Kasteel sal gesluit word vir moontlike rehabilitasie van die area en kan moontlik as toekomstige begraaftaas gebruik word.

Elektrisiteit

Eskom is die plaaslike elektrisiteit voorsieningsowerheid in Riebeek Kasteel. Straatbeligting is oorwegend onvoldoende.

Vullisverwydering

All huishoudelike vullis van alle formele erwe in die Swartland word op 'n weeklikse basis met 'n deur tot deur diens deur Swartland Munisipaliteit bedien. Swartland Munisipaliteit het tans net

een gelisensieerde stortingsterrein, Highlands geleë wes van Abbotsdale, net buite Malmesbury, wat die Swartland streek bedien.

Die stortingsterrein buite Riebeek Kasteel is gerehabiliteer met die munisipaliteit wat wag vir die uitreiking van 'n permit vir die finale sluiting van die perseel. Publieke 'aflaai' punte, waar vullis wat nie opgelaaï word nie (soos bv. tuin vullis) gestort kan word, word in Riebeek Kasteel voorsien.

Paaie & verkeer

Riebeek Kasteel is geleë aanliggend aan Hoofpad 227 wat Riebeek Kasteel met Riebeek Wes en Ongegund verbind asook die Riebeek Vallei met Moorreesburg waar dit die N7 ontmoet.

Volgens die Swartland GOP is 65% van Riebeek Kasteel se strate geteer, met die algemene toestand van die strate wat as goed beskryf word.

Veiligheid

Die Riebeek Vallei benodig 'n satelliet brandweer- en polisiestasie

4.24.7 Voorgestelde Ontwikkeling en Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsones

Riebeek Kasteel se rol kleinskaalse landbou dienssentrum asook sy bydrae as agri-toerisme dorp binne die Riebeek Vallei moet verder versterk en uitgebou word. Die Swartland GOP Makro Strategie oormerk Riebeek Wes vir Harde (infrastruktuur) en Sagte (mense & sosiale infrastruktuur) investering. Die volgende bied riglyne vir die beplanning van die dorp:

Toekomstige Ontwikkeling
Ekonomiese Ontwikkeling: Versterk die kommersiële nodusse binne Riebeek Kasteel asook die aktiwiteitsasse tussen die nodusse.
Ondersteun ontwikkeling langs aktiwiteitsasse en strate ten einde dorp ruimtelik te integreer.
Grondhervorming: Projek vir grondhervorming is in Riebeek Vallei geïdentifiseer
Behuising/ Residensiële Ontwikkeling: Ondersteun die voorsiening van geïntegreerde residensiële ontwikkeling;
Bevorder verdigting binne die stedelike areas wat sensitief tot die historiese karakter van die dorp is;
Integrasie van residensiële gebiede deur invul ontwikkeling wat bestaan uit geïntegreerde residensiële komponente;
Gesubsidieerde Behuising - Geen ontwikkeling van toekomstige gesubsidieerde behuising word in die Riebeek Vallei beplan nie, toekomstige tekorte in die Riebeek Vallei moet in Malmesbury aangespreek word.
Bestaande behuising agterstand – 955
Groei potensiaal van residensiële ontwikkeling - Lae Prioriteit
Infrastruktuur en Dienste: Optimaliseer gebruik van infrastruktuur;
Veiligheid: Benodig satelliet brandweerstasie en satelliet polisiestasie in Riebeek Vallei
Toerisme Beskerm die historiese en natuurlike erfenis elemente wat die toerisme funksie van die dorp ondersteun;
Ondersteun Riebeek Kasteel as toerisme dorp in die Swartland;
Prioritiseer toerisme ontwikkeling in Riebeek Vallei - bou sosio-kulturele en natuurlike aantreklikheid van die gebied verder uit - belangrik dat projekte

bestaande toerisme aantreklikheid moet bevorder en moet skakel met ander verwante toerisme bedrywe.
Ontwikkel en onderhou toerisme verwante infrastruktuur soos toerisme buro's, padtekens en toerisme fasiliteite.
Bevorder en bewaar kulturele erfenis, mooi omgewing en agritoerisme met bemarking infrastruktuur en ondersteun BBBEE toerisme projekte
Sosiale Ontwikkeling Benodig veeldoelige gemeenskapsentrum
Ekonomiese Ontwikkeling Opleiding gefokus op agritoerisme ontwikkeling, kuns en entrepreneurskap

Die volgende ruimtelike ontwikkelingsones en voorstelle word voorgestel vir Riebeek Kasteel ten einde die bestaande geleenthede binne die stedelike konteks ten volle te benut en die beperkinge van die stedelike vorm aan te spreek. Die sone en ontwikkelingsvoorstelle moet saam met die relevante kaarte gelees word.

Riebeek Kasteel Sone Voorstelle

Verwys na Riebeek Kasteel Sone Kaart: Die dorpsgebied van Riebeek Kasteel is in sestien (16) sones (areas met gemeenskaplike kenmerke) ingedeel en die grondgebruike soos aanbeveel vir die onderskeie sones volg in die onderstaande tabel:

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftreeoorde	Gastehuisse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
A	Sone A het grotendeels 'n lae digtheid residensiële karakter. Die area moet weens sy historiese karakter en die ligging van die Historiese Kerk met groot omsigtigheid hanteer word.	X	X		X						X	X	X			
B	Sone B bestaan uit die sentrale sakekern waar sake en ander verwante gebruike voorkom	X	X	In ooreenstemming met omliggende historiese karakter X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	
C	Sone C het grotendeels 'n sport funksie met moontlikhede vir residensiële ontwikkeling.	X	X	X	X	X		Langs aktiwiteitsstrate X		By nodus X	X	X	X	X	X	
D	Sone D het grotendeels 'n residensiële asook institusionele karakter. Verskeie residensiële digthede kom voor in die area wat ook geleenthede vir invul ontwikkeling bied.	X	X	Langs Aktiwiteitsstrate X	X	X		X		Langs aktiwiteitsstraat X	X	X	X	X	X	
D1	Sone D1 beskik oor 'n lae digtheid residensiële karakter met geleenthede vir geïntegreerde invul ontwikkeling naby die sakekern.	X	X	X	X	X		X		By nodus X	X	X	X	X	X	
D2	Sone D2 het 'n lae tot medium digtheid residensiële karakter met invul geleenthede	X	X		X	X		X			X	X	X	X	X	
E	In Sone E is 'n sekondêre sakenodus met toerisme gerigte gebruike. Uitbreiding van die nodus moet ook verkieslik op die toerisme mark gerig wees.	X	X	X	X	X		X	Gemik op toerisme bedryf X	X	X		X		Sportfasiliteit X	
F	Sone F bevat residensiële en owerheid funksies (begraafplaas).	X	X										X	X		

VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE		Lae Digtheid Residensiële Funksie	Medium Digtheid Residensiële Funksie	Hoë Digtheid Residensiële Funksies	Sekondêre Opvoedkundige Funksie (bv. crèches)	Institusionele Funksie (bv. onderrigplek)	Professionele Dienste	Sekondêre Professionele Dienste (bv. kantore)	Sakefunksie (winkel, supermark, diensstasie)	Sekondêre Sakefunksie (bv. kafee, huiswinkels)	Kerke	Aftrecoorde	Gastehuse	Owerheid	Ontspanning Fasiliteite	Nywerheid
SONE																
G	Sone G is 'n area geoormerk vir geïntegreerde ontwikkeling tussen Esterhof en sentrale Riebeeck Kasteel. Residensiële ontwikkeling van gemengde digtheid met kommersiële geleenthede langs die aktiwiteitsas asook by die kruising van Kloofstraat en Leliestraat word voorgestel.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X	By nodus X	Langs aktiwiteitsas X	By nodus X	Langs aktiwiteitsas X	X	X	X		X	
H	Sone H het 'n lae digtheid residensiële karakter met residensiële erwe van groter as 1000m². Daar bestaan beperkte kommersiële geleenthede langs die aktiwiteitsas.	X						Langs aktiwiteitstraat X		Langs aktiwiteitstraat X			X			
I	Sone I vorm deel van die nywerheidsgebied met verdere geleenthede vir uitbreiding en beperkte kommersiële geleenthede langs die aktiwiteitstraat									Langs aktiwiteitstraat X			X	X	X	X
J	Sone J het 'n medium en hoë residensiële karakter met ondersteunende sosiale infrastruktuur.		X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X		X	X	X			X	
K	Sone K is 'n sekondêre nodus waar sake en verwante gebruike voorkom.			X	X		X	X	X	X	X			X		
L	Sone L is geoormerk vir invul ontwikkeling vir veral residensiële gebruike wat ondersteun word deur ander gemengde gebruike.	X	X	Langs aktiwiteitstrate X	X	X		X		X	X	X	X		X	
M	Sone M is 'n toekomstige nywerheidsgebied, met ontwikkeling wat sensitief moet wees vir bestaande lope								X							X
N	Sone N is geoormerk vir residensiële ontwikkeling met geleenthede vir lae en medium digtheid geleenthede.	X	X		X			X		X	X	X	X		X	

Riebeek Kasteel Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

Verwys na Riebeek Kasteel Ruimtelike Voorstelle Kaart

Verbinding	
Voorstelle	Aksieplanne
Paaie - Ondersteun ontwikkeling en opgradering van die roetes in ooreenstemming met die uitbreiding en ontwikkeling in Riebeek Kasteel soos voorgestel op Bewegingsnetwerkkarta. - Konsentreer en ondersteun ontwikkeling op geïdentifiseerde aktiwiteitsasse en aktiwiteitsstrate binne Riebeek Kasteel in ooreenstemming met bewegingsnetwerk kaart. - Bevorder gemengde gebruike langs die aktiwiteitsasse om integrasie tussen sentrale gedeeltes van die dorp en Esterhof te bevorder. - Verfraai die hoof deurgangsroetes deur Riebeek Kasteel en op interne aktiwiteitstrate wat die gebiede met mekaar verbind deur bome aan te plant. - Installeer spoedbeheer meganismes om die spoed van deurgang verkeer deur Riebeek Kasteel op die R311 te verminder.	Paaie - Verfraai hoofingangspoorte, naamlik Hoof- en Hermonstraat, met bome en straatmeublement. - Ontwikkel Kloofstraat as 'n belangrike verbindingsroete en aktiwiteitsas tussen Esterhof en die sentrale dorp: verfraai die roete en voorsien veilige voetgangerpaaie.
Aktiwiteitsas (Ruimtelike Integrasie) - Die verbindingsroete tussen die sentrale dorp en Esterhof moet verbruikersvriendelik gemaak word met landskapering en voetganger veilige roetes. - Bevorder die gemengde gebruike langs die as om sosiale en ekonomiese integrasie te bevorder.	Aktiwiteitsas (Ruimtelike Integrasie) - Verfraai en verbeter van voetgangerpad om gemengde gebruike te ondersteun en uit te brei. - Skep geïntegreerde residensiële ontwikkelings in die vakante gebied tussen die sentrale deel van dorp en Esterhof om integrasie te bewerkstellig.
Voetpaaie - Voorsien toeganklike voetgangerpaaie en fietsroetes langs verkeersroetes om voetganger- en toerisme verkeer aan te moedig en te beveilig. - Voorsien voetgangervriendelike omgewing, veral langs die aktiwiteitsasse wat verskillende gebiede met mekaar verbind. - Ontwikkel fietsroete in die Riebeek Vallei tussen Riebeek Kasteel, Riebeek Wes en Ongegund. - Voorsien veilige voetganger kruisings - spesiale oppervlak behandeling beklemtoon die aantrede tot voetganger oorgange vir voetgangers en motoriste.	Voetpaaie - Verbeter en formaliseer voetgangerroetes deur die dorp en veral tussen Esterhof en die sentrale gedeeltes van die dorp langs Kloof- en Van Riebeekstraat. - Ondersteun voorgestelde ontspanning voetpaaie en wandelpaaie op Kasteelberg binne die groen korridor.

Publieke Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Publieke nodusse • Gradeer sentrale markplein in Riebeek Kasteel op. • Skep aaneengeskakelde oopruimtes netwerk vir publieke gebruik. • Ondersteun die volgende bestaande nodusse: - o Sentrale plein in die sentrale sakekern van Riebeek Kasteel. - o Parkeerarea voor die NG kerk. - o Area in Shortstraat.	Publieke nodusse • Stel ontwikkelingstrategie vir die opgradering en herlewing van die openbare nodusse op.
Gemeenskapsfasiliteite • Voorsien ondersteunende gemeenskap geriewe binne die sentrale sakekern soos openbare toilette en vullisdromme langs aktiviteitsstrate. • Voorsien 'n nuwe begraafplaas in Riebeek Kasteel. • Onderzoek plasing van satelliet brandweerstasie en polisiestasie in die Riebeek Vallei om die gemeenskap beter te bedien. • Voorsiening primêre gesondheidsfasiliteite binne die gemeenskap. • Ondersteun gemeenskap projekte binne die woongebiede wat toeganklik is vir inwoners. • Ontwikkel 'n veeldoelige gemeenskapsentrum Opvoedkundige fasiliteite. • Maak voldoende voorsiening vir opvoedkundige fasiliteite veral crèches binne residensiële areas. Sportfasiliteite • Gradeer en breiding bestaande sportnodus in Riebeek Kasteel uit.	Gemeenskapsfasiliteite • Identifiseer en beplan 'n nuwe area vir begraafplaas in Riebeek Kasteel. • Voorsien publieke toilette op sentrale plein ondersteunend tot gemeenskapsfunksies bv. die Olyf- en Pinotage feeste. Opvoedkundige fasiliteite • Bevorder crèches binne residensiële areas Sportfasiliteite • Gradeer bestaande sportgronde op om die breër gemeenskap te bedien.
Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte Netwerk en Korridors • Erken Kasteelberg as een van die grootste bakens en bates van die dorp. • Stel 'n bestuursplan vir die Kasteelberg area om die bewaring daarvan te verseker wat 'n ontwikkelingslyn wat landbou bedrywighede teen die hange van die berg insluit, aanpreek. • Identifiseer bewaringsgebiede binne en om die stedelike areas wat erfenis roetes insluit om erkenning en blootstelling aan die beboude erfenis te gee. • Benut natuurlike gebiede binne die stedelike gebiede deur die ontwikkeling staproetes en fietspaaie.	Natuurlike Bewaringsgebiede, Oopruimte Netwerk en Korridors • Gee formele status aan bewaringsgebiede deur hersonering na Oopruimte Sone III. • Stel bestuursplanne op wat kan deel vorm van die omgewingsbestuursplan vir die Swartland. • Dra publieke oopruimtes aan die Munisipaliteit oor.

Oopruimtes • Voorsien aaneenlopende oopruimte sisteem deur die stedelike gebied. • Benut oopruimte netwerke beter deur wandelpaaie en ontspanningfasiliteite soos piekniekplekke te ontwikkel. Ontwikkeling en beter benutting van oopruimtesisteme deur voorsiening van wandelpaaie en ontspanning gebruike soos piekniekareas binne die gebiede. • Oopruimte aanliggend aan die Kerk bied die geleentheid vir 'n goed geplaaste sentrale oopruimte area in die dorp. • Straat boomaanplanting langs sekondêre vervoer roetes omdat die roetes die primêre plaaslike voetganger roetes vorm. • Straat boomaanplanting langs strate as deel van die skepping van die groen “web/raamwerk” deur die dorp. Betrek plaaslike gemeenskappe en organisasies/besighede in die projek vir boomaanplanting asook die onderhoud van die bome. Die bome kan ook in private erwe langs die paaie geplant word om eter eienaarskap te verleen aan die projek. • Verbeter die eentonige visuele karakter van hoë digtheid residensiële ontwikkelings, veral gesubsidieerde behuising areas, deur aanplant van bome langs strate, wat dan ook die skakels tussen oopruimtes verbeter. • Ontwikkeling en beter benutting van oopruimte netwerk deur die rehabilitasie van gebiede deur uitheemse indringerplante uit natuurlike gebiede te verwyder en parke meer toeganklik te maak met versorging en gebruik van inheemse plantegroei wat min onderhoud verlang. • Skep van “harde” oopruimtes in of naby die dorp kern om geleentheid te bied vir parkering asook informele kommersiële aktiwiteite soos markte.	Oopruimtes • Skep 'n hiërargie van aaneengeskakelde oopruimte sisteme. • Wandelpaaie en fietsroetes in Kasteelberg moet bemark word as 'n toerisme attraksies. • Dra publieke oopruimtes in ontwikkelings aan Munisipaliteit oor.
Historiese Bewaringsgebiede • Oefen streng kontrole uit oor die aanbouing en slopings by geboue van erfenis belang. • Identifiseer spesifieke strate in dorp vir bewaring. • Verseker simpatieke ontwikkeling om erfenis geboue wat die bestaande karakter van die omgewing in ag neem.	Historiese Bewaringsgebiede • Stel 'n Estetiese Komitee vir die bewaring van die estetiese karakter van Riebeek Kasteel saam wat die Raad adviseer ten opsigte van die bewaringswaarde van geboue. • Stel estetiese riglyne vir Riebeek Wes op wat onder andere standaard vir advertensieborde, straatnaamborde en aansigte van geboue veral in die historiese kern sal reguleer.
Toerisme • Bou Riebeek Kasteel uit as een van die hoof toerisme dorpe in die Swartland, met die Riebeek Vallei as 'n belangrike toerismenodus	Toerisme • Moedig vestiging van verblyfgeleenthede van hoë standaard in die stedelike en landelike gebiede aan.

binne steekverband. • Ondersteun en verbeter toerisme infrastruktuur soos plaaslike toerisme buro en aanwysings. Verhoog die standaard van toerisme fasiliteite. • Bevorder Agri-toerisme. • Verskaf opleidingsgeleenthede in die agri-toerismebedryf aan die plaaslike gemeenskap om 'n bydrae tot die bedryf te lewer.	• Stel 'n toerisme beleid vir die Riebeek Vallei op waarin spesifieke riglyne en fokusareas geïdentifiseer word wat toerisme kan uitbou. • Ontwikkel opvoedkundige wandelpaie in die bewaringsgebiede (natuurlik en beboude omgewing). • Verfraai die dorp deur die implementering van landskaperingsvoorstelle soos deur OVP opgestel. • Ondersteun die voetganger en fietsroete in die Riebeek Vallei tussen die bestaande dorpsnodusse.

Privaat Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Behuising • Ruimtelik moet daar voorsiening gemaak word vir alle vorme van behuising. • Ontwikkel erwe in ooreenstemming met die beskikbaarheid van grootmaat dienste. • Ontwikkel volhoubare en geïntegreerde residensiële uitbreidings ten einde vir alle lede van die gemeenskap behuisingsopsies te voorsien. • Voorsien toekomstige gesubsidieerde behuisingsagterstande van die Riebeek Vallei in Malmesbury. • Ontwikkel area tussen sentrale Riebeek Kasteel en Esterhof gedeeltelik as residensiële area en voorsien groter verskeidenheid behuising vir geïntegreerde ontwikkeling. • Brei landelike bewoningsarea (erwe >1000m²) oos van bestaande gebied op wynkelder se gronde uit.	Behuising • Beplan die voorsiening van grootmaatsdienste in oorleg met die voorgestelde uitbreidings. • Hou behuisingswaglyste op datum. • Bevorder geïntegreerde residensiële ontwikkeling in die voorgestelde uitbreidingsareas tussen sentraal Riebeek Kasteel en Esterhof.
Verdigting • Verdig Riebeek Kasteel deur a) onderverdeling (deeltitel), b) invul ontwikkeling en c) hernuwing, • Handhaaf die “cupcake” beginsel deur middel van invul, stedelike hernuwing en integrering in die middedorp. • Bevorder verdigting volgens die sonevoorstelle met hoër digtheid ontwikkelings langs die aktiviteitsstrate. • Ondersteun invul ontwikkeling in Riebeek Kasteel. • Onderverdelings en hernuwing van areas moet binne die konteks van die omliggende omgewing toegelaat word en sensitief met die karakter van bestaande beboude gebied geskiet. • Beskerm bestaande karakter deur die ontwikkeling van verdigtings riglyne.	• Identifiseer invulgeleenthede. • Ondersteun die voorsiening van GAP behuisingsgeleenthede binne Riebeek Kasteel.

Laat onderverdeling van enkel residensiële erwe toe met minimum grote van 500m² of dienooreenkomstig die konteks van die area en onmiddellike omgewing.	
Neutrale Ruimtes	
Voorstelle	Aksieplanne
Kommersiëel - Versterk die bestaande drie sake nodusse binne Riebeek Kasteel en Esterhof. - Ontwikkel 'n nuwe kleiner sakenodus op die kruising tussen Kloof- en Leliestraat by die ingang van Esterhof. - Ondersteun huiswinkels en professionele dienste langs aktiwiteitstrate.	Kommersiëel Ondersteun die vestiging van huiswinkels en sekondêre sakenodusse langs aktiwiteitstrate binne loopafstand van die gemeenskap.
Industrieel Ondersteun industriële uitbreiding in Riebeek Kasteel met die klem op nywerhede ondersteunende tot die landboubedryf.	Industrieel Identifiseer grond en vooruitbeplanning van dienste kapasiteit om industriële ontwikkeling te ondersteun. Neem bestaande waterlope deur die gebied in ag tydens die identifisering van grond en beplanning van dienste infrastruktuur.

Grootmaat Infrastruktuur	
Voorstelle	Aksieplanne
Infrastruktuur Laat voldoende ruimte vir die voorsiening van grootmaat dienste wat reservoirs, oorhoofse kraglyne, toekomstige paaie en waterpypleine insluit.	- Toon toekomstige ruimtelike behoeftes van grootmaat dienste aan (Raad se Raadgewende Ingenieurs) en verseker dat dit versoenbaar is met ruimtelike voorstelle. - Stel Meesterplan vir die voorsiening en onderhoud van alle grootmaat infrastruktuur op. - Stel infrastruktuur begroting op in ooreenstemming met toekomstige ontwikkelingsvoorstelle. - Identifiseer die ligging en beplan die riooluitvalwerke op Riebeek Kasteel om al die stedelike areas in die Riebeek Vallei te bedien. Rioolwerke moet voldoende terug gesit word vanaf bestaande residensiële ontwikkeling.

Ruimtelike Sone en Voorstelle Kaarte: Riebeek Kasteel

WYK 12 – Landelike Area

4.25 Wyk 12: Landelike Ruimtelike Ontwikkelingsvoorstelle

(Verwys na Wyk 12 Landelike Voorstellingskaart)

4.25.1 Voorgestelde Landskappe

Die volgende **prominente landskappe** kom in **Wyk 12** voor:-ygy

Wildernislandskap: Kus, Berge en ander habitats

- Die Perdeberg en Porseleinberg in onderskeidelik die suidwestelike en westelike gedeelte van Wyk 12 asook die Kasteelberg vorm deel van die Kanonberg, Kasteelberg, Porseleinberg en Paardeberg bergkoppe en –reekskorridor. Die bergreekskorridor vorm 'n aaneenlopende strook wat krities is vir bewaring asook moontlikhede bied vir ekotoerisme.

Waterweë en verbindings:

- Die Bergrivier maak die oostelike en suidelike grens van die Wyk uit, die Dieprivier noord van Malmesbury en Wyk 12 maak deel uit van die dreineringsgebied wat omliggende riviere en damme voed.

Verbindingsweë en gordels:

- Die R45 and R46 deurkruis Wyk 12. Die R46 vorm die toerismeslingerroete van die Swartland.

Landboulandskap:

- Ekstensiewe sowel as intensiewe landbouproduksiegebiede met formele bewaringsareas om Paardeberggebied en toekomstige bewaringsareas om die Kasteelberg, maak die landboulandskap uit.

Sosiale Foci en Gemeenskapslandskap:

- Wyk 12 word ondersteun deur **Malmesbury** as die hoof dienssentrum in die Swartland asook die landelike dorp van **Riebeek Kasteel** in die noordelike gedeelte.

Kultuur-historiese landskap:

- Wyk 12 is die tuiste van die Paardeberg en Kasteelberg as erfenisbestemming en spog met verskeie feeste wat gedeel word met Wyke 3, 4 en 7.

4.25.2 Doelwit 1: Groei bestaande en skep volhoubare ekonomiese geleenthede

Strategie 1 : Ondersteun groei in areas met ekonomiese potensiaal	
Landelike areas met ekonomiese potensiaal en ontwikkelingsgeleenthede	Voorstelle
Streeksdienssentrum:	Ondersteun groei in Malmesbury as die streeksdienssentrum van die Swartland, geïdentifiseer as 'n belangrike stedelike groeipunt binne die groter Weskusarea.
Vervoerkorridor: Die N7 hoofroete en spoorroete bedien die Noord-Kaap en Namibië en voorsien geleenthede vir ekonomiese groei.	Versterk die R45 tussen Malmesbury en die Paarl, wat deur Wyk 12 loop, as belangrike verkeersroetes in die Swartland en versterk mobiliteit tussen landelike gebiede en stedelike sentrums.
Landbou-industriële sone:	Bevorder industriële en kommersiële landbou, landbouprosessering en landbou-industrieë rondom

												Malmesbury en Abbotsdale. Bevorder intensiewe boerdery geleenthede en landbouprosessering in omliggende areas om Malmesbury.
Toerisme gebiede en nodusse: Riebeek Vallei en Paardeberg Nasionale Erfenisgebied.												Sien Strategie 4.
Kommunikasiekorridors en –sones												Inligting onbekend. Bevorder toegang tot inligting in landelike gemeenskappe
Energiesones:												Bepaal 'n energiesone (wind en/of son) op die Drakenstein Wyk 7 grens.
Kern Stedelike gebiede:												Malmesbury is die plaaslike hoofdorp wat Wyk 12 bedien met Riebeek Kasteel as 'n landelike dorp wat op die noordelike periferie van Wyk 12 voorkom. Malmesbury dien as streekslandboudienssentrum terwyl Riebeek Kasteel as landboudienssentrum vir die onmiddellike omliggende landbougemeenskap dien. - Bevorder geleenthede vir residensiële ontwikkeling in Riebeek Kasteel. - Bevorder geleenthede vir residensiële en landbou industriële ontwikkeling in Malmesbury.
Strategie 2: Groei en diversifisering van landbou markte en produkte												
Mark penetrasie												Voorstelle
Huidige produkte en huidige markte												- Produseer, verpak en versprei landbouprodukte as Swartland landbouprodukte. Plaas 'n unieke kenmerk van Swartland op die produkte vir identifikasie en kwaliteitskontrole. - Bevorder ontwikkeling van nisprodukte soos meeltipes, fyn gebak, brode en konfyte (druie en perskes) in Koringberg. - Versterk die voorsieningsketting van primêre landbouprodukte vir hoofmarkte deur waardetoevoeging van landbouprodukte te ondersteun. - Bevorder die vervaardiging van produkte wat werk skep in die Swartland landelike areas, bv. die oes van riete, veldblomme en die maak van meubels en handgemaakte produkte van hout. - Ondersteun veral kleinskaalse boere in die gebied om nismarkte vir hul produkte te skep.
Gebied:	Koring	Ander Wintergraan	Lupiene	Lusern (droëland)	Wyndruiwe	Tafeldruiwe	Perskes	Voererte & Groenerte	Triticale & Medics	Wol & Vleisskape	Friesbeeste	
17: Malmesbury boerdery	X	X (hawer)		X	X			X	X	X	X	
18: Riebeek Vallei gemengde boerdery	X	X (hawer)	X		X	X	X			X	X	

Produk ontwikkeling	Voorstelle
Nuwe produkte van: Graan, Lupiene, Lusern, Aartappels, Druive, Perskes, Wol, Vleis, Melk	• Bevorder nisprodukte wat komplimenterend is tot die kommersiële landbou en toerisme. • Bevorder die vervaardiging van bier en aal van gars. • Ondersteun die vervaardiging van bio-brandstof. • Ondersteun die generering van 'n alternatiewe energie bron (wind en son plase). • Ondersteun die meganisasie van landbou deur ontwerp- en hersteldienste.
Mark ontwikkeling	Voorstelle
Nuwe markte: Plaaslik (Jeug, Staat ens.), Streek, Nasionaal, Internasionaal	• Moedig kommersiële boere aan om kleinboere te bemagtig. • Bevorder instandhouding- en skoonmaakdienste wat werkskepping bevorder bv. die skoonmaak van indringerplante langs rivierlope.
Diversifisering	Voorstelle
Nuwe produkte en nuwe markte Swartland het 'n baie gematigde Mediterreense klimaat, met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus). Die gemiddelde dagtemperatuur in die somer is 30°C en 20°C in die Winter.	• Bevorder die gematigde Mediterreense klimaat met warm, droë somers en gematigde, nat winters (Mei tot Augustus) as 'n toerisme aanloklikheid. • Bevorder die toerismebedryf in die landelike areas, en spesifiek Paardeberg, as 'n addisionele ekonomiese bron.
Strategie 3: Ondersteun volhoubare mynontwikkeling	
Ondersteun mynbougeleenthede	Voorstelle
Grondstowwe en minerale: <i>Graniet:</i> Slegs een myn bestaan by Rheebofsfontein noord van Malmesbury waar gebreekte klip vir die boubedryf geproduseer word. <i>Bousand:</i> word langs die R302 en R304 ontgin.	• Ondersteun die geleenthede vir ontginning van die volgende natuurlike hulpbronne in Wyk 12: - Ontginning van graniet noord van Malmesbury (Rheebofs granietgroef). - Ontginning van bousand langs die R302 en R304.
Toekenning van grondgebruiksparameters	• Ondersteun grondgebruiksveranderingsaansoeke nodig vir die ontginning van alle natuurlike hulpbronne.
Ondersteun Volhoubare mynbou	Voorstelle
Rehabilitering:	• Vereis rehabilitasie programme wat goedgekeur is deur Departement Minerale en Energieasake. • Kontroleer rehabilitasie aktiwiteite om mynlisensiehouers verantwoordelik te hou. • Bevorder die rehabilitasie van die Rheebofs granietgroef en sandmyne gedurende en na funksionering van die myne.

Alternatiewe vervoer: Padvervoer word oorwegend gebruik in die Swartland Munisipale area.	• Ondersoek en gebruik alternatiewe, effektiewe vervoertipes en -roetes bv. die treinspoor vanaf Malmesbury na Kaapstad oor Kalbaskraal.
Volhoubaarheidsnorme: Balanseer die ekonomiese-, omgewings- en sosiale impakte.	• Bepaal volhoubaarheids- en omgewingsvriendelike norme vir Swartland bo en behalwe bestaande norme vir die Departement Minerale en Energiesake. Een so 'n norm sou wees die gebruik van spoorvervoer. 'n Ander norm sou wees om tot die ontwikkeling en opgradering van alternatiewe vervoer (spoor) tussen Malmesbury en Kalbaskraal en Malmesbury en Kaapstad by te dra.
Versagting van bestaande graniet- en sandmyn impakte:	• Vereis dat die natuur- en landbou omgewing en landskap gedurende die funksionering en rehabilitasie van die graniet- en sandmyn beskerm word.
Strategie 4: Versterk en ontwikkel landelike toerisme	
Versterk Toerismebestemmings	Voorstelle
Agritoerisme:	• Bevorder Riebeek Vallei, wat die noordelike gedeelte van Wyk 12 uitmaak, as prominente agritoerismebestemmings in die Swartland. • Bevorder die Malmesbury Skou en Ploegdag. • Bevorder die Paardeberg as 'n agritoerismebestemming. • Bepaal 'n ontwikkelingslyn om die Paarde-, Porselein- en Kasteelberg en wees ontwikkeling sensitief teen steil hellings en in sensitiewe habitats. • Bevorder geleenthede vir toerisme, sport en ontspanning in die Kasteelberg, Porseleinberg en Perdeberg bergreekskorridor van Wyk 12. • Verbind prominente agritoerisme areas met toerismoeroetes. • Ondersteun padstalle binne die gebied wat plaaslike verwerkte landbou- en handwerkprodukte sal uitstal en bemark. • Fasiliteer die deelname van laer-inkomste huishoudings in toerisme bv. die maak en verkoop van handwerk- en landbouprodukte by padstalletjies of plaaslike winkels.
Erfenis bestemmings: Paardeberg Natuurreservaat en die Kasteelberg Natuurreservaat	• Bevorder die Paardeberg area as 'n Nasionale Erfenisbestemming. • Bevorder die Kasteelberg as 'n Nasionale Erfenisbestemming.
Ontwikkel Toerismebestemmings	Voorstelle
Paarde- en Kasteelberg en die Bergrivier	• Ontwikkel die Paarde- en Kasteelberg as 'n sport- en ontspanningstoerismebestemming wat bergfiets, staproetes, voëlkyk, perdrytte en 4x4 roetes beperk tot die Paardeberg. • Ontwikkel die Bergrivierkorridor as 'n watersportbestemming en bevorder spesifiek Kanoroei en die Bergrivier Kanomarathon.



Versterk Toerismoeroetes	Voorstelle
Wyn- en Olyfroete en R46	• Bevorder die Swartland Wyn- en Olyfroetes wat strek vanaf die Bergrivier in die noorde tot Paardeberg in die suide. • Bevorder plaaslike produkte en toerisme aktiwiteite op die Swartland Wyn en Olyfroete. Naasliggende plase en plase op die roete moet die geleentheid gebied word om hul plaaslike produkte en aktiwiteite te bemark en te verkoop. • Bevorder toerisme geleenthede op die Riebeek Vallei-Yzerfontein hoof toerismoeroete (R46). • Toerismoeroetes moet die bestaande gasvryheidsbedryf en toerisme-industrieë binne die gebiede ondersteun. • Verbind die prominente agritoerisme areas met toerismoeroetes. • Erken en versterk die geleenthede wat die bestaande sport- en tydswedrenroetes in die Swartland vir die toerisme bedryf bied.
Ontwikkel Toerismoeroetes	Voorstelle
	• Versterk eers bestaande aantreklikhede en ontwikkel dan nuwe roetes.
Groei Swartland as deel van Weskusstreek se toerisme strategie	Voorstelle
Koring- en Wynroete	• Ontwikkel infrastruktuur wat toerisme kan bevorder soos die opgradering van paaie, veral die ondergeskikte paaie binne Wyk 12, en die opgradering van beligting op toerismoeroetes. • Bevorder uniforme toerisme naamborde, duidelike informasiepunte wat die uniekheid van elke dorp en sy omliggende landelike omgewing beklemtoon. • Die Koring- en Wynroete wat Bergrivier Munisipaliteit en Swartland verbind vorm deel van die Wyk. Karteer die Swartland plase en bemark die toerisme geleenthede wat hul aanbied. • Bevorder treinritte vanaf Paarl of Wellington (Drakenstein Munisipaliteit) of Porterville (Bergrivier Munisipaliteit) oor die Riebeek Vallei. Bevorder ook 'n spesiale pendelaarstrein tussen die verskillende dorpe in die Riebeek Vallei.
Strategie 5: Versterk mobiliteit en ekonomiese skakeling	
Versterk Streekspaaie	Voorstelle
Die Wyk het 'n goed ontwikkelde streekspadnetwerk, die R45 en R46 wat die hoofsentras soos Malmesbury , Moorreesburg en Riebeek Vallei met die groter Weskusstreek verbind asook met die aangrensende munisipaliteite soos Drakenstein, Bergrivier, en die Kaapse Metropool.	• Volgehoue opgradering en onderhoud van R45 as hoofroete wat Wyk 12 en Malmesbury met Drakenstein Munisipale area verbind.

Versterk toegange en ekonomiese skakels	Voorstelle
Die R45 en R46 verbind Malmesbury en die Riebeek Vallei met aangrensende Wyke en munisipaliteite soos Drakenstein (Paarl, Wellington) en Witzenberg (Ceres, Gouda, Tulbagh).	- Ondersteun die ontwikkeling van vervoernodusse langs die R45 wat met die landboulandskap saamsmelt en fokus op landbou en toerisme. - Bevorder skakeling op R46 (tussen Malmesbury, Riebeek Kasteel na Wellington). - Ontwikkel die R46 as deel van die Swartland Slingerpad.
Versterk Spoorweglyne en dienste	Voorstelle
Bellville-Porterville spoorlyn deur Wellington kruis Wyk 12.	- Die Spoorweglyn kan opgegradeer en onderhou word om die landbou- en toerismebedryf verder te ondersteun. - Opgradering van die bestaande stasiegeboue asook die bestaande graan stoorfasiliteite. - Privaat operateurs voorsien publieke vervoer tussen Paarl, Wellington, Riebeek Wes & Porterville.
Versterk Kommunikasienetwerke	Voorstelle
Skep toegang tot inligting vir plaas- en landelike bewoners.	Bevorder inligtingssentrums by gemeenskapsdiensentrums en op individuele plase om kommunikasie te verbeter insluitend telefoon, Internet, TV, koerante en biblioteekboeke.

4.25.3 Doelwit 2: Beskerm en versterk die Natuurlike en Beboude omgewing

Strategie 6: Reguleer landelike ontwikkeling volgens biostreekbeplanninginisiatiewe	
Bepaal Kern Areas	Voorstelle
Die Paardeberg suidoos van Malmesbury.	- Die Paardeberg, wat aansluit by die Porselein- en Kasteelberg verder noord, moet as Kern 1&2 Area geklassifiseer word. Die gedeeltes van die Paardeberg wat reeds as Natuurreseervaat verklaar is, moet versterk en uitgebrei word. - Bepaal 'n ontwikkelingslyn op die hange van die bergareas en -koppe om so die bewaring van die gebiede, veral die oorblyfsels van natuurlike plantegroei, te verseker sowel as die belangrike visuele komponente van die Swartland te beskerm. - Bepaal 'n 30m ontwikkelingsterugsetlyn langs die Dieprivier en waar nodig verbreed die ontwikkelingsterugsetlyn. - Enige Renosterveld moet as Kern 1&2 Area bepaal word. - Verskeie geïdentifiseerde kritiese bedreigde habitats kom in die Wyk voor en behoort geklassifiseer te word as Kern Areas. - Maak staat op die verantwoordelikheid van Wyk 1 se gemeenskappe om hul omgewing te bewaar en te verhoog en 'n gesonde ekosisteem te bevorder.

Bepaal Buffer Areas	Voorstelle
Die onderste gedeelte van die Kasteelberg is bedek met Hawequa Sandsteenfyfynbos, die laer gedeelte bestaan uit Swartland Skalie (Leiklip) Renosterveld, wat krities bedreig is, en die Paardeberg is bedek met Boland Granietyfynbos. Vele seldsame en bedreigde spesies kom voor in die area, wat moeilik oorleef as gevolg van tuisteverliese.	• Identifiseer en bevorder 'n bewarenswaardige area en klimaatveranderingskorridor van ten minste 300 hektaar wat die Kasteel-, Porselein- en Paardeberg insluit, sodat spesies in die Kaapse Blommestreek lewensvatbare populasies kan behou en vestig. • Beskerm die omgewingsensitiewe areas langs die Dieprivier en verbreed die 30m ontwikkelingsterugsetlyn as 'n bewaringsarea langs die rivier waar nodig. • Stig 'n Bewarea/ biodiversiteitskorridor wat vanaf die suidelike punt van die Porseleinberg en die Kasteelberg tot by die Paardeberg strek. • Moedig inisiatiewe soos die Paardeberg Volhoubaarheidsinisiatief (PSI) aan en ondersteun dit. Verbeter die samewerking tussen landbou en natuurbewaring. • Hervestig die Kasteelberg Bewarea om verantwoordelike rentmeesterskap te bevorder, geleenthede te skep vir verbeterde grondbestuur asook plaaslike kommunikasie te bevorder. • Sluit Kaapse Natuurbewaring, wat die Waterval (Kasteelberg) Natuurreservaat bedryf en besit, in as 'n lid van die Bewarea • Bevorder bewaring en landbou byvoorbeeld die Biodiversiteits- en Wyninisiatief reg oor die Weskaapse Wyn-industrie.
Bepaal Intensiewe Landbou Areas	Voorstelle
	• Intensiewe landbougebiede sluit wingerd en melkerye, wat reg oor Wyk 12 versprei is, en intensiewe groente produksie eenhede, wat oos en wes van die N7 geleë is, in. Droëland produksie verteenwoordig die res van die landbouproduksie in die Wyk.
Bepaal ligging en omvang van Menslike Nedersetting	Voorstelle
	• Hoewel Malmesbury in ander stedelike Wyke geleë is, is dit die plaaslike hoofdorp wat Wyk 12 ondersteun met die kleiner plaaslike dorp Riebeeck Kasteel op die noordelike periferie. Daar kom ook veral digter nedersettingspatrone om die Paardeberg en Kasteelberg voor wat beperkte geleenthede vir toerismesverblyf bied. • Die nedersettingspatrone om die Paardeberg en Kasteelberg behoort deur 'n ontwerp- en ontwikkelingskode ingelig te word.



Strategie 7: Beskerm en versterk kulturele en erfenis landskap	
Beskerm en bevorder kulturele landskap	Voorstelle
Feeste en vieringe	• Bevorder die jaarlikse Malmesbury Musiek op die Lande (MOL) Fees • Bevorder die Malmesbury Landbouskou en Ploegdag • Brei beperkte akkommodasie en restaurant fasiliteite uit.
Beskerm erfenis landskap	Voorstelle
Die volgende erfenis landskappe word erken: 1. Die Ongerepte natuurlikelandskap 2. Tradisionele jag- en weidinggebiede 3. Landskap van Koloniale-Inheemsehandel en -kontak 4. Landskap van geskiedkundige roetes 6. Die Landbou Verbouingslandskap 7. Die Slawernylandskap 8. Die Geloofslandskap 9. Die landskap van konflik 10. Die landskap van verplasing en skeiding (apartheid) 11. Die Besienswaardige landskap 12. Die Geskiedkundige dorpslandskap.	• Stig klimaatsveranderingkorridors en Bewarea wat die Riebeek-, Porselein- en Paardebergkorridor insluit. • Skakel veeroetes om in bergfiets of ontspanningsroetes waar destydse buiteposte gevestig is. • Vestig en bevorder 'n geskiedkundige plaas roete (eerste plase). • Vestig 'n graanroete wat die dorpe met meule en silo's insluit soos Malmesbury. • Ontwikkel 'n slawebevryding- en sendingstasieroete wat die Hermon (op grens van Swartlandstreek, maar geleë in Darkenstein Munisipale Area) 'n sendingstasie van die Nederduits Gereformeerde Kerk, insluit. • Bevorder 'n sakramente roete wat Malmesbury en Riebeek Kasteel insluit waar die kerk die sentralekern van die dorpe uitmaak en omring was met rye 'tuishuise' of 'nagmaalhuisies' wat kleinskaalse residensiële areas naby die kerk gevorm het. Malmesbury c1743, is die oudste kerkdorp, gevolg deur Moorreesburg c1898 en Riebeek-Kasteel c1863. • Bevorder 'n fonteineroete in die Swartland en spesifiek in die Swartland dorpe. • Vestig 'n slagveldroete wat Sonquasdrif (die 17de en vroeë 18de eeu: setlaars en plaaslike stamme) insluit. • Bevorder ruimtelike integrasie in alle Swartland dorpe. • Bewaar en bevorder die geskiedkundige middedorpe. Bevorder die straatrooster en geassosieerde oopruimtes in verdere ontwikkelings in dorpe. Die plasing en uitleg van die rooster is hoofsaaklik bepaal deur die posisie tot water (rivierlope en berge) en die ligging tot die kerk. • Bevorder sones wat die voorkante van huise direk op die straat, nouer strate en nul boulyne bevorder.

Klassifisering van erfenis bronne en die toepassing van erfeniswetgewing.	- Brei die Erfenisondersoek, geskoei op <i>Sisteem vir die Gradering van Belang (A4)</i>, van die stedelike area binne die Swartland Munisipaliteit, uit tot die Wyke. - Neem met elke aansoek binne die landelike omgewing die ouderdom van geboue en hul verhouding met die landskap en die historiese agtergrond van die Swartland in ag. - Argeologiese studies behoort op 'n Swartland Erfenis databasis saamgevat te word om te help met toekomstige aansoeke en oorwegings van aansoeke in omliggende areas.
Strategie 8: Beskerm en versterk die visuele landskap	
Koring en kanola lande, golwende heuwels, Botmaskloofpas en die trein vanaf Paarl na Porterville.	- Die versterking van die vervoerkorridor (R45 en R46) moet die landboulandskap ondersteun. - Enige infrastruktuur of fasiliteite moet saamsmelt met die omgewing (nie kontrasterend wees met die omgewing nie) en die gevoel van 'n ongerepte landboulandskap voort dra. - Bevorder alternatiewe gebruike op kritiese bewaringsgebiede wat volgehoue bewaring van die natuurlike gebiede ondersteun. - Bevorder die onafhanklikheid van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder maar ook alternatiewe inkomste geleenthede vir die boere bied soos geleenthede vir ontspanningsverblyf en oorde.
Die Swartland val binne 'n winterreënvalstreek met 80% reën wat vanaf April tot September val. Wyk 12 sluit Malmesbury met 'n gemiddelde reënval van 400mm per jaar en die Riebeek Vallei met 'n gemiddelde reënval van 500mm - 600mm per jaar in.	Bewaar en bevorder die landboulandskap deur die geskikte gewasse te verbou: wintergewasse onder droëlandtoestande en somergewasse kan alleenlik verbou word waar besproeiingswater beskikbaar is.
Golwende topografie maak lande kwesbaar vir watererosie.	Bekamp watererosie deur bewaringbewerkingsmetodes, die aanplant van meerjarige peulgewasse en die oprigting en onderhoud van kontoerwalle en oop dreineringsvore (Gebied 17).

4.24.4 Doelwit 3: Voorsien en onderhou 'n effektiewe sosiale omgewing

Strategie 9: Verseker voedselsekureit	
Die Wyk se grond bestaan uit lae potensiaal grond en spesifieke gronde om wyndruiwe te plant. Die plase se gemiddelde grootte is ± 680ha in Gebied 17 en ± 445ha in Gebied 18. Wyndruiwe saam met graan en vee word bevorder asook groente. Ander wintergraan gewasses word in die volgende gebiede verbou: Hawer (Gebied 17 & 18), Voererte & groenerte, Triticale, Medics en Droëland lusern (Gebied 17) en dessertperskes & lupiene (Gebied 18).	- Ontwikkel 'n strategie dat die 10% plase in Gebied 17 wat kleiner is as 300ha diversifiseer en nie graan afhanklik is nie of saam met groter graanplase geboer word. - Implementeer 'n strategie om te verseker dat plaaslik geproduseerde landbouprodukte (op groot- of kleinskaals) voorkeur geniet in aankope en verkope. - Bevorder die oprigting van kontoerwalle, onderhoud van

	kontoerwalle en afleibane en biologiese beheer in Gebied 17 & 18. • Moet nie lande met sandgrond in die somer kaal laat nie, maar bedek dit met voergewasse. (Gebied 17) • Bevorder, op dupeksgronde, oopvoordreiner in Gebied 17. • Bevorder die nie-afhanklikheid van hoofstroom gewasproduksie of veeproduksie met bevordering van kleiner boerdery eenhede asook alternatiewe gebruike, wat bewaring van natuurlike en hoogs sensitiewe gebiede bevorder maar ook alternatiewe inkomste geleenthede vir die boere bied soos geleenthede vir toerisme akkommodasie.
Strategie 10: Bewaar waterbronne en opvangsgebiede	
Waterbronne binne die Wyk: • Berg en Dieprivier	• Hou waterbronne skoon van indringerplante. • Vestig 'n bewegingsnetwerk langs die Dieprivier deur Malmesbury.
Die Stormwaterstelsel is ontoereikend in Wesbank, Malmesbury se middedorp en gruispaddorpe soos Abbotsdale en Riebeek Vallei.	• Bestuur stormwater sodat die water herwin kan word vir gemeenskapstuine. • Omskep die stormwatersloot in Malmesbury se middedorp in 'n fokus- en aktiwiteitsarea.

Strategie 11: Voorsien behuising	
Om plaaswerkerbehuising te voorsien in Abbotsdale.	• Om 296 huise in Abbotsdale te voorsien in Fase I waarvan 25% geormerk is vir plaaswerkers.
Om plaaswerkerbehuising te voorsien in Saamstaan en Ilinge Lethu.	• Om 1553 huise in Saamstaan en Ilinge Lethu te voorsien in Fase I waarvan 25% geormerk is vir plaaswerkers.
Strategie 12: Identifiseer en ontwikkel lewensvatbare grondhervormingsgeleenthede	
Identifiseer Grondhervormingsgeleenthede	Voorstelle
Plase in Wyk 12 bestaan uit 'n kombinasie van droëland produksie eenhede, ongeveer 600ha - 800ha in grootte, asook meer intensiewe areas waar besproeiing gebruik word en wyndruiwe en sagtevrugte verbou word. Beskikbare grond in Wyk 12 is hoofsaaklik in privaat besit.	• Bepaalde grondhervormingsgeleenthede bestaan in die gebiede waar daar bestaande bronne van grondwater en oppervlaktewater beskikbaar is vir besproeiing om intensiewe boerdery te bevorder. • Moontlikheid om van die plaasdamme binne besproeiing areas vir aqua-kultuur boerdery te gebruik moet ondersoek word.
Opgradering van nedersetting, dienste en sosiale investering.	• Voorsien gesubsidieerde behuising in Wyk 12 in hoof sentras wat Malmesbury insluit.
Landbouprosessering.	• Hoofsaaklik in Malmesbury om die Wyk te bedien met beperkte geleenthede wat op plase langs die hoof verkeersroetes

	voorkom.
Grondhervorming in ekstensiewe droë land boerderygebiede.	• Plase in Wyk 12 bestaan uit kombinasie 'n van droëland produksie eenhede, ongeveer 600ha-800ha in grootte, asook meer intensiewe areas waar besproeiing gebruik word en wyndruiwe en sagtevrugte verbou word. Grondhervormings projekte moet met die nodige omsigtigheid hanteer word ten einde volhoubare projek te verseker. • Ondersteuning in terme van kennis, plaastoerusting ens. Sal aanvanklik aan opkomende boere aangebied moet word in die streek.
Grondhervorming in die kleinskaalse verbouing van produkte.	• Beperkte ondergrondse water is beskikbaar en derhalwe beperkte besproeiingsgeleenthede uitsluitend langs die Bergrivier. • Fokus op kleinskaalse groentetuine binne stedelike gebiede (meentgrond) vir voedsel produksie.
Grondhervorming in klein of medium intensiewe besproeiing boerderygebied.	• Beperkte geleenthede vir besproeiing om die Kasteel en Paardeberg bestaan terwyl besproeiingsmoontlikhede langs die Bergrivier bestaan. • Geleentheid vir kleiner eenhede besproeiingsgrond is beskikbaar met grondpryse wat gemiddeld hoog is vir die areas. • Die besproeiing gaan ook gepaard met meganisasie wat hoë kapitale uitlegte benodig. • Alle intensiewe ontwikkelings in die area moet bestaande grondwaterbronne beskerm om volhoubare toekomstige produsering in die gebied te verseker.
Strategie 13: Voorsien en onderhou volhoubare landelike infrastruktuur en dienste	
Voorsien en onderhou volhoubare landbou infrastruktuur en dienste	Voorstelle
Reservoirs, rioolsuiweringwerke, transformators en stortingsterreine.	Die prioriteite vir die voorsiening van dienste in die landelike areas behoort as volg te wees: • Voorsien voldoende straatbeligting in die Riebeek Vallei. • Ondersteun die voorsiening van elektrisiteit aan huishoudings in die landelike gemeenskap veral waar intensiewe landbou toegepas word. • Voorsien stoorkapasiteit vir drinkwater in Riebeek Vallei. • Opgradering van rioolsuiweringwerke in Riebeek Vallei. • Moedig vullisverwydering na punte in die naaste dorp aan veral op digbevolkte plase. Brei die voorsiening van afval oorlaastasies uit na punte langs hoofpaaie vir die wegdoen van afvalverbranding en storting op plase, veral op digbevolkte plase.

Voorsien en onderhou veeldoelige gemeenskapsdienste	Voorstelle
Bestaande begraafplaas het 'n tekort aan grafte.	Ondersteun die uitbreiding of ontwikkeling van 'n begraafplaas in Riebeek Kasteel.
Verder Onderrig en Opleiding	Bevorder Weskus Kollege kampus hoofkantoor op Malmesbury.
Malmesbury Volwassene Onderrig en Opleiding Sentrum (MAVOS) met dienspunte in Riebeek Wes.	- Bevorder familie geletterdheid deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak. - Maak verdere onderrig en opleiding toeganklik deur publieke vervoer te versterk of lokale beskikbaar te maak om deelydse klasse aan te bied. - Bevorder die ontwikkeling van sosiale en ekonomiese aktiwiteite in die nedersettings om ook die landelike gemeenskap te ondersteun. - Bevorder opgradering en hernuwing van sosiale infrastruktuur en dienste.
Voorsien en onderhou openbare publieke vervoerinfrastruktuur en vervoermodaliteite	Voorstelle
Pad en spoorinfrastruktuur en dienste.	- Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke padvervoer op die R46 tussen Riebeek Kasteel en Malmesbury en die op die R45 tussen Paardeberg en Malmesbury om die plaasgemeenskappe se toegang tot ekonomiese geleenthede en sosiale dienste te verbeter. - Bepaal die lewensvatbaarheid van publieke spoorvervoer op die Paarl-Porterville spoorlyn wat die Riebeek Vallei deurkruis.
Ondersteunende Infrastruktuur	- Bevorder die padstal by R46 en 44 kruising (net voor Hermon). - Bevorder die padstal net buite Malmesbury (naby Swartland Wynkelder).

